# Die pastorale bediening van hoop aan Afrikaanssprekende gelowiges wat in ‘n mate van ontnugtering verkeer weens ‘n veranderende Suid-Afrika

**CG Wilhelm**
**12978965**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad

**Magister Artium in Pastoraal**
**(Fakulteit Teologie)**
**aan die**
**Noordwes-Universiteit**
**Potchefstroomkampus**

| | |
|---|---|
| **Studieleier:** | **Prof. Dr. Rantoa Letšosa** |
| **Medestudieleier:** | **Dr. Marc S. Blackwell sr.** |

**September 2014**

**Bedankings**

Na die beëindiging van hierdie navorsing gaan my dank aan die volgende:

My hemelse Vader vir die genade en wysheid wat Hy aan my verleen het om hierdie studie te voltooi. Ek wil alle eer gee aan my Here en Verlosser, Jesus Christus, en die Gees, wat my ewige Trooster en Leermeester is.

Daarmee saam wil ek vir prof. Rantoa Letšosa bedank vir sy insig en geduldige wysheid om my oor die klipperige en onsekere paaie te lei, asook sy getroue beskikbaarheid om my deur hierdie navorsing te lei.

Ek wil ook vir dr. Marc S. Blackwell bedank vir sy visie, sy jarelange onbaatsugtige leiding, mentorskap, vriendskap en lering om hierdie tema, wat so na aan my hart lê, te vorm.

My opregte dank gaan ook aan my beste maat, Marisa, my vrou, want sonder haar ondersteuning sou hierdie taak lankal ‘n vergete droom gewees het. Dankie ook aan Inge-Mari en Reneé wat so ‘n spesiale deel gevorm het van die motivering waarom ek hierdie tema gekies het.

Laastens, maar nie die minste nie, wil ek die lede en diakens van my geliefde gemeente bedank, vir die begrip wat hulle gehad het as ek soms elders moes gewees het as in hulle lewens. Dankie vir jul ondersteuning en bemoediging in my werk.

## Opsomming

Afrikaanssprekende gelowiges beleef ‘n mate van ontnugtering weens ‘n verandering in die Suid-Afrikaanse politieke landskap. Dit het gelei tot ‘n geestelike onstabiliteit wat ontvlugting na beter geleenthede, verminderde kerkbywoning en isolering tot gevolg het. Hierdie ontnugtering word toegeskryf aan die feit dat Afrikanergelowiges se hoopbeskouing ‘n kulturele, sosiale of selfbemagtigende tipe hoop is, wat eerder vashou aan die voordele van goeie lewensomstandighede. Daar bestaan ‘n groot leemte met betrekking tot navorsing wat gedoen is oor die hoopbeskouing en geestelikheid van Afrikanergelowiges wat só ‘n mate van ontnugtering beleef en dít het aanleiding gegee tot hierdie studie.

‘n Empiriese ondersoek het bepaal dat die Afrikanergemeenskap dit moeilik vind om ten volle aan te pas by die nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap. Hulle voel die druk van ‘n tekort aan werksgeleenthede weens regstellende aksie, onsekerheid oor die rol wat hulle moet speel in die nuwe Suid-Afrika en die aftakeling van Afrikaans as ‘n histories-gerespekteerde taal en kultuur. Materialisme, ‘n valse vertroue in politieke en wêreldleiers, negatiewe mediaberiggewing en landsverlaters wat op soek is na groener weivelde word uitgesonder as bydraers tot die aftakeling van hoop, wat die vorm van kulturele bemiddeling, sowel as sosiale of maatskaplike selfbemagtiging aanneem.

‘n Literatuurstudie het getoon dat ware Christelike hoop nie bloot optimisme, doelgerigtheid, wensdenkery, sosiale, politieke of ekonomiese selfbemagtiging, of emosionele optimisme is nie, maar dat ware Christelike hoop alleenlik in ‘n konkrete geloofskennis van Christus Jesus as Verlosser gevind en uitgeleef kan word. Die kerk, as huisgesin van God, bied hoop in ‘n ruimte waar beide die hede en die toekoms saamkom in ‘n aktiewe geloofslewe wat die lewe van Jesus Christus navolg. Dit vind plaas deur sorg en omgee vir ander. Prediking moet die draer van hoop wees wat heenwys na die beloftes van God wat deurgaans tot en met die wederkoms gerealiseer word.

Skrifperspektiewe het bevestig dat hoop nie bloot ‘n menslike gedagte van wensdenkery, emosionele gemoedstoestand of optimisme is nie. Ware Christelike hoop is ‘n innerlike geloofsoortuiging en die vaste vertroue in die beloftes van God vir verlossing, voorsiening en genade, ten spyte van die ongunstige en selfs benarde omstandighede wat sonde kan veroorsaak.

Hierdie Christelike hoop word geïnisieer en uitgebou deur ‘n kennis van die profetiese Woord van God, wat ten volle in Jesus Christus vervul is. Ware Christelike hoop is ‘n innerlike, geestelike lewenskragtigheid deur geloof in Jesus Christus, ‘n praktiese motivering tot liefde in die uitlewing van die wil van God en ‘n lewende verwagting op die ewige verlossing van Christus Jesus.

Riglyne en studiewerk vir pastorale begeleiding is bepaal waardeur Afrikanergelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, tot ware Christelike hoop begelei kan word.

**Sleutelterme:**

Pastoraal, bediening, hoop, ontnugtering, veranderende, Suid-Afrika, Skrifperspektiewe begeleiding, Eskatologie, Christologie, Pneumatologie.

**Abstract**

Afrikaans speaking believers have been experiencing a degree of disillusionment due to changes in the South African political landscape. This has caused spiritual instability that again caused people to want to escape to beter opportunities elsewhere, reduced church attendance and social isolation. This disillusionment is due to the fact that Afrikaans speaking believers hold to a cultural, social and self empowering type of hope that looks to the advantages of positive circumstances. A great void exists in research dealing with the hope and spirituality of Afrikaans speaking believers who experience such a disillusionment, and that resulted in this study.

An empirical study revealed that the Afrikaans community struggles to deal completely with the new South African community. They feel the pressure of limited or no work opportunities due to affirmative action, uncertainty regarding their role in the new South Africa and the breaking down of Afrikaans as a historically respected language and culture. Materialism, a false trust in political and world leaders, negative media reporting, as well as people immigrating for beter opportunities, were singled out as contributors to the breaking down of hope, a hope that takes on the form of cultural entitlement and social self empowerment.

A literary study showed that true Christian hope must be distinguished from wishful thinking, the outcome of social, political or economical self empowerment or emotional optimism, but rather that it is grounded in the faith knowledge of Jesus Christ as Redeemer. The church as the family of God provides hope in a space where the past and the future comes together in an active walk of faith that follows the life of Jesus Christ in serving and caring for others. Preaching must be the carrier of hope and the reminder that the promises of God will be realized up and until the coming of Jesus Christ in glory.

Perspectives from Scripture confirmed that hope is not just a human thought of wishful thinking, an emotional state of mind or optimism. True Christian hope is an inner faith conviction and trust in the promises of God for salvation, provision and grace, even in the midst of poor or bad circumstances, caused by sin. This Christian hope is initiated and developed through a knowledge of the Word of God, that finds fulfillment in Jesus Christ. True Christian hope is an inner spiritual conviction through faith in Jesus Christ, a practical

lifestyle of love in accordance with God's will and a living expectation for the coming of Jesus Christ.

Practical-theoretical guidelines and study work were developed where Afrikaans speaking believers, experiencing a degree of disillusionment due to a changing South Africa, can be pastorally guided to a true Christian hope.

**Key Terms:**
Pastoral, ministry, hope, disillusionment, changing, South-Africa, guidelines, Scripture perspectives, Eschatology, Christology, Pneumatology.

## INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1** **1**

**INLEIDING EN OORSIG** **1**

1.1 INLEIDING 1
1.2 PROBLEEMSTELLING 1
1.2.1 Oriëntasie en afbakening 1
1.2.2 ‘n Veranderende Suid-Afrika 3
1.2.3 Hoop en toekomsverwagting 5
1.2.4 Sleutelbegrippe 9
1.3 MOTIVERING VIR DIE NAVORSINGSTUDIE 10
1.4 BRONNE GERAADPLEEG 11
1.5 NAVORSINGSVRAAG 11
1.6 DOEL VAN DIE STUDIE 12
1.6.1 Doelstelling 12
1.6.2 Doelwitte 12
1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 13
1.8 METODES VAN ONDERSOEK 13
1.9 HOOFSTUKINDELING 14
1.9 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN DIE PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLING, DOELWITTE EN DIE NAVORSINGSMETODE 18

**HOOFSTUK 2** **20**

**DIE DOEL, METODIEK EN ONTWERP VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING** **20**

2.1 INLEIDING 20
2.2 KWALITATIEWE NAVORSING: DIE DOEL EN METODIEK 21

2.2.1 Die navorsingsvraag en die doel van die navorsingprojek 21
2.2.2 Die aard en werkswyse van die empiriese navorsing 22
2.3 KWALITATIEWE NAVORSING: ‘N TEORETIESE RAAMWERK VAN DIE NAVORSINGSONTWERP 24
2.3.1 Die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing 24
2.3.2 Die eienskappe van kwalitatiewe navorsing 24
2.3.3 Die keuse vir kwalitatiewe navorsing 25
2.3.4 Data insameling metodiek 25
2.3.5 Data ontleding 26
2.3.6 Etiese maatreëls 27
2.4 DIE NAVORSINGSONTWERP: KEUSE VAN RESPONDENTE EN BESKRYWING VAN DIE NAVORSINGSVELD 28
2.4.1 Persoonlike onderhoude met Afrikanergelowiges 29
2.4.2 Deel 1 – Persoonlike Evaluasie 30
2.4.3 Deel 2 – Persoonlike Interpretasie 30
2.4.4 Persoonlike onderhoude met bedienaars van die Woord wat met Afrikaanssprekende gelowiges werksaam is in die bediening 31
2.4.5 Fokusgroep-onderhoude met Afrikanergelowiges 31
2.4.6 ‘n Kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoek oor die toekomsverwagting van die Afrikaanssprekende jeug, deur Kamper en Steyn (2007) 33
2.5 SAMEVATTING 34

**HOOFSTUK 3 36**

**‘N EMPIRIESE ONDERSOEK ONDER AFRIKANERGELOWIGES WAT ‘N MATE VAN ONTNUGTERING BELEEF WEENS ‘N VERANDERENDE SUID-AFRIKA 36**

3.1 INLEIDING 36
3.2 KWALITATIEWE NAVORSINGSBEVINDINGS 36
3.3 ‘N VERSLAG VAN DIE PERSOONLIKE EN FOKUSGROEP-ONDERHOUDE WAT MET AFRIKANERGELOWIGES GEHOU IS 37
3.3.1 ‘n Beskrywing van die Afrikanergelowige 39

3.3.2 Die rol wat Afrikaanssprekendes voel hulle in Suid-Afrika kan speel 44
3.3.3 Die Afrikanergelowige se definisie van hoop. 46
3.3.4 Die hoop van die Afrikanergelowige in 'n veranderende Suid-Afrika 47
3.3.5 Die verband tussen die mense se hoop en die beheer van sy lewe 50
3.3.6 Die belangrikste dinge waarna Afrikanergelowiges uitsien 51
3.3.7 Die verband tussen hoop en geestelikheid. 51
3.3.8 Die toekomsverwagting van die Afrikanergelowiges in die nuwe Suid-Afrika 52
3.3.9 Dinge wat bydra tot hoop vir die Afrikanergelowige en dinge wat dit afbreek 54
3.3.10 Die manier hoe gelowiges sonder hoop gehelp kan word om hoop te ontwikkel 55
3.3.11 Samevatting 56
3.4 PERSOONLIKE ONDERHOUDE MET ANDER BEDIENAARS VAN DIE WOORD WAT MET AFRIKAANSSPREKENDE GELOWIGES WERK 58
3.4.1 'n Beskrywing van die Afrikanergelowige 59
3.4.2 Die rol wat Afrikanergelowiges in Suid-Afrika kan speel 59
3.4.3 'n Definisie van hoop vanuit hul perspektief 61
3.4.4 Hoop in die nuwe Suid-Afrika 61
3.4.5 Die verband tussen hoop en wie in beheer is van die Afrikanergelowige se lewe 63
3.4.6 Die belangrikste dinge waarna hulle moet uitsien 63
3.4.7 Die verband tussen hoop en die persoon se geestelike lewe 64
3.4.8 Die toekomsverwagting van die Afrikanergelowige 64
3.4.9 Dinge wat bydra tot hoop en dinge wat dit afbreek 65
3.4.10 Die wyses waarop hierdie persone gehelp kan word om hoop te ontwikkel 66
3.4.11 Samevatting 67
3.5 'N KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE ONDERSOEK OOR DIE TOEKOMSVERWAGTING VAN AFRIKAANSSPREKENDE JEUG, DEUR KAMPER EN STEYN 68
3.5.1 Kwalitatiewe ondersoek uitkomste 69
3.5.2 Kwantitatiewe ondersoek uitkomste 69
3.5.3 Samevatting 71
3.6 SAMEVATTENDE EVALUASIE VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING 71
3.6.1 'n Samevatting van die Afrikanergelowige se beskouing van homself 72
3.6.2 Watter dinge, volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikanergelowiges en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet 'n Afrikanergelowiges in sy lewe inbring om hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy? 73

3.6.3 Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges? 74

3.6.4 Op watter manier dink jy sal ‘n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen? Motiveer asseblief jou antwoord. 75

3.6.5 Op watter manier kan ‘n Afrikanergelowige gehelp word om hoop (die tipe hoop per jou definisie hierbo) te hê in ‘n veranderende Suid-Afrika? Motiveer asseblief jou antwoord. 75

3.6.6 Dink jy dat iemand wat uitsien na die tweede koms van Jesus Christus, meer hoop sal hê vir die toekoms as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe? (Ja/Nee) Verduidelik asseblief jou antwoord. 76

3.7 ‘N SAMEVATTING VAN DIE ANDER BEDIENAARS VAN DIE WOORD SE BESKOUING VAN AFRIKANERGELOWIGES 77

3.7.1 Watter dinge, volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikanergelowiges en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet ‘n Afrikanergelowiges in sy lewe inbring om hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy? 77

3.7.2 Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges? 78

3.7.3 Op watter manier dink jy sal ‘n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen? Motiveer asseblief jou antwoord. 78

3.7.4 Op watter manier kan ‘n Afrikanergelowige gehelp word om hoop (die tipe hoop per jou definisie hierbo) te hê in ‘n veranderende Suid-Afrika? Motiveer asseblief jou antwoord. 79

3.7.5 Dink jy dat iemand wat uitsien na die tweede koms van Jesus Christus, meer hoop sal hê vir die toekoms as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe? (Ja/Nee) Verduidelik asseblief jou antwoord. 79

3.8 SAMEVATTENDE EIENSKAPPE VAN DIE AFRIKANERGELOWIGE 80

3.9 SAMEVATTING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING 81

**HOOFSTUK 4** **83**

**HULPWETENSKAPPE EN CHRISTELIK-TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE** **83**


4.1 INLEIDING 83

4.1.1 Suid-Afrika en hoop 84

4.1.2 Psigologie en hoop 84

4.1.3 Positiewe sielkunde en hoop 85

4.2 DIE BESKOUING VAN KERKLUI RAKENDE HOOP 87

4.2.1 Die krisis van hopeloosheid 87

4.2.2 Die hoop van Afrika 88

4.2.3 Samevatting 89

4.3 'N DEFINISIE VAN HOOP VOLGENS DIE CHRISTELIK-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF 89

4.3.1 Bybelse Christelike hoop 90

4.3.2 Ware hoop teenoor 'n aktiewe verbeelding 91

4.3.3 'n Verwagting na die vervulling van die Godsbelofte 91

4.3.4 Die onderskeid tussen "ek hoop" en "ek wens" 92

4.3.5 Samevatting 93

4.4 'N TEOLOGIE VAN HOOP: 'N OORSIG VAN DIE BYDRAE VAN JURGEN MOLTMANN SE *THEOLOGY OF HOPE* 94

4.4.1 Teologie is Eskatologie 95

4.4.2 Christelike hoop word beskou as die hoop vir die toekoms van die mens en die wêreld deur die koms van die koninkryk van God 96

4.4.3 God se beloftes maak kreatiewe dissipelskap moontlik deur te fokus op die verklaring van die Christelike sendingopdrag 97

4.4.4 Die vraag na 'n eskatologiese hoop van geregtigheid 98

4.4.5 Dit is gebaseer op die sekulêre filosofieë van Marx en Hegel 98

4.4.6 Die hoop vir 'n opgeruimde aardse toekoms as 'n valse hoop 99

4.4.7 Moltmann se siening dat die opstanding van Jesus Christus bloot 'n beskouing van geskiedenis is, eerder as 'n historiese feit, verwerp die boodskap van die evangelie 100

4.4.8 Samevatting 101
4.5 ESKATOLOGIESE VERNUWING AS HOOP 102
4.5.1 Die verlossing van die toekoms 102
4.5.2 Hoop vir die toekoms uitgeleef in die hede 104
4.5.3 ‘n Ekologiese hoop 104
4.5.4 Samevatting 107
4.6 HOOP AS ‘N UITKOMS VAN PASTORALE BEDIENING 108
4.6.1 Die kerk toegerus om hoop te bied 108
4.6.2 Pastorale prediking as die taal van hoop 110
4.6.3 Samevatting 112
4.7 DIE HOOP VAN DIE PREMILLENNIALISME 112
4.7.1 Die komende verdrukking 114
4.7.2 Die redding van Israel 116
4.7.3 Hoop in die tweede koms (wederkoms) van Jesus Christus 117
4.7.4 Samevatting 118
4.8 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS 119

**HOOFSTUK 5 122**

**SKRIFPERSPEKTIEWE AS DIE GRONDSLAG IN DIE VORMING VAN HOOP EN GEESTELIKHEID 122**

5.1 INLEIDING 122
5.2 DIE BEGINSEL VAN HOOP IN DIE OU TESTAMENT 123
5.2.1 Hoop in die Pentateug en Ou Testamentiese geskiedenis 124
5.2.2 Hoop in die wysheidsliteratuur 127
5.2.3 Hoop in die Groot Profete 132
5.2.4 Hoop in die Klein Profete 138
5.2.5 Samevatting 139
5.3 DIE BEGINSEL VAN HOOP IN DIE NUWE TESTAMENT 141
5.3.1 Christologie en hoop 141
5.3.2 Pneumatologie en hoop 144
5.3.3 Soteriologie en hoop 145

5.3.4 Eskatologie en hoop 151
5.3.5 Geloof, hoop en liefde 154
5.3.6 Geestelikheid en hoop 157
5.3.7 Samevatting 158
5.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING 160

**HOOFSTUK 6 162**

**DIE ONTWIKKELING VAN PRAKTIES-TEOLOGIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING NA HOOP 162**

6.1 INLEIDING EN DOELWITTE 162
6.2 DIE NAVORSINGSVRAAG 164
6.3 WARE CHRISTELIKE HOOP – DIE ANKER VIR DIE SIEL 164
6.4 DIE EVALUERING VAN DIE ELEMENTE VAN DIE NAVORSINGS-VRAAG, SOVÊR DIT DIE GEESTELIKHEID VAN DIE AFRIKANERGELOWIGE WAT ‘N MATE VAN ONTNUGTERING BELEEF WEENS ‘N VERANDERENDE SUID-AFRIKA, AANBETREF 167
6.4.1 Herhaling van die evalueringsvrae soos in 2.4.3 167
6.4.2 Samevattende evaluering op grond van die evalueringsvraag 2.4.3.1 168
6.4.3 Samevattende evaluering op basis van die evalueringsvraag 2.4.3.2 171
6.4.4 Samevattende evaluering op basis van die evalueringsvraag 2.4.3.3 174
6.4.5 Samevattende evaluering op basis van die evalueringsvraag 2.4.3.4 176
6.4.6 Samevattende evaluering op basis van evalueringsvraag 2.4.3.5 178
6.5 RIGLYNE VIR PASTORALE BEGELEIDING NA HOOP 180
6.5.1 Pastorale begeleiding en geestelikheid 181
6.5.2 Fase 1: Om vas te stel wat die huidige beskouing van hoop in die begeleide se lewe is 183
6.5.3 Fase 2: Om weer ‘n Bybelse beskouing van hoop te vestig as die anker van die siel in die begeleide se siening van eie identiteit 185
6.5.4 Fase 3: Om die begeleide na die toeëiening van hoop te lei deur aktiewe deelname in die elemente wat in sy/haar geloofsgemeenskap beskikbaar is 187

6.5.5 Fase 4: Om ondersteuning vir hierdie Christelike beskouing van hoop te ontwikkel deur die vrymoedigheid wat hoop bied 190
6.6 SAMEVATTING 192

**HOOFSTUK 7 194**

**SAMEVATTING EN SLOT 194**

7.1 INLEIDING 194
7.2 HOOFSTUK 2: DIE DOEL, METODIEK EN ONTWERP VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING 195
7.3 HOOFSTUK 3: ’N EMPIRIESE ONDERSOEK ONDER AFRIKANERGELOWIGES WAT ’N MATE VAN ONTNUGTERING BELEEF WEENS ’N VERANDERENDE SUID-AFRIKA 195
7.3.1 Sovêr dit die Afrikanergelowige se siening van homself aanbetref: 196
7.3.2 Sovêr dit bedienaars van die Woord, met ‘n bediening aan Afrikanergelowiges, aanbetref, word die Afrikanergelowige se hoop-beskouing beskryf as: 197
7.3.3 Sovêr dit die hoop-beskouing van Afrikaanssprekende graad 11-leerders aanbetref: 198
7.3.4 Sovêr dit ‘n oorhoofse beskrywing van die hoop-beskouing van die Afrikanergelowige aanbetref: 198
7.4 HOOFSTUK 4: DIE HULPWETENSKAPPE EN DIE CHRISTELIK-TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE 199
7.4.1 Hoop uit die Sielkunde 199
7.4.2 Die beskouing van kerklui rakende sosiale hoop 200
7.4.3 ‘n Definisie van hoop volgens die Christelik-teologiese perspektief 200
7.4.4 ‘n Teologie van hoop 201
7.4.5 Eskatologiese vernuwing as hoop 201
7.4.6 Hoop as ‘n uitkoms van pastorale bediening 202
7.4.7 Die hoop van die premillennialisme 202
7.4.8 Die doelwitte van hoofstuk 4 203
7. 5 HOOFSTUK 5: SKRIFPERSPEKTIEWE AS DIE GRONDSLAG IN DIE VORMING VAN HOOP EN GEESTELIKHEID 203

7.5.1 Die beginsel van hoop in die Ou Testament 204
7.5.2 Die beginsel van hoop in die Nuwe Testament 205
7.5.3 Die doelwitte van hoofstuk 5 206
7.6 HOOFSTUK 6: DIE ONTWIKKELING VAN PRAKTIES-TEOLOGIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING NA HOOP 207
7.6.1 Ware Christelike hoop 207
7.6.2 Die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika 207
7.6.3 Pastorale begeleiding 209
7.6.4 Doelwitte van hoofstuk 6 210
7.7 WENKE VIR VERDERE STUDIE 211

**BIBLIOGRAFIE 213**

**Bylaag A: Persoonlike Onderhoude Vraelys 222**

**Bylaag B: Fokus-groep Onderhoude Vraelys 225**

OPSOMMING iii

SLEUTELTERME iv

ABSTRACT v

KEY TERMS vi

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN OORSIG

## 1.1 INLEIDING

’n Motivering vir die keuse van die onderwerp vir hierdie navorsingstudie word in hierdie hoofstuk aangebied, tesame met ’n oriëntasie en afbakening van die studieterrein. ’n Blik word gewerp op die tema van hoop en die toekomsverwagting van Afrikaanssprekende gelowiges. ’n Oorsig op die werkswyse wat gevolg word in die studie word aangebied in die vorm van die formulering van die navorsingsvraag, gevolg deur besprekings van die doel van die studie, die sentrale teoretiese argument en die navorsingsmetodiek van die studie. Hierop volg ’n oorsigtelike blik op die struktuur van die studie aan die hand van die hoofstukindeling. Die hoofstuk word afgesluit met ’n skematiese voorstelling van die korrelasie tussen die probleemstelling, doelstelling, doelwitte en die navorsingsmetode.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Oriëntasie en afbakening

Die navorser staan in die bediening om die Woord van God aan ‘n sekere deel van die Afrikanergemeenskap te bring as die eerste Afrikaanssprekende, Suid-Afrikaanse leraar van die Tygerberg Baptiste Gemeente. Hierdie onafhanklike Baptiste-gemeente is in Eversdal in die noordelike voorstede van die Kaapse metropolitaanse gebied geleë. Dié Afrikaanse gemeente, wat in 1989 deur Marc en Judie Blackwell, ‘n Amerikaanse kerkstigter-familie gestig is (Blackwell 2002:239), bedien mense wat tot wedergeboorte gekom het en die Here in ‘n onafhanklike Afrikaanssprekende gemeente wil aanbid.

Die Baptiste in Suid-Afrika maak slegs 'n klein persentasie van die totale bevolking uit, maar word, desnieteenstaande, onder elke deel van die verskeidenheid van taal- en etniese groepe gevind. In die breë Suid-Afrikaanse Baptistiese tradisie moet onderskeid getref word tussen die groter denominasie groeperinge en die kleiner onafhanklike gemeentes. Alhoewel die onafhanklike Baptiste in Suid-Afrika dieselfde historiese leerstellings en kenmerke as die Baptiste denominasie huldig, moet die onafhanklikes, volgens Blackwell (2002:61,62), gesien word as gemeentes wat, as gevolg van kompromie, weggebreek en afgesonder het van die denominasie-georiënteerde Baptiste. Die onafhanklike Baptiste beskuldig die leierskap van die denominasies daarvan dat hulle, as gevolg van teologiese kompromie en die verslapping van morele standaarde, hul gemeentes en seminariums laat weglei van die waarheid (Blackwell 2002:61,62).

Die onafhanklike Baptiste volg 'n onverbiddelike erkenning van 'n sleutelbeginsel, naamlik die outoriteit van die Bybel en die vryheid of verantwoordelikheid van die individuele siel wat sake van persoonlike geloof en saligheid en gemeentelike aanbidding aanbetref (Pickering 2002). Volgens Pickering handhaaf die onafhanklike Baptiste 'n "fundamentalistiese beskouing" van die outoriteit van die Woord van God in die gelowige se lewe en verwerp hulle die oorhoofse beheer van die outoriteit van menslike institusies in alle sake rakende gemeentelewe en liturgie (Pickering 2002:47).

Die oorgrote hoeveelheid lidmate in hierdie onafhanklike Baptiste gemeente is Afrikaanssprekende gelowiges, met 'n klein persentasie Engelssprekende gelowiges en 'n gemengde groep wat ongelowig is. Dit kan beskryf word as konserwatief in godsdienstige oriëntasie, waarheidsbewus in toewyding aan die Bybel, kultuurvas ten opsigte van familielewe en kinderopvoeding, en bestendig in die keuse van 'n leefstyl wat moraliteit aanbetref. Aangesien die Afrikanergemeenskap in wese wydverspreid en uiteenlopend is en dit moeilik is om tot die hele groep te spreek, word die bestek van hierdie navorsing beperk tot Afrikaanssprekende gelowiges wat deur hierdie kleiner, onafhanklike gemeentes bedien word. In hierdie studie sal die term "Afrikanergelowige" vervolgens gebruik word as 'n groepnaam vir alle Afrikaanssprekende gelowiges wat in Suid-Afrika woon en verder aan die bostaande en onderstaande beskrywing beantwoord, ongeag van hulle rasse roeping. Alhoewel

die term Afrikanergelowige nie in die navorsingstitel voorkom nie, is dit na die mening van die navorser sinoniem met die term Afrikaanssprekende gelowige en ‘n gepaste een-woord beskrywing van die navorsingsveld.

Die rede vir die fokus op hierdie spesifieke groepering van die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep wat as Afrikaanssprekende gelowiges, of dan wel Afrikanergelowiges, bekend staan en wat ‘n nie-denominasionele kerk bywoon, is tweeledig: eerstens omdat dit die navorser se roeping en spesifieke bedieningsveld is en tweedens omdat dit ‘n baie aktuele kwessie is onder hierdie tipe gemeentes waarvoor daar min navorsing bestaan. Aangesien hierdie tema van hoop ‘n relatiewe braakveld is onder die onafhanklike Baptiste kerkgemeenskap, sal daar moontlike leemtes ontstaan wat deur verdere studie aangespreek behoort te word. Voorbeelde hiervan is dieselfde studie onder die breë Afrikaanssprekende gemeenskap of selfs ’n meer uitgebreide studie, wat die verloor van hoop deur gelowiges wêreldwyd kan aanspreek. ‘n Verdere leemte en moontlike onderwerp vir verdere studie is die implementering van die praktiese riglyne om hoop deur pastorale begeleiding te vestig.

Al die respondente kom uit ‘n onafhanklike (nie-denominasionele) Baptiste kerk, wat uit hoofsaaklik Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, wat in die noordelike voorstede van die Kaapse Skiereiland geleë is, bestaan. Die navorsing sluit Afrikaner-ongelowiges en Engelssprekende gelowiges uit. Die ouderdom van al die respondente is tussen 30 en 65 jaar, om sodoende die wye spektrum van hierdie deel van die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap te kan evalueer. Laastens word daar ondersoek ingestel oor navorsing wat onder ‘n wye groepering van graad 11, Afrikaanssprekende leerlinge, wat ‘n wye reeks van skole in Suid-Afrika bywoon, gedoen is.

### 1.2.2 ‘n Veranderende Suid-Afrika

Die meeste van die ouer geslag Afrikaners het grootgeword onder ‘n bedeling wat ten volle toegewyd was aan Afrikaner-nasionalisme en die institusies wat dit ondersteun het (Goosen 2005:5). Vir baie in die Afrikanergemeenskap het Afrikaner-

nasionalisme dus beteken dat daar hoop is vir ‘n beter toekoms. Volgens Kamper en Steyn (2007:518) is die Afrikanerbevolkingsgroep spesifiek geraak deur die politieke transformasie in Suid-Afrika vanweë die verandering in status van maghebbers na minderheidsgroep. Met die verandering van die politieke bedeling in 1994 en die verval van Afrikaner-nasionalisme, het daar, volgens Giliomee, ‘n ideologiese ontvreemding in die Afrikanergemeenskap plaasgevind (Giliomee 2004:626). Van Rensburg (2005:27) verwys na die Christen-Afrikaners as ontnugter en koppel die ontnugtering aan die vervreemding wat die “nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika” tot gevolg gehad het. Hy roep die Christen-Afrikaner op om die negatiewe nalatenskap van die verlede agter te laat en ‘n “kop-optel” mentaliteit te hê en wat meewerk dat Afrikaners gepromoveer word tot mense met ‘n selfversekerde, volwasse saambestaan mentaliteit (Van Rensburg 2007:9). Hierdie stelling impliseer dat die Afrikanergelowige homself en haarself in ‘n veranderende Suid-Afrika bevind wat bestaansreg aanbetref.

Hierdie historiese toewyding aan ‘n nasionalistiese ideologie wat eens goedgunstiglik bygedra het tot die geloof en die hoop van hierdie deel van die Afrikanergemeenskap, het na 1994 plek gemaak vir ’n mate van ontnugtering wat gepaardgaan met skuldgevoelens, mismoedigheid en wanhoop. Volgens Erasmus (2005:232) is dit vir die Afrikanergemeenskap moeilik om die post-1994 bedeling te verwerk. Die veranderinge in 1994 het gelei tot ‘n krisis vir die Afrikaner in terme van eenheid en identiteit (Erasmus 2002:98). Die ouer geslag Afrikaner wat in die navorser se gemeente aanbid, is die meeste beïnvloed deur Suid-Afrika se politieke verlede. De Klerk beskryf die heersende gevoel onder ‘n sekere deel van die Afrikaners in die veranderende Suid-Afrika soos volg:

> “Ons het 'n afstootlike eksklusiwiteit vertroetel wat in apartheid sy hoogtepunt bereik het. Hoewel daar ‘versagtende omstandighede’ was, het die eksklusiwiteit ontaard in 'n gees van toeëiening waaraan ons godsdienstige sanksie gegee het. Ons het ‘heilige name’ aan die eksklusiwiteit gegee en die ergste is dat ons dit geglo het. In plaas van onsself te bemagtig, het die eksklusiwiteit ons stap vir stap ontmagtig. Afrikaners (is) vandag kroes, kras en kordaat ... Afrikanerwees is die laaste paar jaar kroes. Letterlik inmekaar gekrul, siek, olik. Afrikaners is aan die rondmaal soos 'n klomp vasgekeerde skape ... Dan is daar die hink-en-pink

Afrikaners wat etikette om hulself hang: die ontnugterdes; die rigtingloses; die sinici; die magteloses; die bedruktes; die beswaardes; die afwagtendes wat wag op 'n kaptein wat weer hekke sal oopmaak ... Afrikaners het kroes geword. Ander klein volkies is in hulle kroesheid uiteindelik uitgewis" (De Klerk 2000:94).

‘n Voorbeeld van hierdie worstelstryd onder die ouer geslag word tipies verwoord in die wyle Chris Louw se boek *Boetman en die Swanesang van die Verligtes*, wat ‘n reaksie is op Willem de Klerk se boek *Afrikaners: Kroes, kras, kordaat*. In hierdie boek van ontnugtering wend Louw (2001:22) ‘n poging aan om uiting te gee aan die sentiment van ontnugtering wat onder ‘n sekere gedeelte van die ouer geslag in die Afrikanergemeenskap gevind kan word.

Die jonger geslag Afrikaanssprekende gelowiges wat in Tygerberg Baptiste Gemeente aanbid, word in ‘n totaal ander bedeling groot en word nie so direk beïnvloed deur die verlede nie. Volgens Giliomee (2004:623) blameer sommige van hierdie jonger geslag Afrikaners die ouer geslag daarvan dat hulle geneig is om van elke ding ‘n "issue"/kwessie te maak. Hulle wil minder kwessies maak van dinge en probeer aanbeweeg met hul lewens deur die patriargale of manlike oorheersing van gesag af te gooi. Volgens Jansen (2009:47,80) kommunikeer hierdie jonger geslag Afrikaner se musiek, kuns en literatuur, die bitterheid, skuldgevoelens, woede en mismoedigheid oor die toestand waarin Suid-Afrika is en die rigting waarin alles beweeg. Aangesien die ouer geslag, wat deur die verlede beïnvloed is, nie hoop het vir die toekoms nie en die jonger geslag nie meer onder die gesag van die ouer geslag wil staan nie, word beide groepe se geestelikheid negatief beïnvloed deur ‘n verlies aan hoop.

### 1.2.3 Hoop en toekomsverwagting

Die tema van hoop is die leidende beginsel waarom hierdie studie draai. Die volgende perspektiewe op hoop is oorsigtelik gevind in ‘n soektog na dié onderwerp vanuit ‘n Christelik-teologiese perspektief:

Botha (2008:46-57) kyk na hoop in die konteks van Afrika, as hy vra: Is daar enige hoop vir Afrika? Hy vra ook: “Is a theology of hope still a missing link in African Christianity as suggested by Ross (1995:65–80)” (Botha 2008:53). Sy verwysing na Ross en Moltmann is insiggewend, want hy beskou hoop as ‘n model “not directed to another world, but to the transformation of this world” (Botha 2008:54). Hy haal Ross aan: “The eschaton upon which our hopes are set is God’s recreations of this world (Ross 1995:76)” (Botha 2008:54). Botha (2008:57) haal ook vir Niehaus (1993:106-131) aan wat beweer dat stryd en swaarkry ‘n voorwaarde is om hoop te kan verdien. Hiervolgens moet die mens dus sy hoop in hierdie lewe verdien. In hierdie lig word hoop dus gesien as gepaste emosie in ‘n tipe politieke bevryding en vorming van ‘n nuwe wêreld.

Prins (2003:143-157) wys daarop dat ‘n groot hoeveelheid skrywers dit eens is dat hoop nie ‘n deel vorm van jongmense se lewens nie en dat gevoelens van wanhoop die lewens van jongmense karakteriseer. Prins se stelling oor die keuse van musiek onder jongmense is insiggewend: “Kids who swim in a sea of hopelessness identify with music that expresses these feelings” (Prins 2003:144). Hy stel dit dat Christelike hoop, wat op die realiteite van ‘n opgestane Christus en die vervulling van die beloftes van God gegrond is, hoofsaaklik ‘n gawe van God is en ‘n kwalitatiewe toestand van wat die lewe in Christus moet wees (Prins 2003:143). Sy beskrywing van hoop kan opgesom word in sy stelling: “The essential characteristics of Christian hope are first of all that it is never egocentric, but always Christo- and Theocentric” (Prins 2003:145). Hoop kan dus nie losgemaak word van die Bybelse kennis wat in die Teologie en Christologie gegrond is nie, maar verder kan dit ook nie uitgeleef word sonder aktiewe betrokkenheid in ‘n geloofsgemeenskap nie. In sy gevolgtrekking maak Prins (2003:154) die stelling dat die kerk die hopeloosheid van die jongmense moet beskou as ‘n geleentheid en ‘n verantwoordelikheid om die Bybelse boodskap van hoop aan hulle te gee.

Adams (1973:39-48), in sy omvattende boek oor Bybelse berading, verklaar dat God in die Skrif die belangrikheid van hoop uitwys deur dit in samewerking met geloof en liefde te plaas. Volgens hom is hoop ‘n sekere toekomsverwagting en is verandering in die beradene se huidige lewe slegs moontlik as hoop vir ‘n beter toekoms teenwoordig is. Hy beskryf die koms van Christus, die opstanding van die liggaam en

die verwydering van sonde, pyn en trane, en uiteindelik die teenwoordigheid van Christus as die "great hope" van die Christen (Adams 1973:41). Alhoewel die beradene hoop vir die toekoms het, is hoop ook in die hede beskikbaar aan hom deur die evangelie. Adams gebruik Kolossense 1:5-6 om sy punt te staaf: "vanweë die hoop wat vir julle weggelê is in die hemele, waarvan julle vroeër gehoor het deur die woord van die evangelie, wat julle sowel as die hele wêreld bereik het; en dit dra vrug, net soos onder julle ook, van die dag af dat julle dit gehoor het en die genade van God in waarheid leer ken het" (Adams 1973:41).

Adams is dit eens as hy sê "(a)part from the Scriptures there is no basis for hope. But the Scriptures were written to give hope" (Adams 1973:46). Hy verklaar ook verder dat Christene se siening van God en interpretasie van die Bybel rakende sy plek in die geheelplan van God, kan bydra tot die kwaliteit van sy hoop en daarom ook sy geestelikheid (Adams 1979:45,47). Hoop moet 'n geldige vertrekpunt of basis hê waarvandaan dit kan werk.

Vos (2007:325-344) beskryf hoop as die noodwendige uitkoms of resultaat van 'n preek. Mense wat kerk toe gaan, wil met nuwe hoop daaruit kom. Volgens hom is die doel van die boodskap om ten alle koste hoop te gee. Hy beskryf die boodskap as 'n draer van hoop wat die donkerte en onsekerheid moet verjaag en die Woord van God soos 'n rots vasmessel in die gedagtes van die toehoorder (Vos 2007:333). Die gemeente bring hulle gevoelens van hopeloosheid na die vergaderplek en die boodskap neem dit onder hande en doen weg daarmee. Die boodskap moet deur Christologie en Pneumatologie spreek tot die onsekerheid in die hart van die wat nie hoop het nie. Die liturgie is dus, volgens Vos (2007:328), die ruimte waarin hoop ontdek en ervaar kan word en waar ons deur die Woord in die toekoms ingedra kan word, maar dat ons ook seker kan weet dat die toekoms reeds begin het. Hoop dra mense dus op hul lewenspad.

Van Rensburg (2010:201-228) gebruik die unieke, onvriendelike omgewing waarin die geadresseerdes van 1 Petrus hul geloof moes uitleef, om uit te beeld hoedat hoop "'n huidige werklikheid, met die verwagting van volle vervulling in die toekoms" is. Hy verklaar dat hoop in 1 Petrus 1:3 gekwalifiseer word deur "die opstanding van Jesus Christus uit die dood" (Van Rensburg 2010:219). Sy definisie van hoop is "om

uit te sien na die vervulling van God se verlossingsbeloftes met selfvertroue, gebaseer op die opstanding van Christus" (Van Rensburg 2010:219). Christene word dus hierdeur "bemagtig om op hulle moeilike omstandighede te reageer deur nie te vergeld nie, maar deur aan te hou goed doen, aangesien hulle weet dat hulle deur God se oordeel, wanneer Christus terugkeer, gevindiseer sal word. Die Eskatologie van 1 Petrus verskaf dus hoop en vindikasie vir gelowiges wat onder diskriminasie en verontregting gebuk gaan omdat hulle tydelike en permanente uitlanders is" (Van Rensburg 2010:225).

Venter (2010:137-157) bespreek hoop as deel van die "pastorale kernelemente in Hebreërs". Hy stel dit dat die outeur van Hebreërs hoop gebruik het om die essensie van geloof te definieer. Sy letterlike interpretasie van Hebreërs 11:1 is: "Die geloof is die versekering van hopendes" (Venter 2010:152). Verder identifiseer hy dat geloof, hoop en volharding in Hebreërs gekombineer word en haal Hewitt (1975:171) aan wat geloof definieer as die "titelakte, of die kaart en transport van die dinge waarop gelowiges hoop vir môre" (Venter 2010:153). Venter se konklusie is die volgende: "Die pastorale elemente van hoop en volharding kan toegepas word in die herderlike versorging van sterwendes, twyfelaars en verslaafdes wat terugval in verslawing." Hy moedig mense aan om Hebreërs te gebruik as "toepassingsveld vir die herderlike bediening" (Venter 2010:155).

Omdat die navorser sy vertrekpunt uit 'n Christelik-teologiese oortuiging neem, is dit belangrik om 'n paar belangrike normatiewe perspektiewe te stel. Eerstens, dat die hoop van enige mens in Christus Jesus is en dus 'n hoofeienskap behoort te wees in die lewe van die Bybel-gelowige Christen (Van Wyk 2010:47-69).

Tweedens verklaar Adams (1979:45,47) dat 'n Christen se siening van God en interpretasie van die Bybel rakende sy plek in die geheelplan van God kan bydra tot die kwaliteit van sy hoop en daarom ook sy geestelikheid. Die Christen kan met ander woorde nie hoop hê sonder die Bybel nie.

Derdens word hoop gesien as deel van die unieke verhouding tussen die pastorale elemente van hoop, liefde en geloof wat in Hebreërs gebruik word om die herderlike bediening van die pastoraat te ondersteun (Venter (2010:155); 1 Kor. 13). Hoop vorm

dus deel van die totale geestelikheid van die gelowige. Paulus spreek in 1 Thessalonicense 1:3 van dieselfde drieledige kwaliteite in die gelowige se lewe, waarvan die lydsaamheid van hoop deel uitmaak. Petrus het die gelowiges aangemoedig om gereed te wees om verantwoording te doen van die hoop wat in hulle is (1 Petrus 3:15). Johannes het hoop gebruik as ‘n belangrike motiveerder in die gelowiges se toewyding aan ‘n geheiligde lewe (1 Johannes 3:2-3). Gelowiges sonder hoop sal dus sukkel om ‘n gesonde geestelike lewe te handhaaf.

### 1.2.4 Sleutelbegrippe

Die volgende sleutelbegrippe word kortliks beskryf:

- Die woord **pastoraal** word in die Nasionale Woordeboek (1985) beskryf as ‘n handeling betreffende ‘n pastoor of predikant en dit wat die herderlike taak van die sielsorg aanbetref.
- **Bediening** word deur die Nasionale Woordeboek (1985) gedefinieer as die handeling of resultaat van bedien en deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010) word dit beskryf as die handeling of amp van ‘n predikant. Venter (2010:139) beskryf die pastorale bediening as die herderlike bediening en versorging van persone. Dit impliseer dat daar begeleiding plaasvind.
- **Hoop** word in die Nasionale Woordeboek (1985) beskryf as ‘n wensende verwagting of die vertroue dat iets wat ‘n mens verlang, sal gebeur. Dit word in die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010) beskryf as die verwagting, vooruitsig of vaste vertroue. Hierdie hoop stel ‘n mens se verwagtings nie teleur nie en gee ‘n mens moed om aan te gaan. Hierdie term word breedvoerig in hoofstukke 4 en 5 beskryf.
- **Geestelikheid** word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010) beskryf as dit wat op die gees betrekking het en nie toegespits is op die aardse nie. Dit het te doen met die onstoflike, nie-verstandelike, stigtelike, godsdienstige en kerklike. Die geestelike word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010) beskryf as iemand wat in die studie van godsdienstige sake gekwalifiseer het en ander voorlig, soos byvoorbeeld ‘n leraar, predikant, dominee, priester of pastoor. Spiritualiteit, ‘n ander woord wat oor die algemeen as sinoniem vir die term

"geestelikheid" gebruik word, beskryf volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010) die onstoflikheid, die sielelewe. Dit wat toegewydheid is aan God, godsdiens of geestelike waardes, veral dit wat in teenstelling is met fisiese of tydelike waardes. Die Oxford English Dictionary (2002) beskryf die geestelike as die dinge van die gees of die hoër morele kwaliteite of riglyne van die lewe. Geestelikheid het met ander woorde te doen met daardie onstoflike eienskappe wat 'n mens besit wat hom lei na 'n beter lewe in diens van God of godsdiens. Hierdie term word verder onder hoofstuk 5.3.6 bespreek.

- **Ontnugtering**, volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010), beskryf die aksie wanneer iemand uit sy waantoestand gebring word. Dit word in Engels deur die Groot Woordeboek (1977) gedefinieer as "making someone sober", "disillusion" of "rude awakening". Iemand wat ontnugter word, is dus iemand wat as te ware uit 'n slaap wakker word en sake nou op 'n meer nugtere wyse beskou.
- **Veranderend** word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010) beskryf as dit wat anders of onstuimig word en dit wat van vorm verander. In die Oxford English Dictionary (2002) word die woord veranderend (changing) beskryf as "the action of substituting one thing for another" of "undergoing alteration".
- Die **Afrikaner** word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010) beskryf as iemand wat deur afstamming Afrikaans en 'n lid van die Afrikaanssprekende bevolkingsgroep is. Die Afrikaner is behorend tot die Afrikaanse bevolkingsgroep van Suid-Afrika. Die Oxford English Dictionary beskryf die Afrikaner as "a Dutch-speaking or (later) Afrikaans-speaking white inhabitant of South Africa, usually of Dutch, German, or Huguenot descent; also occasionally applied to any white citizen of South Africa." 'n Verder beskrywing word gegee - "relating to, or characteristic of Afrikaans-speaking people."

## 1.3 MOTIVERING VIR DIE NAVORSINGSTUDIE

Die navorser is van mening dat daar 'n groot leemte bestaan met betrekking tot hierdie spesifieke onderwerp en die pastorale berading en begeleiding van Afrikaanssprekende gelowiges wat in 'n veranderende Suid-Afrika leef. 'n Databasis-

soektog, soos hieronder aangetoon ten opsigte van bronne geraadpleeg, na materiaal wat handel oor die pastorale begeleiding van Afrikaanssprekende gelowiges in die herontdekking van hoop, het tot dusvêr nog geen positiewe resultate opgelewer nie. Vir sovêr as wat dit die omvang van die tema van hierdie navorsing aanbetref, kan dit as ‘n braakveld beskou word en dus dien as ‘n goeie motivering vir hierdie navorsingstudie.

## 1.4 BRONNE GERAADPLEEG

Die volgende bronne is geraadpleeg:

- ISAP by the National Library of South Africa.
- Sabinet Online
- SAePublications
- Die NWU en CMI/OBK Biblioteke
- LinisNexis

Met hierdie studie word daar gefokus op die deurslaggewende rol wat hoop speel in die geestelikheid van Afrikaanssprekende gelowiges wat tot ‘n sekere mate ontnugter is as gevolg van die verandering in Suid-Afrika.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

Uit die voorafgaande, en op grond van die feit dat dit ‘n relatiewe oop navorsingsveld is, kan die volgende navorsingsvraag geformuleer word:

**Watter effek het hoop op die geestelikheid van die Afrikaanssprekende gelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika en op watter wyse kan hulle pastoraal begelei word om hoop te hê?**

Vrae wat hieruit voortspruit is die volgende:

- Watter insigte kan deur ‘n empiriese ondersoek na vore kom om te verstaan wat die effek van hoop is op die geestelikheid van Afrikaanssprekende gelowiges wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika?
- Watter perspektiewe bied die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese literatuur op hoop en geestelikheid?
- Watter perspektiewe bied die Skrif op die grondslag en ontwikkeling van hoop en die invloed wat dit op geestelikheid het? Watter prakties-teologiese riglyne kan geformuleer word om Afrikaanssprekende gelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, na ‘n Bybelse hoop te begelei?

## 1.6 DOEL VAN DIE STUDIE

### 1.6.1 Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om te bepaal wat die effek is wat hoop het op die geestelikheid van die Afrikaanssprekende gelowige, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ’n veranderende Suid-Afrika. In samehang hiermee word ook aangetoon hoe so ‘n gelowige pastoraal begelei kan word om hoop te hê.

### 1.6.2 Doelwitte

Ten einde die doelstelling van die studie te bereik, word die volgende doelwitte gestel, naamlik:

- om deur middel van ‘n empiriese ondersoek te beskryf wat die effek is wat hoop het op die geestelikheid van Afrikaanssprekende gelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika;

- om deur middel van ‘n literatuurstudie sekere van die perspektiewe uit die hulpwetenskappe en Christelik-teologiese literatuur te interpreteer waarom hoop en geestelikheid so voorkom;
- om aan te toon watter normatiewe perspektiewe die Skrif bied op die grondslag en ontwikkeling van hoop en die invloed wat dit op geestelikheid het;
- om prakties-teologiese riglyne te formuleer om Afrikaanssprekende gelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, na ‘n Bybelse hoop te begelei.

## 1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat die pastorale bediening van hoop suksesvol benut kan word om Afrikaanssprekende gelowiges, wat ’n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, te begelei tot geestelikheid.

## 1.8 METODES VAN ONDERSOEK

‘n Prakties-teologiese ondersoek sal uitgevoer word, deur gebruik te maak van die metodologie wat Osmer (2010:33-34;49-53;83;133-135) voorstel en wat hieronder en in hoofstuk 2.2.2 uiteengesit word:

- Die navorsing behels ten eerste ‘n beskrywende taak (hoofstuk 3) waar ‘n empiriese perspektief verkry sal word deur ‘n kwalitatiewe ondersoek na wat aan die gebeur is in die handelingspraksis in die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap soos afgebaken onder 1.2.1. Die ondersoek word ingestel om die huidige situasie te beskryf. Hoofstuk 2 bied ‘n teoretiese raamwerk as navorsingsontwerp van die beskrywende taak of kwalitatiewe navorsings. Hoofstuk 3 lewer verslag van die navorsing.

- Die navorsing behels tweedens ‘n interpretatiewe taak (hoofstuk 4) waar relevante perspektiewe uit sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese literatuur, deur middel van ‘n literatuurstudie, ondersoek sal word. Dit word gedoen om ‘n hermeneutiese perspektief te verkry deur te probeer verstaan wat aan die gebeur is in die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap, soos afgebaken in hoofstuk 1.2.1. Die navorser sal tipies vra: Hoe kan ek dit wat gebeur verstaan?
- Die navorsing behels derdens ‘n normatiewe taak (hoofstuk 5), waar Skrifperspektiewe ondersoek sal word, deur gebruik te maak van die bydraes uit kommentare en ‘n grammaties-historiese metode van interpretasie van sekere Skrifgedeeltes. ‘n Skrifgefundeerde perspektief sal verkry word deur te bepaal wat volgens die Woord van God in hierdie omstandighede behoort te gebeur en wat tot opbou van die gelowiges kan dien.
- Die navorsing behels vierdens ‘n pragmatiese taak (hoofstuk 6), waar die navorser ‘n strategiese perspektief sal verkry deur ‘n hermeneutiese interaksie te laat plaasvind tussen die beskrywende taak in hoofstuk 3, die interpretatiewe taak in hoofstuk 4 en die normatiewe taak in hoofstuk 5. Daaruit sal bepaal word watter prakties-teologiese riglyne daargestel kan word, wat in die praktyk gebruik kan word om Afrikaanssprekende gelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, na ‘n Bybelse hoop te begelei.
- Laastens sal die navorsing saamgevat en afgesluit word (hoofstuk 7).

## 1.9 HOOFSTUKINDELING

Vervolgens ’n kort vooruitskouing van die navorsingstudie as ’n geheel deur middel van ’n uiteensetting van die hoofstukindeling:

Hoofstuk 1: In hierdie hoofstuk word die inleiding, probleemstelling en oriëntasie van die studie aangebied. Daar word kortliks ’n beeld van ’n veranderende Suid-Afrika en die toekomsverwagting van gelowige Suid-Afrikaners geskets en hoop word uitgelig

as hooftema van hierdie studie. ’n Motivering vir die navorsingstudie en ’n lys van bronne wat geraadpleeg is, word aangebied. Die navorsingsvraag word geformuleer, waarna die doelstelling, doelwitte en sentrale teoretiese argument van die studie uitgelig word. Die navorsingsmetodiek wat gevolg word in hierdie studie word genoem, wat behels die navorsing van Skrifperspektiewe, ’n literatuurstudie, ’n prakties-teologiese ondersoek wat die metodologie van Osmer (2010) volg, asook die daarstel van prakties-teologiese riglyne waarop Afrikanergelowiges pastoraal begelei kan word om hoop te hê. Die hoofstuk word afgesluit met ’n skematiese voorstelling van die korrelasie tussen die probleemstelling, doelstelling, doelwitte en die navorsingsmetode.

Hoofstuk 2: Hierdie hoofstuk beskryf die spesifieke navorsingsmetodiek wat gevolg sal moet word, om die verskeidenheid van veranderlikes wat in hierdie studie geïdentifiseer is, te beskryf. Die navorser het besluit om die navorsingsvraag te beantwoord deur die navorsingsmetodiek van Richard Osmer (2010) te gebruik. Hierdie prakties-teologiese navorsingsmetodiek behels vier afsonderlik take wat hermeneutiese interaksie vergemaklik. Die eerste taak is ‘n beskrywing van die perspektiewe van die huidige hoopbeskouing van Afrikanergelowiges wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika. Hierdie beskrywing sal moontlik gemaak kan word deur die inwin van inligting deur middel van ‘n reeks persoonlike en fokusgroep onderhoude met Afrikanergelowiges.

Hoofstuk 3: In hierdie hoofstuk word ‘n empiriese ondersoek van die algemene lewensbeskouing van die Afrikanergelowige, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, aangebied. Die navorser poog om te bepaal wat besig is om plaas te vind in die konteks van Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap soos onder punt 1.2.1 beskryf word, rakende die groep se hoopbeskouing deur middel van persoonlike en fokusgroep-onderhoude met Afrikaanssprekende, gelowige mans en vroue. Om te toets of hierdie inligting lewensgetrou is, is daar ook onderhoude gevoer met bedienaars van die Woord wat in die bediening staan en met Afrikaanssprekende gelowiges werksaam is, en tweedens is daar sekere evalueringsvrae ontwikkel. Die laaste deel van die hoofstuk lewer verslag van die resultate van ‘n ondersoek oor navorsing wat gedoen is onder ‘n breë spektrum van

Afrikaanssprekende graad 11-leerlinge, wat ‘n wye reeks van skole in Suid-Afrika bywoon.

Hoofstuk 4: Die tweede taak is die interpretatiewe taak wat die inligting in hoofstuk 3 evalueer deur middel van ‘n literatuurstudie wat gedoen sal word op die navorsing wat reeds in sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese perspektiewe oor die onderwerp van hoop gedoen is. Hierdie hoofstuk stel dus ondersoek in oor die perspektiewe wat uit die Christelik-teologiese wêreld kom, rakende die verklaring van die huidige hoopbeskouing van Afrikanergelowiges. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon watter perspektiewe in die Christelik-teologiese ruimte oor hoop aangebied word en watter bydrae dit kan maak om sin te maak van die bevindinge in die vorige hoofstuk en wat aanleiding kan gee tot ‘n sinvolle interpretasie van die toestand. Hierdie literatuurstudie ondersoek hoofsaaklik die hoof Christelik-teologiese denkrigtings, wat die individuele Afrikaner se beskouing rakende die tema van hoop moontlik ingelig en gevorm het. Die navorser poog om die mees prominente teologiese beskouings rakende hoop en die beginsels wat daaruit voortspruit, dit wat sy eie beskouing van hoop gevorm het, te ondersoek en saam te vat. Die Christelike wêreld het baie uiteenlopende benaderings en opinies wat hoop aanbetref. Dit is dus belangrik om na die Skrif te keer vir hulp en leiding wat die definisie en spesifieke toepassing van hoop aanbetref. Die navorser het derhalwe oorgegaan na ‘n Skrif-gefundeerde perspektief, deur te bepaal wat behoort, volgens die Woord van God, in die omstandighede van die Afrikanergelowige se lewe die norm te wees.

Hoofstuk 5: Die derde taak is die normatiewe taak wat die Skriftuur nader om te bepaal wat die tekorte is vanuit die gesigspunt van God se wil. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon watter perspektiewe die Skrif bied op die grondslag en ontwikkeling van hoop en die invloed wat dit op die geestelikheid van die gelowige het. Hierdie Skrif-ondersoek is belangrik omdat dit dien as essensiële grondslag vir die sistematiese benadering wat Christene moet volg om vanuit die Skrif te kan motiveer waarom hoop belangrik is en hoe dit bydra tot die geestelikheid van die Christen. Hierdie ondersoek poog nie om ‘n uitleg te gee van elke enkele gebruik van die woord “hoop” nie, maar om eerder te kyk na leidende temas en konsepte wat in

die Ou en Nuwe Testamente voorkom, rakende die grondslag in die vorming van hoop.

Hoofstuk 6: Die laaste taak is die pragmatiese, wat alle inligting uit die studie in ‘n hermeneutiese interaksie saambring, om sodoende prakties-teologiese riglyne daar te stel vir die pastorale begeleiding van Afrikanergelowiges na hoop. Die hoofvraag wat in hierdie hoofstuk beantwoord moet word, is: Hoe moet die pastoraat reageer op die nagevorsde situasie wat die kwaliteit van die hoopbeskouing van Afrikanergelowiges aanbetref? Hierdie vraag lei die finale taak in, soos voorgestel in Osmer se navorsingsmetodiek van praktiese teologie. Dit het grootliks te doen met die proses waar die huidige handelswyse wat Afrikanergelowiges se hoopbeskouing aanbetref en die interpretasie en evaluering van hoekom dit plaasvind, met die normatiewe riglyne uit die Skrif geïntegreer word in ‘n hermeneutiese interaksie. Sodoende word toepaslike praktiese-teologiese riglyne ontwikkel wat die pastoraat kan gebruik om Afrikanergelowiges na hoop te begelei. Met praktiese teologie word bedoel die toepassing van teologie in die konteks van ons alledaagse lewens. (Osmer 2010:4)

Hoofstuk 7: ‘n Finale samevatting en gevolgtrekking word in hierdie hoofstuk gemaak. Voorstelle vir verdere studie word aangebied.

## 1.9 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN DIE PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLING, DOELWITTE EN DIE NAVORSINGSMETODE

| Probleemstelling | Doel en Doelwitte | Navorsingsmetode |
|---|---|---|
| Watter insigte kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom om te verstaan wat die effek van hoop is op die geestelikheid van Afrikaanssprekende gelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika? | Om deur middel van 'n empiriese ondersoek te bepaal wat die effek van hoop is op die geestelikheid van Afrikaanssprekende gelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika. | ‘n Empiriese ondersoek (Osmer 2010) word gedoen om deur middel van 'n kwalitatiewe ondersoek, waar inligting deur middel van onderhoude bekom is, om te verstaan wat plaasvind. Hierdeur word ook gepoog om te verstaan waarom dit gebeur en wat volgens die Skrif behoort te gebeur en op watter wyse pastorale begeleiding toegepas behoort te word ten einde hoop by persone te vestig. |
| Watter perspektiewe bied sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese literatuur op hoop en geestelikheid? | Om te bepaal watter perspektiewe sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese literatuur bied op hoop en geestelikheid. | Ondersoek relevante gesigspunte vanuit sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese bydraes deur middel van ’n literatuurstudie. |
| Watter perspektiewe bied die Skrif op die grondslag en ontwikkeling van hoop en die invloed wat dit op geestelikheid het? | Om aan te toon watter perspektiewe die Skrif bied op die grondslag en ontwikkeling van hoop en die invloed wat dit op geestelikheid het. | Skrifperspektiewe word ondersoek deur gebruik te maak van kommentare en die grammaties-historiese metode van interpretasie. |

| | | |
|---|---|---|
| Watter prakties-teologiese riglyne kan geformuleer word om Afrikaanssprekende gelowiges, wat 'n mate van ontnugtering beleef weens 'n veranderende Suid-Afrika, na 'n Bybelse hoop te begelei? | Om prakties-teologiese riglyne te formuleer om Afrikaanssprekende gelowiges, wat 'n mate van ontnugtering beleef weens 'n veranderende Suid-Afrika, na 'n Bybelse hoop te begelei. | Prakties-teologiese riglyne wat in die praktyk gebruik word om Afrikaanssprekende gelowiges, wat 'n mate van ontnugtering beleef weens 'n veranderende Suid-Afrika, na 'n Bybelse hoop te begelei, sal getoets word. |

Vervolgens hoofstuk 2 waarin die struktuur en ontwerp van die empiriese ondersoek aangebied word om die algemene lewensbeskouing te bepaal van die Afrikaanssprekende gelowige, wat 'n mate van ontnugtering beleef weens 'n veranderende Suid-Afrika.

# HOOFSTUK 2

# DIE DOEL, METODIEK EN ONTWERP VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

## 2.1 INLEIDING

Die navorser is van mening dat daar ‘n groot leemte bestaan met betrekking tot die onderwerp van pastorale begeleiding van ontnugterde Afrikanergelowiges wat in ‘n veranderende Suid-Afrika bly. Met hierdie navorsingprojek is daar gepoog om dié leemte te vul. Daar is uit die staanspoor gevind dat daar in hierdie navorsingsveld ‘n uiteenlopende reeks aspekte en konsepte is wat met hierdie tema te doen het. Daar is byvoorbeeld gevind dat daar nie bloot net van die Afrikaners in die algemeen gepraat kan word nie, maar dat daar noodgedwonge ‘n afbakening van die spesifieke groepering van Afrikaners moet wees. ‘n Ander kompleksiteit was die beskrywing van die gemoedstoestand van hierdie spesifieke groep Afrikaners, wat weereens nie bloot net as hopeloos of sonder hoop beskryf kon word nie.

Hierdie verskeidenheid van komplekse sleutelkonsepte rakende die onderwerp van hoop en die Afrikaner, het die formulering van die navorsingsvraag en die doel en ontwerp van die navorsingprojek bemoeilik. Die navorser het gepoog om al die konsepte in te sluit in die doelstelling van die navorsing, wat soos volg beskryf is: om te bepaal wat die effek van hoop is op die geestelikheid van die Afrikanergelowige, wat in ‘n sekere staat van ontnugtering verkeer weens ’n veranderende Suid-Afrika, en om aan te toon hoe so ‘n gelowige pastoraal begelei kan word om hoop te hê.

Aangesien die navorsing te doen het met die lewens van Afrikanergelowiges, wat deel uitmaak van ’n groter geheel, wat as die Suid-Afrikaanse samelewing bekendstaan, moet daar gepoog word om ‘n kontekstuele basis te ontwikkel waarin die navorsing begin en ontwikkel kan word en waarop enige interpretasie en voorstelle gemaak kan word (Osmer 2010:12,13). Hierdie navorsingprojek sal dus sekere van die uiteenlopende temas wat met hoop geassosieer word, ondersoek, evalueer en poog om dit in die konteks van die navorser se eie pastorale bedieningsveld te integreer en aan

te wend. Ten einde hierdie doelwitte te bereik, moet die navorsingsvraag en studieveld noodwendig vanuit ‘n prakties-teologiese perspektief benader word. Derhalwe het die navorser besluit om die navorsingsvraag te benader en te beantwoord deur die prakties-teologiese navorsingsmetodiek van Richard Osmer (2010) te gebruik. Hierdie hoofstuk bevat eerstens die uitleg van Osmer se prakties-teologiese metodiek wat gebruik word in hierdie navorsing en tweedens ‘n beskrywing van die navorsingsontwerp van die verskillende prakties-teologiese take wat in die navorsing aangepak word.

## 2.2 KWALITATIEWE NAVORSING: DIE DOEL EN METODIEK

### 2.2.1 Die navorsingsvraag en die doel van die navorsingprojek

Deur gebruik te maak van Richard Osmer (2010) se navorsingsmetodiek, wil die navorser vanuit ‘n pastorale bedieningsperspektief en op ‘n sistematiese wyse probeer bepaal wat die algemene lewensbeskouing van die Afrikanergelowige (1.2.1) is. Die bewering in die navorsingsvraag dat die Afrikanergelowige in ‘n sekere staat van ontnugtering verkeer weens ‘n veranderende Suid-Afrika, moet gestaaf word en daar moet ook bepaal word hoe hierdie lewensbeskouing beïnvloed kan word.

Die uiteindelike doel van hierdie navorsingprojek is om die hoopbeskouing van Afrikanergelowiges in ‘n sekere konteks te beskryf en prakties-teologiese beginsels te gebruik om inligting in te win wat ’n bydrae kan lewer om die situasie en gebeurlikhede te beskryf en te verstaan. Hierdie inligting wat in die normale verloop van die lewe as vanselfsprekend aanvaar word, word in hierdie navorsingprojek in meer formele terme uitgelê in ‘n poging om die spesifieke patrone en verhoudings tussen aspekte van die lewens van Afrikanergelowiges te identifiseer.

Die aard en werkswyse wat deur Osmer (2010) voorgestel word as ‘n gepaste prakties-teologiese navorsingsmetodiek en die wyse waarop dit hierdie navorsing op ‘n sistematiese manier lei, word vervolgens uiteengesit.

### 2.2.2 Die aard en werkswyse van die empiriese navorsing

Die navorsingsmetodiek wat deur Osmer voorgestel word, behels die vier take van 'n hermeneutiese siklus. Hierdie vier take wat op mekaar volg, is die sleutelaspekte van Osmer (2010:33-135) se navorsingsmetodiek en gee struktuur aan die navorsingprojek om deur prakties-teologiese interpretasie die gebeure sistematies uit te lê. Dit is veral in die lig hiervan dat die prakties-teologiese, maar ook geestelike, sensitiewe metodiek wat deur Osmer voorgestel is, soveel waarde het in die beantwoording van die navorsingsvraag van hierdie navorsingprojek. Die verskillende take wat in hierdie proses gevolg sal word om die navorsingsvraag te beantwoord, word soos volg beskryf.

Die eerste taak is die beskrywende taak wat die volgende vraag vra: Wat is besig om plaas te vind? Dit is in wese die insameling van relevante inligting om 'n empiriese perspektief te verkry van wat tans aan die gebeur is en wat ondersoek moet word om te bepaal watter patrone, gewoontes en interaksies tussen episodes en situasies mag voorkom. Hierdie vorm van waarneming help om die volle konteks van die situasie uit te lê. Ten einde hierdie beskrywende taak uit te voer, word 'n stel onderhoude met respondente in die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap gedoen om te bestudeer wat besig is om plaas te vind.

Die tweede taak is die interpretatiewe taak en vra die vraag: Waarom gebeur dit? Daar word gepoog om 'n hermeneutiese perspektief te verkry deur te probeer verstaan wat aan die gebeur is in elke gevallestudie of in die geheel. Die navorser sal tipies vra: Hoe kan ek dit wat gebeur het verklaar of interpreteer? Om hierdie interpretatiewe taak te voltooi sluit die navorser eerstens interpretasie-vrae in wat die laaste deel van die onderhoude met die respondente sal vorm. Die navorser maak ook gebruik van 'n tweede stel onderhoude wat met bedienaars van die Woord aan soortgelyke Afrikanergelowiges gedoen is, ten einde te probeer verklaar wat reeds plaasvind. Verder word 'n literatuurstudie gedoen om perspektiewe uit sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese veld te verkry.

Die derde taak is die normatiewe taak en vra die vraag: Wat is veronderstel om plaas te vind? Hier word gepoog om 'n Skrifgefundeerde perspektief te verkry deur te

bepaal wat in hierdie omstandighede behoort te gebeur (volgens die Woord van God). Hierdie normatiewe taak sal uitgevoer word deur te trek vanuit die navorsing wat reeds in hoofstuk 2 voltooi is. Hierdie normatiewe waardes is die pastorale gids om ons reaksies, optrede en gewoontes volgens Bybelse beginsels en riglyne te rig.

Die vierde en laaste taak is die pragmatiese taak en vra die vraag: Hoe moet ons daarop reageer? Voordat hierdie vraag beantwoord word en die ontwikkeling van ‘n verbeterde handelswyse gedoen word, stel Pieterse (2010) voor dat daar ‘n hermeneutiese interaksie moet plaasvind tussen die normatiewe en die huidige handelswyse. Volgens hom moet die resultate van die normatiewe teologiese waarhede, wat op die Skrif gebaseer is, en die resultate van empiriese navorsing wat uit ‘n prakties-teologiese navorsingsprojek voortkom, gekonfronteer word deur middel van ‘n hermeneutiese interaksie (Pieterse 2010). Daarna sal gepoog word om ‘n strategiese perspektief te ontwikkel, deur te bepaal watter riglyne en strategieë van berading uitgewerk kan word om die huidige situasie en optrede te verbeter. Hierdie taak probeer ‘n nuwe denkwyse of gewoonte voor te stel of te vorm om sodoende die huidige situasie te verbeter.

Die inwin van inligting op ‘n sistematiese manier, wat help met die bepaling van patrone en gewoontes, is volgens Osmer (2010:5) die empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie. Nadat die inligting ingesamel is, kan daar krities na die situasie gekyk word om te probeer sin maak van wat besig is om plaas te vind. Daarna moet bepaal word wat die norme is wat deur die Skrif daargestel word om die interpretasie te help. Laastens moet die resultate van die empiriese ondersoek met die normatiewe Bybelse beginsels gekonfronteer word, om daaruit rigting te gee vir ‘n nuwe orde en handelswyse.

Ten einde hierdie prakties-teologiese take van die uitleg en begrip van die konteks, asook die interpretasie van inligting en voorstelle vir ordening of verbetering te kan uitvoer, moet daar eers gekyk word na ‘n prakties-teologiese struktuur as onderbou van die verhandeling.

## 2.3 KWALITATIEWE NAVORSING: 'N TEORETIESE RAAMWERK VAN DIE NAVORSINGSONTWERP

Benewens die aspekte van die benadering tot die navorsingsveld wat reeds hierbo genoem is, word onder hierdie punt verder deur middel van ‘n teoretiese verklaring uitgebrei oor die strategiese aspekte van die navorsingsontwerp en metodologie wat in hierdie navorsing gevolg sal word. Die navorsingsontwerp word volgens Kruger (2012:2) gedefinieer as “die stelselmatige proses van die versameling en analise van inligting of data om grondige verduidelikings te verskaf wat nuwe inligting kan word.” Hierdie tipe navorsing stel dit ten doel om “akkurate en betroubare inligting te bekom” en daarom moet die navorser kies tussen die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsontwerpe (Kruger 2012:2).

### 2.3.1 Die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Kwantitatiewe navorsing is die konkrete wetenskaplike metodiek van navorsing wat die veranderlikes meet deur middel van die ontleding van data. Dit is dus die toets van objektiewe teorieë op ‘n konkrete, wetenskaplike manier deur die studie van veranderlikes (Kruger 2012:9). Kwalitatiewe navorsing is die beskrywing van ‘n situasie deur gebruik te maak van algemeen verstaanbare aspekte wat die konteks van die situasie verstaanbaar maak (Creswell 2007:37). Die kwalitatiewe navorsingsontwerp gebruik “woorde eerder as syfers”, waar die kwantitatiewe navorsingsontwerp “geslote vrae” gebruik eerder as “oop vrae” (Kruger 2012:9). Kwalitatiewe navorsing probeer dus ‘n gegewe probleem verstaan deur na te vors wat die verskillende aspekte is van die bydrae wat die mens daartoe gemaak het.

### 2.3.2 Die eienskappe van kwalitatiewe navorsing

Burke (2010:38) beskryf die hoofeienskap van kwalitatiewe navorsing as ‘n eksplorasie wat deur die navorser in die navorsingsveld uitgevoer word om inligting te bekom deur data in te win. Ander eienskappe is dat dit tydsaam en meestal subjektiewe waarnemings is. Die studie word in die respondent se natuurlike en persoonlik omgewing gedoen. Die navorser poog om te leer wat die respondent se eie

beskouing van die saak of probleem wat nagevors word is. Die gebruik van ‘n teoretiese lens soos byvoorbeeld die kultuur is onvoorspelbaar van aard en die navorser is gewoonlik die primêre navorsingsinstrument (Creswell 2007:38-41; Burke 2010:38).

### 2.3.3 Die keuse vir kwalitatiewe navorsing

Gegewe die aard van die navorsingsprobleem soos wat dit in hoofstuk 1 beskryf is, was die kwalitatiewe navorsingstrategie wat deur Osmer se prakties-teologiese navorsingstrategie voorgestel word uiters geskik om die Afrikanergelowige in sy natuurlik kulturele konteks te bestudeer soos vereis word deur die kwalitatiewe navorsingstrategie. Die studie is ‘n ontdekkingstog tussen die navorser en respondent waar die navorser ontdekkend te werk gaan om die Afrikanergelowige te bestudeer. Die kwalitatiewe metode is buigsaam genoeg om toe te laat dat die respondent en die navorser tot nuwe insigte kan kom.

Daarbenewens is Smith (2010:111) van mening dat Osmer se benadering tot praktiese teologie en navorsing, wat lei tot interpretasie en verbetering, besonder geskik en waardevol is vir hierdie tipe navorsing. Hy is ook van mening dat Osmer ‘n oproep doen vir ‘n benadering tot teologiese interpretasie wat losbreek van die “silo mentality, that is, the overemphasis on specialised sub disciplines.” Dit beteken dat daar ‘n meer geïntegreerde benadering in teologiese navorsing gevolg moet word, wat dit ten doel stel om pastors op te lei wat die kerk en die wêreld kan dien as eksegete wat op hulle eie kan dink.

### 2.3.4 Data insameling metodiek

Ten einde die geldigheid en betroubaarheid van die kwalitatiewe navorsingsmetodiek te verseker, word daar ‘n duidelike beskrywing gegee van die navorsingsontwerp en strategie gevolg, sodat daar geen onduidelikheid sal wees nie. Die betroubaarheid van die data wat ingesamel is, kan bevestig word deur die feit dat inligting uit drie verskillende bronne kom en oor dieselfde onderwerp handel en met mekaar vergelyk is. Hierdie drie verskillende bronne word hieronder in hoofstuk 2.4 beskryf.

Gedurende die navorsing sal data ingesamel word deur hoofsaaklik gebruik te maak van informele onderhoude. Die navorser het in oorleg met die navorsing se studieleiers besluit om die navorsing van Kamper en Steyn (2007) te gebruik as riglyn vir die opstel van vraelyste wat in 'n loodsstudie in Julie 2012 met een man en een vrou gedoen en getoets is. Daar is, in oorleg met die navorsing se studieleiers, gevind dat aspekte van die vraelyste hersien moet word om die onderhoude meer sinvol te laat verloop en om relevante en gepaste inligting te bekom. In oorleg met die studieleiers, het die navorser die vrae hersien en gefinaliseer vir gebruik in die navorsing. Die navorser het die vraelyste ontwerp dat dit meer as 'n gespreksgids as 'n abstrakte vraelys in die onderhoud sou dien. Daar is saam besluit om die volgende hoofaspekte in te sluit as 'n deel van die vraelys:

2.3.4.1 Persoonlike data van die respondent – ouderdom, nasionaliteit, woonarea, beroep, datum.

2.3.4.2 Persoonlike evaluasie vrae (uitgelê in 2.4.2) – 'n reeks vrae waar die respondent gevra word om 'n persoonlike beskouing van homself en sy hoop-beskouing te verduidelik.

2.3.4.3 Persoonlike interpretasie vrae (uitgelê in 2.4.3) – 'n reeks vrae wat na afloop van die evaluasie vrae aan die respondent gevra word om die respondent te lei om 'n interpretasie te bied van die data wat hyself gegee het.

Alle onderhoude is vooraf per e-pos gereël en 'n na-uurse afspraak is met respondente gemaak om die onderhoude op 'n stil en rustige plek te voltooi. Die navorser was gesteld daarop dat onderhoude in 'n stil en rustige omgewing geskied. Alle onderhoude is apart, deur middel van 'n digitale opnemer opgeneem. 'n Verslag van die hoofinligting uit die onderhoude is met behulp van geskrewe transkripsies weergegee, sodat verdere analises daarop gedoen kon word.

### 2.3.5 Data ontleding

Nadat die data in opsommende, geskrewe transkripsie formaat uitgeskryf is, het die navorser begin om al die data te ontleed. Die volgende strategie is gevolg om die data ontleding te doen. Die navorser het eerstens beplan om die data ontleding as 'n deel

van die data insamelingsproses te laat geskied. Daarom het die navorser sekere interpretatiewe vrae, waarvan in 2.3.4.3 melding gemaak word en wat in 2.4.3 uitgelê word, ontwikkel en gekombineer met die gewone evalueringsvrae en –antwoorde, waarvan in 2.3.4.2 melding gemaak word.

Met ander woorde, die eerste stel vrae wat aan die respondente gestel is (2.3.4.2; 2.4.2), is vrae wat aan die Afrikaanssprekende gelowige respondent gestel is om hom te lei om sy eie omstandighede en werklikheidsbeskouing te beskryf. Die tweede stel vrae (2.3.4.3; 2.4.3) het die respondent gelei om ‘n eie interpretasie, van die data wat deur homself gegee, te maak. Hiermee het die verwerking en ontleding van die data dus al in aanvang geneem tydens die onderhoude. Die respondente het as te ware die ontleding en segmentering van die data self ingelei, ‘n beginsel wat na die mening van die navorser strook met die ware intensie van Osmer (2010) se navorsingsmetodiek.

Tweedens sal die data (2.3.4.2) en interpretatiewe data (2.3.4.3) wat uit die onderhoude kom ook self deur die navorser ontleed word. Hierdie ontleding is gedoen deur gebruik te maak van die dieselfde interpretatiewe vrae wat aan die respondente gestel is en waarvan in 2.3.4.3 melding gemaak word en wat in 2.4.3 uitgelê word. Hierdie ontledingsvrae is gebruik om by wyse van ontleding die temas en subtemas wat in die data voorkom te identifiseer en saam te voeg in segmente.

Die gesegmenteerde uitleg van die ontleding van die data sal onder hoofstuk 3.6 behandel en uitgelê word. Hierdie gesegmenteerde uitleg van die data, wat op die basis van die interpretatiewe vrae in 2.4.3 ontleed is, is die basis waarop die hermeneutiese interaksie en integrasie (Hoofstuk 6) gedoen sou word tussen die verwerkte empiriese data as beskrywing van wat gebeur het (Hoofstuk 3), die interpretatiewe om te bepaal waarom dit gebeur het (Hoofstuk 4) en die normatiewe om te bepaal wat na regte moes gebeur het (Hoofstuk 5).

### 2.3.6 Etiese maatreëls

Om gehoor te gee aan die etiese maatreëls soos wat in Creswell (2007:56-60) se handleiding voorkom en wat met die navorsing gepaard gaan, word die volgende voorsien. Eerstens is toestemming van die Noordwes-Universiteit verkry wat toestemming verleen het om met die navorsing voort te gaan. Tweedens het die

navorser deurgaans met ander wetenskaplikes aan die NWU gekonsulteer oor die tipe en kwaliteit van die vrae wat gevra is. Derdens het die navorser mondelings en per e-pos aan die uitgesoekte respondente verduidelik wat die navorsing behels, om sodoende belangstelling vir deelname in die navorsing te toets en toestemming te vra vir deelname. Die navorser het respondente gekies met wie hy ‘n vertrouensverhouding het en wat aangedui het dat hulle beskikbaar is en vrywilliglik goedkeuring sal gee vir deelname aan die navorsing. Vierdens het die navorser per e-pos afsprake gemaak met die uitgesoekte respondente ten minste twee weke voordat die onderhoude gevoer is, wat die respondente genoeg tyd gegee het om kop uit te trek of die afspraak te skuif. Geen respondent is onder druk geplaas nie en almal het vrywilliglik deelgeneem aan die studie. Die navorser het te alle tye gesorg dat die afsprake gereël word buite die werksure van die respondente. Die respondente het te alle tye die reg gehad om hulle te onttrek van die onderhoude.

Die navorser was alleenlik betrokke by die uitvoering van die onderhoude en die ontleding van data.

## 2.4 DIE NAVORSINGSONTWERP: KEUSE VAN RESPONDENTE EN BESKRYWING VAN DIE NAVORSINGSVELD

Die navorsingsveld waarin die navorser beweeg is uniek omdat dit die geleentheid skep vir drie verskillende groeperings van Afrikanergelowiges.

Die eerste groepering van respondente is Afrikanergelowiges wat tot ‘n onafhanklike (nie-denominasie) kerk behoort, wat uit blanke en bruin Suid-Afrikaners bestaan en wat in die noordelike voorstede van die Wes-Kaap provinsie geleë is. Die ouderdom van al die respondente is tussen 30 en 65 jaar, om sodoende die wye spektrum van hierdie Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap (1.2.1) te verteenwoordig. Twee verskillende stelle onderhoude is vir hierdie groep voorberei. Die eerste stel is persoonlike onderhoude wat met ‘n Afrikaanssprekende gelowige man of getroude paar gedoen is. Die tweede stel onderhoude is fokus-groep-onderhoude, wat met ‘n groep van vier tot ses Afrikanergelowiges gedoen is.

Die tweede groepering van respondente is bedienaars van die Woord wat in die bediening van die Here in ander onafhanklike Baptiste kerke in die Noordelike voorstede van die Wes-Kaap staan en wat onder andere ook werk met dieselfde profiel Afrikanergelowiges wat hierbo en onder punt 1.2.1 beskryf word. Hulle gemeentes en bedieningswerk het ook te doen met Afrikanergelowiges en dit skep 'n unieke geleentheid vir die navorser, omdat dit 'n ander perspektief bring waarteen die inligting in die hoofgroep van hierdie empiriese navorsing geverifieer kan word.

Die derde groepering van inligting is navorsing wat deur Kamper en Steyn gedoen is onder skoolgaande Afrikaanssprekende jongmense met die tema: My toekoms in Suid-Afrika: perspektiewe en verwagtings van die Afrikaanssprekende jeug (Kamper en Steyn 2007). Kamper en Steyn se navorsingstudie is gebruik om eerstens leiding te gee tot die benadering wat gevolg moet word in die empiriese navorsing, soos byvoorbeeld die verwoording van die vrae, en om die navorsing aan te vul deur dit te gebruik as 'n maatstaf om die resultate mee te toets.

### 2.4.1 Persoonlike onderhoude met Afrikanergelowiges

In navolging van die beskrywende taak van Osmer se navorsingsmetodiek, het die navorser besluit om persoonlike onderhoude te voer met respondente wat hulself as Afrikanergelowiges beskou. Persoonlike onderhoudsvrae is ontwerp om die beeld van die huidige stand van sake in die betrokke Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap, waarin die navorser 'n bediening het, te bepaal of beskryf. Die navorser het besluit om vyf (5) mans tussen die ouderdom van 30 en 65, en een enkellopende jongman, waarmee hy goed bevriend is en wat ingestem het, te gebruik in die persoonlike onderhoude. Die navorser het die eggenoot van die respondent gevra om, waar moontlik en beskikbaar, by te sit in die onderhoude en uit hul vroulike perspektief by te dra tot die navorsing. Net twee van die gades van die respondente wat geselekteer is, kon die onderhoude in hulle besige skedules bybring. Die navorser het verkies om slegs manspersone alleen te sien om nie blootgestel te word aan die morele kwessie om onderhoude aan vroue alleen toe te staan nie en het besluit om die vroulike perspektief eerder deur middel van die fokus-groep onderhoude in te win.

Die navorser het een stel van agt (8) gewone vrae gevra en een stel van vyf (5) interpretatiewe vrae. ‘n Voorbeeld van die vraelys wat in hierdie navorsing gebruik is word aangeheg as Bylaag A en B. Die navorser het sovêr moontlik by die stel vrae, soos hieronder in 2.4.2 en 2.4.3 uitgelê, gebly en ander vrae slegs gebruik om duidelikheid ten opsigte van ’n onderwerp te verkry, indien nodig. Die volgende vrae is tydens die persoonlike onderhoude gevra:

### 2.4.2 Deel 1 – Persoonlike evaluasie

2.4.2.1 Hoe sal jy jouself as ‘n Afrikanergelowige beskryf?

2.4.2.2 Watter rol kan die Afrikanergelowige in die nuwe Suid-Afrika speel?

2.4.2.3 As jy moet probeer verduidelik hoe ‘n Afrikanergelowige hoop kan hê, watter definisie van hoop sal jy gebruik?

2.4.2.4 Op watter maniere dink jy kan Afrikanergelowiges hoop (soos per jou antwoord op die vorige vraag) hê in ‘n veranderende Suid-Afrika?

2.4.2.5 Kies een van die volgende standpunte en beskryf waarom dit jou as Afrikanergelowige se siening van hoop die beste uitdruk: My lewe en toekoms is in die Here se hande. My lewe en toekoms is in my eie hande. My lewe en toekoms is in iemand anders se hande. Ander siening?

2.4.2.6 Noem die drie belangrikste dinge wat jy in die toekoms (lang en kort termyn) verwag of na uitsien en hoe gereeld jy daaroor dink en besin?

2.4.2.7 Beskryf die karaktereienskappe van ‘n geestelike mens?

2.4.2.8 Hoe sien jy die toekoms van ‘n Afrikanergelowige in Suid-Afrika?

### 2.4.3 Deel 2 – Persoonlike interpretasie

2.4.3.1 Watter dinge, volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikanergelowiges en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet ‘n Afrikanergelowiges in

sy lewe inbring om hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy?

2.4.3.2 Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges?

2.4.3.3 Op watter manier dink jy sal ‘n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen? Motiveer asseblief jou antwoord.

2.4.3.4 Op watter manier kan ‘n Afrikanergelowige gehelp word om hoop (soos per jou antwoord op die vorige vraag) te hê in ‘n veranderende Suid-Afrika? Motiveer asseblief jou antwoord.

2.4.3.5 Dink jy dat iemand wat uitsien na die tweede koms van Jesus Christus meer hoop sal hê vir die toekoms, as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe? (Ja/Nee) Verduidelik asseblief jou antwoord.

### 2.4.4. Persoonlike onderhoude met bedienaars van die Woord wat met Afrikaanssprekende gelowiges werksaam is in die bediening

Dieselfde stel vrae is aan ander bedienaars van die Woord gestel. Hierdie groep respondente is almal sendeling kerk-stigters of leraars wat met Afrikaanssprekende gelowiges werk, maar wat Engelse of ander Afrikaanssprekende gemeentes bywoon. Die vrae wat deur die onderhoud-leier in Engels gevra is, is gevra vanuit die perspektief van die respondente se kennis van die Afrikanergelowiges in wie se lewens hulle ‘n bediening het.

### 2.4.5 Fokusgroep-onderhoude met Afrikanergelowiges

Die fokus-groep onderhoude is gedoen nadat die persoonlike onderhoude gedoen is en het ‘n geleentheid geskep om die navorsingsdata tussen die persoonlike onderhoude en die fokus-groep onderhoude te vergelyk. Die doel met die gebruik van fokus-groep onderhoude is om die navorsingsdata wat uit die persoonlike onderhoude kom aan te vul en te verryk. Gibbs (1997:1-5) gebruik Krueger en Casey (2000:64) en beskryf fokusgroepe as ‘n informele data-inwinningsinstrument wat gebruik kan word

om deur middel van georganiseerde besprekingsvrae ‘n omvangryke weergawe te kry van die situasie waarin ‘n geselekteerde groep individue hulself bevind.

Die navorser het verder ook besluit om sekere van die respondente in twee verskillende fokusgroepe in te deel, met vier (4) tot ses (6) respondente per groep, wat aan die onderhoude deelgeneem het. Die fokusgroep maak nie ‘n onderskeid tussen die verskillende geslagte nie en die respondente is almal tussen 30 en 65 jaar oud. Dieselfde vrae is aan hierdie twee groepe gegee. Die vrae word soos volg hieronder uiteengesit:

2.4.5.1 Wat is ‘n gepaste beskrywing van ‘n Afrikanergelowige?

2.4.5.2 Watter dinge, volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikanergelowiges en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet ‘n Afrikanergelowiges in sy lewe inbring om hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy?

2.4.5.3 Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges?

2.4.5.4 Op watter manier dink jy sal ‘n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen? Motiveer asseblief jou antwoord.

2.4.5.5 Op watter manier kan ‘n Afrikanergelowige gehelp word om hoop (soos per jou antwoord op die vorige vraag) te hê in ‘n veranderende Suid-Afrika? Motiveer asseblief jou antwoord.

2.4.5.6 Dink jy dat iemand wat uitsien na die tweede koms van Jesus Christus meer hoop sal hê vir die toekoms, as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe? (Ja/Nee) Verduidelik asseblief jou antwoord.

Die fokusgroep-onderhoude het verskil van die persoonlike onderhoude in die sin dat daar minder vrae gevra is, maar meer geleentheid gebied is vir spontane deelname in die groep. Daar is gevind dat die respondente in groepsverband meer vrymoedigheid

gehad het om spontaan te antwoord. Die respondente het mekaar as te ware aangemoedig om meer spontaan by te dra tot die bespreking.

### 2.4.6 'n Kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoek oor die toekomsverwagting van die Afrikaanssprekende jeug, deur Kamper en Steyn (2007)

Die volgende is 'n verkorte weergawe van Kamper en Steyn (2007) se verslaggewing van die ontwerp van die kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoek wat gedoen is onder die skoolgaande Afrikaanssprekende jeug. 'n Empiriese ondersoek is deur Kamper en Steyn (2007) gedoen na die Afrikaanssprekende jongmense se perspektiewe en verwagtings rakende hul toekoms in Suid-Afrika. Die ondersoek is gefokus op graad 11-leerders, oftewel leerders wat in hul voorlaaste skooljaar is en volgens die navorsers veronderstel is om reeds met toekomsbeplanning besig te wees. Daar is besluit om graad 11-leerders van 'n groot Afrikaanse sekondêre skool in Pretoria te pols oor hul toekomsverwagtinge in Suid-Afrika. Die skool bedien 'n welvarende wit gemeenskap, tesame met 'n bruin gemeenskap wat gekenmerk word deur wesenlike sosio-ekonomiese probleme.

Die werkswyse was om deur bemiddeling van die Afrikaansonderwyser die leerders opstelle te laat skryf met die tema "My toekoms in Suid-Afrika". Teksanalise is op die opstelle uitgevoer ten einde die strekking van, en temas in die toekomsverwagting van die leerders te bepaal.

Met die doel om die data te verifieer, is 'n fokusgroep-onderhoud met agt van die leerders gevoer, geselekteer om 'n balans tussen seuns en dogters, wit en bruin leerders, asook positiewe en negatiewe standpunte soos dit uit hul opstelle geblyk het, te verkry. Die navorsers se slotsom was dat die fokusgroep-bevindings die inhoud van die deelnemers se opstelle (en by implikasie dié van die hele groep opstelskrywers) oortuigend geverifieer het.

In hierdie stadium is daar oorgegaan na 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering. Die opsteltemas is gebruik as basis vir die opstel van 'n vraelys vir toepassing op groter skaal. Daar is geoordeel dat 'n vraelys beter tussen temas sou kon onderskei en rangordes sou kon uitlig. 'n Vraelys is gevolglik ontwerp en proefondervindelik

toegepas in ’n groot sekondêre skool in Centurion, Pretoria (Skool A) met algeheel wit Afrikaanssprekende leerders uit hoërinkomstegroep-ouerhuise. Hierdie proeflopie was suksesvol en die vraelys is daaropvolgend in nog vier Afrikaanse sekondêre skole toegepas, weereens met graad 11-leerders as respondente.

In die keuse van hierdie skole is die aanname gemaak dat ekonomiese en geografiese veranderlikes (soos sosio-ekonomiese peil, boerdery-omgewing, industriële omgewing, ensovoorts) die toekomsverwagting van jongmense mag beïnvloed. Doelmatige steekproeftrekking is gevolglik gebruik en die keuse het geval op sekondêre skole in respektiewelik ’n laerinkomstegebied in Pretoria-Wes (Skool C), ’n plattelandse boerdery-omgewing in die Mpumalangaprovinsie (Skool D), en ’n myndorp op die Vrystaatse goudvelde (Skool E). Om die perspektiewe van spesifiek bruin leerders te verkry (kyk inleidende opmerkings) is ’n sekondêre skool in Eersterus, Pretoria (Skool B) in die ondersoek betrek. Goeie samewerking is deurgaans verkry en in elk van hierdie skole het die universum van graad 11-leerders die vraelyste voltooi, in totaal 608 respondente.

Alhoewel die navorsing tot op hierdie vlak nie in die kader van ’n grootskaalse ondersoek val nie, en die navorsingsresultate sekerlik nie as die spreekwoordelike laaste woord beskou kan word nie, is die navorsingsbevindings betekenisvol, soos blyk uit die toeligting van Kamper en Steyn (2007).

## 2.5 SAMEVATTING

Dit was vanuit die staanspoor duidelik dat ‘n sekere metodiek gevolg moet word om die verskeidenheid van veranderlikes wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is, te behandel. Die navorser het beplan om die navorsingsvraag op ‘n prakties-teologiese en sistematies manier te benader en te beantwoord deur die navorsingsmetodiek van Richard Osmer (2010) te gebruik. Dit behels eerstens die beskrywing van die perspektiewe van die Afrikanergelowige wat in ‘n sekere staat van ontnugtering verkeer weens ‘n veranderende Suid-Afrika. Hierdie beskrywing word moontlik gemaak deur die inwin van inligting deur middel van ‘n reeks persoonlike en

fokusgroep-onderhoude wat met Afrikanergelowiges gevoer is. Daarna word die inligting geëvalueer op grond van sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese perspektiewe wat bekom is uit die navorsing wat reeds ten opsigte van die onderwerp van hoop gedoen is. Derdens word die Skriftuur genader om te sien wat die tekorte is vanuit ‘n normatiewe gesigspunt. Laastens word alle inligting deur middel van ‘n hermeneutiese interaksie geïntegreer, in ‘n poging om prakties-teologiese riglyne daar te stel vir die pastorale berading van hulp terug na hoop.

# HOOFSTUK 3

# ‘N EMPIRIESE ONDERSOEK ONDER AFRIKANERGELOWIGES WAT ‘N MATE VAN ONTNUGTERING BELEEF WEENS ‘N VERANDERENDE SUID-AFRIKA

## 3.1 INLEIDING

Volgens Osmer (2010) se navorsingsmetodiek, en soos in hoofstuk 1.8 en 2.2.2 verduidelik word, moet die navorser die huidige situasie in die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap (1.2.1), waaroor die Here hom aangestel het, en veranderinge wat besig is om plaas te vind in hierdie navorsingsveld, beskryf. Die doel van hierdie beskrywende taak is om empiriese navorsing te gebruik om te beskryf wat besig is om plaas te vind of te gebeur in die konteks van die lewe van die Afrikanergelowige wat ‘n sekere mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika. Hierdie hoofstuk lewer breedvoerig verslag oor die inligting wat tydens verkillende dele van die empiriese ondersoek ingewin is. Dit poog om die konteks waarin die teikengroep van die navorsing hulself bevind, te beskryf. Hierdie beskrywingstaak moet eers voltooi word om die tweede stap in Osmer se proses, wat in hoofstuk 4 volg en die interpretasie en begrip van die situasie behels, in te lei en te vergemaklik.

## 3.2 KWALITATIEWE NAVORSINGSBEVINDINGS

Hier volg ‘n verslag van die navorsingsbevindings wat tydens die persoonlike onderhoude en die fokusgroep-onderhoude afgelei is.

Uit die staanspoor het dit duidelik na vore gekom dat daar tussen twee belangrike aspekte onderskeid getref moet word. Die eerste aspek is die onderskeid in generasie/ouderdom van die respondente en die tweede aspek is die oriëntering van geloofsoortuiging. Wat die aspek van generasie/ouderdom aanbetref, is bevind dat die

respondente wat onder veertig is, hulself in die meeste opsigte anders beskryf as diegene wat ouer as veertig is.

Wat die aspek van die oriëntering van geloofsoortuiging aanbetref, was daar een groepering wat as tradisioneel godsdienstig beskryf kan word en 'n tweede groepering wat as "weergebore", toegewyde Christene bekend wil staan. Die tradisioneel godsdienstige groep noem hulself Christene, en het godsdienstig grootgeword en hou by die tradisies van die kerk, maar leef nie noodwendig hulle Christelike identiteit streng volgens die Bybelse uit nie. Hul leefstyl en besluite wys dat hulle nie noodwendig 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het nie, maar tog die etos en waardestelsel van die Christelike geloof erken en navolg. Die weergebore, toegewyde groep maak weer aanspraak daarop dat hulle 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het en daagliks as sy dissipels staatmaak op die krag wat hulle uit hierdie intieme verhouding put, hul gebedslewe tot God en die wysheid wat hulle uit die Bybel kry.

Die oorgrote meerderheid van respondente val in die ouer generasie ouderdomsgroep. Die meeste van die respondente maak sterk daarop aanspraak dat hulle in die weergebore, toegewyde groepering ressorteer wat oriëntasie van geloof aanbetref.

### 3.3 'N VERSLAG VAN DIE PERSOONLIKE EN FOKUSGROEP-ONDERHOUDE WAT MET AFRIKANERGELOWIGES GEHOU IS

Daar het drie (3) manspersone (A1, C1, D1) en twee (2) egpare (B1, E1) deelgeneem aan die persoonlike onderhoude wat tussen Julie en September van 2012 gevoer is. Die persoonlike onderhoude wat in 'n stil omgewing en op 'n gemaklike manier gevoer is, het ongeveer een (1) uur en vyftien (15) minute geduur. Respondent A1 is onder 35 jaar oud, ongetroud en deeltyds werksaam in die ingenieursindustrie. Ten tyde van hierdie navorsing was hy woonagtig by sy ouers en besig met verdere naskoolse studies. Hy is 'n baie aktiewe jongman en woon kerk by (twee keer per maand) en gaan een maal per jaar op 'n evangeliese uitreik. Respondent C1 is onder 40 jaar oud en is 'n bestuurder van 'n groot hardewarewinkel. Hy is getroud, met

kinders, en ook tans besig met naskoolse opleiding. Hy is baie aktief en gereeld in kerkbywoning (meer as 4 keer per maand). Hy en sy vrou is albei voltyds werksaam. Respondent D1 is onder 60 jaar oud en is as joernalis voltyds in diens van 'n koerant maatskappy. Hy is getroud en sy enigste seun is ook werksaam. Hy het 'n baie aktiewe lewe en is gereeld in kerkbywoning (vier keer per maand). Respondente egpaar B1 is onder 40 jaar oud en het twee klein kindertjies. Net die man is voltyds in diens by 'n staatsinstansie. Hulle is nie-aktiewe mense, maar gereelde kerkgangers (meer as vier keer per maand). Hulle het goeie verhoudings met hulle familie en vriende. Respondente egpaar E1, is 60 jaar oud en het twee volwasse kinders wat al uit die huis is. Die man is op vroeë pensioen geplaas, maar albei werk tans vir kerklike bedieningverwante ondernemings. Hulle is nie-aktiewe mense en is baie gereeld in hulle kerkbywoning (meer as vier keer per maand).

Nadat die persoonlike onderhoude voltooi is, is daar twee fokusgroepe (FG1 en FG2) geselekteer vir die navorsing wat in Oktober 2012 voltooi is. Respondente is geselekteer wat goed bekend en vertroud is met mekaar (nie skaam vir mekaar nie) en mekaar vertrou. Respondente is geselekteer wat 'n belangstelling getoon het in die onderwerp en 'n goeie begrip het van die Afrikanergemeenskap en die hoop tema. Die fokusgroep onderhoude het ongeveer een (1) uur en dertig (30) minute geduur en is gehou in 'n stil en rustige omgewing waar die respondente gemaklik kon wees.

Die gemiddelde ouderdom van Fokusgroep 1 (FG1) was 40-60 jaar. Daar het vier (4) egpare en twee (2) alleenlopende dames deelgeneem. Die eerste egpaar bestaan uit 'n prokureur en sy vrou wat hul eie praktyk besit. Die tweede egpaar se man het op vroeë pensioen afgetree en is tans besig met sy eie onderneming en sy vrou is 'n direkteur van 'n maatskappy. Een van hierdie egpaar se kinders het oorsee geïmmigreer. Die derde egpaar se man is al op vyftigjarige ouderdom op vroeë pensioen gestuur en is tans besig met sy eie onderneming en die vrou is 'n bestuurder in 'n versorgingseenheid. Die vierde egpaar se man is werksaam by 'n inligtingstegnologie maatskappy en sy vrou is 'n bemarker. Die eerste enkellopende dame wat deel was van hierdie fokus-groep is 'n verpleegkundige van beroep en haar man is al lank al oorlede. Die tweede enkellopende dame is 'n sekretaresse by 'n ingenieurs firma. Hulle is almal aktiewe mense en baie gereeld in kerkbywoning (vier

keer en meer per maand). Almal, behalwe een egpaar wat nie kinders het nie, se kinders is al uit die huis uit.

Die gemiddelde ouderdom van Fokus-groep 2 (FG2) was 30-50 jaar. Die eerste en tweede egpare se mans werk albei as bestuurders van die betrokke maatskappye waaraan hulle behoort en hulle vroue is tuisteskeppers. Die derde paar se man werk as bemarker van 'n elektroniese maatskappy en sy vrou werk as finansiële klerk by 'n plaaslik onderneming. Die vierde egpaar se man werk vir homself en sy vrou is 'n tuisteskepper. Almal, behalwe die vierde egpaar, se kinders is nog klein of op skool. Hulle is almal aktiewe mense en gereeld in kerkbywoning (vier keer en meer per maand).

Twee bedienaars van die Woord wat met Afrikanergelowiges werk is gevra om deel te wees van die navorsing. Die eerste leraar (L1) is 'n Engelssprekende leraar van 'n onafhanklike Baptiste gemeente in die Noordelike voorstede van die Wes-Kaap geleë. Hy is 'n vyf en vyftigjarige getroude man en al sy kinders is al uit die huis uit, het 'n tersiêre kwalifikasie en is werksaam. Die tweede leraar (L2) is 'n Engelssprekende kerkstigter en is vyftig jaar oud. Hy is getroud en het een dogter. Die respondent doen kerkstigting in die Noordelike voorstede van die Wes-Kaap.

Alhoewel die ontwerp van die navorsing bepaal dat daar verslag gegee sal word van beide die persoonlike en fokusgroep-onderhoude onderskeidelik, is egter bevind dat die inligting wat uit beide stelle onderhoude voorkom, ooreenstem met mekaar. As gevolg van hierdie ooreenkomste sal hierdie deel van die verslag die uitkomste van beide die persoonlike en fokusgroep-onderhoude saamvoeg om 'n groter geheelbeeld te kry.

### 3.3.1 'n Beskrywing van die Afrikanergelowige

Al die onderhoude het begin met 'n geleentheid vir die respondente om hulself as Afrikanergelowiges te beskryf. Hierdie respondente het dit almal in gemeen dat hulle in die Noordelike voorstede van die Kaapse Skiereiland woon en in onafhanklike (nie-denominasionele) kerke die Here aanbid en dien. Die respondente het van nature

begin om hulself te beskryf soos wat hulle grootgeword het. Hul beskrywings van hulself is ook spontaan gelei deur die identifikasie van die term “gelowige” wat in die vraag voorkom en dit het baie geleentheid gegee vir spontane bespreking rondom hulle godsdienstige oriëntasie.

Oor die algemeen beskryf die respondente (D1, FG1) hulself eerstens as Afrikaanstalige mense, wat van Europese afkoms is, maar wat deel vorm van die hoofsaaklik blanke groepering van die nuwe Suid-Afrika, met een respondent (C1) wat uit die bruin gemeenskap afkomstig is. Respondente (FG1, D1) was versigtig in hul beskrywing van hulself om nie ‘n rasse-onderskeid te tref nie. Hulle beskou hulself nie as fanaties of konserwatief Afrikaans nie, maar meer gematig en verlig wat politiek aanbetref.

Wat hul kultuur aanbetref, beskou die respondente (C1, D1, FG1, FG2) hulself as deel van ‘n vermengde Europese kultuur, wat volgens hulle so oudmodies is dat dit selfs nie meer in Europa gevind kan word nie. Hul voorkeure en afkeure in hul kultuur is “nie-Brits” en “nie-Afrika” van aard. Met “nie-Afrika” voorkeure word bedoel dat hulle sekere kulturele voorkeure van die “inheemse” Afrika-mense, soos voorvaderaanbidding, nie goedkeur of aanvaar nie.

Die respondente (A1, C1, D1, FG1) beskou hulself ook as redelik konserwatief in kulturele en godsdienstige oriëntasie. Hulle kultuur is ‘n baie geslote kultuur wat nie spontaan sal ruimte skep vir ander kulture nie. As gevolg hiervan is hulle baie teruggetrokke en sal hulle nie sommer “oopmaak” vir ander volksgroepe nie. Die kinders wat grootgeword het in hierdie Afrikanergelowige kultuur wat ondersoek word, het ook geleer om “gesien te word, maar nie gehoor te word nie”. Dit beteken dat hulle geleer is om “op hulle plek te wees” en nie sommer hul innerlike gevoelens met ander mense sal deel nie. Dit lei tot die feit dat gesprekke by die werk en in familieverband, of in ‘n sosiale omgewing, bykans nooit sal handel oor godsdienstige of politieke sake nie.

Die oorwegende beskouing onder die respondente (B1, E1, FG1, FG2) was dat hierdie groep baie godsdienstig grootgeword het met ‘n goeie kennis van die Ou Testamentiese Wet en Profete. Hulle het geen ander keuse gehad as om elke Sondag

kerk toe te gaan nie. Hul ouers het hulle na een van die drie gereformeerde susterkerke (Nederduitse Gereformeerde Kerk, Gereformeerde Kerk of Hervormde Kerk) toe geneem. Hul geloof was hoofsaaklik ‘n aangeleerde geloof en nie noodwendig ‘n persoonlike oortuiging van die hart nie. Hulle is van jongs af geleer dat sekere dinge nie op Sondae gedoen mag word nie. Dooplidmaatskap en bywoning van die nagmaal was ononderhandelbare aspekte van hulle godsdiens beoefening. Hierdie godsdienstigheid was oor die algemeen, volgens die respondente, dus meer ‘n tradisionele en wettiese onderhouding van die riglyne van die gereformeerde geloofsbelydenisse en die tien gebooie, eerder as ‘n vrywillige, persoonlike geloofsoortuiging. Hierdie godsdienstige oriëntasie het volgens die respondente meer ingespeel op die Afrikaner-nasionalistiese identiteit wat deur die regering van die dag (voor 1994) voorgestaan is.

Een respondent (A1) het verwys na die feit dat, uit die twintig jongmense wat saam met hom belydenis van geloof afgelê het, net drie van hulle aangehou het met kerkbywoning. Oor die algemeen het die respondente (A1, D1, B1, E1, FG1) gevoel dat daar in hierdie groep se godsdienstige onderrig ‘n baie sterk fokus op aspekte van die verhale in die Bybel was, maar nie werklik ‘n fokus op die evangelie en hoe ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus lyk of werk nie. Almal is dit egter eens dat die jonger generasie van Afrikaanssprekendes “baie min in die kerk kom”. Hierdie jonger generasie word dus nie met dieselfde fokus op tradisionele godsdienstigheid groot nie en wil baie meer “verlig” of “vry” wees en wil minder aandag plaas op die tradisies en godsdienstigheid van hulle ouers.

Sekere respondente (D1, FG1, B1) het verwys na die Afrikaner-nasionalistiese aspekte van hul kultuur en wat in hulle opvoeding ingesluit is. Een van die respondente het gesê dat sy oupa gereeld en in die openbaar die volgende verklaring gemaak het: “Ek stem vir die Nasionale Party, ek gaan na die NG (Nederduits Gereformeerde) Kerk toe en ek lees die Burger koerant”. Die dominee en die sinode het ‘n groot invloed gehad op hoe en wat die mense gedoen en geglo het. Respondente (FG1) het verklaar dat die fokus van hulle ouers op die instrumente en instansies van Afrikaner-nasionalisme beteken het dat hulle opvoeding en godsdienstige oriëntasie ook daardeur beïnvloed is. Een voorbeeld wat genoem is, is hoe wyle ds. Koot Voster, die voormalige Moderator van die Nederduits Gereformeerde sinode, gevra is vir sy

toestemming om die bonusobligasie-stelsel te begin. Die punt wat gemaak word, is dat daar niks in die kultuur gedoen kon word sonder die uitdruklike toestemming van die kerk nie.

Volgens ‘n sekere aantal respondente (FG1, D1, B1, E1) het die gereformeerde kerke aan hulle die ideologie voorgehou dat hulle as gelowiges die identiteit van die “nuwe” of geestelike Israel moet uitleef, dat Suid-Afrika die beloofde land is wat aan die voorvaders van hierdie “nuwe” of geestelike Israel beloof is deur die verbonde van God en dat hulle dit in besit moet neem. Respondente (FG1) het melding gemaak van hoe die fokus in die Afrikanerkultuur op die godsdienstige vergeesteliking van die historiese gebeure soos die Slag van Bloedrivier hulle as kind beïnvloed het. Een van die respondente (D1) het dadelik genoem dat dit volgens hom baie aanmatigend is vir die Afrikaner om die Slag van Bloedrivier “te vier vir ‘n volk wat glad nie bestaan nie”. Met ander woorde, die vergeesteliking van die “uitverkore volk van God”-ideologie is nie volgens hierdie respondent Bybels nie en kan nie sonder meer deur een volksgroep teen ‘n ander gebruik word nie. Volgens respondente (D1, FG1) is dit moontlik dat ideologiese idees soos hierdie aanleiding kon gee tot die konsepte van Apartheid en is dit iets waarmee hulle hulself glad nie wil vereenselwig nie. Hulle het hierdie ideologiese, godsdienstige vergeesteliking van hierdie deel van hul geskiedenis verwerp en hul kinders ook geleer dat daar geen onderskeid tussen volksgroepe gemaak moet word nie.

Die meeste respondente (FG1, FG2, D1, E1) het genoem dat hul grootouers en hulleself nie in finansieel welvarende tye grootgeword het nie en ook nou gemarginaliseer word. Daar was een respondent wat gewys het op die feit dat die Afrikaanssprekende “blanke” gemeenskap “glad nie rede het om te kla” wat hul ekonomiese posisie in Suid-Afrika aanbetref nie, veral as dit vergelyk word met die Afrikaanssprekende “bruin” gemeenskap.

‘n Deel van die respondente (C1, B1,E1) het op die platteland grootgeword en voel dat hulle as gevolg daarvan baie beskermd grootgeword het. Dit het hulle naïef gelaat vir baie van die dinge wat op ‘n politieke en kulturele vlak in die Afrikanergroepering gebeur het. Hierdie respondente verwys na die goeie ou dae waar daar nog sterk morele en etiese waardes was. Hulle voel ook dat die Afrikanerkultuur ‘n baie sterk

waardestelsel gehad het, maar tog besig is om dit te verloor. Daar is eenstemmigheid onder respondente dat die waardestelsel van die Afrikaanssprekendes egter steeds beter is as dié van die Engelssprekendes, wat bewys word, so is die gevoel, deur die feit dat sekere Engelssprekendes eerder hul kinders in Afrikaanse skole wil sit.

Alhoewel daar onder die respondente ‘n oorheersende gevoel is van die feit dat hulle trots Afrikaanssprekend is, is daar wel tekens te bespeur dat die Engelse kultuur ook ‘n invloed in hulle lewens gehad het. ‘n Klein gedeelte van die respondente (E1, FG1) het daarop gewys dat, as gevolg van die feit dat een van die huwelikspaar ‘n ouer of grootouers het wat Engels was, dit hulle minder eng of konserwatief gemaak het. Die respondente (FG1, FG2) het oor die algemeen verklaar dat hulle met graagte ander kulture in hul kerk sal verwelkom en graag wil probeer om meer geïntegreerd te wees, solank dit nie beteken dat hulle die waarheid van die Bybel en hul geloof sal moet kompromitteer nie.

Die meeste van die respondente wat aan hierdie onderhoude deelgeneem het, het daarop gewys dat hulle op ‘n stadium in hulle lewens die evangelie van Jesus Christus geglo het en dat dit, volgens hulle, gelei het tot hulle wedergeboorte. Volgens hulle is hierdie gebeurtenis in hul lewens ook iets wat verskillende dele van die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap met mekaar in gemeen het. Volgens hulle is die Here Jesus Christus en die Woord van God ‘n daaglikse prioriteit in hul lewens, besluitneming en kinderopvoeding. Hierdie aspek is volgens hulle een van die sentrale aspekte wat hulle laat uitstaan tussen die ander meer tradisionele en godsdienstige Afrikaanssprekendes. Hierdie respondente verwys ook na die feit dat hulle op ‘n stadium in hul lewens wegbeweeg het van die tradisionele godsdienstige kerke na ander, meer onafhanklike gemeentes. Volgens hulle hou hierdie beweging na kleiner, meer persoonlike gemeentes verband met hul begeerte om te verdiep in hul persoonlike verhouding met Jesus Christus en fokus op die Woord van God. Sekere van die respondente het ook genoem dat hul families wat steeds in die denominasionele kerke is, nie baie gelukkig is met hul besluit om die tradisionele kerk te verlaat nie.

### 3.3.2 Die rol wat Afrikanergelowiges voel hulle in Suid-Afrika kan speel

Die respondente is gevra wat die rol is wat Afrikanergelowiges in die nuwe en veranderende Suid-Afrika kan speel. Die volgende is ’n opsomming van wat hierop geantwoord is en wat deel gevorm het van die besprekings daaroor.

Die respondente (D1, FG1, B1) het gevoel dat die rol wat die Afrikanergelowige in die nuwe Suid-Afrika kan speel, dieselfde rol is wat enige ander gelowige kan speel, en dit is hoofsaaklik om ‘n meer Bybels gefundeerde Christenskap daagliks uit te leef in die gemeenskap, eerder as om net Christene in beginsel te wees en in die algemeen daaroor te praat. Dit handel vir hulle dus nie oor wie of wat die persoon of volksgroep in geheel is nie, maar eerder oor die invloed wat God deur sy Woord in hulle harte en lewens het en die bydrae wat dit op die morele en etiese psige van die mense van die land kan hê. Dit behels die handhawing van ‘n morele en etiese standaard in die samelewing wat, soos dit vir die respondente voorkom, alle waardes wil prysgee om ’n lekker lewe te hê.

Die rol wat verskeie respondente (A1, C1, D1, E1) vir hulself in Suid-Afrika sien is “om mense tot bekering te bring, sodat hulle Jesus deur geloof kan leer ken”. Dieselfde respondente het ook melding gemaak van hulle begeerte om mense te versorg en hulle in die hospitaal te besoek en vriendelik te groet. Sy voel dat sy nie die situasie in die land en die globale prentjie kan verander nie, maar dat sy wel, deur die klein dingetjies reg te doen, ‘n verskil kan maak. ‘n Ander respondent (FG1, B1) het weer verklaar dat die rol wat ons in Suid-Afrika kan speel, is om sendelinge in ons land te wees, om ons kinders “vir die Here groot te maak” en om ander te dien.

Ander respondente (B1, FG2) voel dat die Afrikanergelowiges ‘n oorwegend geestelike rol het om te speel in Suid-Afrika: om mense wat Jesus Christus nie ken as persoonlik Verlosser en Saligmaker nie, van Hom te vertel en hulle na ‘n persoonlike verhouding met Hom te bring. Hierdie respondent voel ook dat hy mense aan sy gemeente wil voorstel, veral omdat sy gemeente baie aktief is deur liefde te wys en vir ander te sorg wat deur moeilike tye gaan. Hy meen dat as hierdie mense sien hoe ‘n lewende geloofsgemeenskap werk, hulle ook hoop sal kry vir hul lewens.

Een van die  respondente (FG2) wat in die besigheidswêreld staan, het verklaar dat hy ‘n rol het om te speel deur met integriteit besigheid te doen. Hy wil hê dat mense hom moet ken as ‘n eerlike verkoopsman wat daarop kan staatmaak dat hy die waarheid sal vertel oor die produk wat hy verkoop, al kan hy self skade lei as gevolg van sy eerlikheid.

Die respondente was meestal oortuig dat die Afrikanergelowige nie meer deur politieke bedingingsmag ‘n verskil of bydrae wil of sal kan maak nie. Die jonger generasie respondente (A1) het gevoel dat die rol wat hulle kan speel in Suid-Afrika grootliks beperk word deur die marginalisering van die geleenthede wat vir blanke Afrikaanssprekendes beskikbaar is en dat dit natuurlik lei tot frustrasie. Nog ‘n aspek wat hulle genoem het as ‘n beperkende faktor, is die verlies aan tyd, omdat die lewe so gejaagd en besig is. Hierdie respondente (C1, B1) poog om deur verdere studies beter geleenthede vir hulself te skep.

Die respondente (FG1) in een van die fokusgroep-onderhoude het verklaar dat die Afrikanergelowiges nie eie aan hulle private kultuur moet terugsit en kritiseer en kyk dat die land agteruitgaan nie, maar meer uitgaande moet wees en poog om ‘n verskil te maak. Onder hierdie respondente was daar ‘n sterk negatiewe sentiment wat verklaar dat die rol van die Afrikanergelowige vanuit ‘n rasse-, ekonomiese en politieke oogpunt, nie rooskleurig lyk nie.

‘n Veralgemeende stelling onder respondente (FG1, FG2) is gemaak dat Afrikaans besig is om uit te sterf in skole en in die publieke arena. Hierdie respondente het gevoel dat, vir Afrikanergelowige om ‘n rol te kan speel, hulle meer moet verengels. Volgens hulle sal dit ‘n klein prys wees om te betaal as hulle kan aanhou om ‘n geestelik rol te speel deur die evangelie aan al die ander volksgroepe te kan uitgee. Die Afrikanergelowige sal sy taalvoorkeur in ‘n private hoedanigheid moet gebruik om sy kultuur te behou, maar interaksie moet hê met die ander taalgroepe deur die evangelie van Jesus Christus en in geloofsgemeenskappe.

### 3.3.3 Die Afrikanergelowige se definisie van hoop.

Respondente is gevra om hul definisie van hoop te gee vanuit die konteks dat hulle aan iemand moet verduidelik wat hoop is. Die volgende is 'n verslag van hul antwoorde hierop.

Die respondente (FG1, FG2) het spontaan begin om te praat oor verskillende dinge wat hulle hoop beïnvloed, voordat hulle 'n definisie daarvan gegee het. Verder het die respondente verklaar dat daar verskillende tipes hoop is, maar dat dit hoofsaaklik 'n geestelike saak is.

Volgens die respondente (D1, B1) moet daar onderskei word tussen moed vir die lewe en hoop. Hoop, volgens hulle, behels 'n tweeledige aspek. Die eerste aspek is dat hul geloof in Jesus Christus hul hoop is en dat die verwagting van sy koms hierdie hoop ondersteun. Meer as een respondent het onomwonde verklaar dat dit "net in Christus Jesus is dat ons hoop kan hê." 'n Ander het weer verklaar dat "hoop ingesluit word in woorde soos wedergeboorte en heiligmaking." Volgens hulle is hierdie hoop in Christus Jesus 'n baie meer permanente geloofsoortuiging, waar moed eerder net 'n positiewe gemoedstoestand is. Volgens die respondente (FG1, C1) het diegene wat nie in Jesus Christus is nie min kans om hoop te hê in hierdie gevalle wêreld.

Die oorgrote meerderheid van respondente (C1, D1, B1, E1, FG1) het saamgestem dat hulle uit die Bybel geleer het dat hulle hoop nie in die fisiese dinge soos die land van Suid-Afrika of enige van die tydelike aspekte van die lewe is nie, maar dat baie mense egter anders optree. Volgens hulle opinie is die wêreld 'n plek wat volgens die Bybel bestem is om agteruit te gaan en dat ons nie ons hoop moet soek in enige ekonomiese, politieke of werksverwante aspekte nie. Een van die respondente het verklaar dat "mense vandag net op die materiële dinge hoop". Mense hoop dat hulle môre "beter geld gaan verdien", of dat hulle môre "beter gesondheid sal vind" en dit word alles ondersteun deur hoe hulle te kere gaan by die Oujaarsaandpartytjie net voor die aanbreek van die nuwe jaar. Volgens meeste van die respondente is die hoop dat alles in hierdie fisiese wêreld môre beter sal word, misplaaste hoop of wensdenkery.

Die respondente het oor die algemeen die Bybel uitgewys as die bron waaruit ons geleer word wat hoop is. Die meerderheid het verklaar dat hulle staatmaak op die leringe en beloftes van God, soos vervat word in die Bybel. Een respondent het sy ervaring gedeel waar die Bybel se historiese korrektheid, in ‘n vorige bediening waaruit hy kom, bevraagteken is rakende die bestaan van Satan en die letterlike aard van die boek Génesis. Hierdie verandering in die kerk se teologiese posisie rakende die Bybel het sy hoop afgetakel. Die bevraagtekening van die outoriteit en korrektheid van die Bybel, het hom laat twyfel oor die sin in die lewe. Hy het verskuif na ‘n onafhanklike gemeente wat volgens hom die hele Bybel as letterlik waar preek en leer. Met hierdie skuif is sy hoop herstel. Volgens hom is die Bybel die enigste bron wat hoop kan gee en geestelike voeding verskaf.

‘n Sekere deel van die respondente (C1, FG1, E1) het verklaar dat hulle hoop sterk verband hou met hul sekerheid in die Bybelse belofte dat Jesus Christus gaan terugkeer na die aarde. Meer as helfte van die respondente het verklaar dat die koms van Jesus Christus een van die drie belangrikste dinge is waarna hulle uitsien in die toekoms. Een van die respondente het verklaar: “My hoop is in die hiernamaals.” Dit lyk dus asof die koms van Jesus Christus om sy kerk te kom haal, ‘n belangrike deel uitmaak van hulle hoop in hierdie lewe.

Die respondente (C1, B1) was dit ook eens dat, omdat “ongelowige” Afrikaanssprekendes nie dieselfde hoop in Jesus Christus het nie, hulle meer geneig is om hoop te verloor as iets verkeerd gaan in die ekonomie of politiek.

### 3.3.4 Die hoop van die Afrikanergelowige in ‘n veranderende Suid-Afrika

Respondente is gevra hoe hulle hoop daar uitsien in ‘n veranderende Suid-Afrika en die volgende is die antwoorde wat gegee is.

Dit is volgens die meeste van die respondente ‘n algemene tendens onder Afrikanergelowiges en ongelowiges om die lande “oorsee” te beskou as ‘n ontvlugting van die negatiewe aspekte van ‘n veranderende Suid-Afrika. Een

respondent (B1) het verklaar dat sy ouers hom aangemoedig het om “sy gesin oorsee te gaan vestig om daar ‘n lewe te gaan maak”.

Die een helfte van die respondente (D1, B1, FG1) is van mening dat daar wel van die “ex-patriotte” is wat hul toevlug oorsee geneem het, maar die omstandighede na verloop van tyd nie meer so wonderlik en aanloklik gevind het nie, en wil terugkom na Suid-Afrika. Daar is ‘n groeiende persepsie dat ander lande, soos die Amerikas, Europa en Australië, net soveel probleme en uitdagings bied as Suid-Afrika. Hierdie probleme is dalk net van ‘n ander aard, soos byvoorbeeld ‘n hoë moordsyfer in sekere state in Amerika, vloede in Australië en ‘n goddelose kultuur in Europa, maar is steeds erger as dit wat hulle in Suid-Afrika moet verduur.

Volgens die respondente (B1, FG1) is ‘n paar van die redes waarom sommige mense eerder na Suid-Afrika sal wil terugkeer, eerstens omdat hulle nie hul kinders in daardie kulture wil grootmaak nie. Tweedens, omdat die Afrikanerkultuur nog ‘n waardestelsel het wat mense aanmoedig om saam te staan, iets wat ouers waardeer. Derdens, omdat Suid-Afrika se groot oop ruimtes en pragtige natuurskoon soveel anders is as wat in ander lande te vinde is. Vierdens, omdat daar nog ‘n mate van vryheid van beweging is en nie soveel beperkende wette is nie. Volgens ‘n respondent (A1) wat ’n jong werktuigkundige is, is dit besigheids- en werksgeleenthede wat mense motiveer om oorsee ’n toekoms te gaan soek. Dit is ook, volgens hom, die rede wat mense hoop sal gee om in Suid-Afrika te bly.

‘n Ander respondent (D1) het verklaar dat ‘n veranderende Suid-Afrika net ‘n probleem sal wees vir mense wat hoop op die verkeerde plek het. Volgens hom is die mense wat nou hoop verloor in Suid-Afrika, juis hulle wat in die verlede geglo het in en geleef het vir die politieke ideologie van ‘n eksklusiewe Afrikaner-nasionalistiese staat en hul hoop geplaas het op hul keuse van politieke leiers en die godsdienstige ideologie dat hulle as Afrikaners alleenlik die “uitverkore volk van God” is, wat nooit waar en volhoubaar was toe dit ander mensegroepe in Suid-Afrika uitgesluit het nie.

Selfs in die kerk het die leraars, volgens respondente (D1, FG1, E1), geleer dat alleenlik die Afrikanervolk die uitverkore volk van God is, net soos Israel was, tot uitsluiting van die res. Die Afrikaners wat aan hierdie tipe godsdienstige en

ideologiese beskouings geglo het, is moontlik deur die optimisme van die nasionalistiese politiek oortuig om te dink dat hulle iets “meer spesiaals” is as ander en dat hulle sekere regte en voorregte moet hê waarop andere nie geregtig is nie. Hierdie Afrikaner, wat nou ‘n mate van ontnugtering beleef, moet leer dat hul kultuur, alhoewel deur God toegelaat is om in Suid-Afrika te vestig (Hand. 17:26), niks meer spesiaal is as enige ander volksgroep of kultuur in die wêreld nie. Hierdie respondent gebruik Skriftuur in die Nuwe Testament om te verduidelik dat alle mense op aarde gelykstaan voor God die Vader se liefde (Joh. 3:16). Hy verklaar hoe hy gereeld in gesprekke met familie en vriende hulle daarop moet wys dat ons, die Afrikanerkultuur, nie noodwendig beter is as ander kulture nie. Sy ouers ondersteun egter steeds slegs Afrikaner-besighede.

Die ander helfte van die respondente (FG1, FG2, E1) voel dat daar meer “ex-patriotte” is wat wel by hul nuwe tuistes oorsee wil aanbly, maar dat daar nog vele meer is wat wel oorsee wil gaan as hulle die geleentheid kan kry. Redes wat hiervoor gegee word is die onstabiliteit in die politieke milieu, gewelddadige diefstal in woonbuurtes en baie min of geen werkgeleenthede.

Een van die respondente (A1) wat onder 35 jaar oud is, stel dit so: “Hierdie land is nie my uiteinde nie en daarom wil ek nie hier weggaan nie. Ek glo ek is in hierdie land geplaas vir ‘n rede en die Here wil my hier hê en daarom moet ek hier bly.” Hy meen dat die gras altyd groener lyk aan die ander kant (oënskynlik beter geleenthede in ander lande), maar dat dit nie werklik so is nie. Op die vraag of hy ooit oorsee sal gaan, het hy soos volg geantwoord: “Ek sal wel oorsee gaan as ek ‘n geleentheid kry om daar te gaan studeer en kan spesialiseer in my rigting, maar dan sal ek weer wil terugkom.”

Respondente (B1, C1, FG2) is van mening dat hul vriende hulle eie hoop probeer skep deur sekere aspekte daarvan te soek in sekere ervarings. Sekere van die ervarings is mense wat geïnteresseerd is in die bonatuurlike, of die bywoon van kultuurfeeste of die ontvlugting wat die ander wêreld oorsee bring.

### 3.3.5 Die verband tussen die mense se hoop en die beheer van sy lewe

Respondente is gevra om te kies tussen vier opsies wat die beste hul siening van hoop uitdruk:

- My lewe en toekoms is in die Here se hande.
- My lewe en toekoms is in my eie hande.
- My lewe en toekoms is in iemand anders se hande.
- Enige ander siening.

Respondente het oor die algemeen gesê dat opsie nommer een ("My lewe en toekoms is in die Here se hande") hulle siening verteenwoordig. Hulle verduidelik ook dat dit vir 'n Afrikaanssprekende persoon wat 'n wedergebore gelowige is, nie moontlik is om anders te dink nie. Sommige respondente (FG1, A1) het bygevoeg dat, al kies hulle opsie nommer een, hulle steeds 'n verantwoordelikheidsbesef het om bydraes te maak deur geestelik te groei en wyse besluite te neem. Hulle meen dat hulle nie 'n fatalistiese tipe leefstyl wil leef waar alles bloot in die Here se hande gelaat word sonder enige bydrae van hulle kant af nie, maar sien dit meer as 'n verhouding tussen hulle en God. Een respondent (D1) het bygevoeg dat sommige opsie nommer een sal kies, maar egter sal leef asof hulle lewe en toekoms in hulle eie of iemand anders se hande is. Dit is volgens hom duidelik dat sekere mense hul hoop plaas in politici, die onderwysstelsel, die dominee, die gemeenskap en andere.

Een egpaar (D1) het verduidelik hoe hulle gehoop het op 'n goeie aftrede, deur staat te maak op hul opgespaarde pensioenfonds. Die man is egter afgedank as deel van 'n reeks regstellende-aksie-aanstellings by sy werk. Hy kon toe nie weer werk kry nie, as gevolg van sy ouderdom en "velkleur", en die egpaar moes toe noodgedwonge baie vroeër begin gebruik maak van die opgespaarde fondse. Hulle vertel dat hulle groot drome gehad het vir die werk, maar na gelang van die trauma geleer het om nie hul hoop of vertroue in enigiets op aarde, soos byvoorbeeld 'n goeie werk of aftrede, te plaas nie. Hulle probeer ook om hul kinders hierdie les te leer, omdat hulle sien dat hul kinders al hul hoop en drome in hul werk en finansiële welvaart plaas.

### 3.3.6 Die belangrikste dinge waarna Afrikanergelowiges uitsien

Respondente is gevra om die drie belangrikste dinge waarna hulle in die kort en die lang termyn uitsien, te noem. Hieronder volg ‘n lys van die belangrikste dinge waarna hulle uitsien:

- Om ‘n beter werk te kry, veilig te leef en goeie gesondheid te geniet;
- om hul kinders te sien grootword en goeie werkgeleenthede te hê;
- om familie en vriende te help om ‘n beter leefstyl na te volg;
- om ‘n studielening af te betaal of om studie te voltooi;
- die wederkoms van Christus Jesus (genoem deur die meeste van die respondente).

### 3.3.7 Die verband tussen hoop en geestelikheid.

Ten einde te bepaal of daar ‘n verband is tussen hoop en geestelikheid, is die respondente gevra om die karaktereienskappe van ‘n geestelike mens te beskryf. Respondente het ‘n wye spektrum van antwoorde gegee op hierdie vraag.

Meer as een respondent (D1, FG1, B1, E1) het ‘n geestelike persoon beskryf as iemand wat sy eie foute en swakhede besef en wat die onverdiende genade van God, wat Hy aan ons beskikbaar maak deur geloof in die dood van sy Seun, in sy lewe gebruik. So ‘n persoon sal leef met ‘n onversadigbare liefde vir ander mense.

Nederigheid is deur ’n ander respondent (B1) genoem as ‘n eienskap van geestelikheid. So ‘n persoon wie se geloof oorgaan in werke, is ‘n geestelike mens. As voorbeeld is ‘n sendeling genoem, wat ten koste van homself gehoorsaam is aan die opdrag om ‘n gebied te betree waar sy lewe in gevaar gestel word om die Goeie Nuus oor te dra.

‘n Ander respondent (E1) het weer verduidelik dat ‘n wedergebore persoon in wie se lewe die Gees van God aktief is en wat deur Hom beheer word, ‘n geestelike mens is. Dit is ‘n persoon wat ‘n verhouding met die Here Jesus Christus het, wat die Bybel ken en in wie se lewe die Here ‘n prioriteit is.

Rustigheid, vrede en kalmte is ander eienskappe wat ook genoem is om ‘n geestelike persoon te beskryf.

### 3.3.8 Die toekomsverwagting van die Afrikanergelowiges in die nuwe Suid-Afrika

Respondente is gevra om te praat oor die toekoms van ‘n Afrikanergelowige in Suid-Afrika en die volgende is ‘n verslag van die antwoorde wat hulle gegee het.

Die respondente (A1) het in sy antwoorde op die vrae wat te doen het met die Afrikanergelowige se toekomsverwagting in Suid-Afrika, spontaan verwys na die geskiedenis van die Afrikaner in Suid-Afrika, asook na die politieke omstandighede wat tans in die land heers.

Die meeste van die respondente sien die toekoms van die Afrikaner se taal, kultuur en ekonomiese vooruitsigte as “kwynend”, “onder druk” en iets wat sal versprei oor die wêreld. Daar sal egter, volgens die respondente, ‘n klein groepie in Suider-Afrika oorbly wat die Afrikanerkultuur en -identiteit sal wil behou. Volgens sekere respondente is daar ‘n wêreldwye tendens om alle kulture en tale in te trek in ‘n globale tipe “internasionalisme”, wat saamgaan met die “global village”-mentaliteit.

Die algemene gevoel onder respondente is dat die Afrikaanssprekende ‘n “bedreigde spesie” is wat taal, kultuur en ekonomiese vooruitsigte aanbetref, en dat die vooruitsig van hul kinders om werk te kry in die land nie goed lyk nie. Dit is veral waar in die meer gespesialiseerde beroepe wat skaars is. Een voorbeeld onder die respondente is ‘n ouer egpaar (FG1) se getroude kinders wat hulle in Ierland gaan vestig het, omdat die man nie in staat was om ‘n werk in sy gespesialiseerde beroepslyn te vind nie. Volgens die respondente is hierdie tendens, waar jonger mense oorsee gaan om werk te soek, nie net beperk tot die Afrikaanssprekende gemeenskap nie, maar is dit iets wat ook in die Engelse kultuur voorkom. Daar is ook voorbeelde genoem van diegene wat terugkeer na Suid-Afrika, maar daar is, volgens die oorgrote meerderheid respondente, veel meer wat wil immigreer of in die buiteland wil bly. Die grootste rede vir hierdie tendens word toegeskryf aan die ekonomiese marginalisering, maar

ook die misdaad wat blyk hande uit te ruk. Volgens hierdie respondente is dit egter erger om nie werk te hê nie, as om jouself te beveilig teen misdaad, omdat geld bedingingsmag bied.

Een groep respondente het verwys na die toekomsverwagting van die konserwatiewe kerk groepering en Christelike leefstyl. Volgens hulle is baie mense nie meer so toegewyd aan kerkbywoning en die uitleef van hulle geloofsoortuigings nie. Die Afrikanergelowige, wat nie meer ‘n Bybelgefundeerde kultuur uitleef nie, word as “soekend” beskryf.

Sommige respondente se toekomsverwagting het te doen met hul fisiese veiligheid en beskerming teen geweld. Hulle verwys na die feit dat hulle geld moet spandeer om ‘n beter sekuriteitstelsel in hul huise te vestig, wat hulle meer veilig sal laat voel teen misdaad. Wanneer daar opspraakwekkende gebeure in die nuus verkondig word, voel sommige die behoefte daaraan om ‘n gereedheidsplan voor te berei vir ‘n tyd wanneer die ergste mag gebeur.

Een van die respondente (B1) het verwys na ‘n voorval waar hul ouers vasgekeer was in hul eie tuisdorp weens geweldpleging tydens protesoptrede teen munisipale dienslewering. Hierdie gewelddadigheid skep vrees en angs by mense wat nie daarmee te doen het nie. Hierdie tipe geweldpleging is volgens die ouers van hierdie respondente ooreenkomstig met hul negatiewe toekomsverwagting van die land. In antwoord op die vraag oor hoe hulle self daaroor voel, het hulle gesê dat alhoewel ‘n mens nie negatief moet wees nie, daar egter voorsorgmaatreëls getref moet word vir die ergste, deur byvoorbeeld die opskerping van sekuriteit en paraatheid in en om die woning. Hulle het goeie diefwering en ‘n alarm geïnstalleer om hulle te beskerm teen indringers. Ander weer word deel van buurtwagstelsels wat vier-en-twintig uur polisiëring van die buurt organiseer.

Sekere van die jonger respondente (A1, B1) koester geensins ‘n positiewe gesindheid teenoor diegene wat besluit het om die land te verlaat nie. Hulle voel dat hierdie mense die probleme van die land oorlaat vir diegene wat agterbly en nie ’n bydrae wil lewer tot die oplossing nie. Die druk wat ouer respondente se toekomsverwagting skep het weer meer te doen met hul eie aftrede en dat hulle nie graag ‘n las vir hul

kinders wil wees nie. Die jonger respondente (A1, B1, FG2) spreek hulself meer hoopvol uit wat die land se toekoms aanbetref as die ouer respondente. Volgens hulle is die toekoms wat jy daarvan maak en die geleenthede wat jy gebruik. Hulle wil positief bly oor die toekoms en doen alles wat hulle kan om vir hulself te kan sorg as dinge slegter gaan.

### 3.3.9 Dinge wat bydra tot hoop vir die Afrikanergelowige en dinge wat dit afbreek

Respondente is gevra om dinge te beskryf wat hulle in hul lewens moet inbring om hoop te hê en wat hulle moet uitlaat wat hoop aftakel. ‘n Vraag wat hiermee gepaardgaan is die effek wat die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop het op die lewe van die respondente.

Respondente (D1, B1, FG2) het onder andere materialisme, ‘n valse vertroue in wêreldleiers en negatiewe mediaberiggewing uitgesonder as bydraers tot die aftakeling van hoop. Volgens hulle sal mense wat te veel na negatiewe mediaberiggewing op televisie of deur die sosiale media netwerke kyk, negatief beïnvloed word en afgestomp raak van ware hoop. Diegene wat te veel vaskyk teen die tydelike, en staatmaak op hul eie krag, se hoop sal afgetakel word. ‘n Ander het weer genoem dat onbeantwoorde gebed in tye van siekte en finansiële krisisse lei tot ‘n tydelike gevoel dat daar nie hoop is nie.

Respondente (FG2) het genoem dat tye van swaarkry en moeilikheid, geloof en waarheid, hoop op die koms van die Here en vervulde profesieë die vermoë het om hoop in ons lewens in te bou. Die klein dingetjies wat die Here vir ons doen is nie per toeval nie en is ook bydraend tot die ontwikkeling van ons hoop. Die “invloed van slegte vriende en wêreldse gewoontes” is genoem as ‘n rede vir die aftakeling van hoop.

Een van die jonger respondente (A1) het vertel hoe sy deelname aan ‘n vakansie dienswerkspan sy hoop uitgebou het. Tydens hierdie evangeliese uitreikgeleenthede

het hy as deel van ‘n groep “toegewyde Christene”, wat volgens hom “voluit vir die Here leef”, ‘n verskil kon maak in die lewens van ander mense.

Respondente (B1, FG2) het saamgestem dat mense wat hoop in hul lewens het, oor die algemeen vrolik is, ‘n positiewe lewensuitkyk het, produktief by die werk is en kan uitsien na die dag van môre, terwyl die afwesigheid van hoop kan lei tot depressie en neerslagtigheid.

### 3.3.10 Die manier hoe gelowiges sonder hoop gehelp kan word om hoop te ontwikkel

Respondente is gevra watter maniere gebruik kan word om Afrikanergelowige te help om hoop te hê. Die volgende is wat in gesprek hieruit voortgespruit het.

Een respondent (C1) het verduidelik dat ‘n persoon deur persoonlike berading gehelp moet word om sy valse hoop te vervang met ware hoop. Volgens hom is dit ‘n baie moeilike taak om iemand wat reeds oortuig is van die hopeloosheid van die saak te laat afsien daarvan.

‘n Ander respondent (B1) het gesê dat ‘n persoon wat nie hoop het nie, by ‘n ware geloofsgemeenskap moet inskakel en die geleentheid gegun moet word om te ervaar hoe die Bybel prakties werk in mense se lewens. Mense sonder hoop het iemand nodig wat ‘n pad saam met hulle kan stap en hulle kan help om dinge uit te pluis en te probeer bepaal wat die rede is waarom hulle so voel. Hulle het nodig om kontak met objektiewe waarheid te hê.

‘n Ander respondent (D1, E1) het gesê dat ‘n gelowige met deeglike kennis van die Bybel gehelp kan word om sy geloof in God op te bou. Vir hom is daar ‘n definitiewe verband tussen hoop en geloofskennis in die Woord van God. Hy het ook ‘n voorval genoem waar hy iemand wat met groot vraagstukke sit en wat hoop verloor het, verwys het na ‘n webwerf wat daardie tipe vraagstukke uit die Bybel geantwoord het en hoe hierdie persoon se hoop weer herstel is.

Die een respondent (E1) het verwys na sy gesin se ervaring met heelwat vriende wat kinders aan die dood afgestaan het. Hierdie vriende van hulle het na hierdie traumatiese ervarings by ‘n plek in hulle lewe gekom waar hulle hoop begin verloor het en nie meer kans gesien het om aan te gaan met die lewe nie. Die oomblik wat hulle egter gehelp is om nie meer teen die tydelike verlies vas te kyk nie, maar te let op die Bybelse belofte van die ewige hiernamaals, het hulle weer begin hoop kry om aan te gaan met hulle lewens.

‘n Pastorale benadering is deur een respondent (C1) voorgestel, waar persone sonder hoop gelei moet word om hul swakhede raak te sien deur die oë van ‘n medegelowige wat kan simpatiseer met hulle gevoelens. Volgens hom is daar voorbeelde in die Bybel wat gebruik kan word om te illustreer hoe ‘n persoon deur tye van swakheid gehelp kan word om hoop te hê. Een Bybelse voorbeeld wat genoem is, is die lewensverhaal van Job.

Respondente (FG1, E1) het saamgestem dat ’n gelowige wat uitsien na die koms van Jesus Christus meer hoop sal hê as een wat nie eens daaraan dink nie. Sommige van hulle beskryf die Bybelse belofte van die wederkoms van Jesus Christus as “’n onvermydelike mylpaal sedert die skepping”.

Respondente (FG1) het ook gesê dat ‘n gelowige wat gereeld kerk toe gaan en werk aan ‘n persoonlike verhouding met God deur gehoorsaamheid aan die Woord van God, meer hoop sal hê as iemand wat dit nie doen nie. Persoonlike kontak met ander mense wat dink en glo soos jyself, en gebed saam met iemand anders is genoem as dinge wat sal help om hoop te herstel.

### 3.3.11 Samevatting

Die volgende is ‘n samevatting van die persoonlike en fokusgroep-onderhoude wat gevoer is met Afrikanergelowiges.

Die Afrikanergelowige word beskryf as ‘n unieke, etniese groepering in Suid-Afrika, wat in ‘n streng, baie beskermde en konserwatiewe Afrikanerhuis grootgeword het en

sterk morele en etiese waardes geleer is. Hulle is as kinders na een van die gereformeerde susterkerke toe geneem waar hulle die Ou Testamentiese Wet en Profete goed leer ken het, maar het na hulle eie bekering en wedergeboorte na ‘n onafhanklike (nie-denominasionele) kerk toe geskuif. Hulle maak ‘n sterk onderskeid tussen die tradisionele godsdienstigheid waarin hulle grootgeword het en ware wedergeboorte wat ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus en gehoorsaamheid aan die Woord van God behels.

Die Afrikanergelowige dink nie dat hy ‘n rol het om te speel in ‘n politieke sin nie en as gevolg van sy “velkleur” voel hy uitgesluit en gemarginaliseer wat werkgeleenthede aanbetref. Hy sien egter ‘n rol vir homself in die behoud van ‘n morele en etiese standaard in die samelewing en besef daarmee saam ook dat hy dalk meer inklusief met ander kulture moet omgaan as om dit te vermag. ‘n Deel van hierdie rol is om op ‘n geestelike vlak die evangelie van Jesus Christus te verkondig aan mense wat nie gelowiges in Christus Jesus is nie. Sonder kontak met ander mensegroepe sal dit egter nie werk nie.

Wanneer dit by die term “hoop” kom, is die Afrikanergelowige verdeeld. Aan die een kant bely hy dat hoop nie in fisiese dinge gevind kan word nie en beskou hy hoop as ‘n sterk geestelike konsep wat slegs in Christus Jesus gevind kan word. Aan die ander kant weer is sy hoop onder druk as gevolg van die gebrek aan fisiese dinge, veral as dit kom by die negatiewe aspekte wat in die nuwe Suid-Afrika alledaags is en waarvan hy ontvlugting soek in ander lande. Daar word beweer dat hierdie ontvlugtingsdrang veroorsaak is deur die eertydse invloed wat die idees van Afrikaner-nasionalisme op mense se begrip van hul toekoms gehad het.

Alhoewel die Afrikanergelowige glo dat sy lewe en toekoms in die Here se hande is en dat hy uitsien na die wederkoms van die Here, leef hy asof sy lewe en toekoms in sy eie hande is. Hy voel ‘n verantwoordelikheid om die beste te doen wat hy kan om geleenthede te skep of om dié wat op sy pad kom, aan te gryp.

Die Afrikanergelowige beskryf ‘n geestelik mens as een wie se lewe deur die Heilige Gees van God beheer word en in wie se lewe die Woord aktief is deur ‘n persoonlike verhouding met God.

Die toekomsverwagting van die Afrikanergelowige word eerstens beïnvloed deur ‘n konstante herinnering aan die politieke geskiedenis van Afrikaner nasionalisme. Die Afrikanerkultuur word in die geheel as ‘n bedreigde, kwynende en gemarginaliseerde mensegroep gesien. Die jonger Afrikaner word as geestelik soekend beskryf, maar is tog optimisties wat geleenthede, plaaslik en wêreldwyd, aanbetref. Tweedens word die toekomsverwagting van die Afrikanergelowiges ook beïnvloed deur ‘n persepsie dat gewelddadigheid in politieke bediening, sosiale misdaad en korrupsie onder leierskap toeneem en onkeerbaar voorkom. Hierdie sentiment word verder ondersteun deur beriggewing in die media en propaganda op sosiale netwerke.

Afrikanergelowiges meen dat diegene wat hoop verloor die beste gehelp kan word deur persoonlike berading, betekenisvolle vriendskappe in lewende geloofsgemeenskappe of gemeentes en ‘n verwagting na die wederkoms van Christus Jesus.

## 3.4 PERSOONLIKE ONDERHOUDE MET ANDER BEDIENAARS VAN DIE WOORD WAT MET AFRIKAANSSPREKENDE GELOWIGES WERK

Dieselfde tipe vrae wat aan Afrikanergelowige respondente gevra is, is ook aan ‘n spesiale groep ander bedienaars van die Woord wat ook met Afrikanergelowiges werk gestel. Hierdie respondente bestaan uit een sendeling-kerkstigters en een leraar wat met Afrikanergelowiges werk, maar wat herders is van Engelse of gemengde taal gemeentes. Die vrae wat deur die onderhoudleier in Engels gevra is, is gevra vanuit die perspektief van die respondente se kennis van die Afrikanergelowiges in wie se lewens hulle ‘n bediening het. Hierdie onderhoude het goed daarin geslaag om die inligting wat deur die persoonlike onderhoude aan die hoofgroep respondente ingevorder is, te verifieer. Geen buitensporige verskille is gevind tussen dit wat hierdie Afrikaanssprekendes oor hulself gesê het en dit wat ander bedienaars van die Woord oor die Afrikanergelowiges te sê het nie.

### 3.4.1 ‘n Beskrywing van die Afrikanergelowige

Hierdie respondente is gevra om Afrikanergelowiges te beskryf vanuit hul perspektief as bedienaars van die Woord. Hul beskrywing is soos volg.

Afrikanergelowiges is, volgens hierdie respondente (L1, L2), oorwegend godsdienstig, met ‘n baie goeie kennis van die Bybel. Afrikanergelowiges word deur hierdie groep respondente egter beskou as mense wat nie noodwendig hul kultuur wil prysgee in hierdie begeerte om Jesus Christus na te volg nie. Daar is ook die ander deel van die Afrikaanssprekendes wat, volgens hulle, hul kennis van die Bybel omskakel in goeie werke.

Volgens hierdie respondente (L1, L2) is die Afrikanergelowige, wat kerklike tradisie aanbetref, hoofsaaklik afkomstig uit die drie susterkerke, maar is ‘n tyd na hul katkisasie en aanneming om die een of ander rede ontnugter. Hulle het alle belangstelling in die georganiseerde kerk verloor en soek ‘n meer informele geloofsgemeenskap. Dit is moeilik om te bepaal of hulle tradisioneel-godsdienstige Christene is, of wedergebore gelowiges wat ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus het. Hulle ken al die godsdienstige uitdrukkings en kan baie vroom voorkom, maar leef dit nie noodwendig uit deur die geestelike vrug waarvan die Bybel praat te dra nie.

Volgens een respondent (C1) is daar persone in hierdie Afrikaanssprekende geloofsgemeenskappe wat nie meer eksklusief Afrikaans wil wees nie en Engels vrylik as eerste taal gebruik. Hulle skroom nie om na Engels oor te skakel in ‘n gesprek nie. Hulle gebruik die King James (Engelse) vertaling van die Bybel in hul persoonlike studietyd en probeer om in te pas in die Engelssprekende kultuur wat godsdiens aanbetref.

### 3.4.2 Die rol wat Afrikanergelowiges in Suid-Afrika kan speel

Die respondente is gevra watter rol hulle dink die Afrikanergelowige in die nuwe Suid-Afrika kan speel. Die volgende het hieruit voortgekom.

Die Afrikanergelowige kan, volgens die respondente (L1, L2), ‘n rol speel deur ‘n nugterheid in die samelewing te bring ten opsigte van morele en etiese verantwoordbaarheid. Afrikanergelowiges kan ook ‘n rol speel deur eerstens die verband tussen die evangelie en hul kultuur raak te sien, dan te probeer bepaal hoe die evangelie hul eie kultuur beoordeel en daarna om gewillig te wees om hul kultuur aan te pas in terme van dít wat die evangelie sê oor ons verwantskap met ander kulture. Hulle moet eers by ‘n plek kom waar hulle besef dat die Bybel en die evangelie wydsbeen bo-oor hul kultuur staan en rigting probeer gee aan die wyse waarop hulle moet leef in terme van ander kulture. Dit is volgens die respondente ‘n punt van spanning vir die Afrikanergelowige, wat sy kultuur ten alles koste probeer bewaar en nie wil integreer met ander nie.

Een van die respondente (L2), wat ‘n kerkstigtende sendeling is, sê dat hy ‘n kos-analogie gebruik om die Afrikanergelowige aan sy ondersteunende gemeentes te beskryf. Hy vergelyk die Suid-Afrikaanse kultuur soos volg met die Amerikaanse kultuur. Die Amerikaanse kultuur is ‘n baie homogene kultuur wat soos ‘n brousel is wat al vir ‘n paar dae op die stoof prut. Alles in daardie gereg proe dieselfde, omdat al die geure van die verskillende kossoorte daarin en die speserye al ingemeng het met mekaar. Met ander woorde, al die verskille tussen mense het met verloop van tyd saamgesmelt. Die Suid-Afrikaanse kultuur is egter soos ‘n slaai wat uit verskillende bestanddele bestaan, maar geen sous het om dit saam te voeg nie. As jy ‘n tamatie raakbyt, dan weet jy dit is ‘n tamatie, of as jy ‘n stuk blaarslaai raakbyt, dan weet jy dit is blaarslaai. Met ander woorde, as jy in die Suid-Afrikaanse kultuur met Afrikaners te doen kry, dan weet jy dit is Afrikaners, en as jy met Xhosas te doen kry dan weet jy hulle is Xhosa. Daar is pertinente en oënskynlik onoorkombare verskille tussen die kulture en alhoewel mense dalk in dieselfde straat regoor mekaar bly, is daar niks wat hulle saamvoeg nie.

Volgens hierdie respondent bedien hy in twee verskillende kerke: die een ‘n kerk (middelinkomstegroep) wat in Durbanville Noord, Wes-Kaap, geleë is en die ander ’n kerk (laerinkomstegroep) wat in Kuilsrivier, Wes-Kaap, geleë is. Die verskille tussen die twee kerke is so groot dat hy selfs op verskillende wyses moet aantrek en sy woordeskat moet verander afhangend van by watter kerk hy is. Volgens hom is daar ‘n groot skeidslyn tussen die twee kerke. Die rol wat die Afrikanergelowige volgens

hierdie respondente kan speel, is om toe te laat dat die Bybel en die evangelie ‘n gemeenskaplike geloofsgemeenskap skep vir alle kulture.

Volgens ‘n ander respondent is die Afrikanergelowiges wat hulle in Engelse kerke begewe alreeds besig om te probeer om ‘n rol te speel en deel van die oplossing te wees. Afrikanergelowige moet hul geloof in God, hul vertroue in sy Woord en ‘n verwagting na die koms van Christus Jesus herontdek en sodoende hul geloof uitleef wat ‘n bydrae sal maak in die samelewing.

### 3.4.3 ‘n Definisie van hoop vanuit hul perspektief

Respondente is gevra om ‘n definisie van hoop vanuit hul eie perspektief te gee. Die volgende spruit hieruit voort.

Hoop berus op die realiteit dat God in beheer is en dat Hy bó ons omstandighede is. Hoop berus nie op ons omstandighede of enige sosiale struktuur wat ons kan skep nie, want ons omstandighede kan verander en sosiale strukture korrupteer as mense selfsugtig word. Hierdie wêreld waarin ons leef is deur Hom geskape en ons moet berus in die wete dat Hy weet wat besig is om te gebeur.

Hoop is die toegang wat ons tot God kan hê in ‘n persoonlike verhouding met die Seun van God, Jesus Christus. Daarmee saam berus ons hoop op die eskatologiese belofte van die wederkoms van Jesus Christus om sy bruid te kom haal. Hoop is volgens hierdie respondent dus ‘n Christusverwagting en ewigheidperspektief (1 Pet. 1:3, 13, 21). Hoop is die teenoorgestelde van vrees. Mense wat vrees dat hulle hul kultuur en identiteit gaan verloor, sal sukkel om hoop te hê.

### 3.4.4 Hoop in die nuwe Suid-Afrika

Respondente is gevra hoe hulle dink dat Afrikanergelowiges hoop kan hê in ‘n nuwe en veranderende Suid-Afrika en die volgende het hieruit voortgespruit.

Hoop word deur hierdie respondente (L1, L2) beskou as ‘n emosionele stabiliteit in tye waar moeilike omstandighede verduur moet word. Dit is nie iets wat in die ekonomie of politiek kan berus of daardeur ontwikkel kan word nie. Hoop ontwikkel in die sekere wete dat God, as die Skepper en Onderhouer van alle dinge, alles ten goede sal laat meewerk. Wedergebore gelowiges hanteer moeilike omstandighede anders as mense wat nie glo in God nie, omdat hulle uitdagings in hul lewens vanuit ‘n geloofsperspektief sien en benader.

Volgens een respondent is daar ‘n interessante verskynsel onder Afrikanergelowiges te bespeur in die feit dat baie die geestelike leierskap van ‘n Skotsman met die naam Angus Buchan navolg. Afrikanermans ry van heinde en verre om hierdie Engelssprekende evangelis te hoor preek en sy geestelik, pastorale leierskap na te volg. Daarmee saam wys die belangstelling in gospelkonserte en groot ekumeniese saamtrekke dat die Afrikanergelowige op soek is na ‘n nuwe spiritualiteit. Vir baie berus hul hoop steeds in die bydrae wat die Afrikanerkultuur in Afrika kan maak. Sommige se hoop strek egter nie eens verder as die naweek nie en vir hulle is die strandhuis en hul gemaklike aftrede die beliggaming van hul hoop.

Volgens die respondente (L1, L2) moet die Afrikanergelowiges hul hoop vind in die herontdekking van hul identiteit in Christus Jesus en hulself daarin uitleef. Die Bybel beskryf Christene as bywoners op die aarde, pelgrims wat op reis is na ‘n hemelse stad. Hulle sal nie hoop hê tensy hulle die Bybel en die evangelie verbind met hul kultuur nie. In die verlede het hulle dit gedoen deur te dink dat hulle ‘n Christennasie is en daarmee saam die uitverkore volk van God is.

Hierdie respondente (L1, L2) stem saam dat die enigste plek wat die aspekte van hoop korrek kan beliggaam, die plaaslike gemeente as ‘n wedergebore geloofsgemeenskap is. ‘n Plaaslike geloofsgemeenskap bring groeperinge en kulture saam om God te dien en nie hulself te verheerlik nie. Hoop is ‘n persoonlike verhouding met die opgestane Jesus Christus, waar ‘n heilige lewenswandel uitgeleef kan word deur gehoorsaamheid aan die Woord van God. Om sout en lig vir die wêreld te wees is om hoopvol te wees.

### 3.4.5 Die verband tussen hoop en wie in beheer is van die Afrikanergelowige se lewe

Respondente is gevra om te kies tussen vier opsies wat hulle dink die Afrikanergelowiges wat hulle bedien die beste beskryf.

- My lewe en toekoms is in die Here se hande.
- My lewe en toekoms is in my eie hande.
- My lewe en toekoms is in iemand anders se hande.
- Enige ander siening.

Die volgende is wat die respondente hierop geantwoord het.

In die onafhanklike gemeentes is dit volgens respondente duidelik dat Christene opsie nommer een sal bely, maar in die praktyk ‘n kombinasie van opsie twee en drie sal uitleef. Afrikaanssprekendes as ‘n minderheidsgroep het oor die algemeen baie min beheer oor die groot prentjie van die wêreld waarin hulle leef, veral in ‘n politieke sin. Hulle probeer egter om ‘n lewe vir hulself te maak en om beheer van hul lewens te behou deur die materialistiese lewens wat hulle leef en die suksesvolle besighede wat hulle probeer opbou. Hulle is nie anders as enige ander westerse land in die wêreld nie, naamlik mense wat bely dat God in beheer is, maar deur hul lewens wys dat hulle die beheer op ‘n praktiese en alledaagse vlak wil behou.

### 3.4.6 Die belangrikste dinge waarna hulle moet uitsien

Hierdie respondente is gevra om te beskryf wat hulle dink die belangrikste dinge is waarna die Afrikanergelowige moet uitsien. Die volgende is hulle antwoord hierop.

Die wederkoms van Jesus Christus is volgens hierdie respondente (L1, L2) die belangrikste ding waarna Afrikanergelowiges moet uitsien. Hierdie geleentheid waar alles voor die regverdige Regter sal kom om reggestel te word, is in lyn met die hunkering in die Afrikanergemeenskap vir reg en geregtigheid om te geskied. ‘n Tweede ding waarna Afrikanergelowiges na moet uitsien is ‘n beter samelewing, waar hulle moet werk om andere wat kultureel verskillend is, maar een in Christus, te

omarm. ‘n Derde ding waarna Afrikanergelowiges moet uitsien is geleenthede om die evangelie van Jesus Christus se kruiswerk te verkondig aan alle mense wat dit nog nie glo nie.

### 3.4.7 Die verband tussen hoop en die persoon se geestelike lewe

Respondente is gevra om ‘n geestelike mens te beskryf en die volgende het hieruit voortgevloei.

‘n Geestelike mens is ‘n persoon wat die inwoning van die Heilige Gees deelagtig geword het, na gelang van die feit dat hy/sy Christus Jesus as persoonlike Verlosser aangeneem het. Dit is iemand wat deur die Gees oortuig word van sonde, geregtigheid en oordeel. ‘n Geestelike mens demonstreer die innerlike werk van die Heilige Gees deur die beheer van die persoon se denke, handel en wandel. Dit is in teenstelling met die nuwerwetse spiritualiteit wat bloot te doen het met ervaring.

‘n Geestelike mens is iemand wat in ‘n intieme verhouding met God leef en sodoende verander word om aan die beeld van Christus Jesus gelyk te word. So ‘n mens sal getuig van die feit dat hy/sy leef in onderdanigheid aan die heerskap van Christus Jesus. ‘n Geestelike mens se lewe word gekenmerk deur ‘n leefstyl van gehoorsaamheid aan die Bybel en die afwesigheid van enige gewoontesonde in hul lewens.

### 3.4.8 Die toekomsverwagting van die Afrikanergelowige

Respondente is gevra om hul opinie van die toekoms van die Afrikanergelowige in Suid-Afrika te beskryf. Die volgende het hieruit voortgespruit.

Volgens hierdie respondente (L1, L2), lê die toekoms van die Afrikanergelowige in die vermoë om hul geskiedenis en kultuur te evalueer in die lig van wat die Bybel daaroor te sê het en die dinge te verander wat daarmee in stryd is. Hierdie groep Afrikanergelowiges moet leer om die beste uit hul kultuur by te dra tot die sukses van die samelewing.

Die Afrikanerkultuur (volgens L1) is net soos die kulture van ander minderheidsgroepe in die land. Dit is besig om tot ‘n groot mate gemarginaliseer te word en selfs weg te kwyn. Vervolging en diskriminasie is die nuwe toekoms. Selfs die mees toegewyde voorstanders daarvan sal hul kultuur verander om by hul materialistiese behoeftes aan te pas. Die enigste toekoms vir die Afrikanergelowige sal wees om hul identiteit in Christus Jesus te behou.

### 3.4.9 Dinge wat bydra tot hoop en dinge wat dit afbreek

Respondente wat gevra is wat in hul opinie bydra tot hoop in die lewe van Afrikanergelowige en wat dit afbreek, het soos volg geantwoord.

Wanneer Afrikanergelowige werk aan hul verhouding met God deur ‘n groeiende Bybelse kennis van Christus Jesus, sal hulle hoop ontwikkel (volgens L1, L2) . ‘n Belangrike aspek wat hiermee gepaardgaan is deelname aan ‘n lewende, plaaslike geloofsgemeenskap wat dieselfde geestelike waardes deel en uitleef. Verbeterde verhoudings met God en mense in die kerk is dinge wat hoop opbou. Om onsself positief uit te spreek oor die wil van God vir ons lewens en die omstandighede waarin ons onsself bevind, bring hoop. Om iets vir iemand anders te doen wat minder bevoorreg is as jyself, skep hoop.

Aspekte wat volgens respondente hoop afbreek, is om onsself te isoleer van ander mense as daar swaar tye in ons lewens kom. Wanneer ons hoop kwyn, moet ons hulp kry van ander mense en bemoedig word met die wete dat God in beheer is en ons wil help om oor die weg te kom. Stagnerende verhoudings met beide God en ander medegelowiges sal ons hoop aftakel. Hier moet ons geestelike gemeenskap met die heiliges nie verwar met eenvoudige en wêreldse sosialisering nie. Sosialisering, vermaak en die gebruik van antidepressante is sommige van die hedendaagse maniere wat mense gebruik om te probeer oorleef van een dag tot die ander. Mense spandeer egter meer tyd by die werk, met kinders wat vir lang tye by ‘n dagsorgmoeder gelaat word en langer tye met vakansie. Dit lei tot minder tyd in die kerk, wat weer lei tot gebroke gesinne en lewens wat gekompartementaliseer is.

Nog ‘n aspek wat volgens die respondente hoop afbreek, is die heersende postmoderne filosofie wat die bestaan van absolute waarheid ontken. As ons die media en ons vriende se opinie ’n hoër plek en prioriteit gee as die Woord van God, sal ons hoop afgebreek word. Die rol van die outoriteit van geestelike, pastorale leierskap wat bydra tot die beantwoording van ons lewensvrae, sal bydra tot hoop.

### 3.4.10 Die wyses waarop hierdie persone gehelp kan word om hoop te ontwikkel

Respondente is gevra hoe Afrikanergelowige vanuit ‘n pastorale sin gehelp kan word om hoop te hê.

Hulle moet eerstens gehelp word om ‘n persoonlike verhouding met God te hê wat weer omgeskakel sal word in ‘n toewyding om moreel en eties reg te leef. Sonder ‘n lewende verhouding met God, is ons probleme in hierdie wêreld onoorkombaar. In hierdie verhouding moet hulle deur ‘n studie van God se Woord gehelp word om persoonlike sonde te erken, te bely en te laat staan.

Persone moet volgens respondente ook gehelp word om in die waarheid en multikulturele aard van die Nuwe Testamentiese kerk te leef. Omdat die mens vandag net vir homself leef, moet hy geleer word om meer gemeenskaplik te leef, waar hulle afhanklikheid van ander vir emosionele en geestelike bemoediging moet aanleer. Daarin is daar nie onderskeid tussen verkillende kulture en volksgroepe nie, maar almal is een in Christus Jesus. Dit is nie bloot multikulturalisme net om polities korrek te wees nie, maar dit is om die gemeenskaplike band wat ons as ware wedergebore gelowiges in Christus het, na te streef.

Prediking en lering van die Bybel moet volgens een respondent (L1) as ‘n prioriteit beskou word. Daardeur moet hulle alle fasette van God se plan vir die wêreld letterlik verstaan soos wat dit in die Skrifte weergegee word. Daarmee saam moet persoonlike dissipelskap en berading aangebied word om hulle hoop te herstel.

Gelowiges moet gelei word om nie te bly hoop dat die situasie in die land tot hul voordeel gaan verander nie, maar dat hulle hul hoop in God moet vind vir die

toekoms. Deur ‘n deeglike studie van die Eskatologie, word die mens weer opnuut bewus gemaak dat die fisiese wêreld van verbygaande aard is en dat ‘n herskepping daarvan benodig word. Mense moet eerder geleer word om te leef met die verwagting dat Christus enige tyd weer kan terugkeer en dat hulle net vandag het om voor te leef. Dit vereis volgens respondente ‘n deeglike en sistematiese studie van Bybelse eindtyd profesie.

### 3.4.11 Samevatting

Die onderhoude met die ander bedienaars van die Woord wat ‘n bediening aan Afrikanergelowiges het, kan soos volg saamgevat word.

Alhoewel Afrikanergelowiges baie godsdienstig is, met ‘n buitengewone goeie kennis van die Bybel, sien hulle nie noodwendig die behoefte om hul kultuur prys te gee om Christus Jesus na te volg nie. Hulle kom hoofsaaklik uit die kerklike tradisie van die drie susterkerke, maar het kort na hul voorstelling en aanneming belangstelling verloor in die georganiseerde kerk of ontnugter geraak weens die een of ander saak. Hulle kom uit ‘n geskiedenis waar hulle met ‘n mentaliteit te doen gekry het wat hulle alleenlik as die “uitverkore volk van God” bestempel. Afrikanergelowiges wil nie meer eksklusief Afrikaans wees nie en is bereid om Engelse kerke by te woon en selfs Engelssprekende geestelike leierskap te volg. Hulle kan ‘n rol speel as hulle hulself motiveer om ‘n morele en etiese nugterheid in die land te bring. Afrikaners isoleer hulself egter en word meer privaat in swaar tye. Hulle leef in vrees dat hulle hul kultuur en identiteit gaan verloor en hulle het dus nie ‘n baie goeie en positiewe toekomsverwagting nie. Vervolging, diskriminasie en marginalisering op alle fronte is wat hulle verwag.

Hulle behoort hul hoop te vestig op die feit dat God in beheer is, ten spyte van hul omstandighede. Eerder as om hulself te isoleer, moet hulle hulself blootstel aan die inklusiewe aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die lewe van die plaaslike geloofsgemeenskap. Postmodernistiese filosofieë, negatiewe mediaberiggewing en propaganda op sosiale netwerke word ook as redes genoem wat hulle hoop afbreek.

## 3.5 ‘N KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE ONDERSOEK OOR DIE TOEKOMSVERWAGTING VAN AFRIKAANSSPREKENDE JEUG, DEUR KAMPER EN STEYN

Die volgende deel van hierdie hoofstuk lewer verslag oor die kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoek wat reeds deur Kamper en Steyn (2007) oor hoop onder die Afrikanerjeug gedoen is. Kamper en Steyn (2007:518) het beide ‘n kwalitatiewe en kwantitatiewe empiriese ondersoek geloods wat graad 11-leerlinge uitgesoek het om deel te neem aan die studie, deur middel van die skryf van opstelle, fokusgroep-onderhoude en die invul van vraelyste. Hierdie studie oor die Afrikaanssprekende jeug lewer verslag oor die perspektiewe op hoop van die breë Afrikaanse gemeenskap.

Volgens Kamper en Steyn (2007:518) is die jeug “sinoniem met toekomsverwagting”. As die jeug se toekomsverwagting oor die algemeen gebrekkig of negatief is, is dit ‘n aanduiding dat alles nie pluis is in die samelewing nie en dat die waardes en omstandighede in die samelewing krities ondersoek moet word. Die jeug se persepsie oor hul toekoms in Suid-Afrika kan dus ‘n “insiggewende aanduider wees van (onder andere) die waargenome welstand van die Suid-Afrikaanse samelewing” (Kamper & Steyn 2007:518). Die perspektiewe van die Afrikanerjeug kan dus gebruik word as ‘n verteenwoordigende monster van die breë Afrikaanse gemeenskap.

Hulle gebruik Finchilecsu en Dawes, asook Harris, Duncan en Boisjoly as verwysing om die volgende punt te maak: “‘n Gebrek aan positiewe toekomsverwagting onder die jeug kan simptomaties tot uiting kom in swak akademiese prestasie en a-sosiale problematiek soos aggressie, dwelmmisbruik en misdaad (Kamper & Steyn 2007:518). Die volgende vraag word ondersoek: “Hoedanig dra die maatskaplike problematiek in Suid-Afrika by tot ‘n ‘wegkomwens’ in die jeug se toekomsverwagting?” Hierdie fokus word as geregverdig beskou, omdat die “Afrikanerbevolking spesifiek geraak is deur die politieke transformasie in Suid-Afrika vanweë die verandering in status van maghebbers na minderheidsgroep” (Kamper & Steyn 2007:519).

### 3.5.1 Kwalitatiewe ondersoek uitkomste

‘n Totaal van 65 opstelle met die tema “My toekoms in Suid-Afrika”, is deur graad 11-leerlinge geskryf. Van hierdie leerlinge was 36 dogters (22 blank en 14 bruin) en 29 seuns (14 bruin en 15 blank). ‘n Teksanalise het gewys dat opstelle met ‘n negatiewe strekking in die minderheid was, dat dit meer prominent onder die wit respondente was, en dat die dogters minder negatief was. Opstelle met ‘n positiewe strekking het daarop gewys dat dit in elke individu se vermoë is om met harde werk en ‘n positiewe gesindheid ‘n goeie toekoms te hê, en dat ‘n mens se lewe in die Here se hand is, en dat Hy sal sorg. Negatiewe sake wat uitgewys is, is regstellende aksie, misdaad en wanbestuur. Die bruin respondente het hulself as slagoffers van regstellende aksie gesien (Kamper & Steyn 2007:522).

Die fokusgroep-onderhoude het uitgewys dat bandelose misdaad en gebrek aan voldoende afskrikmiddels as die enkele grootste probleem gesien word. Ander bekommernisse gaan oor werksgeleenthede, regstellende aksie en rasse-vooroordeel, wat steeds bestaan en steeds uit die ouerhuis kom. Dit is ook genoem dat ouers ’n wesenlike invloed op die aard en strekking van hul kinders se toekomsverwagting het. Die groepsentiment word as “voorwaardelike” optimisme en patriotisme opgesom – ‘n wag-en-sien-houding, wat sal bepaal of die toekoms plaaslik of oorsee is (Kamper & Steyn 2007:523).

### 3.5.2 Kwantitatiewe ondersoek uitkomste

‘n Kort respondent vriendelike vraelys is ontwikkel waarmee inligting ingesamel is oor die volgende: ouderdom, geslag, kerkbesoek, selfbeeld, toekomsplanne na skool (plaaslik en/of oorsee), hoofrede om Suid-Afrika tydelik of permanent te verlaat (indien van toepassing), Suid-Afrika se grootste voordeel, Suid-Afrika se grootste probleem, standpuntkeuse oor toekoms in Suid-Afrika, aard van tuisgesprekke oor Suid-Afrika, aard van skoolgesprekke oor Suid-Afrika, en frekwensie van koerantlees. Die vraelys is afgesluit met ‘n ope vraag waarin die respondente kon skets hoe en waar hulle hulself oor tien jaar en verder sien.

74.9% van die respondente was in die ouderdomsgroep van 16-17 jaar, waarvan 57.4% dogters was. Dit het geblyk dat 59.4% elke Sondag kerk toe gaan, met 'n verdere 18.4% wat wel twee keer per maand kerk toe gaan. Alhoewel 10.5% aangedui het dat hulle selde of nooit kerk toe gaan nie, het 96.3% aangedui dat hulle in die beskikking van God in hul lewe glo. Die respondente het deurgaans 'n sterk positiewe lewenshouding openbaar, met 86.9% wat aandui dat hulle gelukkig is en 96.4% wat uitsien na die toekoms. Tog het 63.3% aangedui dat hulle wel dikwels bekommerd is. Slegs 9.7% van die leerders wil permanent oorsee gaan werk, met 27% wat aangedui het dat hulle oorsee wil gaan werk, maar later sal wil terugkom. Die land se natuurskoon is deur 38% beskou as die grootste voordeel van Suid-Afrika, wat opgevolg is deur menseverhouding (14.6%), vryheid van spraak en sportprestasies as onderskeidelik 10.7%. Suid-Afrika se grootse probleem word beskou as HIV/VIGS (20.8%), werkloosheid (17.7%), geweldsmisdaad (15.9%), regstellende aksie (9.9%), korrupsie (9.6%) en armoede (6.9%) (Kamper & Steyn 2007:525).

Kamper en Steyn verklaar dat die mees insiggewende aspek van die uitslae gehandel het oor die respondente se reaksie rakende standpuntinname. Die uitslae word in volgorde van hoogste persentasie tot laagste persentasie aangedui:

B. Ek is vol vertroue dat ek wel 'n toekoms in SA het. My lewe is in die hand van die Here. (45%);
A. My toekoms in Suid-Afrika is blink. Daar is probleme, maar met harde werk kan ek hier sukses behaal. (24.3%);
C. Ek wag maar af. As dinge versleg, waai ek. As dinge verbeter, bly ek. (11.8%);
D. Ek sal die eerste geleentheid om die land te verlaat, aangryp, maar moontlik terugkeer as dinge verbeter. (9.5%);
E. Ek sien geen lig vir enige verbetering nie en daarom wil ek die land graag permanent verlaat. (6.7%);
F. Ander (2.3%).

Wat interessant is, is dat daar 'n statisties betekenisvolle verwantskap vasgestel is tussen kerkbesoek en standpuntinname, met die aanduiding dat min kerkbesoek verband hou met negatiewe standpuntinname (Kamper & Steyn 2007:526, 527).

### 3.5.3 Samevatting

Die ondersoek het aangedui dat graad 11-leerders oorwegend ‘n positiewe lewensingesteldheid het en godsdiens ernstig opneem; plaaslik-georiënteerd is in hul toekomsplanne, veral oor die langer termyn; sukses-georiënteerd, eerder as sosiaal-maatskaplik georiënteerd is, en loopbaansukses as allesoorheersende toekomsideaal vir tien jaar en verder koester; geweldsmisdaad, korrupsie en wanbestuur ondergeskik stel aan HIV/VIGS as Suid-Afrika se grootste probleem; nie tuis of by die skool aan negatiewe indoktrinasie jeens Suid-Afrika blootgestel is nie; en nie ywerige koerantlesers is nie.

Aangesien die respondente oorwegend positief in die verwesenliking van hulle toekomsideale in Suid-Afrika was, kon die hipotese oor die “wegkomwens” van die Afrikaanssprekende jeug nie bevestig word nie. Volgens die ondersoekspan strook hierdie bevindings met ‘n onlangse ondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, getiteld “South African social attitudes: Changing times, diverse voices.” Hierdie ondersoek het bewys dat 93% van Suid-Afrika se inwoners trots is op hul land, en dat 83% van die inwoners verkies om burgers in hierdie land te wees, ondanks die feit dat net 49% van die respondente van opinie was dat hul lewensomstandighede in die volgende vyf jaar sal verbeter (Kamper & Steyn 2007:529).

## 3.6 SAMEVATTENDE EVALUASIE VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

Ten einde die doelwit van hoofstuk 3 te bereik, gee die navorser eers ‘n samevattende evaluasie as inleiding vir die interpretasie van die empiriese navorsing wat in hoofstuk 4 sal volg en wat in hoofstuk 2 op die volgende manier gestel is:

- Watter dinge, volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikanergelowiges en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet ‘n Afrikanergelowiges in sy lewe inbring om hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy?

- Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges?
- Op watter manier dink jy sal ‘n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen?
- Op watter manier kan ‘n Afrikanergelowige gehelp word om hoop (die tipe hoop per jou definisie hierbo) te hê in ‘n veranderende Suid-Afrika?
- Dink jy dat iemand wat uitsien na die tweede koms van Jesus Christus meer hoop sal hê vir die toekoms, as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe?

Die volgende is ‘n verkorte, dinamiese weergawe van die Afrikanergelowige se beskouing van homself en die interpretasie-vrae en -antwoorde van die empiriese studie in hoofstuk 3.

### 3.6.1 ‘n Samevatting van die Afrikanergelowige se beskouing van homself

Dit is belangrik om vanuit die staanspoor te onthou dat hierdie resultate die siening is van onderhoude met individuele respondente en respondente in fokusgroepe. Daar is ‘n sterk ooreenkoms gevind tussen die inligting wat tydens die individuele onderhoude ingewin is en dít wat uit die fokusgroep-onderhoude kom. Die beskouing van die Afrikanergelowige van homself word soos volg opgesom:

- Wat identiteit aanbetref, beskryf die respondente hulself as Afrikaanstalige burgers van Suid-Afrika, wat ten alle koste ‘n eie kultuur van Christelike sedes wil behou.
- Wat opvoeding aanbetref, beskou die respondente hulself as deur ‘n konserwatiewe, godsdienstige en gereformeerde waardestelsel gevorm.
- Wat godsdienstige oriëntasie aanbetref, beskryf die meeste respondente hulself as navolgers van ‘n aangeleerde godsdienstige tradisie met dooplidmaatskap, gereelde kerkbywoning, die wettiese onderhouding van die tien gebooie en ‘n goeie kennis van die Bybel as basis.
- Wat ‘n algemene benadering tot die lewe aanbetref, beskou die respondente hulself as eienaars van ‘n geskiedenis van Afrikaner-nasionalisme in ‘n

politieke sin, die geloof in ‘n “uitverkore-volk-van-God” ideologie in ‘n godsdienstige sin en ‘n navolging van ‘n taal-eksklusiewe benadering in ‘n kulturele sin.

- Wat generasie identiteit aanbetref, verwys sekere van die respondente wat 40 jaar en jonger was, vrywilliglik na hulself as ‘n jonger generasie wat as gevolg van sekularisering en ontnugtering in die georganiseerde godsdiens, meer verlig en vry wil wees en nie meer hierdie tradisies wil navolg nie. Hierdie strewe na vryheid gaan gepaard met ‘n aanvaarding van die gebruike en gewoontes van ander kulture en nie noodwendig die losbreek na ‘n nuwe kultuur nie.
- Wat die morele en etiese waardestelsel van die samelewing aanbetref, beskou die respondente hulself as positiewe bydraers tot ‘n verbetering in die kollektiewe etos van alle ander kulture.
- Wat sosiale interaksie aanbetref, is die respondente skugtere deelnemers aan die godsdienstige aktiwiteite van ander groepe of kulture, maar wat as gevolg van die verlede begin om meer openheid te wys ten opsigte van nuwe kulture en denkrigtings. Daar is egter ‘n gewilligheid te bespeur om weg te beweeg van die ideologie van Afrikaner-nasionalisme na ‘n internasionalisme.

### 3.6.2 Watter dinge, volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikanergelowiges en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet ‘n Afrikanergelowiges in sy lewe inbring om hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy?

- Die respondente wil met woorde soos wedergeboorte en heiligmaking verduidelik dat hoop net in en deur Jesus Christus beskikbaar is.
- Die respondente beskou nie hoop as die verwagting van dít wat materiële dinge bied nie.
- Die respondente beskou die Bybel as die bron van dit wat oor hoop geleer kan word.
- Die respondente wys daarop dat hoop sterk verband hou met die belofte van die wederkoms van Christus Jesus.

- Daar word gevind dat die respondente met ‘n belydende geloof in God, saamstem dat God in beheer is van die lewe en die toekoms.
- Daarmee saam word daar deur respondente spontaan erkenning gegee aan die selfopgelegde verantwoordelikheid om deel te neem aan die proses van voorsiening en nie net te sit en wag dat dit alles sal uitwerk nie.
- Respondente is van mening dat wanneer politieke of wêreldleiers optree op ‘n manier wat vertroue skend, hierdie ontnugtering sal bydra tot die aftakeling of afbreking van hoop.
- Respondente beskou negatiewe mediaberigte wat op ‘n sensasionele manier uitgesaai word, as bydraend tot die aftakeling van hoop.
- Respondente voel dat herhaaldelike swaarkry en beproewing waardeur mense gaan om ‘n lewe te maak, bydra tot die aftakeling van hoop. Daar word egter ook genoem dat hierdie beproewings op die lang duur ‘n positiewe en opbouende effek in die lewensverwagting van die respondente gehad het.
- Volgens respondente kan die dienswerk wat vir hulpbehoewendes in ‘n lewende geloofsgemeenskap verrig kan word, ook bydra tot die opbouing van hoop.

### 3.6.3 Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges?

- Die respondente spreek ‘n begeerte uit om ‘n morele en etiese standaard in die samelewing te handhaaf.
- Die respondente spreek ‘n begeerte uit om die sosiale struktuur van die samelewing te beïnvloed deur die verkondiging en verspreiding van die evangelie van Christus Jesus. Met ander woorde, respondente wil as ‘n tipe sendeling in Suid-Afrika optree.
- Die respondente beplan om met integriteit besigheid te bedryf.
- Die respondente toon aan dat hulle, ten spyte van die gemarginaliseerde leierskapsgeleenthede in die politiek en werksplek, steeds positiewe en opbouende leierskap wil neem.
- Die respondente toon aan dat hulle ‘n betekenisvolle, geestelike bydrae wil maak in hul persoonlike familielewe en die gemeenskap.

- Die respondente toon die behoefte om deel te wees van die opbou van ‘n sterk opvoedkundige stelsel.

**3.6.4 Op watter manier dink jy sal ‘n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen? Motiveer asseblief jou antwoord.**

- Die respondente sien die bewustheid en erkenning van God se genade in tye van swakheid en beproewing as ‘n eienskap van ‘n geestelike mens.
- Die respondente sien ‘n nederige persoonlikheid van byvoorbeeld ‘n sendeling wat op die sendingveld werk, wat rustigheid en vrede ten toon stel, as ‘n eienskap van geestelikheid.
- Die respondente beskou ‘n geestelike persoon as ‘n mens in wie se lewe die Heilige Gees aktief is en wat beheer uitoefen deur die uitlewing van die Skrif.

**3.6.5 Op watter manier kan ‘n Afrikanergelowige gehelp word om hoop (die tipe hoop per jou definisie hierbo) te hê in ‘n veranderende Suid-Afrika? Motiveer asseblief jou antwoord.**

- Die respondente voel dat daar ‘n groeiende negatiewe sentiment bestaan wat verband hou met die negatiewe omstandighede in die land.
- Die respondente sien die tendens dat vriende en familie oorsee verhuis agter ander geleenthede op die internasionale mark aan, as ‘n indikasie dat hoop vir die toekoms onder druk verkeer.
- Sekere van die respondente verwys na die feit dat die ex-patriotte wat terugkeer vanuit die buiteland wys dat daar sekere kwaliteite in Suid-Afrika is wat nie in die buiteland gevind kan word nie.
- Sommige respondente is van mening dat die hoop van die Afrikanergelowige verband hou met die aftakeling van die historiese identiteit van Afrikaner-nasionalisme en dat daar nie regtig ‘n gelykwaardige vervanging daarvan gekom het nie.

- Dit blyk ook duidelik onder respondente dat die jonger generasie hul eie hoop wil skep en uitwerk, en nie noodwendig wag vir die leiers van die land om dit te skep nie.
- Dit wil ook blyk dat respondente wat aktiewe voorbereidings tref vir vakansies en aftrede oor die algemeen meer uitsien na die toekoms.
- Die respondente stel dat begeleiding van valse hoop of wensdenkery na ware hoop geskied deur pastorale berading.
- Respondente oor die algemeen glo dat bemoediging tot aktiewe lidmaatskap in ‘n lewende geloofsgemeenskap, vertroosting en hulp in “hopelose” tye, gebied word.
- Respondente beskou die verskaffing van hulp met ‘n lewensperspektief wat verby die sienlike dinge wat tydelik is, na die onsigbare dinge wat ewig is, as pastorale begeleiding.

### 3.6.6 Dink jy dat iemand wat uitsien na die tweede koms van Jesus Christus, meer hoop sal hê vir die toekoms as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe? (Ja/Nee) Verduidelik asseblief jou antwoord.

- Respondente se verwagting na die wederkoms van Christus Jesus gee blyke van een van die belangrikste dinge wat hoop gee om die lewe met entoesiasme aan te pak.
- Dit kom voor dat respondente wat die kans skep om by te dra tot die geestelike bearbeiding van andersdenkendes ‘n meer positiewe siening van die toekoms het.
- Die respondente voel dat hul deelname aan die aktiewe skepping van ‘n beter toekoms vir die gesin ‘n verandering aan die samelewing sal bewerkstellig.

## 3.7 'N SAMEVATTING VAN DIE ANDER BEDIENAARS VAN DIE WOORD SE BESKOUING VAN AFRIKANERGELOWIGES

Onder hierdie punt gaan telkens na respondente verwys word as ander bedienaars van die Woord wat met Afrikanergelowiges werk.
Die respondente beskryf Afrikanergelowiges as godsdienstig, met 'n goeie kennis van die Bybel.

- Die respondente beskou die Afrikanergelowiges as hoofsaaklik kultuurvas en onwillig om met ander kulture te vermeng.
- Die respondente beskou die Gereformeerde Kerk-agtergrond as onderliggend tot die denke en gewoontes van die Afrikanergelowige. Daarmee saam word daar egter 'n mate van ontnugtering bespeur en 'n verlies aan belangstelling in die georganiseerde kerk.
- Die respondente toon aan dat die Afrikanergelowige graag wil verander na 'n meer nie-eksklusiewe posisie en graag wil probeer om selfs die Engelse vorms van aanbidding aan te neem.

### 3.7.1 Watter dinge, volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikanergelowiges en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet 'n Afrikanergelowiges in sy lewe inbring om hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy?

- Die respondente glo die antwoord is berusting in die wete dat God as Skepper en onderhouer van alle dinge, in beheer bly bo ons omstandighede.
- Respondente glo dat hoop nie berus in ons omstandighede of sosiale strukture wat ons skep nie.
- Die respondente beskou dat hoop die vrymoedigheid is in 'n persoonlike verhouding met God in en deur sy Seun, Christus Jesus.
- Die respondente meen dat die uitleef van 'n heilig lewenswandel as dissipels van Christus Jesus hoop ontwikkel.
- Volgens die respondente is hoop die sekere verwagting van die eskatologiese beloftes van die wederkoms van Christus Jesus vir sy bruid, die gemeente.

- Volgens respondente sal isolering van ander mense in moeilike tye van beproewing hoop afbreek.
- Respondente voel dat oppervlakkige sosialisering en vorms van vermaak valse hoop skep.
- Respondente glo dat meer tyd by die werk en die gevolglike druk op gesinsverhoudings hoop aftakel.
- Die respondente beskou postmoderne filosofieë wat waarheid ontken as 'n potensiële afbreking van hoop.
- Volgens respondente sal die groei in 'n verhouding met God hoop opbou.
- Volgens respondente sal deelname aan 'n plaaslike gemeente hoop opbou.
- Volgens respondente sal onderdanigheid aan pastorale leierskap en berading hoop opbou.
- Die respondente glo dat 'n beter samelewing kan ontstaan wanneer verskille tussen kulture oorbrug kan word.

### 3.7.2 Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges?

- Respondente glo dat die meeste van die Afrikanergelowiges bely dat hul lewe en toekoms in God se soewereine wil is.
- Respondente glo ook dat sommige Afrikanergelowiges leef asof dit in hulle eie hand is.

### 3.7.3 Op watter manier dink jy sal 'n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen? Motiveer asseblief jou antwoord.

- Die respondente beskou die rol van Afrikanergelowiges as die inbring van nugterheid in die samelewing ten opsigte van morele en etiese verantwoordbaarheid.
- Die respondente voel dat Afrikanergelowiges 'n voorbeeld kan wees vir andere om ander kulture te omarm in 'n gemeenskaplike geloofsgemeenskap.

- Die respondente voel dat Afrikanergelowiges dit sal regkry deur toe te laat dat die evangelie en die Bybel, en nie die geskiedenis en kultuur nie, voorskryf hoe die gemeenskaplike geloofsgemeenskap moet funksioneer.
- Die respondente voel dat hoop herontdek kan word in die vertroue in die waarheid van die Woord van God en die beloftes daarin.

### 3.7.4 Op watter manier kan 'n Afrikanergelowige gehelp word om hoop (die tipe hoop per jou definisie hierbo) te hê in 'n veranderende Suid-Afrika? Motiveer asseblief jou antwoord.

- Die respondente voel dat daar 'n groeiende onsekerheid bestaan oor die geestelike leierskap in Suid-Afrika. Geestelike leierskap is volgens die respondente essensieel tot die begeleiding na 'n beter hoopbeskouing.
- Respondente sien 'n tekortkoming in die hedendaagse en oppervlakkige navolging van vermaak en die soeke na 'n "nuwe" spiritualiteit, wat verskil met die tradisionele. Hierdie tekortkoming moet volgens die respondente oorbrug word.
- Respondente glo dat die Afrikanerkultuur gevorm is rondom die eksklusiewe aard can die "uitverkore-volk-van-God" ideologie wat valse hoop aan mense bied.
- Respondente glo dat geestelike interaksie tussen gelowiges in 'n lewende plaaslike gemeente ontwikkel moet word.
- Die respondente glo dat die verspreiding van die evangelie van Christus Jesus belangrik is in die opbou van hoop.

### 3.7.5 Dink jy dat iemand wat uitsien na die tweede koms van Jesus Christus, meer hoop sal hê vir die toekoms as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe? (Ja/Nee) Verduidelik asseblief jou antwoord.

- Volgens respondente sal iemand wat uitsien na die wederkoms van Christus Jesus meer hoop hê vir die toekoms.

## 3.8 SAMEVATTENDE BESKRYWING VAN DIE AFRIKANERGELOWIGE

Uit hierdie kwalitatiewe navorsing is bevind dat Afrikanergelowige se huidige situasie (dit wat besig is om te gebeur) soos volg samevattend en opsommend beskryf kan word:

- Die respondente beskou hulself as 'n konserwatiewe en godsdienstige groep, met 'n goeie kennis van die Bybel, wat nie noodwendig hulle kultuur wil prysgee in die uitleef van hul geloof nie.
- Respondente kom hoofsaaklik uit die tradisionele kerkgroep van die drie susterkerke, maar het kort na hul voorstelling en aanneming belangstelling verloor in die georganiseerde kerk of ontnugter geraak oor een of ander saak.
- Respondente kom hoofsaaklik uit 'n nasionalistiese geskiedenis waar hulle met 'n godsdienstige mentaliteit te doen gekry het wat hulle as die "uitverkore volk van God" bestempel het.
- Respondente leef tans in onsekerheid oor die fisiese rol wat hulle in die nuwe en veranderende Suid-Afrika het om te speel en sien hierdie rol as meer privaat en geestelik van aard.
- Respondente se onsekerheid word vererger deur 'n negatiewe toekomsverwagting as gevolg van marginalisering in die werksplek, diskriminasie in die politieke arena en die toename in gewelddadige inbrake.
- Respondente dui aan dat die geestelikheid van die Afrikanergelowige beïnvloed word deur onsekerheid en negatiewe mediaberiggewing, maar dat dit nie die hoop van die Afrikanergelowige belemmer nie, maar eerder verskerp.
- Respondente glo dat die hoop wat die Afrikanergelowige het, 'n sekere wete is dat Christus Jesus weer sal kom om hulle van die aarde weg te neem na 'n hemelse tuiste.
- Respondente glo ook dat Afrikanergelowiges oor die algemeen nie meer eksklusief Afrikaans wil wees nie en bereid is om Engelse kerke by te woon en selfs Engelssprekende geestelike leierskap te volg.
- Die ondersoek het aangedui dat graad 11-leerders oorwegend 'n positiewe lewensingesteldheid het en godsdiens ernstig opneem; plaaslik-georiënteerd is

in hulle toekomsplanne, veral oor die langer termyn; sukses-georiënteerd, eerder as sosiaal-maatskaplik georiënteerd is, en loopbaansukses as allesoorheersende toekomsideaal vir tien jaar en verder koester; geweldsmisdaad, korrupsie en wanbestuur ondergeskik stel aan HIV/VIGS as Suid-Afrika se grootste probleem; nie tuis of by die skool aan negatiewe indoktrinasie jeens Suid-Afrika blootgestel is nie; en nie ywerige koerantlesers is nie.

## 3.9 SAMEVATTING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

Die navorser wou bepaal wat besig is om plaas te vind in die konteks van 'n sekere deel van die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap wat onder punt 1.2.1 afgebaken is en waartoe die navorser as herder geroep is rakende die beskouing van hoop. Derhalwe is besluit om persoonlike en fokusgroep-onderhoude te voer met Afrikanergelowige mans en vroue. Om hierdie inligting te verifieer, is daar ook onderhoude gevoer met ander bedienaars van die Woord wat met Afrikanergelowiges werksaam is.

Al die respondente kom uit 'n onafhanklike (nie-denominasionele) kerk, wat uit hoofsaaklik Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners bestaan, wat in die noordelike voorstede van die Kaapse Skiereiland geleë is. Die ouderdom van al die respondente is tussen 30 en 65 jaar, om sodoende die wye spektrum van die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap te kan evalueer. Laastens is ondersoek ingestel oor navorsing wat onder 'n wye groepering van Afrikaanssprekende graad 11-leerlinge gedoen is.

Alhoewel daar in hierdie navorsing tot dusvêr bevind is dat Afrikaners hulself isoleer en meer privaat word in swaar tye, hulle vir hulself 'n rol sien om te speel deur 'n morele en etiese nugterheid in die land te bring. Hul grootste vrees, en een van die hoofredes waarom hulle hoop as 'n positiewe toekomsverwagting verloor, is die bekommernis dat hulle hul kultuur en identiteit gaan verloor en daarom nie 'n baie goeie en positiewe toekomsverwagting het nie. Respondente het aangetoon dat

vervolging, diskriminasie en marginalisering op alle fronte hulle verwagting van die toekoms beïnvloed.

Daar is egter ook 'n sterk sentiment onder respondente rakende die mening dat die Afrikanergelowige sy hoop moet vestig op die feit dat God in beheer is, ten spyte van ongunstige lewens omstandighede. Eerder as om hulself te isoleer, voel respondente dat hulle hulself moet blootstel aan die inklusiewe aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en wel in die lewe van die plaaslike geloofsgemeenskap. Met 'n sterk verwagting na die terugkoms van die Jesus Christus, is respondente oortuig dat hulle hulself ten volle kan uitleef in hierdie nuwe rol.

In die volgende hoofstuk 4 gaan die navorser 'n literatuurstudie gebruik om die bevinding van die empiriese navorsing in hoofstuk 3 te interpreteer aan die hand van sekere bydraes uit die hulpwetenskappe en Christelik-teologiese perspektiewe waaraan die Afrikanergelowige blootgestel is.

# HOOFSTUK 4

# HULPWETENSKAPPE EN DIE CHRISTELIK-TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE

## 4.1 INLEIDING

Die tweede taak, volgens Osmer se navorsingsmetodiek (Osmer 2010:33-135), is die interpretatiewe taak en vra die vraag: Waarom gebeur dit? Vir die doel van hierdie studie kan die vraag gestel word as: Waarom verloor Afrikanergelowiges wat in ‘n veranderende Suid-Afrika leef, hoop? In hierdie hoofstuk sal gepoog word om deur middel van ‘n literatuurstudie ‘n hermeneutiese perspektief te verkry van watter tipe hoop gepraat word en waarom dit wat plaasvind aan die gebeur is in die spesifieke deel van die Afrikanergeloofsgemeenskap wat onder punt 1.2.1 beskryf word, wat hoop aanbetref. Die navorser sal tipies vra: Hoe kan ek dit wat onder Afrikanergelowiges gebeur, wat hierdie hoop aanbetref, verklaar of interpreteer?

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om deur middel van ‘n literatuurstudie aan te toon watter perspektiewe in sekere van die ander vakdissiplines en die Christelik-teologiese ruimte oor hoop aangebied word en watter bydrae dit kan maak om sin te maak van die bevindinge in die vorige hoofstuk en wat aanleiding kan gee tot ‘n sinvolle interpretasie van die toestand van hoop onder Afrikanergelowiges. Hierdie literatuurstudie ondersoek hoofsaaklik die hoof Christelik-teologiese denkrigtings, wat die individuele Afrikanergelowige se beskouing rakende die tema van hoop moontlik ingelig en gevorm het. Die navorser poog om die teologiese beskouing rakende die tipes hoop en die beginsels wat daaruit voortspruit, asook dit wat sy eie beskouing van hoop gevorm het, te ondersoek en saam te vat.

Aangesien heelwat van die werke wat in hierdie navorsingsprojek gebruik is, in Engels gepubliseer is, en omdat die verhandeling in Afrikaans geskryf is, doen die navorser ‘n vrye vertaling om van die aanhalings van hierdie skrywers weer te gee.

Sovêr moontlik laat die navorser die oorspronklike mening van die skrywer behoue bly in die vertaling. Waar die vertaling van ‘n frase sou verander aan die betekenis van die gedeelte, word die oorspronklike teks in Engels aangehaal.

### 4.1.1 Suid-Afrika en hoop

Volgens Boyce en Harris (2012:583) is daar ‘n hele aantal sosio-ekonomiese redes waarom die Suid-Afrikaanse samelewing gebuk gaan onder wanhoop. Van hierdie redes sluit in die swak algemene gesondheidstoestand, openbare veiligheid en lewenskwaliteit van landsburgers. Daarmee saam is die ongelykheid van die samelewing, emigrasie van bekwame vakmanne, rassediskriminasie en klasse verskille ook bydraende faktore tot die gees van wanhoop in Suid-Afrika. Tog stel Boyce en Harris (2012:584) dit ook dat daar, ten spyte van die negatiewe sosio-ekonomiese verslag wat die Suid-Afrikaanse samelewing se hoop-beskouing negatief beïnvloed, ook ‘n  gemengde sentiment is wat aandui dat hoop wel ‘n werklikheid kan wees. Buiten die openbare debat in die politieke ruimte, wat spreek van ‘n oplewing in Afrika en die nasionale optimisme wat die land beetgepak het tydens die 2010 Sokker Wêreldbeker, het die akademiese ruimte ook begin om bydraes te lewer wat die ondersoek na hoop aanbetref. Daar is egter volgens Boyce en Harris (2012:548) baie beperkte akademiese fokus of empiriese studies wat die nasionale vlakke van hoop meet en wat die individuele segmente van die samelewing se hoop-beskouing kan bepaal en kan verduidelik waarom daar wel ‘n gevoel van hoop is, al is dit baie beperk.

### 4.1.2 Psigologie en hoop

Vervolgens sal ‘n kort oorsig gegee word van die verwysings na hoop in die psigologiese veld. Psigologie volgens Snyder en Lopez (2009:3) is na die Tweede Wêreldoorlog beskou as ‘n wetenskap grotendeels toegewy aan ‘n genesingsmodel wat menslike funksionaliteit aanbetref. Die bedoeling is dat die eksklusiewe fokus op die patologiese aspekte van die individu se psigologiese welstand is. Hopeloosheid, wat oor die algemeen beskou word as die afwesigheid van hoop wat die emosies en denke aanbetref, veroorsaak verskeie vorms van mediese en psigologiese

gesondheidsprobleme en moet behandel word om te voorkom dat dit aanleiding gee tot depressie (Kinghorn 2013:369). Kinghorn verwys hier ook na die beskrywing in die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM-5; American Psychiatric Association, 2013)* wat stel dat emosionele gevoelens van hartseer, leegheid en hopeloosheid sleuteloorsake is van depressie (Kinghorn 2013:369). In dieselfde stelling word hopeloosheid ook gesien as 'n risikofaktor wat aanleiding gee tot selfmoord motiewe. Govender en Schlebusch (2012:16-21) stel dit dat daar 'n wesenlike verband bestaan tussen hopeloosheid, depressie en selfmoord neigings en dat dit beskou moet word as belangrike tekens vir die mediese en psigologiese professie. Hopeloosheid, as 'n gevoel van wanhoop, gaan gepaard met 'n uiterste pessimisme wat die toekoms aanbetref.

Kontemporêre psigologie en psigiatrie het, volgens Kinghorn (2013:396), al hoe meer begin fokus op hoop as 'n menslike fenomeen wat direk verband hou met die fisies en psigologiese welstand van die mens. Die konsep van hoop het dus die veld van die psigologie verryk (Kinghorn 2013:370) en veral in die areas van die verhouding tussen pasiënt en die sielkundige, wat lei tot die herstel van die moraal van die pasiënt. Die tradisionele siening van behaviorisme, is volgens Kinghorn (2013:371) ook beïnvloed deur die konstrukte van 'n positiewe hoopbeskouing. Waar dit aanvanklik hoofsaaklik deur gedrag voorgeskryf is, het dit ander konsepte van optimisme en toekomsverwagting ook begin inbring.

### 4.1.3 Positiewe sielkunde en hoop

Met die totstandkoming van die veld van positiewe sielkunde, het die fokus verskuif van die slegte en afbrekende dinge in die psigologiese welstand van die lewe van die individu, tot die beter en beste kwaliteite in die lewe van die individu (Snyder & Lopez 2009:3). Volgens Snyder en Lopez (2009:3) het positiewe sielkunde te doen met positiewe subjektiewe ervarings. Dit behels die welstand en bevrediging wat gebeure in die verlede aanbetref; dit behels geluk, sensuele plesier en vreugde wat gebeure in die hede aanbetref; en optimisme, hoop en geloof wat gebeure in die toekoms aanbetref. Hoop is in die veld van positiewe sielkunde 'n essensiële bydraer tot die bevordering en onderhouding van goeie gesondheid, wat alle aspekte van die individu aanbetref, asook 'n opsporingsmeganisme en behandelingsagent van

siektetoestande. Hoop is volgens die positiewe sielkundige model wat as die *Hope Theory* bekend staan, ‘n positiewe motiveringstoestand wat gebaseer is op ‘n interaktiewe sin van die bereiking van doelwitte (Snyder en Lopez 2009:258). Hoop terapie, volgens Carr (2004:92), is afgelei van die model van die *Hope Theory*. Die doel van hoopterapie is om kliënte te help om duidelik verstaanbare doelwitte te ontwikkel, asook om ‘n aantal bane of roetes te ontwikkel om die doelwitte te bereik. Daarmee saam word die kliënte geleer om hulself te motiveer om hierdie doelwitte na te streef en die hindernisse te herfraseer as uitdaging wat oorkom kan word.

Gesondheidsbewustheid onder Suid-Afrikaners word aan ‘n sin van hoop, betekenisvolheid en toekomsverwagting gekoppel (Coetzee, Wissing & Temane 2010:306). Harillall (2008:3) haal Carr (2004:88) aan om te stel dat hoop, saam met optimisme, gesien word as ‘n deel van die kapasiteite van positiewe sielkunde, wat ‘n direkte positiewe impak het op die menslike lewe en prestasie. In die positiewe sielkunde hou hoop sterk verband met optimisme en behels dit hoofsaaklik twee komponente: ten eerste die vermoë om, ten spyte van hindernisse planne te beraam en ten tweede om die motivering te hê om die planne uit te voer (Carr 2004:89). Die konstrukte word merendeels toegeskryf aan die werk van Snyder, wat beweer dat hoop die mens regdeur sy lewe sekere hoop verwante vaardighede kan leer (Carr 2004:91; Snyder 2000). Hiervolgens kan volwassenes wat hoë vlakke van hoop het, net soveel terugslae in die lewe ervaar het as ander mense. As hulle egter oor hulle leeftyd ‘n stel oortuigings ontwikkel het, sal dit hulle in staat stel om aanpasbaar te wees in uitdagings en in die hantering van beproewings. In teenstelling hiermee toon mense met lae vlakke van hoop dat hulle ‘n onderontwikkelde stel oortuigings het wat hulle hindernisse aanbetref. Mense se siening van hulle uitdagings hou dus verband met hul siening van die uitdagings. Mense met hoë vlakke van hoop word gesien as mense wat met toewyding doen wat gedoen moet word om gesond te word, terwyl mense met lae vlakke van hoop oorval word deur die teen-produktiewe self-fokus of selfbejammering (Snyder & Lopez 2009:264).

Ten spyte van die positiewe bydraes van die positiewe sielkunde, is daar ook die sentiment dat die eksklusiewe fokus op die bloot patologiese aspekte van die individu se psigologiese welstand ontbreek aan die ander belangrike aspekte wat moontlik die situasie kan affekteer (Snyder & Lopez 2009:3). Kinghorn (2013:396) beskou hierdie tradisionele psigologiese benadering tot hoop as te antroposentries. Hy is van mening

dat so ‘n benadering nie direk spreek tot die spesifieke kulturele, godsdienstige en teologies onderhoubare konteks van hoop wat in die besonder bydra tot die vorming en betekenisvolheid van die gelowige se hoopbeskouing nie. Tong *et. al.* (2010:1208) sien die bydraes van Snyder in die positiewe sielkunde as gebrekkig omdat dit nie kan verklaar waarom sommige mense steeds hoop kan behou ten spyte van die feit dat hulle totaal passief is en in werklikheid niks kan doen of niks kan bydra om hulle doelwitte te bereik nie. Waar kontemporêre psigologie ontbreek, kan die insigte en praktyke van die religieuse tradisies, wat in die besonder verband hou met hoop, beide die kontemporêre psigologie benadering aanvul en uitdaag. So het teologiese weergawes van hoop die psigologie aangemoedig om verby die beperkinge van die wetenskap self te kyk (Kinghorn 2013:393).

## 4.2 DIE BESKOUING VAN KERKLUI RAKENDE HOOP

### 4.2.1 Die krisis van hopeloosheid

Botman (2004:508) het tydens ‘n konferensie in Kaapstad, wat vir Suid Afrikaanse kerke gehou is, gesê dat die sentrale krisis wat Kaapstad in die gesig staar ‘n krisis van hoop is. Hopeloosheid, volgens hom, is die groot probleem en lusteloosheid en neerslagtigheid ‘n noodwendige resultaat daarvan. In sy opinie vergelyk die samelewing van vandag goed met die toestand van die samelewing in Jesus se dag, en daarom is die kerk se grootste roeping nie net om die konflikbelaaide stede te deel met die hopelose, of om die krisis van wanhoop te oorleef nie, maar ook om die behoeftiges te dien en die armes te bemagtig. Suid-Afrikaanse kerklui staar dieselfde uitdaging in die gesig as hul Nuwe Testament eweknieë. Botman (2004:508) som dit in een essensiële vraag vir alle geestelike leiers op: Hoe kyk ons na die stad Kaapstad? Is dit ‘n Sodom en Gomorra? Of is dit die stad van God? Die antwoord op hierdie vraag is, volgens Botman (2004:509), ‘n bepalende faktor in die Sendingmissie van die kerk. Moet die kerk ‘n swaard van oordeel trek teen die Sodom en Gomorra, of moet dit ‘n vredesvlag plant op die plato van Tafelberg?

In die huidige konteks van wêreldwye ekonomiese krisis is dit, volgens Botman (2004:514), duidelik dat die regering van Suid-Afrika nie in staat is om hierdie, soos wat hy dit noem, “sosiale” hoop aan die mense van die land, wat Afrikanergelowiges insluit, te realiseer nie. Dit is duidelik dat die term “sosiale hoop”, in hierdie konteks beteken die hoop op ‘n beter fisiese lewe vir almal. As dié tipe sosiale of maatskaplike hoop vir ‘n beter lewe dus nie befonds kan word vanuit die staatskoffers nie, kan daar derhalwe nie hoop wees nie. Mense wat gehoop het om vryheid en ekonomiese bemagtiging te bekom, vind egter uit dat hierdie sosiale hoop ‘n glibberige voorwerp is om vas te hou, want hulle sien nie die fisiese bevoordeling van hul hoop nie (Botman 2004). Mense voel asof daar geen hoop is nie, omdat al wat hulle kan wys vir die jare van die vryheidstryd, ‘n tipe demokrasie is wat steeds geen voordeel inhou nie, en ‘n maatskaplike staatsbestel wat geskep is deur die stryd om reg en geregtigheid. Die enigste uitkoms, volgens Botman (2004:517), is die uitdaging van ‘n profetiese verbeeldingsvlug (“prophetic imagination”). Mense moet weer na Kaapstad begin kyk met nuwe oë en weer die Kaap van Goeie Hoop sien.

### 4.2.2 Die hoop van Afrika

Botha (2008:46-49) poog om die aspekte van hoop in die konteks van Afrika-sending te pas, wanneer hy vra: Is daar enige hoop vir Afrika? “Is a theology of hope still a missing link in African Christianity as suggested by Ross (1995:65–80)”? Sy verwysing na Ross en Moltmann is insiggewend, aangesien hulle ‘n tipe hoop ontwikkel as ‘n konsep “not directed to another world, but to the transformation of this world” (Botha 2008:54). Met ander woorde, ‘n bevrydingshoop. Hy haal Ross aan: “The eschaton upon which our hopes are set is God’s recreations of this world” (Ross 1995:76). Hierdie tipe bevrydingshoop word in die konteks van ons huidige lewens beskryf as ‘n emosie wat opwel in onderdrukking en swaarkry. Botha haal Niehaus (1993:106-131) aan wat beweer dat stryd en swaarkry ‘n voorwaarde is om hierdie tipe hoop te kan verdien. Die mens in wanhoop moet dus sy hoop in hierdie lewe verdien. Hierdie tipe hoop word dus gesien as die gepaste uitkoms vir die bevrydingstryd (Botha 2008:57).

### 4.2.3 Samevatting

In die Christelike-teologiese ruimte word daar erken dat een van die krisisse wat die kerk in die gesig staar, ‘n krisis is van hopeloosheid. Hierdie krisis, wat nie net ‘n geestelike pessimisme is nie, maar ook ‘n hopeloosheid en ingrypende gevoelens van ontnugtering as gevolg van die onmag van ekonome en politici om die kwaliteit van mense se lewenstandaard te verbeter, kom voor onder gelowiges van alle kulture.

Hoop word in hierdie navorsing deur kerkleiers beskou as die uitkoms van sosiale bemiddeling en bemagtiging (Botman 2004) – ‘n sosiale of maatskaplike hoop. Vir mense om in ‘n sekere konteks hoop te kan hê, moet hulle fisiese lewenstandaard dus dramaties verbeter. Hierdie sosiale of maatskaplike tipe hoop word hier ‘n blink baadjie gegee, en as mense (binne die konteks van hierdie navorsing juis die Afrikanergelowiges) nie daardie blink baadjie aanhet nie, dan voel hulle hulpeloos of word as sodanig beskou. Hierdie deel van die navorsing het getoon dat daar in teologiese kringe baie gepraat word van die “sosiale” hoop, wat moontlik aanleiding kan gee tot ‘n tipe bevrydingshoop, wat impliseer dat die tuig van die bevrydingstryd opgeneem moet word, om hoop enigsins te herwin. Hierdie bevrydingstryd kan mense moontlik weer terugneem na die wanhoop van die verlede om die ou hoop van die bevoordeling van eksklusiwiteit weer te laat herleef. Hoop is in hierdie sin dan eerder nie die skepping of ontwikkeling van ‘n nuwe konsep of verwagting nie, maar ‘n “maak-klaar-wat-jy-begin-het”-gesindheid.

‘n Ondersoek na die definisie van hoop is nodig ten einde hoop as die leidende beginsel in die navorsingstema te omskryf.

## 4.3 ‘n Definisie van hoop volgens die Christelik-teologiese perspektief

Vanuit die staanspoor blyk dit dus dat daar verskillende tipes hoop is en dat daar verskillende fasette van elke tipe hoop is. Prins is van mening dat hoop in ‘n algemene geglobaliseerde kultuur die vorm van optimisme aanneem, wat meer te doen het met ‘n positiewe verwagting na ‘n beter toekoms (Prins 2003). Volgens Prins sal hoop vanuit ‘n sosiologiese perspektief die elemente van samelewing en sosiale strukture,

wat op versorging en veiligheid gegrond is, beklemtoon en vanuit ‘n psigologiese perspektief identiteit en afwagting beklemtoon en vanuit ‘n teologiese perspektief sal dit die kwalitatiewe potensiaal van vernuwing of ‘n nuwe toekoms beklemtoon (Prins 2003:145).

### 4.3.1 Bybelse Christelike hoop

Bybelse of ware Christelike hoop, volgens Prins (2003:143-157), vorm die basis van die Christelike geloof en die funksie van ‘n lewende geloof. Verder verduidelik hy dat die essensiële karaktereienskap van Christelike hoop is dat dit eerstens nooit egosentries is nie, maar altyd Christosentries en altyd sal bely dat Christus die Here is en dat “God alles in almal kan wees” (1 Kor. 15:28). Tweedens is Christelike hoop nie gebou op die goeie werke van die mens nie, maar op God se genade (Kol. 1:27) en derdens is dit ‘n gawe van God (2 Thess. 2:16). (Prins 2003:145).

In teenstelling met die vroomheidswens van sosiale hoop oor ‘n blink toekoms, is Christelike hoop die sekerheid dat Christus uit die dood uit opgestaan het en dat Hy die Koning is wat weer sal kom. Christelike hoop is dus ‘n opstandingshoop. (Prins 2003).

Prins se uitleg van die verskillende fasette van Bybelse of Christelike hoop is baie waardevol om die spesifieke verskille tussen die aspekte van optimisme en geloofsoortuiging wat hoop aanbetref, duidelik te maak. Die eerste faset is dat Christelike hoop ‘n kwalitatiewe stand in Christus is (Ef. 2:6), wat beteken dat hierdie tipe hoop nie net ‘n gemoedstoestand is nie, maar ‘n dimensie van wat die nuwe persoon in Christus is (Prins 2003). Die tweede faset is dat Christelike hoop die toekoms en die hede met mekaar skakel, wat beteken dat die beloftes van die evangelie rakende die komende heerlikheid van ons finale verlossing, ook ‘n huidige realiteit is vir die gelowige in Christus (Prins 2003). Die derde faset van Christelike hoop is relevansie van verantwoordelike lewens: omdat Christus weer kom, word ons opgeroep tot heilige (afgesonderde) lewens (2 Pet. 3:4-11; Fil. 1:10; 1 Thess. 3:13; 5:23; 1 Kor. 1:8) (Prins 2003). ‘n Vierde faset van Bybelse of Christelike hoop is volharding, wat anders is as deursettingsvermoë. Die apostel Paulus verklaar in

Romeine 8:25: "Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding" (Prins 2003). In hierdie sin is "wag" die hoop wat aandui dat twyfel, vreesagtigheid en wanhoop in die omtrek is. Christelike hoop werk dus saam met geloof en teen twyfel, vreesagtigheid en wanhoop om die lewe betekenis te gee en volharding moontlik te maak vir die toekoms.

### 4.3.2 Ware hoop teenoor 'n aktiewe verbeelding

Ware hoop is nie bloot net 'n wens of 'n aktiewe verbeeldingsvlug nie (Martin 2002). Ware hoop, volgens Martin (2002:6), is veel meer as net wensdenkery en is eerder 'n brug tussen die huidige realiteit van ons lewens en die uiteindelike toekomstige ewige lewe. Ware hoop behels die aktiewe gewaarwording van die potensiaal in ons huidige werklikhede, soos wat dit ontvou na 'n gewenste toekomstige uitkoms. 'n Persoon wat hierdie hoop het, kan leef in die potensiaal van die verwagte uitkoms, ten spyte van negatiewe omstandighede. Die vraag bly egter steeds: Hoe verskil die konsepte van "ek hoop" en "ek wens"?

Hier is Martin (2002) se werk waardevol, omdat dit die dinamika van hoop verduidelik aan die hand van voorbeelde. Terwyl ons wense 'n verbeeldingryke wêreld voorstel om teleurstelling te voorkom, sien en werk hoop na 'n positiewe toekomstige uitkoms. Met ander woorde, 'n persoon kan deur hoop die aspekte van die toekomstige uitkoms reeds sien ontvou in die hede. Hoop ontwikkel uit die potensiaal van die werklike. Volgens Martin (2002:7) word die woord "hoop" meer dikwels verkeerdelik gebruik, wanneer dit in werklikheid as "ek wens" gebruik word, wanneer eerder "ek hoop" bedoel word.

### 4.3.3 'n Verwagting na die vervulling van die Godsbelofte

Martin (2002:3-4) verklaar hoedat sommige teoloë van ons dag wil hê dat die Christelike wêreld die hoop op die ewige lewe ontgroei. Volgens hom argumenteer hulle dat 'n gelowige se hoop op die lewe uit 'n verbeeldingryke wêreld ontstaan en dat hierdie verwagting na 'n ewige lewe die werklikheid van die huidige ervaring afstomp of ontken. Vir hierdie teoloë word die Christen wat 'n ewige hiernamaals

verwag eerder vasgevang en beperk in ‘n tipe slawerny van ‘n besorgdheid oor die bewaring van die self se ewige lewe en eie wense wat deur middel van hierdie verbeeldingryke hoop op die ewige lewe na vore kom.

Van Rensburg (2010:219) definieer hoop soos volg: “om uit te sien na die vervulling van God se verlossings beloftes met selfvertroue, gebaseer op die opstanding van Christus”. Christene word dus hierdeur bemagtig om op hulle moeilike omstandighede te reageer deur nie te vergeld nie, maar deur aan te hou goed doen, aangesien hulle weet dat hulle deur God se oordeel, wanneer Christus terugkeer, gevindikeer sal word. Van Rensburg (2010:203) bied ‘n waardevolle perspektief as hy uit 1 Petrus die beginsel van die gelowige as uitlander of pelgrim na vore bring. Die gelowige se identiteit as pelgrim of uitlander van hierdie wêreld help om ‘n goeie definisie van die gelowige se hoop te definieer. Die Eskatologie van 1 Petrus beskryf hoop as die vindikasie vir gelowiges wat onder diskriminasie en verontregting gebuk gaan omdat hulle tydelike en permanente uitlanders is (Van Rensburg 2010:225).

Coetzer (2013:239) verklaar dat gelowiges hulself kan voorberei om trauma, waarin ware Christelike hoop kan verbrokkel, geestelik te kan hanteer, deur deeglik te besin oor eie identiteit. Christene wat weet wat hulle is in Christus, sal ‘n beter vermoë hê om hoop te ontwikkel (Chafer 1948:293). Coetzer (2013:212,226) noem ook dat dit belangrik is dat die begeleide ‘n goed-gebalanseerde lewenstyl sal ontwikkel.

### 4.3.4 Die onderskeid tussen “ek hoop” en “ek wens”

Martin (2002:8-26) gebruik ‘n illustrasie van twee studente om die dinamiese eienskappe van die werking van “hoop” in teenstelling met “wens” te demonstreer. Twee studente vra mekaar uit oor hoe hulle dink hulle sou vaar in die eksamen. Beide gebruik die stelling “ek hoop ek sal goed doen”. Die eerste student het egter glad nie kans gekry om te studeer nie, en het boonop die eerste toets in die vak waarvoor sy wel geleer het, gedruip. Die ander student het baie goed voorberei en sien met groot verwagting uit na die uitslae. Die eerste student se hoop is meer ‘n wens as hoop, terwyl die tweede ’n geldige basis het waarop haar hoop gegrond is. Hierdie illustrasie maak die verskil tussen hoop en ‘n wens duidelik en demonstreer dat alhoewel beide

soek na ‘n verlangde uitkoms, hoop ‘n meer konkrete basis het waarvandaan dit werk en dus ‘n beter kans bied om ‘n positiewe uitkoms te gee.

Hoop, as ‘n aksie wat ‘n verlangde uitkoms vooruitsien, ontwikkel vanuit tasbare werklikhede. Dieselfde kan nie van ‘n wens gesê word nie. Hoop kweek verwagting in terme van die potensiaal van ‘n positiewe uitkoms, waar ‘n wens net ‘n desperate gevoel in die persoon kweek dat hy tevrede sal wees wat ook al die uitkoms is. Die voorbereide student het ‘n geldige rede waarom sy kan hoop en sy volg daardie hoop na in ‘n positiewe gedagtegang. Die onvoorbereide student wens maar net dat sy ‘n aanvaarbare uitkoms sal kry, maar daar is geen positiewe aanmoediging nie. Slegs hierdie tipe hoop kan met verwagting geassosieer word en in ‘n positiewe lig uitsien na ‘n verlangde uitkoms, wat alreeds op pad is om openbaar gemaak te word. Wense is slegs in staat om vir ‘n korte duur die innerlike gees van die mens te lig, maar het geen inhoud om dit verder te neem nie.

Uit die aard van hierdie tipe hoop is die stelling waar dat “die hoop beskaam nie”. Alhoewel die apostel Paulus verklaar dat ons nie sien waarvoor ons hoop nie, is ons besig om daarop te wag met volharding, omdat ons reeds in die hede bevestiging het dat die uitkoms van dit wat ons verwag, besig is om te realiseer. Daarom, al sien ons dit nie, verwag (hoop) ons dat die resultate reeds in die pyplyn is. Hoop is so gewortel in die werklikheid van die hede dat die gedagte om teen ons hoop te draai, ‘n irrasionele gedagte sal wees (Martin 2002:24-26).

### 4.3.5 Samevatting

Alhoewel hoop oor die algemeen beskou word as ‘n optimistiese gemoedstoestand, het dit egter dieper betekenis in die sosiologiese, sielkundige en teologiese elemente van versorging, veiligheid, identiteit en die vernuwing van ‘n persoonlike verhouding met Christus Jesus. Hoop is nie ‘n egosentriese gemoedstoestand nie, maar is Christosentries en gebou op die gelowige se stand in Christus, wat nie net na die blinkheid van ‘n welvarende toekoms kyk nie, maar met geloof, verantwoordelikheid en ‘n heilige lewenswandel volhard deur die tye van beproewing en twyfel.

Hierdie tipe hoop, wat ‘n verlossingshoop is, is meer as blote wensdenkery. Die mens wat verlossingshoop het, hou nie net vas aan ‘n wens nie, maar neem deel in die hede aan dit wat uiteindelik sal materialiseer in die toekoms. Hoop sal Afrikanergelowiges dus lei om te kyk na dit wat reeds besig is om te realiseer en te ontwikkel, en hul aanspoor tot deelname totdat die oomblik van volle verwesenliking en vervulling waarvoor gehoop is, aanbreek.

Ware hoop is eerstens ‘n kwalitatiewe stand in Christus (Ef. 2:6); dit skakel die hede en die toekoms met mekaar, dit skep verantwoordelike lewens, sowel as volharding, wat anders is as deursettingsvermoë. Dit is dus moontlik dat as Afrikanergelowiges nie hoop het nie en ‘n mate van ontnugtering beleef, dat so ‘n persoon vanuit die staanspoor nie ‘n Bybelse of Christelike hoop gehad het nie, maar aan ’n valse hoop vashou – iets wat eerder ‘n optimisme of die wens van wensdenkery is as ware hoop.

## 4.4 ‘N TEOLOGIE VAN HOOP: ‘N OORSIG VAN DIE BYDRAE VAN JURGEN MOLTMANN SE *THEOLOGY OF HOPE*

Geen ander teoloog, het volgens Woodbridge (2010:106), soveel gedoen om hoop te beskryf as Moltmann se Theology of Hope nie, wat beskou word as een van die mees belangrikste werke wat die Protestantse teologiese beskouing gevorm het. Hierdie omvattende werk het ‘n dramatiese invloed gehad op die moderne teoloog se begrip van die Eskatologie (Woodbridge 2010:106). Die Eskatologie wat algemeen aanvaar word as ‘n teologie van die gebeure van die eindtyd, en een van die mees belangrikste Christenleerstellings in die Skrif, het veel te doen met hoop. Daar word algemeen aanvaar dat alles wat nog vir die Christen voorlê om te ervaar en om na uit te sien, ook te doen kan hê met die hoop wat die Christen kan hê in hierdie leeftyd.

Aangesien hierdie werk van Moltmann so omvattend is, het die navorser gebruik gemaak van die opsommende perspektiewe van sekere toonaangewende teoloë uit die Christelik evangeliese tradisie, wat oorsigtelik en krities na Moltmann se Theology of Hope gaan kyk het, om dit te evalueer binne die raamwerk van die genoemde tradisie.

### 4.4.1 Teologie is Eskatologie

Vir Moltmann (1967:16) is die teologie van Christenskap in wese Eskatologie. Hy stel Eskatologie soos volg voor:

> "the doctrine of Christian hope, which embraces both the object hoped for and also the hope inspired by it. From first to last, and not merely in die epilogue, Christianity is eschatology, is hope, forward looking and forward moving, and therefore also revolutionising and transforming the present." (Moltmann 1967:16)

Scaer is van mening dat Moltmann se teologie van hoop 'n futuristiese siening is van die werke van God, waar God self onderworpe is aan die prosesse van tyd (Scaer 1970:69). Moltmann (1967:152) beskou nie die Christen se hoop as iets wat uit die waarheid van die verlede herbou moet word nie, maar sien dit eerder as 'n verwagting na 'n totaal nuwe (wat nog nie voorheen ervaar is nie) toekoms, wat voortspruit vanuit God wat ons lei na die toekoms wat Hy voorbeskik het (Woodbridge 2010:107).

Hierdie tipe hoop is die sentrale motiverende faktor in die lewe van die individu en die kerk. Die hele skepping verlang na die vernuwing wat die "God van hoop" sal bring en daarom moet die kerk se sendingvisie die volgende insluit: 'n soeke na reg en geregtigheid in die wêreld, 'n liefde vir die ware lewe van die bedreigde en vernuwing van die verwaarloosde skepping.

Moltmann sien die opstanding as 'n deel van God se geskiedenis waar God optree om in werking te stel 'n:

> "eschatologically determined process of history, whose goal is the annihilation of death in the victory of the life of the resurrection, and which ends in that righteousness in which God receives in all things his due and the creature thereby finds its salvation." (Moltmann 1966:163)

Moltmann se opstanding sluit in die opwekking van Jesus, maar is nie eksklusief daartoe verbind nie en sluit ook die opwekking of oplewing van alle materiële dinge in (Moltmann 1967:226). God bied aan die mens 'n verhewe bestaan en die vooruitsig na 'n beter lewe as hulle dit deur geloof wil aanneem (Moltmann 1967:22). Volgens

Moltmann (1967:23) is die sonde wat mens pleeg "not the evil he does, but the good he does not do, not his misdeeds, but his omissions, that accuse him."

Moltmann (1967:35) se beskouing van realiteit word gesien in die lig van die moontlikhede wat die toekoms inhou:

> "For our knowledge and comprehension of reality, and our reflections on it, that means at least this: that in the medium of hope our theological concepts become not judgments which nail reality down to what it is, but anticipations which show reality its prospects and its future possibilities."

Die uiteindelike vervulling van die hoop-dinamiek word gesien in die realiteit van die komende Koninkryk, wat die kerk voorsien van 'n baie wyer beskouing van realiteit as die private visie van bloot net persoonlike redding en wat 'n visie van transformasie vir die kerk skep as die mense van God (Woodbridge 2010:108). Om hierdie universele koninkryk tot stand te bring mag dit moontlik geregverdig wees om mag te gebruik ten einde hierdie doelwit te bereik. Die Christen kan deel hê aan die revolusionêre stryd, maar moet bewus wees dat die stryd nie die einde is nie, maar dat die veranderende toekoms wat die stryd teweegbring die toekoms tot gevolg sal hê (Scaer 1970:76).

### 4.4.2 Christelike hoop word beskou as die hoop vir die toekoms van die mens en die wêreld deur die koms van die koninkryk van God

Moltmann (1967: 161) beskou die Christelike lewe van geloof as die hoop vir die toekoms van die mens wat nie net die vernuwing van die liggaam verwag nie, maar ook die vernuwing van hierdie aarde (Woodbridge 2010:109). Alle swaarkry en weerstand teen hierdie wêreld moet gesien word in die konteks van en soeke na die nuwe koninkryk van Christus. Om te ly is dus sinoniem met transformasie, want om lyding te verduur is om verander te word en geestelik te groei. God verander en transformeer die mens deur ongunstige omstandighede totdat dit nuwe dag aanbreek (Moltmann 1967:118).

Scaer is van mening dat Moltmann glo dat God se belofte van handeling in die toekoms baie belangriker is as die feit dat Hy nie in die verlede opgetree het nie

(Scaer 1970:70). Wat geïmpliseer word deur hierdie fokus op die toekoms, is dat ons onsself nie moet terugtrek van die wêreld van hoop waarin ons leef in afwagting van die toekomstige voltrekking van alle dinge nie, of met die hoop dat ‘n beter wêreld sal evoleer nie, maar dat ons proaktief moet leef in die hede, met die hoop dat ons deur aktiewe deelname sal bydra tot die skepping van ‘n nuwe wêreld. Ons kan op ‘n proaktiewe wyse hierdie nuwe toekoms teweegbring deur ons aksies.

Moltmann (1967:225-6,118) se begrip van progressiewe openbaring plaas die koninkryk van God as ‘n ontwikkelende realiteit in die menslik gees, wat altyd in ‘n aktiewe sin vorentoe beur, eerder as om in ‘n passiewe sin opwaarts te kyk. ‘n Persoon wat hoop het “leaves behind the corrupt reality and launches out on the sea of divine possibilities” (Moltmann 1967:226). Die spasie tussen die huidige realiteit en die toekomstige moontlikheid word dus beskryf as die spasie waarin progressiewe openbaring plaasvind, omdat God die mens daardeur transformeer na die nuwe werklikheid. Moltmann stel dit soos volg “it is not our experiences which make faith and hope, but is faith and hope that make experiences and bring the human spirit to an ever new and restless transcending of itself” (Moltmann 1967:120).

### 4.4.3 God se beloftes maak kreatiewe dissipelskap moontlik deur te fokus op die verklaring van die Christelike sendingopdrag

Moltmann (1967:152) volgens Scaer (1970:70) beskou geskiedenis as ‘n eskatologiese proses en daarom is die Christelike boodskap nie soseer ‘n verslag oor die verlede nie, maar eerder die verandering van die toekoms. Die hermeneutiek van hoop in God se beloftes is dus ‘n politieke hermeneutiek, wat nie bloot net moet fokus op die verkondiging van die Skrif en ‘n nuwe begrip van die self nie, maar ook op die hermeneutiek van die Christelike sending om die wêreld fisies ‘n beter plek te maak (Woodbridge 2010:109).

Moltmann stel dit soos volg: “no corner of this world should remain without God’s promise of new creation through the power of the resurrection” (Moltmann 1967:328).

Die Christelike teologie word ‘n teorie van Christelike praktyk en breek weg van die mag van die status quo om te bou aan ‘n nuwe werklikheid wat beter met God se toekomsplan ooreenstem (Woodbridge 2010:109). Die verlede en die hede is dus nie so belangrik nie. Wat belangrik is, is dat die toekoms die individu in die hede aangryp en rig om aksie te neem om die toekoms te verander (Scaer 1979:70).

### 4.4.4 Die vraag na ‘n eskatologiese hoop van geregtigheid

Volgens Moltmann (1967:21) is geloof en hoop afhanklik van mekaar en werk saam nie bloot as net nog ‘n vertrooster in swaarkry en lyding nie, maar ook as ‘n protesaksie wat die goddelike belofte teen swaarkry en lyding van stapel stuur.

Die sosio-politieke implikasies van Moltmann se Theology of Hope kan volgens Woodbridge nie net bloot gesien word as ‘n manier om ‘n verklaring te gee van die wêreld, geskiedenis en menslike verhoudings nie, maar om dinge te verander in afwagting op die transformasie wat God sal meebring. Noodgedwonge verandering word nie net voorgestel nie, maar vereis (Moltmann 1967:127). Daar word gevra na ‘n strewe vir ‘n wêreld van geregtigheid, die humanisering van die mensdom, die sosialisering van die mensdom en vrede vir alle mense as ‘n uitkoms vir die teologie van hoop (Woodbridge 2010:109). Die mens moet dus ten alle koste streef om dit te bereik.

### 4.4.5 Dit is gebaseer op die sekulêre filosofieë van Marx en Hegel

Volgens Woodbridge (2010:110) en Scaer (1970:74) is Moltmann beïnvloed deur Marxisme en die filosofieë van Georg Hegel, en het Moltmann die idees van Hegel gebruik om ‘n Christelike alternatief vir Marxisme te skep. Dit is waar Moltmann se idee van eskatologiese hoop, wat uitloop op ‘n volmaakte aardse koninkryk met universele deelname, vandaan kom. Hy gebruik Hegel se idees om sekere van die Christelike leerstellings te herinterpreteer in ‘n eskatologiese konteks en gevolglik is sy teologie duidelik ‘n sintese tussen menslike filosofie en teologie. Onder hierdie filosofie is Scaer van mening dat daar dan geen bonatuurlike sfeer kan wees waar God reeds in ewigheid bestaan nie, want God is onderworpe aan die prosesse van tyd en gebind aan die uitkomste daarvan (Scaer 1970:71).

Scaer is van mening dat Moltmann se verklaring dat alles in die toekoms ontvou en dat niks in die hede of in die verlede as absoluut vas en waar gesien kan word nie en dat alles dus onder korreksie staan, ‘n valse weergawe van die Nuwe Testament se teologie is, aangesien daar baie konkrete handelinge van God is wat as absoluut waar en onbetwyfelbaar staan (Scaer 1970:74).

### 4.4.6 Die hoop vir ‘n opgeruimde aardse toekoms as ‘n valse hoop

Woodbridge is van mening dat as Moltmann gebruik maak van Hegel se sintese om sy teologie en Eskatologie te vorm, dan het hy as gevolg hiervan besluit om die onverenigbare elemente van sy afleidings tot ‘n nuwe en beter toekoms te laat leiding gee in sy besef dat God nie die wêreld sal laat eindig in oordeel nie (Woodbridge 2010:110). In plaas van oordeel, is Woodbridge verder ook van mening dat Moltmann die Skrif ter syde gestel en aangekondig het dat die hele wêreld en die hele skepping afstuur op ‘n aardse paradys of utopia, en dat ‘n progressiewe aflegging van boosheid besig is om plaas te vind. Volgens Moltmann (Woodbrigde 2010:110) is God besig om te herskep en staar die wêreld ‘n blink, nuwe toekoms in die gesig en nie ‘n apokaliptiese oordeelsdag nie.

Hy verwerp die duidelike profesie van 2 Petrus 3:10-12 en eis dat God die aarde wil herskep met ons hulp (Woodbridge 2010:110). Onder hierdie teologie kan die toekoms selfs vir God ‘n verrassingselement insluit, wat in wese beperk word deur die onvoorspelbaarheid van tyd (Scaer 1970:69,70). As die Skrifopenbaring spreek van herstel, dan maak dit voorsiening vir herskepping deur oordeel. Dit spreek in werklikheid van die manier waarop ongeregtigheid beëindig gaan word en dit beskryf die nuwe wat uit die oue te voorskyn gaan kom, slegs as die oue vernietig word. Derhalwe moet Moltmann se sintese, volgens Scaer, wat die vernietiging of oordeel van God ontken, as ‘n menslike teologie van hoop beskou word wat nie getrou is aan die Skrifopenbaring nie (Scaer 1970:70).

#### 4.4.7 Moltmann se siening dat die opstanding van Jesus Christus bloot 'n beskouing van geskiedenis is, eerder as 'n historiese feit, verwerp die boodskap van die evangelie

Moltmann (1967:226) beskou die voorveronderstelling van Christus se opstanding as ie basis vir 'n nuwe siening van geskiedenis, in die sin dat God steeds betrokke is in die herskepping van die geskiedenis in 'n nuwe toekoms. Die opstandig word dus nie bloot as 'n historiese feit beskou omdat dit in die verlede plaasgevind het nie, maar omdat dit steeds in hede die geestelike weg wys na 'n hoopvolle nuwe toekoms. Die opstanding moet dus gesien word vanuit 'n toekomstige perspektief, asof Christus tans ook besig is om op te staan, en nie uit 'n historiese perspektief nie (Scaer 1970:73). Scaer is van mening dat dit vir Moltmann slegs 'n historiese feit is, bloot omdat dit in 'n eskatologiese toekoms-openbaring materialiseer en daarom lê die begrip van die toekoms nie in dit wat in die verlede gebeur het nie, maar dit waarheen die Here ons in die toekoms sal lei.

Die bewys van die tipe wêreld wat gevorm gaan word, lê in die toekoms waarheen God die geskiedenis van die mens lei. Woodbridge (2010:111) is van mening dat Moltmann se beskouing van die Christen se hoop nie gegrond is op die liggaamlike opstanding van Jesus Christus wat 'n bewys gelewer het van die aanspreeklikheid van hul sonde nie (soos Paulus in Handelinge 17:31 verklaar het), maar in die opstanding vanuit 'n geestelike perspektief dat dit 'n beskouing is van die geskiedenis wat soek na 'n hoopvolle toekoms.

Hierdie ontkenning van die werklikheid van 'n historiese opstanding van Jesus Christus is teenstrydig met dit wat Paulus in 1 Korinthiërs 15:14 verklaar, naamlik as die opstanding nie letterlik is nie, is ons geloof "tevergeefs". Die ontkenning van die fisiese opstanding van Jesus Christus is 'n ander evangelie, waar daar nie versoening is tussen God en die mense op grond van die betaling van die sondeskuld nie. Volgens Scaer (1970:97) is Moltmann se konsep van versoening slegs 'n gebeurtenis tussen twee mense, magte en moondhede, wat plaasvind deur politieke en soms revolusionêre optrede. Sy beskouing van versoening verskil van die Bybelse siening dat versoening tussen God en die mens plaasvind, omdat die mens skuldig is voor

God vir sy eie misdade. Die ontkenning van die opstanding is dus ‘n ontkenning van die aanspreeklik van die mens om sy ongeregtigheid te bedek met ware geregtigheid.

### 4.4.8 Samevatting

Moltmann se teologie van hoop is geensins ‘n oppervlakkige bevestiging van die krag van positiewe denke nie, maar wel ‘n erkenning van die swaarkry en ongeregtigheid van die wêreld waarin ons leef. Deur hierdie erkenning kan mense wat hulle in die mees wanhopige situasies bevind, hoop hê.

Moltmann se teologie van hoop kan ook voorkom as ‘n sosiale of maatskaplike bemagtigingsteologie, wat slegs fokus op die moontlikhede van sosio-ekonomiese en maatskaplike transformasie van die wêreld in die toekoms. Moltmann het in sy teologie die mees belangrike element van die evangelie uitgelaat, dit wat te doen het met nie net bloot die fisiese en beter moontlikhede nie, maar wat ook hoofsaaklik te doen het met die mens se geestelike aanspreeklikheid voor God vir sy eie sonde en ongeregtigheid, transformasie of vernuwing van die lewe en die geloofslewe van individuele gelowiges.

Die hele wêreld lê in die mag van die bose (1 Joh. 5:19); die geregtelike oordeel van God oor die sonde van die mens is volgens die Skrif ‘n huidige en toekomstige aardse werklikheid. Onder hierdie oordeel van God word sy toorn daagliks geopenbaar oor hulle wat die waarheid onderdruk en gee Hy hulle oor aan die uitkoms van hulle eie sondigheid (Rom. 1:18, 24; 2 Thess. 2:10-12). Die hart van die mens is verdorwe en sal nie natuurlik wil soek vir verbetering nie (Ef. 4:18; Rom. 3:23).

Deur die liggaamlike opstanding van Jesus Christus te beperk tot ‘n historiese effek in die gedagtes van Afrikanergelowiges, verwerp Moltmann die fondasie van die Afrikanergelowige se hoop, wat in die evangelie van Christus Jesus se sterwe en opstanding gegrond is. Hierdie Christelike hoop behels die hoop van ons saligheid (1 Tes. 5:8), die inwoning van die Gees, naamlik “dit is Christus onder (in) julle, die hoop van die heerlikheid” (Kol. 1:27), die hoop van die gelowige se toekomstige opwekking uit die dood (Hand. 24:15), en die “salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus” (Tit. 2:13).

Om hierdie geestelike evangelie en beloftes te verwerp, is soos om die diamantring weg te gooi terwyl ons die houer waarin dit gekom het, behou. Behalwe vir die feit dat die bostaande analogie waar is, is dit ook belangrik om te sê dat enige verandering, van watter aard ook al, wat aan die evangelie aangebring word, beskou moet word as ‘n “ander” evangelie, wat volgens Paulus geen belofte van seëning inhou nie, maar eerder as ‘n vervloeking gesien kan word.

Dat Moltmann se teologie van hoop Afrikanergelowiges se hoop kan vestig op ‘n nuwe toekoms, kan nie ontken word nie. Hierdie teologie, wat ook aspekte van die Afrikanergelowige se teologie gevorm het, kan egter moontlik meer bydra tot die frustrasie wat kom as gevolg van die teleurstelling van die effekte van ‘n nie gerealiseerde belofte in ‘n vervalle wêreld.

## 4.5 ESKATOLOGIESE VERNUWING AS HOOP

### 4.5.1 Die verlossing van die toekoms

Van Rensburg (2010:201-228) gebruik die unieke, onvriendelike omgewing waarin die geadresseerdes van 1 Petrus hul geloof moes uitleef, om uit te beeld hoedat hoop “’n huidige werklikheid, met die verwagting van volle vervulling in die toekoms” is. Hy verklaar dat hoop in 1 Petrus 1:3 gekwalifiseer word deur “die opstanding van Jesus Christus uit die dood.” Sy definisie van hoop is “om uit te sien na die vervulling van God se verlossingsbeloftes met selfvertroue, gebaseer op die opstanding van Christus” (Van Rensburg 2010:219). Christene word dus hierdeur “bemagtig” (Van Rensburg 2010:226) om op hulle moeilike omstandighede te reageer deur nie te vergeld nie, maar deur aan te hou goed doen, aangesien hulle weet dat hulle deur God se oordeel, wanneer Christus terugkeer, gevindiseer sal word. Die Eskatologie van 1 Petrus verskaf dus hoop en vindikasie vir gelowiges wat onder diskriminasie en verontregting gebuk gaan, omdat hulle tydelike en permanente uitlanders is” (Van Rensburg 2010:225).

Volgens Botman (2004:509) behoort die transformasie van die samelewing na ‘n hoopvolle nuwe bedeling tweeledig te wees. Eerstens behoort daar ‘n vertikale transformasie of wedergeboorte (Joh. 3) te wees – die verandering in die beeld van “nuwe Mens” Jesus, die opgestane Here; en tweedens, ‘n horisontale transformasie (1 Joh. 4:7-13) – ‘n navolging van Jesus. Om besorg te wees oor die vertikale transformasie is ook om besorg te wees oor die horisontale transformasie. Hierdie nuutheid wat die transformasie teweegbring, is die evangelie, maar kan ook nie geïsoleerd van die Eskatologie staan nie.

Die Eskatologie is, volgens Botman (2004:510, 512), die teologie van transformasie. Die ware karakter dan van die Eskatologie in hierdie sin, is om te lewe asof ons nie oorheers of geïntimideer word deur die tydelike nie en om aan te neem dat die tyd kort is en dat die huidige wêreld besig is om verby te gaan. Terwyl ons nie aan hierdie huidige vorm van die wêreld gelykvormig wil word nie, streef ons na die realiteit van ‘n nuwe werklikheid wat nog nie bestaan nie, maar wat in die geestelike werklikheid van die beeld van Jesus Christus ontwikkel kan word. Botman (2004:513) stel dit soos volg: “Transformative living is living in the presence of the future inaugurated by Jesus Christ”.

In die lig hiervan vra Martin (2002:99) die volgende belangrike vraag: Hoe help ons hoop in die ewige lewe ons om die hede te transformeer? Die lewende aspek van transformasie wat in die ewige lewe opgesluit is, word in die Christen se huidige hoop gemanifesteer. Daarom is die kerk se boodskap van hoop ‘n boodskap van hoopvolle verandering – ‘n leefstyl van afwagting na die deelname aan die ewige lewe (Martin 2002:99). Christene moet dus versigtig wees om nie te leef asof die verlossing in al sy moontlike vorme alreeds gekom het nie; daar bly nog die aanbreek van die volle verwesenliking van die verlossing oor. Netso moet ons ook versigtig wees om nie te leef asof die volle werklikheid van ons totale verlossing reeds besig is om uit te werk nie.

Die kerk se hoop is dus waar beide die hede en die toekoms saamkom in ‘n lewe van geloof. As die kerk leef net vir die hede, dan beperk hulle God se verlossingsplan, en as hulle leef net vir die toekoms, sal die kerk vergeet om in sy karakter te verander om die hede te beïnvloed. Die kerk wat net hoop op die toekomstige verlossing sal nie

enige invloed uitoefen op die hede nie, en sal sy lede verkeerdelik leer om te dink dat die probleme van die hede nie enige werklike waarde het nie en daarom nie werklik probeer om ‘n verbetering aan te bring nie. Die kerk wat net na ‘n toekomstige verlossing kyk, sal die werk van God in die hede miskyk en beperk. Hierdie tipe blindheid maak die deur oop vir ander areas van blindheid by die kerk en sodoende word die motivering om te verander prysgegee. Hierdie situasie kan lei tot ‘n oppervlakkige geloof wat nie ‘n sin het van die werklikheid nie en indien dit by geleentheid getoets word, sal dit moontlik te lig bevind word (Martin 2002:100).

### 4.5.2 Hoop vir die toekoms uitgeleef in die hede

Martin (2002:101) verklaar dat die kerk moet leef in die ruimte wat die samekoms van die hede en die toekoms skep. In hierdie ruimte leef die kerk in die hoop waar die werklikhede van ‘n toekomstige verlossing uitspeel in die goddelike invloed van die hede. As gevolg van God se gawe van verlossing, kan daar ‘n deelname in die hede wees aan dit wat ewige lewe bied. God se werk in die hede het alreeds vêrreikende gevolge in die toekoms, ver verby die beperkings wat geskiedenis daarop wil plaas.

Die hoop wat die kerk op die ewige lewe het, maak die kerk aktief in die werk van God in die hede en bring sodoende verandering in mense se lewens. Hierdie verandering, volgens Martin (2002:101), is in die manier hoe ons ander mense sien, die manier hoe Christene optree en die strewe na reg en geregtigheid. Hierdie hoop verander die lewens van Christene op ‘n dramatiese wyse en stel hulle in staat om ‘n verskil te maak, en is dus ook in wese ‘n maatskaplike of sosiale hoop.

### 4.5.3 ‘n Ekologiese hoop

‘n Ander toonaangewende siening wat in die Christelik-teologiese ruimte met hoop verbind word, het te doen met die ekologie van die fisiese aarde. Daar is talle doemprofete wat vandag spreek van die naderende ekologiese ramp wat op die mensdom afstuur indien die mens sou voortgaan in sy huidige verwerping van die klaarblyklike waarskuwingstekens. Rondom hierdie naderende krisis word daar baie

gespekuleer en gefilosofeer om ‘n werkbare oplossing te kan vind waardeur ons hierdie afwaartse tendens kan keer.

Die Christelike liturgie het die potensiaal om hoop te bring vir die mensdom wat ‘n naderende ekologiese katastrofe in die gesig staar (Hessel-Robinson 2010:9). Terwyl daar ‘n angstigheid en wanhoop bestaan oor die donker wolk wat hang oor die mensdom se interaksie met die ekologiese wêreld, ‘n wolk wat al hoe meer dreigend word, is dit die mensdom se traagheid om op te tree wat die wanhoop veroorsaak (Hessel-Robinson 2010:10). Terwyl vele hulle wend na ‘n meer selfonderhoudende leefstyl, is daar meer mense wat ‘n tipe fatalistiese siening van die saak het en nie glo dat daar enige noemenswaardige verskil is wat die mens kan maak nie. Die grootte van die probleem verdwerg enige aksies of strategieë wat geneem kan word. Mense is nou meer gesteld op selfbewaring, omdat die gevaar van ‘n naderende ekologiese ramp nie meer ‘n wetenskaptydskrif-nuusberig is wat fokus op die toekoms nie, maar ‘n dagbladartikel wat berig lewer oor die hede (Hessel-Robinson 2010:11).
Hierdie vrese en wanhoop vorm die konteks waarin die kerk byeenkom om te aanbid. Die vraag word dan gevra: Kan die kerk se liturgiese lewe enige noemenswaardige verskil maak in die hart van die mens wat aan apatie en depressie ly wat die naderende ekologiese ramp aanbetref? Is daar enige hulp te bied uit die tradisies van die kerk om te help met hierdie groot probleem? (Hessel-Robinson 2010:11). Die Christen se morele lewe is afhanklik van deelname aan die liturgie van die kerk en dat hierdie aanbiddingslewe die mens se kosmiese bewustheid en ekologiese verantwoordelikheid moet beïnvloed.

Die Christelike kalender het die potensiaal om hoop te bring ten aanskoue van die naderende ekologiese ramp, omdat die kerk se kalender Christene roep om getrou te wees aan God, wat weer getrou is aan sy eie skeppingswerk. Hierdie tipe hoop kan in die gedagtes van Christene gevorm word deur die verhale van Israel en van Jesus Christus. Wanneer die kerk saamkom op die eerste dag om die opstanding van Jesus Christus te aanbid, dan word die gemeente se verbeelding weer opnuut aangegryp deur die beloftes van redding. Ook hier gaan Hessel-Robinson (2010:11) in die baie populêre rigting van die mensdom se vermoë om deur ‘n tipe vernuwingseskatologie deel te neem aan die vorming van ‘n herskape ekologie: “When the eschatological dimension of the liturgy is prominent, the imagination of the Christian assembly can

be inspired to anticipate a hope-full future for the cosmos, and to participate in shaping it" (Hessel-Robinson 2010:11). Hierdie baie populêre beskouing is dat as die kerk nie kan deelneem aan die herskepping van die ekologie nie, dat die Christelike geloof niks meer is as net 'n handige geestelike terapie nie.

Volgens die teologie van die "ekologiese" hoop, is geloof, wat geen noemenswaardige bydrae maak in die fisiese wêreld waarin ons leef nie, net nog 'n passiewe manier om die vervallenheid van die wêreld waarin ons te leef, te hanteer, en nie werklik in staat om iets noemenswaardigs daaraan te kan doen nie. Hessel-Robinson (2010:12) verklaar Christenskap is eskatologie, is hoop, is vooruitkyk en vooruitbeweeg, en is daarom ook revolusionêr en transformerend wat die hede aanbetref. Die Christen se proaktiewe deelname in die Eskatologie word deur hierdie populêre "red-die-ekologie"-teologie beskou as nie bloot net nog 'n element van Christenskap nie, maar in der waarheid as die wese van die Christelike geloof, die sleutel tot die ontsluiting van 'n nuwe dag. Dit is waarom die kerk, volgens hierdie siening, uniek geplaas is om 'n noemenswaardige verskil te maak om hoop te verskaf aan die mensdom. 'n Hoop wat 'n fisiese aarde ontwikkel wat kan voorsien vir die nageslag.

Dit is op hierdie stadium belangrik om te verstaan watter invloed Jurgen Moltmann se teologie van hoop in hierdie populêre beskouing het. Hessel-Robinson se gebruik van Moltmann se teologie is insiggewend. Hy maak daarop aanspraak dat die universele aard van die Christelike hoop die fisiese heelal insluit en dat God se beloftes aan sy skepping beteken dat Hy nie sy skepping kan prysgee nie. Hierdie aanspraak is eie aan Moltmann se teologie, wat waarsku dat 'n Eskatologie wat te nou gefokus is op die mensdom se toekoms op aarde, oftewel, 'n toekoms wat nie die fisiese aarde insluit nie, 'n valse hoop skep: "Christian eschatology must be broadened out into cosmic eschatology, for otherwise it becomes a gnostic doctrine of redemption, and is bound to teach, no longer redemption of the world but a redemption from the world, no longer a redemption of the body but a deliverance of the body" (Hessel-Robinson 2010:16).

Hierdie beskouing gaan van die teologiese voorveronderstelling af uit dat God nie sy eie skepping sal verwoes nie, maar eerder sal transformeer tot 'n nuwe mens en

daarmee saam ‘n nuwe kosmos. Met ander woorde, hiervolgens is hierdie nuwe skepping nie ‘n vervanging van die ou een nie, maar ‘n vernuwing daarvan. Die liggaam en aarde sal dus nie verwoes word nie, maar voortgaan om vernuwe te word, totdat dit word wat God se wil was met die skepping (Hessel-Robinson 2010:18). Die eskatologiese visie van boeke soos Jesaja byvoorbeeld, beskryf dus nie ‘n verlossing na ‘n “ander” wêreld nie, maar ‘n vernuwing van die ou wêreld tot ‘n ruimte waarin vrede en volheid seëvier. Die wolf wat by die lam lê is ‘n verhaal wat die werklikheid van ‘n hernude toestand op aarde beskryf (Hessel-Robinson 2010:19). Die kerk is dan, volgens hierdie siening, goed geplaas om hierdie vernuwing ‘n realiteit te maak en aan te moedig deur sy liturgie van vernuwing en aanbidding van die God van vernuwing.

As ons in ag neem wat hierdie teologiese beskouing voorstel en ons aanspoor om te doen, dan moet dit ook vanselfsprekend wees dat die resultate van hierdie beskouing duidelik te sien sal wees in die wyse waarop die kerk gehoorsaam is aan sy skeppingsdoel. As God ons dan, volgens hierdie ekologiese “vernuwings”-teologie, die verantwoordelikheid opdra om onsself en die fisiese wêreld te vernuwe, moet daar tekens wees dat hierdie invloed werk. Dit sal dus normaal vir ons om te verwag dat daar tekens van vernuwing oral duidelik sal wees. Tog, as ons na die wêreld kyk, is die tekens eerder teenstrydig met die vernuwingsteologie. Daarmee saam is die Skrif dit eens dat die aarde wel “verander” sal word deur die oordele van God (2 Pet. 3:7).

### 4.5.4 Samevatting

Die basiese beskouing wat ons in hierdie gedeelte van die navorsing bestudeer het, is dat die Eskatologie die teologie van die transformasie van die toekoms deur ‘n aktiewe en veranderde lewe in die hede is. Die ware karakter van die Eskatologie is om te lewe vir die toekoms asof ons nie deur ons huidige omstandighede oorheers of geïntimideer word nie. Die boodskap van hierdie benadering tot die Eskatologie is die boodskap van verandering.

‘n Ware Christenhoop is dus waar die toekoms en die hede saamkom in ‘n lewe van ‘n praktiese geloof, waar die Christen sy hoop uitleef deur te werk om die ekologiese

wêreld te bevry van alles wat dit wil beëindig en dit te vernuwe deur ‘n proaktiewe vernuwingsteologie. Met inagneming van die studieveld waarin ons verkeer, is dit moontlik dat die Afrikanergelowige wat wanhopig en ontnugter voel, nie aktief deelneem aan die vernuwingsproses van die aarde nie. Omdat hierdie siening die geestelike werklikhede van wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees uitsluit, mag so ‘n benadering die Afrikanergelowige mislei om te dink dat ons hoop lê in slegs die voordele van ‘n verbeterde aarde en nie in Jesus Christus nie.

## 4.6 HOOP AS ‘N UITKOMS VAN PASTORALE BEDIENING

### 4.6.1 Die kerk toegerus om hoop te bied

In Venter (2003:35) se artikel oor die prediking van hoop aan getraumatiseerdes in die huisgesin van God (die kerk), verklaar hy dat “Christene van die vroeë kerk hulleself as naasbestaandes van mekaar beskou het” en dat hierdie “vroeë Christene se geboorte as deel van God se huisgesin … aan hulle ’n nuwe status … nuwe familie en hoop op ’n nuwe erfdeel” gegee het. Hy meen dat die “etos van hierdie nuwe gesinsverhouding tussen gelowiges, en die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan …’n groot bron vir die bevestiging van die Christene se status” was en gelowiges aangespoor het tot “hulp aan mekaar” (Venter 2003:35). Uit Venter se gebruik van die Nuwe Testamentiese boek van Hebreërs het hy sekere sleutelbegrippe uitgelig, soos “die hoop” (Heb. 3:6), “hoop wat voorlê” (Heb. 6:18), “’n beter hoop waardeur ons tot God nader” (Heb. 7:19), en “geloof is ’n oortuiging van hoop” (Heb. 11:1) (Venter 2003:35). Nie net het hy hierdie sleutelbegrippe in Hebreërs uitgelig nie, maar dit ook toegepas in gemeentelike toerusting om getraumatiseerdes te help. ‘n Voorbeeld hiervan, beweer Venter (2010), is die boodskap van Hebreërs 6:18 waar die prediker gelowiges aanspoor om vas te hou aan die hoop wat hulle reeds het.

Venter (2010:137-157) bespreek hoop as deel van die “pastorale kernelement” in Hebreërs. Hy stel dit dat die outeur van Hebreërs hoop gebruik het om die essensie van geloof te definieer. Sy letterlike interpretasie van Hebreërs 11:1 is: “Die geloof is die versekering van hopende” (Venter 2010:152). Verder identifiseer hy dat geloof, hoop en volharding in Hebreërs gekombineer word en haal Hewitt (1975:171) aan wat

geloof definieer as die “titelakte, of die kaart en transport van die dinge waarop gelowiges hoop vir môre”. Venter (2010:155) se konklusie is: “Die pastorale elemente van hoop en volharding kan toegepas word in die herderlike versorging van sterwendes, twyfelaars en verslaafdes wat terugval in verslawing.” Hy moedig mense aan om Hebreërs te gebruik as “toepassingsveld vir die herderlike bediening”.

Volgens Venter (2003:36) blyk dit noodsaaklik te wees om die gemeente toe te rus met die wete dat hulle as lede van die een huisgesin van God, toegerus deur sy Woord en Gees, mekaar moet toerus en versterk. So is die bemoediging en versterking van die traumalyer met Christelike hoop die verantwoordelikheid van die hele gemeente as lede van een gesin. Die hoop in die huisgesin is iets waaraan vasgehou moet word met moed en oortuiging. Hierdie moed en oortuiging word gebore vanuit die hoop. Die voordele wat ons deur die Seun in die huishouding het, lê deels nog in die toekoms, en daarom is dit ’n saak van hoop. Alles hang dan af van hierdie hoop as ‘n tipe geestelike uithouvermoë. Die versekering van deel wees van die huishouding van God, is dus geleë in die vasberadenheid van hoop.

Uit hierdie perspektief blyk dit dat daar een essensiële teelaarde is waar hoop geproduseer en aangemoedig kan word. Dit is in die intieme werksaamhede van die gemeente as huisgesin van God. In hierdie area wat deur die Woord van God gevoed word, kry die ontnugterde, getraumatiseerde persoon die geleentheid om bemoedig en versterk te word deur die karaktereienskappe van die geestelike eenheid wat bestaan. Hoop is die tema van die bediening van geestelik meer volwasse gelowiges aan die swakkes (Gal. 6:1-2). Dit kom voor by die traumalyer wat wil moed opgee as gevolg van die druk waaronder hy/sy verkeer, maar bemoedig word deur die gemeente om weer te probeer en ‘n reeks van weer-probeer-sessies te beoefen, om sodoende ‘n hoopvolle toekomsbeeld van geloof in die God van die toekoms te bou (Venter 2003).

Pastorale sorg, volgens Steyn en Masango (2012), bring hoop as ‘n praktiese uitlewing van God se wil. Hulle meen dat Christene selfvertroue kry as hulle vir ander mense sorg, op die basis van die feit dat hulle hoop in God se hulp is. Daar is dus ware Christelike hoop in die feit dat by ons die verwagting geskep is dat ons dinge in ander se lewens kan verbeter. Verder stel Steyn en Masango dit dat God werklik omgee vir mense en daarom kom vertroosting en versorging van God self af (2 Kor.

1:3,4) (Steyn & Masango 2012). Dié wat eredienste en kleingroep aktiwiteite bywoon, is gesonder en leef langer (Coetzer 2013:229).

### 4.6.2 Pastorale prediking as die taal van hoop

Een van die belangrikste faktore van Bybelse berading is om hoop te verskaf (Adams 1970:139). Blywende Bybelse verandering kan nie plaasvind sonder hoop nie (Mack 1994:189). Bybelse berading, volgens Adams (1970:44-50), impliseer drie dinge, naamlik dat daar wel probleme is wat aangespreek moet word, dat die probleme deur verbale maniere aangespreek moet word en dat die doel van berading altyd sal wees om die beradene te bevoordeel deur verandering voor te stel (1 Kor. 4:14). Bybelse berading skep die geleentheid vir intensiewe, interpersoonlike gesprekvoering met individue, pare en gesinne "wat worstel met brandende geloofs- en lewensvrae" en die soeke na Bybelse oplossings (Heb. 4:12; Jak. 4:1-4). Dit is ook 'n "Skrifgefundeerde fasiliteringsproses waartydens die berader spesifieke vaardighede benut om die beradene te help om meer effektief en selfstandig te funksioneer sodat hy kan antwoord aan sy skeppings- en herskeppingsdoel, naamlik om God te verheerlik" (Steenkamp 2007).

Hoop is soos 'n lelie in troebel waters (Vos *et al.* 2007:11). Die lelie blom in die water en, soos die lelie, groei hoop in die troebel water van slegte omstandighede. Hoop kan dus voortbestaan beide in modderwater en in volle blommeprag. Hoop in hierdie konteks herinner ons ook aan kwesbaarheid. 'n Mens is steeds in staat om God te prys, ten spyte daarvan dat die persoon depressief mag voel. Mense wat God in moeilike tye loof en prys, is dikwels meer opreg, en hierdie tipe lofprysing is meer dinamies as in tye van oorvloed (Vos *et al.* 2007:11). Hoop is die draer van lig in die donker tye van die lewe. Die boodskap van 'n prediker is 'n houer van hoop (Vos *et al.* 2007:18). Mense kom na die huis van die Here met angstigheid, wanhoop en kwellende vraagstukke en die boodskap neem die geneesmiddel van hoop na hulle.

Volgens Vos *et al.* (2007:18) is twee van die mees pynigende gevoelens in die mens se lewe, eensaamheid en 'n gevoel dat God nie antwoord nie. Daarom moet God weer die stem wees en gesig wys in die prediker se boodskap. Die lig van God moet skyn

deur die prediking van die boodskap. Die prediker lei die gemeente deur die woestyn van onsekerheid en twyfel na die kruis, waar verlossing en genesing aangebied word, want elkeen wat in Christus is, het hoop (Vos *et al.* 2007:19). Om "in Christus" te wees, beteken dat ons 'n band met Hom het en Hom kan vertrou in enige omstandighede. Hy, Jesus Christus, is die Helper en die Een wat hoop gee. Die boodskap wys mense heen na die Gewer van hoop.

Vos *et al.* (2007:20) verduidelik dat poësie, deur gebruik te maak van taal, 'n wêreld kan skets wat terselfdertyd 'n teen-wêreld projekteer. Poëtiese taal, wat deel is van die Skrif en van 'n preek, skep 'n nuwe wêreld van betekenis, wat gegrond is op en afgelei word van kenmerkende onderwerpe, tradisies en motiewe. Die prediker skep dus deur sy woorde 'n lied in die donker. Deur sy unieke digkuns weef hy hoop in as 'n kleur in die kleurlose tapisserie van die lewe. Net so is die metafore waarvan hy 'n verklaring gee of selfs eiehandig skep, 'n stuk gereedskap waarmee hy die verbeelding van die Christen uitbeitel en vorm. Liturgie is die ruimte waar hoop sy ervaring begin en daaroor seëvier (Vos *et al.* 2007:25). God neem ons in die toekoms in met sy Woorde, 'n toekoms waar God self is en waarvoor Hy self die waarborg is. Deur die prediking van hoop, leer ons dat die toekoms reeds begin het. Die wêreld is die ruimte waarin lewe geput kan word uit hoop uit. Dit is die plek waar die beloftes van die boodskap uitgeleef en ervaar kan word. Hierdie tipe hoop dra mense gedurende die reis.

Grözinger (in Vos *et al.* 2007:91) verklaar dat daar 'n geweldige afname in kerklidmaatskap is in Duitsland. In sy plaaslike gebied is daar slegs sowat twintig persent van die mense wat formeel aan 'n kerk behoort. Volgens hom is godsdiens nie meer verbind tot die institusies van godsdiens, soos die "Staatskirche" nie, maar het dit verander na 'n individuele en persoonlike godsdiens. Sy hipotese is dat die hedendaagse boodskappe die lewenstories of ervaring van die individu moet aanraak. Die prediker moet bewus wees van die uitdagings van die individu onder die wêreldstelsel van globalisering. Die geweldige toename in populariteit van die film-industrie is 'n bewys hiervan. Films is niks anders as 'n massiewe masjien wat die kollektiewe storie vertel van die mensdom se lewenservaringe nie (Vos *et al.* 2007:92). Mense wil die lewe kan interpreteer en daaruit sin maak.

### 4.6.3 Samevatting

Die kerk as die huisgesin van God, kan deur die opbouing en uitlewing van die geestelike gesinsverhouding tussen gelowiges, waar hulp en versorging aan mekaar beskikbaar is, hoop voorsien. Christene, wat in die konteks van hierdie navorsing Afrikanergelowiges insluit, kan in die bydrae wat die gemeenskap van die heiliges maak en deur die pastorale element van hoop, aangespoor word om self hoop te hê. Die gemeente is dus 'n teelaarde vir hoop, die pastorale prediking in die gemeente is die taal van die bedieningshoop, en die liefde van Christene is die draer van hierdie tipe hoop. Die lig van God wat skyn deur die prediking van die Woord van God, gee lig op die pad na hoop. Elkeen wat in Christus is, het hoop – die verwagting vir 'n beter toekoms. Die liturgie van die kerk is die ruimte waar hoop gevorm word. Dit gee mense sonder hoop die vermoë om die lewe te verstaan en sin daaruit te maak. In teenstelling hiermee kan dit ook gestel word dat hulle wat nie hoop het nie, in alle waarskynlikheid nie deelneem aan die hoop-belewenis van die gemeente nie.

Die navorsing uit hoofstuk 3 het aangetoon dat die Afrikanergelowiges se deelname aan enige vorm van kerkbywoning of geloofsgemeenskap aktiwiteite besig is om af te neem. Die bevindinge van Steyn (2005) bied die skokkende werklikhede van die afname in die bywoning van Afrikaanssprekende jongmense aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk. In sy opinie is dit nodig dat kerke meer doelgerig en postmodern moet wees, met groter fokus op vermaak, om sodoende die aandag van die jongmense te behou. Hieruit blyk dit dat kerke uit voeling is met die geestelike behoeftes van die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap.

## 4.7 DIE HOOP VAN DIE PREMILLENNIALISME

'n Groot gedeelte van die literatuurstudie het gefokus op die beskouing van hoop deur teoloë wat die Eskatologie sien as die toekomstige vernuwing van die ou mens en die ou aarde wat in die hede gerealiseer word. Hierdie tipe maatskaplike, sosiale of vernuwingshoop wil deur die proaktiewe deelname van Christene in alle fasette van die lewe, hoop genereer. In afdeling 4.6 hierbo word daar gefokus op 'n meer geestelike vorm van bedieningshoop, waar die kerk 'n prominente rol speel. In die volgende deel word 'n ander siening van hoop nagevors. Hierdie besonderse

beskouing van die hoop van die Christen, wat welbekend is onder die Afrikanergelowige respondente wat deel was van die navorsingsveld, soos onder punt 1.2.1 afgebaken is, het ‘n invloed gehad het op hierdie groep se lewensbeskouing en toekomsverwagting. Hierdie beskouing van die eindtydgebeure plaas die aandag op God se Eskatologiese verlossingswerk van Israel en die kerk, en ontwikkel hoop aan die hand van gebeure wat nog in die toekoms voorlê (Ryrie 2007)

Gegewe die feit dat die navorsingsveld tot die onafhanklike Baptiste kerkgroepering afgebaken is, moet die teologiese tradisie van die Afrikaanse Baptiste kerkgemeenskap erken word in hierdie navorsing, omdat dit die teologiese tradisie is wat die Afrikanergelowiges wat in hierdie navorsing beskryf word, beïnvloed het. Blackwell (1994:1,11,14,18) beskryf die besonderse invloed wat Charles Haddon Spurgeon se praktiese en geestelike benadering tot die behoeftes van Christene op die teologiese tradisie van die Baptistekerk in Suid-Afrika gehad het. Blackwell (1994:18,31) is vêrder van mening dat die Suid-Afrikaanse kerkgemeenskap voordeel getrek het uit die Spurgeon se unieke bedieningstrategie, wat behels het die opleiding van gemeentelike leiers, aanmoediging van teologiese studies, ondersteuning van ‘n meer persoonlike styl van pastorale bediening en leierskap wat gekant is teen enige vorm van afvalligheid en gemeentewye evangelisasie. Blackwell (1994:17) verwys ook na die behoefte om die moontlike verskuiwing in Spurgeon se eie teologiese struktuur van ‘n streng Puriteinse en Calvinistiese klem na ‘n meer Fundamentalistiese en matig dispensasionele interpretasie van die Skrif, verder te ondersoek.

Die invloed wat Spurgeon se publikasies en finansiële ondersteuning daarvan op die breë Suid-Afrikaanse kerkgemeenskap in die algemeen en die Afrikaanse Baptiste kerke in die besonder gehad het, word deur James (1959:33) erken. Hierdie invloed van Spurgeon is in die besonder oorgedra na die Baptiste- en Afrikaanse Baptiste kerkgemeenskap, deur middel van die opleiding van dominee J.D. Odendaal (Odendaal 1982:45). Sy opleiding het onder leiding van dominee Ernst Baker en dominee Charles Garratt in die nuutgevormde Baptiste Kollege in Kaapstad (Blackwell 1994:192) plaasgevind. Hier het dominee Odendaal nie net met die werke van sy eie professore in Baker en Garratt te doen gekry nie, maar ook met dié van Charles Haddon Spurgeon, D. L. Moody, C. Larkin en C. I. Scofield wat sy eie

teologiese tradisie gevorm het (Odendaal 1982). Die oorgelewerde Baptist-tradisie van Spurgeon, Scofield, Baker en Garratt, sou Odendaal se bediening beïnvloed om ‘n letterlike interpretasie van die Skrif voor te hou, asook ‘n pre-millennialistiese beskouing van die Eskatologie. Alhoewel hierdie posisie nooit formeel die posisie van die Baptistekerk was nie, sou die Afrikaanse Baptiste tradisie van die Spurgeon-Bake-Odendaal invloed tot vandag toe Christene in die Afrikaanse Baptiste-kerkgemeenskap beïnvloed om ‘n letterlike, premillennialistiese en dispensasionele beskouing van die interpretasie van Bybelse skriftuur voor te staan (Blackwell 1994:192,193,199).

Die bydrae wat die teologiese tradisie van premillennialisme, wat ‘n deel van die teologiese tradisie van die Afrikaanse Baptiste geloofsgemeenskap se beskouing van hoop vorm, kan verder ondersoek word in die konteks van hierdie navorsing, veral omdat dit die tradisie is waaruit die navorser kom. Die besonderse beskouing van hoop wat premillennialisme voorhou, is die lewensverwagting van die Christen in die koms van Jesus Christus.

### 4.7.1 Die komende verdrukking

Dit is vir enige student van die Bybel duidelik dat God wou hê dat ons ‘n omvattende kennis van die Eskatologie sou ontwikkel. Meer as dertig persent van die Bybel handel oor profesie of eindtydgebeure. Omdat elke enkele profesie van Jesus Christus se eerste koms presies net so vervul is, en sy eerste koms ‘n geskiedenisfeit is, kan ons ook met sekerheid weet dat die profesieë wat spreek van die eindtydgebeure rakende Jesus Christus se tweede koms, ook presies netso vervul sal word.

So belangrik as wat die skepping van hierdie aarde is, netso belangrik is die tweede koms van Christus en die herskepping van die nuwe hemel en die nuwe aarde (LaHaye & Jenkins 2011:7). In ‘n boek getiteld *Are we living in the end times?* antwoord Tim LaHaye en Jerry B. Jenkins kritiese vrae rakende eskatologiese gebeure van ons dag. ‘n Baie populêre reeks verhale deur hierdie twee skrywers, getiteld *Left Behind*, het oor die sestig miljoen eksemplare verkoop. Dit is tot op hede een van die topverkoper volwasse fiksie reekse en bewys die punt dat mense baie nuuskierig is

oor die gebeure van die laaste dae. Hierdie populêre beskouing van die Eskatologie of die eindtydgebeure word "premillennialisme" genoem. Hierdie siening van die Eskatologie interpreteer die profesieë in die Skrif in 'n letterlike, of dan wel 'n grammaties-historiese perspektief (Pentecost 2010). Hierdie siening van die eskatologie, volgens Pentecost (2010:229) leer dat 'n hoofaspek van Bybelse profesie wat prominent in die Ou en Nuwe Testament voorkom, die profesie is rakende die "dag van die Here" en hy verwys na die volgende Skrifgedeeltes (Jes. 2:12; 13:6,9; Eseg. 13:5; 30:3; Joel 1:15; 2:1,11,31; 3:14; Amos 5:18, 20; Obad. 15; Sef. 1:7,14; Sag. 14:1; Mal. 4:5; Hand. 2:20; 1 Thess. 5:2; 2 Thess. 2:2; 2 Pet. 3:10).

Hierdie dag van die Here word beskryf deur Scofield (1945:1349) as die tydperk wat die tweede koms van Jesus Christus tot en met die vernuwing van die ou aarde en hemel insluit. Die aard van die tydperk wat hierdie dag van die Here voorafgaan, word deur die teologie van 'n premillennialistiese Eskatologie beskryf as 'n tydperk van wraak (Sef. 1:15,18; 1 Thess. 1:10), oordeel (Openb. 14:7; 15:4), grimmigheid (Jes. 26:20-21), 'n tyd van benoudheid (Jer. 30:7), verwoesting (Joel 1:15; 1 Thess. 5:3), woestheid (Sef. 1:14,15) en besoeking van die Here (Jes. 24:20-21). Volgens dié verwysing en baie ander soos hierdie, word hierdie veroordelende aspekte van daardie dag van die Here toegeken aan dit wat God gaan doen om die aarde en die mense daarop te oordeel vir hul verwerping van Christus en aandeel in sonde, en om sonde tot 'n einde te bring in die nuwe hemel en die nuwe aarde (Pentecost 2010:235; Ryrie 2007:64,57,48).

'n Bekende verwysing onder premillennialiste is Jesus Christus se profetiese antwoord in die Olyfbergpredikasie (Matt. 24:1-8), waar hy 'n antwoord gee op die vraag van sy dissipels rakende die eindtyd: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Matt. 24:3). Volgens Pentecost (2010:276-279), Chafer (Vol. 5 1993:118-124) en La Haye en Jenkins (2011:29-33) leer die profetiese antwoord wat Jesus gegee het op die vraag van sy dissipels dat die wêreld in sy huidige verdorwenheid sal voortgaan deur 'n tydperk wat Jesus Christus die "verdrukking" noem. Hierdie tydperk van verdrukking sal plaasvind voordat die Here Jesus 'n tweede keer in heerlikheid 'n aardse Vrederyk kom vestig en daarna self alle dinge nuut maak. In hierdie tydperk, voor die tweede koms van Jesus Christus, sal daar, volgens Jesus self, baie mense "mislei" word deur

valsheid. Daar sal "gerugte van oorloë" (Matt. 24:6) wees, asook "hongersnode", "pessiektes en aardbewings op verskillende plekke" (Matt. 24:7). Hierdie is 'n tydperk van "smarte" waar Christene "aan verdrukking oorgegee", "doodgemaak" en "gehaat" sal word "ter wille van" die Naam van Jesus Christus (Matt. 24:8-9). In hierdie tyd sal "baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat" (Matt. 24:10), baie "valse profete sal opstaan en baie mislei" (Matt. 24:11) en omdat "die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel" (Matt. 24:12).

Hierdie siening van die Eskatologie stel nie 'n vernuwing of 'n verbetering van die fisiese aarde of die geestelike toestand van die mens voor nie. Inteendeel leer premillennialisme dat dinge dramaties erger sal word tot en met die tweede koms van Christus (Pentecost 2010; Ryrie 2007). Daar sal 'n geestelike en fisiese verdorwenheid van die mens en die aarde plaasvind, wat alles voorbereiding is vir die heerlikheid van die wederkoms van die Here Jesus Christus met al sy heiliges en engele.

### 4.7.2 Die redding van Israel

Volgens die premillennialistiese siening van die Eskatologie moet daar 'n duidelike onderskeid tussen Israel en die kerk gemaak word en voorsiening gemaak word vir 'n toekomstige reddingswerk deur God van Israel, net voor die tweede koms van Jesus Christus (Chafer Vol. 3 1993:104). Israel is deur haar lang geskiedenis telkens in die nuus gewees omdat hierdie klein nasie baie vyande het wat God se plan met Israel wil vertroebel. Die vyande van Israel sal kom en gaan, maar die dag sal kom dat God al die vyande van Israel sal verslaan en Israel tot redding sal bring deur geloof in die Messias, Jesus Christus.

Premillennialisme verklaar dat hierdie redding van Israel as 'n nasie voorafgegaan sal word deur 'n tyd van verdrukking, wat ook die tydperk van "Jakob se benoudheid" (Jer. 30:7) genoem word. Hierdie gebeure in die lewe van die nasie Israel sal eerstens gekenmerk word deur 'n massa terugkeer van Jode na Israel (Deut. 30:3; Jes. 43:6; Eseg. 34:11-13; 36:24; 37:1-14), 'n vredesverdrag met 'n wêreldheerser (Jes. 28:18;

Dan. 9:27), die herbou van die tempel in Jerusalem (Dan. 9:27; Matt. 24:15; 2 Thess. 2:3-4; Openb. 11:1), die verbreking van die vredesverdrag deur die wêreldheerser, met grootskaalse vervolging van Israel (Dan. 9:27; 12:1, 11; Sag. 11:16; Matt. 24:15, 21; Openb. 12:13) en laastens sal die Jode vir Jesus as hulle Messias erken (Sag. 12:10) wat sal lei tot hul bekering en herstel in die Millennium Vrederyk (Jer. 33:8; Eseg. 11:17; Rom. 11:26).

Alhoewel daar vandag baie onstuimigheid in Israel is, waar haar vyande haar bedreig en omsingel – Sirië, Iran, Libanon, Jordanië, Saoedi-Arabië, Hamas, Hezbollah, ensovoorts, is hierdie vyandigheid, volgens die premillennialistiese siening, net die begin van smarte, of dan wel die groot verdrukking wat oor die aarde gaan kom. Die hoop vir Israel egter is dat sy kan uitsien na haar verlossing met die tweede koms van Jesus Christus om as Messias oor haar te heers, dit wat volgens die profesieë nog nie volledig vervul is nie.

### 4.7.3 Hoop in die tweede koms (wederkoms) van Jesus Christus

Volgens die premillennialistiese siening van die Eskatologie is die hoop en redding van Israel verskillend van die hoop en redding van die kerk (Ryrie 2007). Die laaste dae vir Israel (Jes. 2:2; Mig. 4:1) is verskillend van die laaste dae van die kerk (2 Tim. 3:1; Heb. 1:2) volgens Chafer (Vol. 4 1993:374-375). God sal sy plan met die kerk in die huidige tydperk eers voltooi voordat Hy in die volgende tydperk te werk sal gaan om Israel na Homself en sy Messias toe terug te bring. Die hoop van die kerk, volgens die premillennialistiese siening van die eskatologie, is dus dat God nie die kerk deur die verdrukkingstydperk, wat kort voor sy tweede koms sal plaasvind, sal laat gaan nie.

Premillennialisme is versigtig om nie dít wat Israel toekom, vir die kerk toe te eien nie en dít wat die kerk toekom, vir Israel toe te eien nie. Die laaste dae van die kerk, volgens die Skrif (1 Thess. 2:1-4; 1Tim. 4:1-3; 2 Tim. 3:1-9), hou ‘n waarskuwing teen afvalligheid in en ‘n aansporing om getrou te bly totdat die kerk van die aarde af weggevoer sal word. In hierdie sin sien die hoop van Israel en van die kerk uit na die koms van Christus. Chafer (Vol. 7 1993:189) en Thiessen (2006:442-450) verduidelik

die verskil in die vorm en aard van die twee verskynings van Jesus Christus. Israel se hoop is die terugkoms van die Messias na die aarde, wat in heerlikheid sal wees, om ‘n letterlike en aardse Millennium Heerskappy te vestig – ‘n Vrederyk op aarde waaroor Hy self die heerskappy sal voer (Luk. 1:54, 67-79; 2:38; Hand. 26:6-7; 28:20). Vir die Christenkerk is hierdie spoedige terugkoms van Jesus Christus vir sy bruid (Chafer Vol. 7 1993:189), “soos ‘n dief in die nag” en om die Christene, wat in Christus gesterf het en dié wat nog lewend is, weg te voer na die Here (Ryrie 2007:173).

Premillennialisme maak staat op ‘n letterlike interpretasie van tekste soos Joh. 14:1-3, 1 Thess. 4:13-17 en Tit. 2:13 om die hoop van die Christenkerk te beskryf, nie as iets wat op hierdie aarde beskikbaar is of gevind kan word in die vernuwing van die aarde nie, maar slegs ‘n hoop in die verskyning van die Here Jesus Christus (Scofield 1967:1135, 1269). Die hoop van die Christenkerk is die hoop van die “wegraping”, naamlik die verwydering van alle ware gelowiges, wat in Christus is, van die aarde af voordat die oordele van die verdrukking oor die aarde kom. Die wegraping bring die ware gelowige na sy ewige tuiste en beloning in die hemel, terwyl Jesus Christus (Johannes 14:1-3) self ook verwys het na die feit dat Hy van die aarde af weg sal gaan, maar weer sal terugkom vir die wat getrou op hom sal wag.

### 4.7.4 Samevatting

Die premillennialistiese opvatting van die Eskatologie beskryf die hoop van die Christenkerk as die afwagting op die wegraping van die kerk. Dit word deur die opponente van premillennialisme as ‘n verwyderingsteologie beskryf, wat die laaste dae op aarde sal afsluit met die terugkeer van Jesus Christus voor die aarde deur ‘n verdrukkingstydperk sal gaan. Daardeur sien hierdie perspektief die wêreld wat al erger word soos wat die toekoms ontvou. Selfs in die kerk is daar, volgens hierdie siening, ‘n grootskaalse wegval van die waarheid in die laaste dae totdat Jesus Christus weer kom. Hierdie wegval of geestelike afvalligheid gaan hand aan hand met die louheid wat Jesus in die Laodicea kerktydperk in Openb. 3:14-16 raaksien.

Die wegraping word gebruik as die boodskap van hoop om mense aan te spoor om getrou te bly en voorbereidings te tref totdat hulle volgens sy belofte weggeneem sal word om by Jesus Christus te wees in die hemelse tuiste wat vir hulle voorberei is. Hierdie wegneming of wegraping beteken dat hulle nie deur die oordele sal gaan van die verdrukkingstydperk, waarvan Jesus praat in Matthéüs 24 wat oor die aarde gaan kom nie, maar dit sal ontvlug.

Die belewenis van hierdie afvalligheid van die geestelike karakter van die kerk en die kwynende etiese en morele struktuur in ons samelewing kan moontlik bydra tot die gevoelens van wanhoop wat gelowiges in die gesig staar, omdat hierdie boodskap van hoop, soos wat die premillennialisme dit beskryf, nie meer ‘n tema is in die meeste kerk nie Omdat gelowiges wat die Afrikanergelowiges insluit gretig is om die vernuwing van die aarde te sien, verloor hulle die afwagting op die “salige hoop” (Tit. 2:13) van die verskyning van Jesus Christus.

### 4.8 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Ten einde sin te maak van die Afrikanergelowige se ervarings in ‘n geestelike wêreld, moet ‘n begrip ontwikkel word van die wyse waarop Afrikanergelowiges dink aan hoop. Hoop is wel ‘n deel van die gedagtegang van die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep, maar dit is nie duidelik wat daardie hoop behels nie. Vanuit ‘n sielkundige gesigspunt, is hoop ‘n optimisme oor die bereiking van vasgestelde doelwitte. Hierdie benadering of beskouing van hoop is egter beperk, omdat dit nie verduidelik waarom gelowiges wat nie vasgestelde doelwitte het nie, steeds hoop het en geestelike doelwitte bereik. Die volgende is ‘n samevatting van dít wat uit ‘n Christelik-teologiese wêreld oor hierdie onderwerp geskryf is en wat relevant is tot die navorsingsveld.

Uit die bostaande kan gesien word dat die Christelike wêreld baie uiteenlopende benaderings en opinies het wat hoop aanbetref. Daar is geen enkele volledige definisie

nie, maar alles blyk relevant te wees tot die omstandighede waarin die persoon verkeer.

Hoop word oor die algemeen beskou as ‘n optimistiese gemoedstoestand. Daar is egter dieper fasette van hoop, naamlik die sosiologiese faset, wat behels die elemente van die samelewing en sosiale strukture, wat gesteld is op versorging en veiligheid; die psigologiese faset, wat identiteit en afwagting beklemtoon; en ‘n teologiese faset, wat die kwalitatiewe potensiaal van vernuwing of ‘n nuwe toekoms beklemtoon (Prins 2003).

Hoop word oor die algemeen deur kerkleiers gesien as maatskaplike en sosiale bemiddeling en bemagtiging. Vir mense om hoop te hê, moet hulle fisiese lewenstandaarde aanvaarbaar wees. Daar moet dus ‘n onderskeid getref word tussen hoop en wensdenkery. Hoop is ook verskillend van die verbeelding van die gedagtewêreld, want dit wil graag sien hoedat dít wat gehoop word, ‘n verskil maak in die spesifieke lewensrealiteit. Hoop moet nie net as ‘n optimistiese deelname aan die skepping van ‘n nuwe werklikheid beskou word nie, maar as dit wat alleenlik in Christus Jesus gevind kan word. Hoop kan gevind word in Christus Jesus en ‘n geloofskennis van sy lewe wat in die Woord opgeteken is. Die kerk se hoop moet dus ‘n ruimte wees waar beide die hede en die toekoms saamkom in ‘n lewe van geloof in Jesus Christus. Die hoop wat die kerk het op die ewige lewe, maak hulle aktief in die werk van God in die hede en bring sodoende verandering in mense se lewens. Wat hierdie geloofslewe van die individu aanbetref, moet Christene leef met die wete dat hulle as lede van die een huisgesin van God, toegerus deur sy Woord en Gees, mekaar moet bemoedig en versterk. Die bemoediging en versterking van Christene om hoop te hê, is die verantwoordelikheid van die hele gemeente as lede van een gesin. Dit sal bydra tot die hoop in die lewe van die traumalyer. Hoop gebruik die boodskap van die prediker as ‘n draer daarvan. Deur kommunikasie kan die mens hoop kry, omdat dit ‘n ander wêreld voorstel wat beter is as die een waarvandaan hy kom.  Hoop is nie ‘n vertroue op die belonings van die ou wêreld nie, maar ‘n afwagting in geloof na die beloning van ‘n nuwe hemel en nuwe aarde wat deur God beloof is en herskep sal word.

Dit is dus vervolgens in hoofstuk 5 belangrik om na die Skrif te keer vir hulp en leiding wat die definisie, normatiewe beginsels en spesifieke toepassing van hoop aanbetref. Die navorser het dus oorgegaan in hoofstuk 5 daarna om ‘n Skrifgefundeerde perspektief te verkry deur te poog om te bepaal wat behoort, volgens die Woord van God, in hierdie omstandighede die norm te wees.

# HOOFSTUK 5

# SKRIFPERSPEKTIEWE AS DIE GRONDSLAG IN DIE VORMING VAN HOOP EN GEESTELIKHEID

## 5.1 INLEIDING

Die vorige hoofstuk, hoofstuk 4, het vanuit die beskikbare Christelike literatuur gepoog om te interpreteer wat besig is om plaas te vind wat Afrikanergelowiges se hoopbeskouing aanbetref. Hierdie hoofstuk is die derde taak in Osmer se navorsingsmetodiek (Osmer 2010:33-135) en staan bekend as die normatiewe taak. Hierdie taak vra die vraag: Wat is veronderstel om plaas te vind? Hier word gepoog om ‘n Skrifgefundeerde perspektief te verkry deur te bepaal wat, volgens die Woord van God, in hierdie omstandighede onder hierdie Afrikanergelowiges (1.2.1) behoort te gebeur. Hierdie normatiewe waardes is die grondslag van die pastorale gids om die gelowige se reaksies, optrede en gewoontes volgens Bybelse beginsels en riglyne te rig en te orden.

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon watter perspektiewe die Skrif bied op die grondslag en ontwikkeling van hoop en die invloed wat dit op die geestelikheid van die gelowige het. Hierdie Skrifondersoek is belangrik omdat dit dien as essensiële grondslag vir die sistematiese benadering wat Christene moet volg om vanuit die Skrif te kan motiveer waarom hoop belangrik is en hoe dit bydra tot die geestelikheid van die Christen. Hierdie ondersoek poog nie om ‘n uitleg te gee van elke enkele gebruik van die woord “hoop” nie, maar om eerder te kyk na leidende temas en konsepte wat in die Ou en Nuwe Testamente voorkom rakende die grondslag in die vorming van hoop.

Kaizer haal Bengel (Kaizer 1981:7) aan wat in 1742 die belangrikheid beklemtoon vir die kerk om ‘n korrekte Skrifperspektief te hê: “Scripture is the foundation of the Church: the Church is the guardian of Scripture.” Hy gaan verder om te sê dat die

geestelike welstand van die kerk direk verbind is tot die kerk se siening van die Skrif, en die plek wat die Skrif in die kerk inneem. As een staan, dan staan die ander, en as die een val, dan val die ander ook. Óf die kerk word gevoed en opgebou deur ‘n sterk verkondiging van die letterlike teks uit die Skrif, óf die kerk se geestelike welstand sal benadeel word en oor tyd heen afneem.

Volgens die Ou Testamentiese profeet Amos, word Israel gewaarsku teen dae van hongersnood wat sal kom, “nie ‘n honger na brood nie en nie ‘n dors na water nie, maar om die woord van die Here te hoor” (Amos 8:11). Dit is dus moontlik vir die kerk om aan wanvoeding van die Skrif te ly as dit na ander bronne van voeding, eerder as na die Skrif alleen kyk. Volgens Smith (1974:12) is die rede waarom so min jongmense nie die Christelike geloof wil aanneem nie, geen persoonlike verhouding met God wil hê nie en niks wil weet van die redding wat in Jesus Christus beskikbaar is nie, omdat hulle in die vormingsjare van hul lewens nie behoorlik uit die Skrif geleer en ingelig word oor die feite rakende die Christelike geloof nie.

Op grond van hierdie waarnemings is die grootste uitdaging vir die kerk dus leraars wat volstaan by ‘n letterlike uitleg van die Skrif en dit in hul preek voorbereiding kan omskakel in ‘n boodskap van die Here vir die heiliges. Enige tematiese grondslag wat dus in die karakter van die Christen gelê kan word, moet twee essensiële komponente in ag neem. Dit moet duidelik wees in die Skrif en dit moet verkondig en uitgeleef word in die gemeenskap van die gelowiges.

## 5.2 DIE BEGINSEL VAN HOOP IN DIE OU TESTAMENT

Dit is gevolglik belangrik om uit die staanspoor, vanuit die breëre kontekste van onderskeidelik die Ou en Nuwe Testamente, te ondersoek wat die Skrif self oor hoop te sê het. Die Bybel verklaar self in Hebreërs 1:1-2 dat “God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete” en dat “Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek (het) deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.” Hierdie ondersoek sal dié normale indeling in Hebreërs 1:1-2 volg. Die “ou tyd” is die Ou Testament, opgedeel

in die Pentateug en Geskiedenis, Wysheidsliteratuur en die groot en klein Profete. Die "laaste dae" is die Nuwe Testament. Hierdie raamwerk sal gebruik word om hierdie ondersoek te lei om hoop vanuit 'n Skriftuurlike perspektief te kan verstaan en te gebruik.

### 5.2.1 Hoop in die Pentateug en Ou Testamentiese geskiedenis

Die Bybel begin waar God, deur sy Woord, alles wat bestaan laat ontstaan het en sodoende die geskiedenis van die mens begin. Nadat God die "hemel en die aarde geskape het" (Gén. 1:1), het Hy gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen. 1:26). Nadat God die mens, as man en vrou, geskape het na sy beeld, het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gén. 1:28). Op hierdie vers lewer Vosloo en Van Rensburg (1997:Gén.1:31) die volgende kommentaar: "Soms is daar tye dat 'n mens nutteloos en waardeloos voel. In sulke tye moet die skeppingsvertellings van Génesis as herinnering dien dat elke mens vir Hom baie kosbaar is en dat daar 'n goeie rede is waarom God elkeen van ons geskape het."

God plaas dit dus vir ons van die begin af op rekord dat Hy die mens geskape het met 'n doel en die mens geseën het met die vermoë om daardie doel te verwesenlik. In hierdie geskiedenis is God, volgens Kaiser (1978:7), gedurig besig om sy wil en seëninge aan die mens te kommunikeer. Soos in die begin met die seëning van 'n skeppingsorde, so het dit ook voortgegaan met die seëning van 'n familie-orde in Adam en Eva, Noag en sy familie wat in die ark deur die watervloed heen gered is, Abraham en Sara en die uiteindelike Dawidiese koninkryk-dinastie van Israel.

Die sondeval, hoe groot die impak ook al was, kon geen einde bring aan God se openbaring van Homself en sy doel om ons te seën nie, veral as ons kyk na die woorde van belofte in die "proto-evangelium" (eerste evangelieboodskap): "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die

kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt" (Gén. 3:15). Hoe geweldig die impak van die sondeval ook al was, soveel groter was die belofte van 'n Verlosser wat sou kom. Soos die skepping progressief ouer geword het, so het die plan van God al hoe duideliker geword in die woorde van God se verbond met Abraham. Volgens hierdie verbond (Gén. 12:1-3), moes Abraham sy ouerhuis verlaat en na 'n aangewese land trek en in die proses God se seën ervaar. In sy kontak met die samelewing sou hy tot seën wees vir die met wie hy in kontak kom en uiteindelik alles geslagte wat die aarde sal bewoon.

Deur die verskillende eras van die Ou Testament, het God sy volk laat groei en geseën as hulle in geloof in sy voorsiening van sy beloftes vertrou het, soos wat Hy dit aan hulle geopenbaar het. Die beloftes van God en hierdie openbaring as die hoop van Israel, is duidelik te sien uit die volgende aanhalings uit 2 Samuel 7:9: "Ek sal vir jou 'n groot naam maak" (Gén. 12:2); vers 10: "Ek sal vir my volk Israel 'n plek bestel en hom plant" (Gén. 15:18; Deut. 11:24f); vers 12: "sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig" (Gén. 17:7-10,19); vers 14: "Ek sal vir hom 'n Vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (Ex. 4:22); vers 23-24: "En wie is soos u volk, soos Israel, 'n enige nasie op die aarde, wat God vir Hom as 'n volk gaan verlos het, en om vir Hom 'n naam te maak; en om groot dinge te doen vir hulle" (Gén. 17:7-8; 28:21; Ex. 6:7; 29:45; Lev. 11:45; 22:33; 25:38; 26:12,44,45; Núm. 15:41; Deut. 4:20; 29:12-13).

Al hierdie seëninge was ter ondersteuning van sy beloftes aan Israel en het bygedra tot die vorming van 'n nasie met die naam, Israel; 'n nasie met 'n volkshoop vir die toekoms. Lane (1996:72) verklaar dat daar min twyfel bestaan dat hoop 'n sentrale rol speel in die vorming van Judaïsme en dat hierdie hoop van Judaïsme die primêre konteks is waarin die Eskatologie van Jesus verstaan kan word. Dit is volgens hom belangrik dat enige begrip van die hoop van Jesus of die Christelike Eskatologie wat ons het, in 'n sekere sin ook die hoop van die Joodse nasie en die Eskatologie van die Hebreeuse Skrifte is.

Die geskiedenis van Israel kan gebruik word om lig te werp op die Eskatologie van die Nuwe Testament. 'n Teologie van Israel en spesifiek met verwysing na die hoop van Israel, is gegrond op hul geskiedenis. Kaizer (1978:41, 42) weer, sê dat die Ou

Testament die geskiedenis van Israel reflekteer. Dit gee ons die geskiedenis van Israel en sy bevryding deur God, maar altyd vanuit die standpunt van "so spreek die Here" en die verwagting dat Israel gehoor sal gee aan die Woord (vergelyk Ex. 4:22; Ex. 5:1; Ex. 10:3; Ex. 32:27; Rig. 6:8; 1 Sam. 2:27; 1 Sam. 10:18; 2 Sam. 7:5; 2 Sam. 7:8; 1 Kon. 11:31; 2 Kon. 9:3; 1 Kron. 17:4; 1 Kron. 17:7; 1 Kron. 21:10; 1 Kron. 21:11; 2 Kron. 11:4; 2 Kron. 12:5; 2 Kron. 18:10; Jes. 37:6; Jes. 37:21; Jer. 2:2; Jer. 6:16; Jer. 8:4; Eseg. 2:4; Eseg. 3:11; Eseg. 11:17; Eseg. 12:10; Hag. 1:2; Sag. 1:3; Sag. 1:14; Sag. 1:17; Sag. 6:12; Sag. 8:2).

Hierdie profetiese uitsprake van die "so spreek die Here"-openbaring van God se wil aan die nasie van Israel, tree dus op as 'n leidende beginsel wat hoop aanbetref en wat ons help om hul volkslewe en identiteit in die huidige tradisies te kan interpreteer. Hierdie enkele leidende beginsel, dat God Homself bekend gemaak het deur sy Woord, het dinge vir die skrywers as boodskappers aan die volk helder gemaak en die volk gehelp om die openbaring van God se wil te verstaan. God se geopenbaarde Woord en beloftes beteken dus dat Hy die hoop van alle mense sal wees, waardeur Hy ook sy goddelike werk sou uitvoer wat verrykende implikasies op hul geestelikheid en beskouing van sy wil sou hê.

In die konteks van hierdie navorsing oor hoop, is beide Lane (1996) en Kaizer (1978) se beskouing van die verband tussen God se geopenbaarde woord en Israel se volkslewe belangrik en waardevol, omdat dit die invloed van God se openbaring op die hoop en die geestelikheid van die volkslewe van gelowige Jode uit die Ou Testament bring. In die geskiedenis van Israel kry ons in die Nuwe Testamentiese tydperk die voorreg om te besin oor die konsepte en inhoud van Israel se voortbestaan en te leer vanuit die skrywer se gesigspunt van God se wil vir sy kinders (1 Kor. 10:11). Hul eie geskrifte wys ons daarop dat hul perspektief nie 'n saak van private interpretasie of eie uitvinding of versinsel was nie, maar God se spesiale en direkte bekendmaking van Homself. Volgens die skrywers van die Ou Testament is dit God se reg om verklarings te maak, waardes te stel, belangrikheid uit te lig, om die betekenis van die huidige en die toekomstige aan te dui en deur sy beloftes, seëninge en verbonde hoop te gee aan die mens. Die uitkoms van die openbaring van God aan die mens is dus die hoop van elkeen wat daarin glo.

### 5.2.2 Hoop in die wysheidsliteratuur

In Job 4:6 stel Elifas die Temaniet ‘n vraag aan Job: “Is jou Godsvrees nie jou hoop, jou vrome wandel nie jou verwagting nie?” In hierdie vraag spreek Elifas sy verwondering uit dat Job, wat so maklik ander mense kon troos, nou self so moedeloos geword het. Van Zyl (1997a: Job 4:1) stel dit dat Elifas Job daarop probeer wys dat die rigting van sy vrae uit sy noodbestaan op die ashoop kom en hy probeer hom wys watter gevaarlike koers hy nou begin inslaan. Job wat eens mense reggehelp het en hulle moed ingepraat en getroos het deur aan hulle die regte raad te gee, en homself nou in soortgelyke omstandighede bevind, moet nou self luister na sy eie raad. Elifas wil Job bring om homself te toets en die waarom-vrae te vra oor sy lewe. Sy punt is dat die vroom lewe ‘n anker is waaraan mense in moeilike tye kan vashou.

Job lewer kommentaar op sy eie lewensduur, deur dit te sien as “vinniger as ‘n wewerspoel”, wat “sonder verwagting” verdwyn (Job 7:6). Hy het geen hoop in sy huidige omstandighede nie, behalwe in die dood. Volgens Job word die mens se eie verwagting “deur die Here verydel” en die Here “maak dit tot niet” (Job 14:19). Die mens se verwagting is volgens Job nie betroubaar nie, want “Hy het my verwagting uitgeruk soos ‘n boom” (Job 19:10). Job erken ook met die stelling “al wil Hy my ombring”, dat sy eie lewe soewerein beperk word deur die ingrype van God. Nogtans bied dit hom die geleentheid om te sê “ek hoop op Hom”, maar hy sal voortdurend sy “wandel voor sy aangesig bepleit” (Job. 13:15). Diegene wat “God vergeet” en afvallig word, se “verwagting” sal vergaan net soos dié van die goddelose (Job 8:13). Die goddelose, volgens Job, het geen “verwagting” as God sy siel “wegneem” nie (Job 27:8).

Dawid sê in Psalm 9:18 dat “die behoeftige” nie vir altyd vergeet sal word nie en dat die “verwagting van die ellendiges” nie vir ewig verlore sal gaan nie. Dawid sê voorts in Psalm 42:11 dat hulle “nie op verdrukking” sal vertrou nie en dat hulle “geen ydele hoop op rowery” sal bou nie en as “die vermoë aangroei” moet hulle nie “die hart” daarop sit nie (Van Zyl 1997b; Ps. 42:11). Sy raad aan dié wat geen hoop het nie, is: “Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting!” (Ps. 62:5). Hierdie verhouding tussen God en die skrywer, waar die skrywer hoop op die hulp van God, kom ook na vore in die volgende gedeelte: “Want U is my verwagting, Here

HERE, my vertroue van my jeug af" (Ps. 71:5) en ook: "En nou, wat verwag ek, o Here? My hoop is op U" (Ps. 39:7). Op grond van die beloftes wat God aan sy volk gemaak het, beskou Dawid sy God as die hoop van Israel en 'n godvresende lewenswandel as 'n resultaat van hierdie hoop.

Een van die belangrike temas wat in die wysheidsliteratuur met hoop geassosieer word, is volgens Thiessen (2006:441-468) die Messiaanse hoop van 'n herstelde koninkryk van Israel wat die aarde as eiendom sal beërwe. Hoop word in die wysheidsliteratuur hoofsaaklik beskryf as die eskatologiese verwagting na 'n Messiaanse heilstaat of vrederyk van Israel op aarde. Hierdie is 'n konsep wat deur Clayton (2006:122-125) in die besonder beskryf word as die hoop van Israel. Hy meen dat hierdie hoop nie net tot die verre toekoms alleenlik behoort nie, maar ook 'n deel vorm van hul huidige hunkering om 'n heilige volk van God te wees. Psalm 73 bring hierdie sentiment na vore en ontwikkel as gevolg daarvan die tweeledige gevolgtrekkings wat in Psalms 1 en 2 so duidelik verklaar word, naamlik dat die "weg van die goddelose sal vergaan" en "welgeluksalig is almal wat by Hom skuil". Hierdie Messiaanse hoop behels die tweeledige aspek van 'n bedeling waarin die goddelose veroordeel word en die regverdige gered word.

In 'n uitleg van Psalm 73 kom dit, volgens Vos (1997:391), na vore dat, alhoewel die goddelose oënskynlik in welvaart vooruitgaan, hulle uiteindelik sal "vergaan" en tot "niet" sal gaan deur "verskrikkinge" (v:19). In teenstelling met die voorspoed van die goddelose, bely die Psalmdigter "al beswyk my vlees en my hart", is "God die rots van my hart". Die eskatologiese hoop van Israel bestaan dus in die wete dat 'n tyd sal kom waarin die goddelose vernietig sal word, maar dat dié wat "naby" God is, deur Hom bewaar sal word (Clayton 2006:137-141). Om naby aan God te bly, maak die werklikhede van die eskatologiese hoop vir Israel beskikbaar in 'n lewe wat in geregtigheid uitsien na die staat van geregtigheid.

Die wysheidsliteratuur beklemtoon die voordele van 'n aaneenlopende koninklike dinastie en ewige koninkryk. Dit is 'n ewigdurende heerskappy en ryk wat universeel in omvang en invloed sal wees. Die hoop van Israel is dus 'n tema wat bou uit hul geskiedenis, waar God gespreek het en hulle in gehoorsaamheid gedoen het en gevorm is tot 'n "uitverkore nasie" (Deut. 10:15). As hulle faal, sou die oordele van

God hulle weer op koers bring om te bly hoop in die koms van die Een wat in reg en geregtigheid oor hulle en die aarde sou heers. Die hoop van Israel in die Ou Testament was altyd verbind tot die Messias wat sou kom om die fisiese en sienlike beloftes wat in die verbonde uiteengesit word, aan hulle te vervul.

Die wysheidsliteratuur bou ook aan die tema van die hoop van Israel, deur gebruik te maak van ‘n ander beginsel. Volgens Salomo in Spreuke 1:7-9 is “(d)ie vrees van die HERE... die beginsel van die kennis”, en net “sotte verag wysheid en tug”. Salomo moedig die seun aan: “luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie; want dit is ‘n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals.” Alhoewel dit klink na ‘n heel nuwe benadering tot die geestelike lewe van Israel, lees ons egter reeds in die lewe van Abraham oor hierdie gesindheid as die “Engel van die Here” in Génesis 22:12 vir Abraham sê: “nou weet Ek dat jy God vrees”. Die volgende frases was alles deel van die gesindheid en die leefstyl van die Israel van God: “dat jy die HERE jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou ... dat jou dae verleng kan word” (Deut. 6:2); “om die Here jou God te vrees” (Deut. 10:12); “geen vrees vir God in hierdie plek nie” (Gén. 20:11); “Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid” (Jos. 24:14). Om God te vrees was om sy insettinge en gebooie te onderhou en om die gode wat hul vaders gedien het oorkant die rivier te “verwyder”.

Die “vrees-vir-die-Here”-beginsel is dus ‘n leidende beginsel wat die hoop vir die lewe in die gemoed van die volk van Israel aanbetref. Vrees en wysheid was parallelle in die gedagtegang en aanbidding van Israel. Al hierdie temas kan saamgevat word in die een woord waarop die profete verder uitgebrei het en dit is die woord “belofte”. Die inherente karakter van die belofte is kennis van God en die vrees van God. Die hoop van Israel was opgevat in hul kennis van God in en deur sy beloftes en die vrees van God wat dit sal laat uitwerk.

‘n Ander aspek wat nou hiermee saamgaan, is Dawid se vertroue op die beloftes van God. Dawid verklaar: “Ondersteun my volgens u belofte, dat ek kan lewe; en maak my nie beskaamd vanweë my hoop nie” (Ps. 119:116). Dawid hoop op die heil van God soos dit sal uitwerk volgens die geopenbaarde beloftes van God: “HERE, ek hoop op u heil, en ek hou u gebooie” (Ps. 119:166). Dawid wag op die Here, maar dit

is nie ‘n passiwiteit nie, maar ‘n toewyding aan sy Woord: “Ek wag op die HERE; my siel wag, en ek hoop op sy woord” (Ps. 130:5). Dawid beskryf verder dat dié “wat die God van Jakob as sy hulp” het, en “wie se hoop is op die HERE sy God” as “(w)elgeluksalig” (Ps. 146:5). Hy sê dat die Here ‘n “welgevalle” het in “die wat Hom vrees” en “wat op sy goedertierenheid hoop” (Ps. 147:11). Hieruit kan hoop in die Ou Testamentiese gedagtegang gesien word as die “vrees van God”.

Vos *et al.* (2007:13) gebruik Psalm 42 om aan te dui dat daar ‘n beweging is van die wanhoop van smagting en verlatenheid, na die vervulling van hoop en dankbaarheid. In Psalm 42 hoor ons die stem van die ervaring van iemand wat op reis gaan. Die reis is vol dreiging en vyandigheid. Daar is net een uitkoms vir die Psalmdigter, as wanhoop en vrees op hom toesak, naamlik die smagting na God (vers 1): “Soos ‘n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God” (Ps. 42:1, 2). Die beeld van die waterstrome waarna die hert smag, word weer in vers 8 herhaal. Dieselfde intense smagting na God se hulp word ook elders, in Psalm 84:3 vermeld. Hierdie smagting word lewend gehou deur die slegte herinneringe van die skrywer (Ps. 42:5). Met ander woorde, terwyl die slegte gebeure ontvou, groei die hoop dat God hom sal help, net soos in die verlede. Soos wat die digter in sy geestesoë sien hoe sy lewe voor hom afspeel, dink hy aan hoe God hom oor hom ontferm het en dit gee hom die vrymoedigheid om lofprysing voor die skare te doen. Hy voel “soos ’n wildsbok wat vir dae nie water gehad het nie” en hy smag nie “na waterstrome nie, maar na God, die lewende God” (Vos 2007:327; Ps.42:2; 84:2). In plaas van gejuig en lofsang (5e) is daar egter vir hom trane (4a; 6:7; 39:13). In sy haglike omstandighede spreek hy homself aan en wys hy homself daarop dat sy vertroue op God, ‘n doelgerigte vashou aan sy persoonlike verhouding met God en gebed, hom van vertwyfeling kan terughou en selfs daaruit kan red (Van Zyl 1997b:Ps.42:1-7).

Vertwyfeling is egter ‘n konstante deel van sy lewe: “wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?”(Ps. 42:3). Sy teëstanders sien sy twyfel en hartseer en laat hom voel asof God hom verwerp het. Hulle onderskraag sy vertwyfeling met die woorde: “Waar is jou God?” (Ps. 42:4, 11). In die mens se diepste oomblikke van wanhoop vind hy soms net die tergende woorde van sy vyande, wat hom aanpor om God se voorsienigheid te betwyfel. Die vyande laat hom voel asof God hom verwerp

het en sy rug op hom gekeer het (Ps. 42:10). Hierdie wanhoop en verlatenheid wat hy voel, word vervang met hoop en dankbaarheid. Die lojaliteit van God se wese staan in kontras met sy gevoelens van wanhoop. Die twyfel word vervang deur hoop.

Volgens Vos *et al.* (2007:14) word hierdie beweging van wanhoop na hoop ondersteun deur geloof in God (Psalms 42:6, 12; 43:5). Geloof stel die Psalmdigter in staat om sy smagting of petisie om hulp na God te neem. Dawid sê: "Doen aan my reg, o God, en verdedig my regsaak teen 'n onbarmhartige volk; red my van die man van bedrog en onreg!" (Ps. 43:1). Die herhaling hiervan in ander vorme wys sy vertroue in God se vermoë om hom te help: "Want U is die God van my toevlug; waarom verstoot U my dan? Waarom moet ek rondgaan in rougewaad deur die vyand se verdrukking?" (Ps. 43:2). Hierdie geloof in God en die verwagting om deur Hom gehelp te word is nie net die hoop van Israel nie, maar ook van elke kind van God.

Vir Dawid was hierdie plek van neerslagtigheid en onrustigheid van hart nie so 'n slegte plek in sy lewe om in te wees nie, solank God in sy lewe teenwoordig was: "Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof—die verlossing van sy aangesig! (Ps. 42:5); en "ék sal altyddeur hoop en al u lof vermeerder" (Ps. 71:14). In Spreuke 10:28 verklaar Salomo dat die verwagting van die regverdiges "vreugde" is, maar dat die hoop van die goddelose "vergaan". Salomo bring 'n toepassing van hoop as hy vir die ouer sê "tugtig jou seun" (Spr. 19:18) en vir die moedelose "daar is 'n toekoms" (Spr. 23:18) en vir die goddelose dat by sy dood "sy hoop tot niet" sal gaan (Spr. 11:7).

Nog 'n ander idee wat met hoop geassosieer kan word en wat nie in die Ou Testament opgeklaar sal word nie, is te vinde in een van Job se mees pertinente vrae: "As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom" (Job 14:14). Hierdie vers, volgens Rimmer (1935), bewys dat die mens reeds aan die begin van sy geskiedenis vrae gehad het rakende hoop, soos uitgedruk in die vraag van Job, en dat daar in hierdie vraag die onderbewuste onsekerheid van die mens saamgevat word. In Job 19:23-27 beskryf die skrywer sy hoopvolle verwagting deur te verwys na die feit dat hy 'n geskrewe vorm daarvan wil nalaat. Sy begeerte om sy verwagting om sy Verlosser in die hiernamaals te sien, in klip te graveer, beskryf iets van die hoop wat hy het, al gaan dit swaar met hom.

Met hierdie woorde van Job, wat soos hy gebid het nou wel nie in ‘n rots ingekap is nie, maar wel in die ewige Skrif neergepen is (Job 19:24), gee hy die antwoord op sy eie vraag. Job het met verwagting vooruitgesien na die dag dat hy voor die Here sal staan, al het sy vlees ook verwerwe of tot sterwe gekom (Rimmer 1935). Dit blyk dus dat hier nog ‘n ander leidende beginsel of perspektief van die Ou Testamentiese gelowige na vore kom, naamlik die hoop op die opstanding al het die vlees tot sterwe gekom.

### 5.2.3 Hoop in die Groot Profete

Die Ou Testamentiese profeet Jeremia beskryf God as die “Verwagting van Israel” (Jer. 14:8), ‘n “toevlug in die dag van benoudheid” (Jer. 17:7) en die “Woning van geregtigheid en die Verwagting van hulle vaders” (Jer. 50:7). Hy sê: “Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is” (Jer. 17:7). Vir Israel was die Here “die fontein van lewende water” (Jer. 17:13) en die verwagting van die “nakomelinge”, omdat die belofte van God verklaar dat die “kinders sal terugkom na hulle grondgebied” (Jer. 31:17). Hierdie verwagting na verlossing en herstel wat in “benoudheid”, ellende en wanhoop ontstaan, gee die Ou Testamentiese gelowige aanleiding tot hoop.

Stulman (2004:19) beskryf die boek Jeremia as ‘n padkaart na hoop vir mense wat hulself op die rand van wanhoop bevind – vir ballinge in Babilon sowel as ballinge vandag. Jeremia is die herout van hoop vir die Joodse vlugtelinge wat in die nadraai van die val van Jerusalem in 587 v.C. geleef het. Die hoop van hierdie ballinge is nie, soos wat die profeet Hanánja verkondig het, ‘n terugkeer na die vorige dinastiese heerskappy nie, maar ‘n nuwe begin en ‘n nuwe gemeenskap wat deur reg en geregtigheid, gehoorsaamheid en deelname gedefinieer word. Vir die Israeliete het die verlies van Jerusalem en die ballingskap in Babilon niks minder as die ergste ervaring van hulle lewens voorgestel nie. Jeremia 4:23-26 gee ons ‘n sin van die gemoedstoestand onder die volk deur te kyk na die toestand van die natuur. Sy verwysing na die donkere somberheid, die woesteny, die verlies aan voëllewe en afgebreekte stede illustreer die gevoel wat in sy hart heers.

Dit is dan juis in hierdie toestand dat die God van Israel, vanuit die wrak van die vorige, ‘n nuwe volk oprig.

O’Connor (2007:30) sê dat die boek Jeremia daaraan toegewy is om hoop te skep in ‘n gemeenskap wat die dood in die gesig staar. Dit spreek tot ‘n gemeenskap wat gedisintegreer het en sonder toekoms is. In al die waarskuwings van oordeel, plasing van blaam, swaarkry en wanhoop roep die profesieë die mense van Juda terug na ‘n lewe onder God en ‘n toekoms deur Hom. Die profesieë bied nie veel meer as die feit dat hulle slegs met hulle lewens daarvan sal afkom nie. Dit is in hierdie desperaatheid waar ‘n tweede deel van die boek Jeremia die meeste waarde het. O’Connor (2007:31) verwys na hierdie tweede deel van die boek Jeremia, wat uit hoofstukke 30 tot 33 bestaan, as die “little book of consolation”, oftewel die boekie van hoop. In hierdie boekie van hoop word die verskrikking en beproewing van die huidige situasie verbind met die “nuutheid” van die verlossing van God wat voorlê. So deel Jeremia in hoofstuk 30:4-7 met die volk sy beskouing van die toestand waarin hulle verval het en die geweldige onnatuurlike ontberings wat hulle in die gesig moet staar om net so daaruit verlos te word.

In die realiteit dat alles verlore is, kom die belofte van vernuwing en herstel; nie tot ‘n lewe wat hulle voorheen gehad het nie, maar ‘n toekoms waarin God self die werk in hulle binneste waarborg.

Stulman (2004:20-24) se opsomming van sy studie van Jeremia 26-52, deur die hoop van Israel in die nuwe vorm en karakter daarvan te beskryf, is baie waardevol vir hierdie studie om die Ou Testamentiese karakter van hoop te verstaan. Hy verdeel sy opsomming in ses dele. Eerstens is hoop gewortel in lyding en kan dit slegs na vore kom as die volk van God die pynvolle werklikhede daarvan omarm (Jer. 31:2,9,13). Jeremia beklemtoon dat daar geen vreugde kan wees sonder hartseer, geen tuiskoms kan wees sonder ballingskap en geen feesviering sonder die geskiedenis van verlies nie. Tweedens behels hoop dat die mens sy houvas op die ou wêreld moet laat vaar (Stulman 2004: Jer. 31:17a, 22c). ‘n Houvas aan die ou wêreld, soos wat deur die profeet Hanánja se ontkenning van die huidige werklikheid voorgestel word, is beide gevaarlik en misleidend vir hulle wat wil sin maak van die nuwe lewe. Derdens, hoop bestaan op die buitewyke van die belofte en nie in die hartjie van gemak nie. Hierdie

tipe hoop word nie gevind in triomfantlike nasionalisme, militêre magsvertoon of die gloed wat die oorwinning bring nie (Stulman 2004). Hoop ontwikkel onder die kwesbare en gewondes, onder hulle wat op die rand staan. Jeremia en sy getroue skriba, Barug, is ‘n voorbeeld van die feit dat getrouheid nie altyd beloon word met die tradisionele sertifikaat van erkenning nie (Stulman 2004: Jer. 45:5).

Vierdens behels hoop dat die gemeenskap bou in ongewenste situasies (Stulman 2004: Jer. 29:5, 6d, 11). Israel word aangemoedig om nie in ballingskap terug te sit en niks te doen nie, maar aan te gaan met hulle lewens in die gemeenskap. Vyfdens, hoop is tekstueel. In die meeste gevalle is die uitkoms van Israel opgeteken in ‘n boekrol. Selfs Jeremia se eie lewe is hierdeur gespaar (Jer. 26:16-19) en hy gebruik ook geskrewe briewe om die wanhoop te verlig (Jer. 29:1-32) en om die toekomstige verlossing in geskrewe formaat aan te kondig (Jer. 32:6-44). Sesdens styg hoop uit in die vorm van ‘n nuwe geestelikheid tussen die individu en God, wat beskryf word as ‘n nuwe verbondsverhouding met God en ‘n onvoorwaardelik ooreenkoms van bevryding en bewaring wat vir ewig duur (Jer. 30:10-11, 18-21; 31:7-14, 23-25, 31-34; 32:36-44; 33:1-9) (Stulman 2004:20-24). So ‘n tipe hoop vereis dat die nuwe potensiaal wat God se beloftes aanbied, ontdek moet word.

Volgens O’Connor (2008) kan ons hieruit aflei dat die profetiese boek van Jeremia tot diegene spreek wat deur ‘n tyd van mismoedigheid en ekstreme verlies aan persoonlike ambisie en gemak gaan, en hoop aan hulle voorgestel word as ‘n totale nuwe konsep van die innerlike werking van God. Die eerstepersoon-belydenisse in Jeremia hoofstukke 11 tot 20 (11:18-12:6; 15:1-21; 17:14-18; 18:18-23; 20:7-13,14-18) volg hierdie pad na geestelike herstel. Hierdie tipe smeekgebede of klaagliedere erken die huidige toestand van wanhoop en beweeg weg van blaamverskuiwing na hoop. In hierdie beweging na hoop vind Jeremia die geleentheid om die volk op te roep om te sing van God (O’Connor 2008:46). Daarmee erken hulle die potensiaal van die “nuwe wêreld” wat van God self kom en nie in dieselfde gedagtegang as dié van die “ou wêreld” verstaan en ervaar moet word nie. Hoop bring ons nie terug na die gewoontes en instellings van die ou lewe nie, maar neem ons verder na ‘n nuwe potensiaal in ‘n persoonlike geestelike verhouding met God. Hierdie hoop, wat uit nood gebore is, maak ons bewus van die nuwe wêreld waarin ons met oop harte en hande moet leef en moet losbreek uit die wen-ten-alle-koste-gedagtegang waaraan ons

in die ou wêreld gewoond geraak het. Hieruit kom die soteriologiese konsepte van "afsterf", aflegging en verlossing van die "oue", en die "vernuwing" of nuutheid en beklee van die nuwe lewe sterk na vore.

Jeremia 31:31-34 is, volgens MacArthur (2008a:Jer.31:31-34), die beskrywing van 'n nuwe verbond wat God met sy volk gemaak het. Dit is die mees bekende beskrywing van die hoop van Israel. In kontras met die Mosaïese Verbond waaronder Israel gefaal het, belowe God 'n Nuwe Verbond met 'n geestelike en goddelike dinamiek waarin almal wat Hom persoonlike ken, kan deel hê in die seëninge van verlossing. Alhoewel dit eerstens die hervestiging van Israel in die beloofde land beloof, behels dit ook die belofte van geestelike verlossing vir die individu. Te midde van die wanhoop van oordeel, kom die belofte van herstel aan die volk Israel, maar ook persoonlike en individuele verlossing.

Brueggemann (2008:306) maak die stelling dat die God wat hulle ongehoorsaamheid so verafsku, ook die God is wat 'n nuwe verbond met hulle wil sluit. Die God van die ou dinge wat verbygaan, is ook die God van die nuwe. So spreek Jeremia in hoofstuk 31:31-34 dat die dae van oordeel opgevolg sal word met dae van verbondsluiting: 'n nuwe verbond wat die ou verbond sal oortref en wat 'n innerlike werk van God sal wees eerder as die vereistes van 'n uiterlike wet.

In hierdie tye van uiterste wanhoop sal die liedere ophou en die digters nie meer liefde-sonates skryf nie en die mens stil wees in afwagting op die ergste, want daar is nie meer hoop nie. Dit is in hierdie tye van stilte en donkere mismoedigheid dat die Woord van God se beloftes die meeste waarde het. So spreek Jeremia in hoofstuk 33:10-11 dat die toestand van oordeel sal plek maak vir vreugde. Die Here se goedertierenheid sal dit voorsien. Dit is in hierdie tye van stilte en donkere mismoedigheid dat die Woord van God se beloftes die meeste waarde het. So spreek Jeremia in hoofstuk 33:10-11:

> "So spreek die HERE: In hierdie plek waarvan julle sê: Dit is woes, sonder mens en sonder dier—in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem wat verwoes is, sonder mens en sonder inwoner en sonder dier, sal weer gehoor word die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die stem van die wat sê: Loof die HERE van die leërskare, want die

> HERE is goed, want sy goedertierenheid is in ewigheid! —van die wat ‘n lofoffer bring in die huis van die HERE; want Ek sal die lot van die land verander soos tevore, sê die HERE.”

Die nuutheid van hierdie “nuwe” werk van God kan, volgens Brueggemann (2008:307), vergelyk word met die dood en die opstanding van Jesus Christus. Die wanhoop van die “Vrydag” (die kruisiging) het baie vinnig plek gemaak vir die vreugde en hoop van die “Sondag” (opstanding). In hierdie sin is die woord van Jesus Christus in Matthéüs 25:10 belangrik: “onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof”.

Volgens die profeet Jesaja het Israel gesondig en onder die oordeel van God gekom, en hy sê dat die Here sy “aangesig verberg vir die huis van Jakob” (Jes. 8:17), maar nogtans sal hy “wag op die HERE …. en op Hom hoop”. In Jesaja 43:1-5 spreek die Here tot die hart wat in die oomblik van oordeel bevang word met vrees. Sy woorde aan die begin en aan die einde is dieselfde: “Wees nie bevrees nie”.

Brueggemann (2008:308) sê dat hierdie woorde spreek tot die hart van dié wat as gevolg van die wanhoop van die situasie, ‘n verwronge konsep van realiteit en van God ontwikkel het. So spreek die Here deur Jesaja in hoofstuk 43:1-5 en vertroos die hart van die volk deur hulle te herinner aan wie Hy is en wat hy vir hulle gedoen het en dat Hy sy beloftes gestand sal doen.

Hoop vir Israel is dus om nie te vrees nie, op grond van die werklikheid van die teenwoordigheid en karakter van God.

Howard (2008:418) se interpretasie van Jesaja 64:1-9 beskryf hoop as die verwagte verlossing van Israel uit ballingskap en die terugkeer na en herstel van die land van belofte. Dele van Jesaja beskryf die oordadige seëninge wat deel uitmaak van die belofte vir die volk se herstel. Met hul terugkeer bring die groeiende ontnugtering van die feit dat hul verwagting van hierdie oordadige seëninge van God nie opweeg teen dit wat hulle daar gevind het nie, ‘n krisis. Die noodroep leer die leser meer van die aard van die ontnugtering: “Waar is Hy...” (Jes. 63:11) en “Waar is u ywer en magtige

dade?" (Jes. 63:15). In hierdie tyd van ontnugtering probeer hulle die blaam op God plaas: "HERE, waarom laat U ons wegdwaal van u weë? Waarom verhard U ons hart, sodat ons U nie vrees nie?" (Jes. 63:17). Alhoewel hulle die blaam probeer verskuif, is Jesaja 64 vers 1 tot 12 tog 'n erkentenis dat hulle weet dat dit slegs God is wat hulle sal kan help: "Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal, dat die berge wankel voor U aangesig... geen oog het 'n God gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U" (Howard 2008).

Die uiteindelike werklikheid of uitkoms van hoop, soos wat Jesaja 65:17-25 dit voorstel, is gesetel in die "nuwe" moontlikhede van die nuwe hemel, nuwe aarde en die nuwe Jerusalem (MacArthur 2008b:Jes.65:17; Brueggemann 2008:308). In die toestand van wanhoop blyk hierdie "nuwe" realiteit nie moontlik te wees nie, maar in die volmaakte nuwe moontlikheid van Jesus Christus wat uit die dood uit opgestaan het, is alle ander onmoontlikhede moontlik. Uit die mond van die profete leer ons dat die een wat hoop wil verkondig, dit moet doen deur die woorde van Skrif.

Daniël 7 is volgens Block (2006:111) 'n profetiese beskrywing van die getrouheid van God teenoor sy verbondsvolk. In ballingskap het die volk baie vrae gehad ten opsigte van die beloftes van God, wat klaarblyklik in hul huidige omstandighede nie meer geldig was nie. God se belofte aan Abraham en sy nageslag het die ewige besit van die land Kanaän ingesluit (Gén. 17:8). By die berg Sinai het God toegetree tot 'n verbondsverhouding met Israel, waarvan daar geen skeiding sou wees nie (Ex. 31:16). God het aan Dawid en sy nageslag die ewige reg tot die troon van Israel beloof (2 Sam. 7). Alhoewel hierdie beloftes in die gedrang gekom het toe Israel deur 'n die goddelose ryk in ballingskap weggevoer is, wys die profesieë van Daniël dat God in beheer van die geskiedenis is (Vosloo & Van Rensburg 1997:Dan.8:1); Hy sal alle ander heerskappye vernietig en sy eie Messiaanse heilstaat of vrederyk vestig, wat tot in ewigheid sal standhou. Hierdie toekomstige hoop word, volgens Block, in Daniël 7 deur die Nuwe Testament bevestig (Matt. 24:29-31; Openb. 1:4-7).

### 5.2.4 Hoop in die Klein Profete

‘n Ander konsep van hoop kom na vore in die eskatologiese perspektief van die profeet Sagaría wat ons help om te verstaan wat vir Israel hoop gegee het. So spreek die profeet Sagaría in Sagaría 9:9:

> “Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ‘n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ‘n esel – op ‘n jong esel, die vul van ‘n eselin.”

Israel kan hoop vind in hierdie Messiaanse boodskap, soos wat die eienskappe en karakter van die komende Messias beskryf word (MacArthur 2008c:Sag.9:9). Om die omvang en belangrikheid van God se belofte aan die “dogter van Sion” te beklemtoon, word die dogter opgeroep om met blydskap uit te sien na die koms van haar Koning.

Te midde van die naderende oordele in Samaria, gee Amos ‘n aantal vermanings wat gesien kan word as handelinge van hoop (Brueggemann 2008:303). In Amos 5:14-15 word hulle vermaan om sekere stappe te neem wat die Here se guns sal wen. Lewe is nog ‘n moontlikheid, mits hulle “(s)oek wat goed is, en nie wat sleg is nie”. Die frase “só met julle kan wees” dui op die profetiese boodskap dat God genadig sal wees. Hoop is dus aktief en transformerend (Brueggemann 2008:303,304).

In Hoséa is die krisis van die verhouding tussen God en Israel by ‘n breekpunt (Brueggemann 2008:304). As bewys hiervan volg die profeet se aangekondig dat ‘n skeisaak aanhangig gemaak is, wat aandui dat daar ‘n beëindiging van die verbondsverhouding sal wees. Te midde van die werklikheid van die wete dat hulle moontlik deur God verlaat kan word, kom die volgende woorde van hoop in Hoséa 2:18-20: “Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken.”

Die volk, eens verstoot, sal in hierdie dag weer omarm en geliefd wees in ‘n ewige verhouding. Aan die anderkant van hierdie vrees vir die oordeel van God, lê die vernuwing van die verhouding tussen God en sy geliefde volk (Brueggemann

2008:304). Hoséa 12:6 bied raad aan die Israeliet: "tot jou God moet jy terugkeer, beoefen liefde en reg, en hoop gedurigdeur op jou God."

Die profete het beaam dat die dae van oordeel nie die laaste dae is nie, maar dat daar meer dae daarna sal wees. Die beskrywing van die oordele van God is nie die laaste woorde van God oor sy volk nie. Die profeet Miga, net soos ook die ander profete, sien in sy geestesoog 'n wêreld verby die oordeel (Brueggemann 2008:305). In Miga 4:1-5 lees ons dat God hulle plek van aanbidding sal vestig en bevestig. Daardie plek sal deur die nasies erken word as die plek van God en reg en geregtigheid sal uit Jerusalem uitgaan.

Hierdie woorde te midde van wanhoop is meer as net 'n digterlike beskrywing van die toekoms; dit is die hoop van Israel. Die laaste dae is dae van die herstel van Israel en die heerskappy van sy Messias wat in en vanuit Jerusalem sy Woord sal laat voortgaan.

### 5.2.5 Samevatting

Hoop in die Ou Testament kom voor in die valleie van Israel se geloofservaring. In tye van hul eie ontrouheid en waar dreigende oordeel en dood 'n tasbare realiteit in die profetiese openbaringe is, kom hoop – die verwagting van verlossing deur God - in sy suiwerste vorm na vore. Hoop erken die skadu wat sonde en ongehoorsaamheid bring, voordat dit die lig van God se verlossing sien. Hoop ontken dus nie die feit dat God in geregtigheid sal oordeel oor die sonde van die volk Israel nie. Die Ou Testament verklaar duidelik dat hoop op God se voorsiening, verlossing en genade alleen gegrond is. Vir die Ou Testamentiese volk Israel, was hoop nie 'n vae en onsekere begrip nie, maar 'n vaste en sekere wete dat God homself aan hulle openbaar en sal bekend maak deur verlossing en herstel. Dit het immers soveel maal gebeur. Die uitkoms van die hoop van Israel was nie bloot net 'n terugkeer na die ou lewe wat hulle tevore gehad het nie, wat deur oordeel van hulle ontneem en dus nie meer moontlik was nie, ook nie 'n "laat God's water oor God's akker loop"-gesindheid nie, maar 'n aanbeweeg na 'n nuwe verlossingswerklikheid, wat in die beloftes van die "beloofde land" en die nuwe verbond van God hulle aangebied is. Hierdie intrede van

God in die Ou Testamentiese gelowige se lewe, beskryf hoop onder die volgende lewenswerklikheidstemas:

- Die "so-spreek-die-Here"-uitsprake wat God se wil om hulle te seën deur sy beloftes en verbonde oordra, baan die weg van hoop na 'n beter bedeling;
- die "vrees-van-die-Here"-lewenswyse wat in die wysheidsliteratuur beskryf word, ontvou hoop as kwaliteit van lewe wat uit nood gebore is. Dit maak ons bewus van die nuwe wêreld waarin ons met oop harte en hande moet leef en moet losbreek uit die wen-ten-alle-koste-gedagtegang waaraan ons in die ou wêreld gewoond geraak het. Hoop neem die vorm van 'n vroom lewenswandel aan en word 'n lewensanker waaraan hulle kon vashou as daar swaar tye aanbreek;
- die Messiaanse profetiese verklarings van 'n heerlike en ewige aardse Messiaanse koninkryk van Israel laat hulle verby die huidige omstandighede van wanhoop kyk na die hoopbelaaide toekoms;
- die beloftes van die nuwe verbond wat God met sy volk gemaak het, is die mees bekende beskrywing van die hoop van Israel. Alhoewel Israel die Mosaïese Verbond gefaal het, beloof God 'n Nuwe Verbond met 'n geestelike en goddelike dinamiek, waarin almal wat Hom persoonlike ken, kan deel hê in die seëninge van verlossing deur die innerlike werking van die Heilige Gees;
- in die Ou Testamentiese idee van hoop word God beskou as die "Verwagting van Israel". Die Ou Testament ontwikkel die idee dat Israel geen verwagting het behalwe om dit by God te kry nie, naamlik 'n verwagting van verlossing deur sy Messias in die persoon van Jesus Christus;
- die lewe na die dood word uitgebeeld as die enigste hoop vir dié wat op die rand van die dood staan;
- hoop kan uitgebeeld word as die dors van 'n wildsbok wat smag na water en uiteindelik versadig word;
- geloof in God se hulp en verlossing is 'n vorm van hoop waarop die Ou Testamentiese gelowige homself uiteindelik verlaat.

## 5.3 DIE BEGINSEL VAN HOOP IN DIE NUWE TESTAMENT

Wat die beginsel van hoop in die Nuwe Testament aanbetref, bied Vos *et al.* (2007:15) 'n waardevolle oorhoofse perspektief uit Romeine. Eerstens begin Romeine 1:18-3:20 waar God, soos in die Ou Testament, sê dat beide Jood en Griek onderhewig is aan die oordeel van God se wraak oor die sondaar. Daar ontwikkel egter 'n "nuwe woordeskat" wat uitgelê word in Romeine 5:1-8:39, naamlik gees (*pneuma*), liefde (*agape*), hoop (*elpis*), heiligheid van God (*doxa tou theou*), lewe (*zoe*), versoening (*katalagge*) en vrede (*eirene*). Romeine 5:1-11 ontwikkel die motief van Romeine 8 as die hoop op die heerlikheid van God in die lyding van die wêreld.

Volgens Vos *et al.* (2007:14) is die tema van hoop in die Nuwe Testament op twee pilare gebou: die Christologie en die Pneumatologie. Mahue (2000:13) se sistematiese raamwerk van hoop bied nog 'n ander indeling, naamlik: verlossing, opstanding, ewige lewe, ewig in die teenwoordigheid van Christus en die voltooiing van die koninkryk. Bing (2007:79) se beskrywing van die "voorwerpe van hoop" kan as nog 'n moontlike indeling gesien word. Dit behels saligheid (1 Thess. 5:8), geregtigheid (Gal. 5:5), die opstanding uit die dood (Hand. 23:6; 24:15), die ewige lewe (Tit. 1:2; 3:7), die heerlikheid van God (Rom. 5:2), en die tweede koms van Jesus Christus (1 Joh. 3:3).

Uit hierdie drie verskillende benaderings tot die indeling van die Nuwe Testament, wat die konsep van hoop aanbetref, sal die volgende gedeelte poog om hoop in terme van die volgende Nuwe Testamentiese teologiese temas te ondersoek, naamlik: die Christologie, Pneumatologie, Soteriologie, Eskatologie en geloof, hoop en liefde as die beskrywing van die Christelike ervaring.

### 5.3.1 Christologie en hoop

Christologie is die interpretasie en beskrywing van die persoon en werk van die Seun van God as die tweede Persoon in die God Drie-enigheid (Baker's Dictionary Of Theology1969). Volgens die apostels Matthéüs en Petrus is die Nuwe Testamentiese

idee van hoop ’n erkenning dat, vir die Christen, die vervulling van al die Ou Testamentiese beloftes opgesluit is (Matt. 12:21, 1 Pet. 1:3) “in Christus”, binne die denkwyse van die Christologie of Christusleer. In die preek wat die apostel Petrus op Pinksterdag gepreek het, verklaar hy aan sy gehoor soos volg oor Jesus Christus: “Hom het God opgewek” (Hand. 2:24). En verder: “Want Dawid sê van Hom: Ek het die Here altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand dat Ek nie sou wankel nie. Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop” (Hand. 2:25,26).

Op sy beurt staan die apostel Paulus as beskuldigde voor Felix die goewerneur sy saak en bepleit, en verklaar dat die godsdienstige tradisie van die dag as ‘n sekte beskou eerder die vervulling is van dit waaroor die wet en die profete geskryf het, maar ook verwag het, naamlik “dat daar ‘n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges.” (Hand. 24:14,15) Op sy beurt staan die apostel Paulus as beskuldigde voor Felix die goewerneur sy saak en bepleit, en verklaar:

> “Maar dit erken ek voor u dat ek volgens die Weg wat hulle sekte noem, so die God van my vaders dien, terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is, en ‘n hoop op God het, ‘n hoop wat hulle self ook verwag, dat daar ‘n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges.” (Hand. 24:14,15)

Selfs later voor koning Agrippa, het Paulus sy verweer uitgelê soos volg: “En nou staan ek tereg oor die hoop op die belofte wat aan die vaders deur God gedoen is, waartoe ons twaalf stamme wat God aanhoudend dag en nag dien, hoop om te kom; oor hierdie hoop, koning Agríppa, word ek deur die Jode beskuldig” (Hand. 26:6,7). Die apostel was oortuig daarvan dat dit “oor die hoop van Israel” was dat hy met kettings geboei is en lyding moes verduur (Hand. 28:20).

La Mothe (2010:13) sê dat die temas van die lewe van Jesus Christus die hoop van die Christen is. Sy lewe en kruisdood, sy opstanding en wederkoms is die hoop van die Christen. Hoop is gegrond in die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus. Hoop is meer as net ‘n troos in ‘n lewe wat vol onsekerheid en swaarkry is en wat eers deur die dood beëindig sal word. Geloof wat oorgaan in hoop veroorsaak nie die ideale lewe nie, maar strewe na die beter lewe in die potensiaal wat Christus vir ons

moontlik maak. Volgens Paulus, "'n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God", is die Here Jesus Christus "ons Hoop" (1 Tim. 1:1).

Venter (2003:38) sê in sy verklaring van Hebreërs 7:19 dat Christus die inhoud is van 'n "beter hoop" wat die Christen deur geloof verkry. Die doel van godsdiens is om nader aan God te beweeg en dit gebeur deur die hoop in Christus. Dit gaan daaroor dat alle grense tussen God en mens verwyder word deur hierdie nuwe hoop, naamlik Christus. Hierdie beter hoop beteken dat die hoop en die wet teenoor mekaar geplaas word. Waar die wet die gewete skuldig gelaat het voor God, en nie die sonde kon wegneem nie, bring die verlossing in Christus hoop, omdat die gewete skoongewas is en die mens waarlik vry kan wees. Die hoop doen dus wat die wet nie in staat was om te doen nie en daarom is die hoop van "beter" waarde as die wet, omdat dit ons in Christus in 'n nuwe verhouding met God plaas (Venter 2003:38,39).

Die skrywer van Hebreërs gebruik die geleentheid om in Hebreërs 7:19-22 die werking van die wet met die bediening van Jesus Christus te kontrasteer. Aan die een kant sê hy is daar die "opheffing van die gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan", maar aan die ander kant "is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader. Dit is die Here Jesus Christus, wat "van 'n beter verbond borg geword het." Die hoop van die Ou Testament was beperk omdat die Here Jesus nog nie gekom het nie, maar noudat Hy gekom het, is die werkinge van die Nuwe Verbond meer effektief en het dit die vermoë om 'n meer volmaakte hoop te verskaf. In 'n kort lofspraak oor die "grote barmhartigheid van God", verklaar die apostel Petrus in 1 Petrus 1:3 dat die Christen die "wedergeboorte geskenk" is tot, soos hy dit stel, "'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode". Die feit dat God Jesus Christus "uit die dode opgewek" het en "Hom heerlikheid gegee het" beteken dat, as gevolg van ons geloof in Jesus Christus, ons "geloof en hoop op God kan wees (1 Pet. 1:21). Al hierdie Christologiese waarhede in die Nuwe Testament is tot ons lering geskrywe, sodat ons deur "lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê", want op Hom sal die nasies hoop (Rom. 15:4,12). Hoop in die terugkeer van Jesus Christus is die basis vir gelowiges om hulself van sonde en wêreldsheid in hierdie lewe te reinig (Tit. 2:11-14; 1 Joh. 3:3).

McBride (2007:16-19) reflekteer op die gemoedstoestand van die Emmaüsgangers soos wat hulle in die skadu van die kruis terugkeer na hul alledaagse lewens. Hul Messias het gesterf en is begrawe. Hulle het self gesien hoe hy gesterf het as ‘n misdadiger en daarmee saam is al hul hoop in dieselfde graf weggesit. Die stelling in Lukas 24:21, naamlik “ons het gehoop”, wys dat hul hoop in die verlede tyd vasgevang is. Om die verlede aan jou eie hoop vas te maak, sal ‘n swaar las daarmee vereenselwig. Hoop wat in die verlede is, is geen hoop nie en verwoes ons passie vir die lewe. McBride verklaar dat baie mense kies om op grond van die hoop van die verlede te leef (2007:16). Dit weerhou hulle om geleenthede raak te sien en verblind hulle vir die geestelike werklikhede van wat rondom hulle aangaan. Volgens McBride was dit die woorde en bediening van die opgestane Jesus Christus wat hul stofpad-ervaring verander het in ‘n hoop-pad-ervaring (2007:18).

### 5.3.2 Pneumatologie en hoop

Pneumatologie is ‘n teologiese studie van die interpretasie en beskrywing van die Persoon en werk van die Heilige Gees as die derde Persoon in die God Drie-eenheid, (Chafer Vol. 6 1957:3). ‘n Perspektief wat voortspruit uit die Pneumatologie is, volgens die apostel Paulus, dat die hoop van die Christen en die sekerheid van daardie hoop ook gerealiseer word deur die teenwoordigheid van die belofte wat God aan Israel gemaak het, naamlik die inwoning van die Heilige Gees (Hand. 26:6-7; Rom. 8:23-25). Vos *et. al.* (2007:15) beskou die Pneumatologie as die hoop van die skepping. Die Heilige Gees gee die skepping die hoop van bevryding (Rom. 8:19-21). Hy verklaar dat die skepping met verwagting uitsien na die vryheid van die bevryding (Rom. 8:19). Omdat Christene die Heilige Gees het “wat aan ons gegee is”, het ons ‘n hoop wat nie sal “beskaam nie” (Rom.  5:5), omdat daardeur die liefde van God in ons harte heers. Daarom is ons in staat om deur lydsaamheid en beproefdheid hoop te kan hê en oorvloedig te kan wees in die hoop “deur die krag van die Heilige Gees (Rom. 5:4,5; 15:13).

In 1 Korinthiers 1:22, 2 Korinthiers 5:5 en Efesiërs1:14 beskryf Paulus die Gees as die *arrabōn* (onderpand / waarborg) wat God aan die Christen gee. Hierdie woord word deur Louw en Nida beskryf as die figuratiewe beskrywing van die Heilige Gees

as die eerste paaiement van geld wat as waarborg betaal word om die voltooiing van ‘n transaksie of offer te beklink. Wanneer die Christen die Heilige Gees ontvang, het so ‘n Christen dus ‘n gewaarborgde toegang tot die belofte van God vir toegang tot die koninkryk. Die hoop van die Christen is dus gegrond op die konkrete belofte van die goddelike waarborg.

Goudzwaard *et al.* (2007:172) verklaar dat ons eie sin van hoop in hierdie wêreld geïnspireer word deur die aktiewe teenwoordigheid van die Heilige Gees van God. Hy verwys na Romeine 8:18-15 wat verklaar dat die hele skepping “wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God”. Hierdie versugting is die taal van hoop (Goudzwaard *et al.* 2007:174). Hoop skep vreugde en vrede in die Christen deur die kragvolle werking van die inwonende Heilige Gees (Rom. 12:12; 15:13) en word deur die Gees opgewek as ons in lydsaamheid verdra as ons swaarkry (Rom. 5:2-5; 1 Thess. 1:3; Heb. 6:11).

Daarmee saam is die geestelike gebeure in die Christen se lewe ‘n dinamiese werk van die Heilige Gees, wat deur die gebruik van die woorde van die evangelie, mense oortuig om die vryspraak in Christus te ontvang. In Romeine 8:16 maak die Gees van God kontak met die menslike gees en herinner ons aan die moontlikheid van kindskap. Die Heilige Gees maak ons Christus se eiendom.

### 5.3.3 Soteriologie en hoop

‘n Verdere ontwikkeling van die aspek van hoop in die Nuwe Testament, is die saligheid wat die “evangelie van Christus” bring, wat “‘n krag van God is tot redding vir elkeen wat glo” (Rom. 1:16), volgens die Soteriologie of Saligheidsleer. Soteriologie is die teologie en beskrywing van die voorsiening van God in verlossing deur sy Seun, Jesus Christus. (Thiessen 2006). Hoop is uitsluitlik en eksklusief gegrond in die reddingswerk in Jesus Christus. Christus is self, volgens die apostel Paulus in 1 Timótheüs 1:1, die Hoop van elke Christen. So spreek die apostel: “Paulus, ‘n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God, ons Verlosser, en van die Here Jesus Christus, ons Hoop” (1Tim. 1:1). Van Zyl (1997c:1Tim.1:1) sê in sy kommentaar van 1 Timótheüs 1:1: “Die genadewerk van God deur Christus Jesus

open die uitsig op die toekomstige lewe by die wederkoms van die Here (6:14). Daarom is Hy ons Hoop (Kol. 1:27)."

Hoop is, volgens punt 5.3.1 en 5.3.2 hierbo, nie 'n mensgemaakte gedagte nie en dus nie moontlik sonder Christus Jesus en die werk van die Heilige Gees nie. Die eerste koms van Jesus Christus en die daaropvolgende versoeningsdood aan die kruis het, na die opstanding van Christus, hoop beskikbaar gemaak aan die mens en daarmee saam 'n totaal nuwe bestaan. Die apostel Paulus verklaar in Romeine 5:1-2: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God." Hierdie "vrede by God", ten spyte van vervolging en ontbering, is volgens die apostel Paulus sy "roem in die heerlikheid van God (Rom. 5:2). In teenstelling met hierdie posisie van vrede by God, was hulle "vroeër" "sonder Christus ... sonder hoop en sonder God in die wêreld" (Ef. 2:11, 12). "Maar nou in Christus" het hulle wat vroeër ver was, "naby gekom deur die bloed van Christus" (Ef. 2:13). Dit is waarvoor Paulus lyding verduur en sy lewe gegee het; vir "die hoop van die evangelie" wat aan hulle verkondig is, maar ook aan die "ganse mensdom onder die hemel" (Kol. 1:23). God wou aan die ganse mensdom "bekend maak wat die rykdom is van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder (in) julle, die hoop van die heerlikheid" (Kol. 1:27).

Romeine 8 is 'n verlenging van die stelling: "Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!" (Rom. 7:25). Die mens se redding lê dus buite homself – in Jesus Christus. Jesus Christus het ons vrygemaak van die oordeel wat ons sondes verdien. Ons het nie meer nodig om God te vrees as 'n Regter wat veroordeel nie, maar ons kan Hom nou ons Vader noem. Ons kan nou hoop dat, deur die intreewerk van die Heilige Gees en Jesus Christus, ons bevry sal word van alle sonde. Ons ontvang Christus se vryspraak deur geloof en daarom is om geloof te hê om "in Christus" te wees (Rom. 8:1).

Net soos die Nuwe Testamentiese boek van Romeine breedvoerig uitbrei oor die belangrikheid van redding in Christus tot die tema van hoop, so ontwikkel Hebreërs die idee van hoop vir dié wat reeds in 'n verhouding met God staan. Venter (2003:35) meen die skrywer van Hebreërs gebruik die taal van 'n huisgesin (Heb. 2:10; 10:21)

om die verhouding tussen die Christen en God te beskryf. In sy verklaring van Hebreërs 3:6 sê hy:

> "die vroeë Christene se geboorte as deel van God se huisgesin het aan hulle 'n nuwe status gegee, nuwe familie en hoop op 'n nuwe erfdeel. Die etos van hierdie nuwe gesinsverhouding tussen gelowiges, en die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan, was 'n groot bron vir die bevestiging van die Christene se status en om gelowiges aan te spoor tot hulp aan mekaar" (Venter 2003:35).

Die innerlike werking van die huisgesin word dus 'n voorwerp van hoop. Hierdie hoop is moontlik, as gevolg van die "voordele wat ons deur die Seun in die huishouding het". Wat meer is, "hierdie hoop is die kenmerk van die Christelike lewe, omdat die Christen uitsien na die volle heerlikheid in Christus, wat nie in hierdie wêreld te vinde is nie. So 'n hoop is nie 'n vermoede nie, maar 'n gewisse sekerheid oor dit wat nog nie aanwesig is nie" (Venter 2003:36).

Die saamtrekpunt van Hebreërs 6:13-19, volgens Venter (2003:37), is geleë "in die gedagte dat ons aangespoor word om vas te hou aan die hoop, op grond daarvan dat God met 'n eed en 'n belofte getuig dat Hy sy woord gestand sal doen." Hier gebruik die skrywer van Hebreërs weer die taal van die "anker van die siel" om die veiligheid en vastheid wat die siel in die beloftes van God geniet, en wat deur Christus van krag is, te beskryf. Hierdie "boot" se anker is nie in die bodem van die see vas nie, maar eerder "in Christus en die rykdom wat Hy bewerk" (Venter 2003:37). Ons word aangespoor om vas te hou aan die beloftes van God wat ons in Christus het: "Daar is troos in God se belofte, sowel as 'n vermaning tot standvastigheid" (Venter 2003:37). Die beloftes van God gee nie net vastigheid nie, maar dien ook as 'n troosvolle aansporing. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die gelowige se hart en gedagtes gekalmeer en versterk kan word in die beproewinge van hierdie lewe, solank sy hoop stewig geanker is in die hemel, dus in Christus en sy werk (Venter 2003:38).

Die verband tussen hoop en geloof as 'n standvastige versekering van die realiteit van die geestelike lewe, word in Hebreërs 11:1 beskryf (Venter 2003:39); dit wat, terwyl dit in die toekoms lê, voorwerpe van hoop is. Geloof is 'n standvastige sekerheid van die realiteit van sake waarop gehoop word, maar wat nog nie gesien kan word nie.

MacArthur (2008e:Heb.11:1) verklaar dat ware hoop nie op empiriese bewyse gegrond is nie, maar op goddelike sekerheid (Ef. 2:8). Die woorde in die teks verwys na ‘n titelakte en impliseer besitting. Dit sluit derhalwe baie sterk aan by Hebreërs10:34 waar die geadresseerdes se aardse besittings van hulle af weggeneem is. Hierdie hoop word aan hulle voorgehou as die ware besitting wat nie van hulle af weggeneem kan word nie. Hoop is ’n besitting van die gelowige en ’n vergoeding vir alles wat opgeoffer moet word in hierdie lewe (Venter 2003: 40). Hoop is ‘n waarborg van God se genade en lewe in Christus.

Van Zyl (1997d:Hand. 2:24) se verklaring van Handelinge 24-28 is soos volg:

> “Vir die dood was dit onmoontlik om Hom gevange te hou. Hoekom? Die Bybel gee verskeie antwoorde, maar die antwoord wat hier gegee word, is eenvoudig: omdat die Skrif sê Hy moes opstaan. Om te bewys dat Jesus moes opstaan, word Psalm 16:8–11 aangehaal. Petrus verstaan dit so dat wat Dawid oor homself sê op die Messias van toepassing is. Die hoop op die opstanding klink deur in 26b en 27 en indirek ook in 28a.”

Wat anders sou die apostels gemotiveer het om bereid te wees om te sterf vir die Here Jesus en Sy evangelie?

Martin (2002:24) verklaar dat alhoewel die hoop waarvan Paulus hier praat in Romeine 8:24 en 25 nie iets is wat ons alreeds gesien het nie, dit tog ‘n betroubare karakter het in die sin dat dit ‘n tasbare en verklaarbare basis in die hede het. Daardie basis is die wete dat die liefde van God uitgestort is in ons harte. Alhoewel hoop nie gesien kan word nie, is daar tog ‘n vlak waar ons die ervaring van die hoop kan geniet omdat daar ander dinge is wat God as ‘n realiteit in ons lewens gevestig het.

Die boodskap uit 1 Korinthiërs 15:58 is ‘n bemoedigende boodskap om standvastig en onwrikbaar te staan vir die Here en om besig te raak in sy werk (Williams 2008:81). Hierdie houding wat die Christen moet inneem word gemotiveer deur die wete dat die Here die getrouheid van die Christen sal beloon. So spreek die apostel Paulus in 1 Korinthiërs 15:58: “Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.” Hulle wat volhard in die geloof en goeie werke sal deur

God beloon word. In ‘n tyd waarin Christene ontmoedig kan word, is dit, as gevolg van redding in Jesus Christus, nou moontlik om standvastig en onbeweeglik vir die Here te staan terwyl ons die Here dien. In die lig van die oordele wat kom, is die beloning hiervan om veilig in die Here Jesus te wees.

Een van die belangrikste Skrifgedeelte wat al die essensiële aspekte van hierdie Bybelse, Christelike hoop saamvat, is Hebreërs 6:13-20. ‘n Goeie verduideliking van hierdie aspekte kom voor in ‘n preek wat deur prof. dr. Rantoa Letšosa op 28 Julie 2002, in Louis Trichardt gelewer is, en met toestemming hier aangehaal word. In hierdie preek, getiteld “The basis of a believer’s hope rests upon God’s promise and God’s oath”, lig Letšosa die belangrikste aspekte van hierdie Skrifgedeelte en die kernaspekte van ware Christelike hoop uit. Die volgende is ‘n samevatting van die hoofpunte van die preek met betrekking tot ware Christelike hoop as die leidende beginsel in pastorale begeleiding:

- ‘n Onderskeid moet getref word tussen die moderne gebruik van die “ek hoop so”-stelling, wat onsekerheid oor die uitkoms daarvan kommunikeer en die Christelike hoop, wat volle sekerheid kommunikeer.
- Die Christelike gemeenskap aan wie die boek Hebreërs geskryf is, was mense wat geestelik wou vooruitgaan in die lewe, maar onseker en mismoedig was oor die vlaag van vervolgings en swaarkry in hulle lewens. Hul lewensomstandighede het hulle laat wonder en twyfel of God se beloftes nog op hulle van toepassing was.
- Hierdie gelowiges het as gevolg van ongunstige lewensomstandighede begin om terug te val (Heb. 3:12; 10:25) en begin om alle vertroue in hulle geloofsoortuiging in die beloftes van God te verloor. Hulle was besig om traag te word om te hoor (Heb. 5:11).
- Die skrywer van Hebreërs moedig hulle aan om nie die beloftes van God net so prys te gee nie, want as Hy, wat beloof het dat hulle in die rus sal ingaan, ook ander beloftes nagekom het, sal ook hierdie beloftes net so vervul word.
- Omdat hulle deur die vyand versoek is om terug te gaan na die ou lewe (Heb. 4:1) en soos babas onvolwasse gebly het in hul geloofslewe (Heb. 5:12) en gevoel het asof hulle al te lank wag op God se beloftes, het God aan hulle die voorbeeld van Abraham voorgehou.

- Abraham, hul vader na die vlees, was ‘n sprekende voorbeeld van iemand aan wie God ’n belofte gemaak het. Abraham het “geduldig gewag en die belofte verkry” (Heb. 6:15). Hy het standvastig gebly en nie ongeduldig, traag of ongelukkig geword nie.
- As gelowiges in die Here Jesus, is ons ook erfgename van die beloftes van God. Hierdie belofte van God “om in sy rus in te gaan” is ‘n belofte wat vandag nog “standhou” (Heb. 4:1).
- Om hierdie belofte van “rus” te verkry, moet ons, deur vertroue in God te wys, “na die volmaaktheid voortgaan” (Heb. 6:1) en “dieselfde ywer toon om te kom tot die volkome sekerheid na die hoop” (Heb. 6:11) en “navolgers” word van hulle “wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is” (Heb. 6:12).
- “God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ‘n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?” (Num. 23:19). Elke belofte wat Hy aan Israel en aan ons gemaak het, sal Hy vervul. In plaas daarvan om te twyfel en in onsekerheid terug te val, moet ons, deur middel van vertroue in God, voortgaan om standvastig te wees in die hoop dat ons gered sal word.
- God se eed is vir ewigheid gewaarborg, omdat Hy by Homself gesweer het. Daar was niemand anders hoër as God nie en niemand met ‘n hoër outoriteit as Hy nie (Heb. 6:17). Die eed van God, soos die tweesnydende Woord van God, het twee aspekte: enersyds, is daar die seëninge wat die eed van God waarborg aan dié wat gehoorsaam is (Heb. 4:3) en andersyds is daar die oordele wat God bring oor hulle wat ongehoorsaam is (Heb. 3:7-11).
- Op grond van hierdie twee onveranderlike dinge, God se beloftes en die eed wat Hy by Homself gesweer het, kan ons “kragtige bemoediging” hê “om vas te hou aan die hoop wat voorlê” (Heb. 6:18), met ander woorde, ons ewige saligheid.
- In plaas daarvan om in moeilike omstandighede te dink dat ons verlore is, of deur God verlaat is, kan ons hoop hê, want God se beloftes en die eed wat Hy gesweer het om dit te bekragtig, is gewaarborg en is dus vas (Heb. 6:18).
- Hierdie hoop is nie wensdenkery nie, maar is die “anker vir die siel wat veilig en vas is” (Heb. 6:19).

- Die mens se lewe kan met ‘n skip op die see vergelyk word. As daar moeilike omstandighede kom, dan is die see rof en die skip word rondgeslinger deur die golwe. Soos wat die skip ‘n anker nodig het om stabiliteit en standvastigheid te bring, so het die siel, wat in wanhoop en onsekerheid rondgeslinger word, ‘n anker nodig om stabiliteit en standvastigheid te bring.
- Mense maak op allerhande dinge staat om hulle in tye van moeilikheid en ontnugtering standvastigheid te gee, maar die enigste ware anker vir die siel is Jesus Christus, die Rots (Deut. 32:4; 2 Sam. 22:2,3; Jes. 26:4; 1 Kor. 10:4; 1 Pet. 2:6). Die tou wat ons lewensanker vashou, moet buite onsself, op die Rots, Jesus Christus, gegooi en geanker word.
- Hierdie Rots, Jesus Christus, is die ware anker van die siel en gaan in tot “binnekant die voorhangsel” en omdat “Jesus as voorloper vir ons ingegaan het” (Heb. 6:19) en nie volgens ‘n menslike priesterlike orde nie, maar volgens die ewige Hoë Priesterlike orde van Melgisedek.
- As gevolg van hierdie hoop, kan ons ewige sekerheid van ons saligheid hê.

Volgens hierdie kragtige preek van Rantoa Letšosa (2002), is Christelike hoop die sekere wete dat God ons uit enige omstandighede sal red. Hierdie beloftes is gegrond op die onveranderlike beloftes en eed wat God tot Homself as die hoogste gesag gesweer het. Hierdie Christelike hoop, sekere wete of geloofsoortuiging, is die anker vir die siel wat vas is aan die Rots, Jesus Christus. Die weg na ware Christelike hoop waarop die pastorale begeleier die begeleide wat in wanhopigheid en ontnugtering verkeer, moet lei, is die weg na die lewe in Christus as die anker vir die siel. Hierdie weg begin met die kennis van God se onfeilbare beloftes wat in Christus beskikbaar is en eindig met die volgehoue ywer om na die volmaaktheid voort te gaan en so in die rus van God in te gaan.

### 5.3.4 Eskatologie en hoop

Die Eskatologie of Eindtydleer, wat die teologiese leerstelling is van die dinge wat in die laaste dae gaan gebeur, behels nog ‘n perspektief op hoop wat voortspruit uit die Christologie in die Nuwe Testament, met die eskatologiese gebeure van die goddelike verlossing wat deur Jesus Christus bewerk sal word (Gal. 5:5).

In die Nuwe Testament beskryf die apostel Petrus hoop as ‘n “lewende hoop” (1 Pet. 1:3) en ‘n sekere verwagting van die toekomstige genade wat die Christen in die vorm van die tweede koms van Jesus Christus sal ontvang. Volgens Bing (2007:79) is kennis van hierdie gebeure essensieel tot die Christen se geestelike groei, volwassenheid en welstand. Hierdie invloed van hoop is die anker vir die siel en die motivering vir groot vrymoedigheid in die geestelike verhouding met God (Heb. 6:18-19).

Dit is die toekomstige verlossing van die Christene en die aarde wat deur Jesus Christus bewerk sal word. Die apostel Paulus verklaar in Romeine 8:18-24 dat die “lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.” Die hele skepping is “aan die nietigheid onderworpe ... in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God” (Rom. 8:20-21). Die apostel onthou hoe God hom uit doodsgevaar gered het en nog steeds verlos, daarom is sy hoop op die feit dat “Hy ook nog sal verlos” (2 Kor. 1:10). Dit behels dus die toekomstige hoop in die opstanding uit die dode (Hand. 23:6); die verlossing van die liggaam en die hele skepping (Rom. 8:23-25); asook dat Christene “verwag deur die Gees uit die geloof, die geregtigheid waarop ons hoop” (Gal. 5:5). Hierdie “salige hoop” (Tit. 2:13) word deur die apostel beskryf as die “hoop van die ewige lewe” (Tit. 1:2; 3:7), ‘n hoop wat voorlê, en wat “weggelê is in die hemele” (Kol. 1:5), op die basis van die belofte van God en ons deel sal word by die “verskyning” van die “grote God en ons Verlosser, Jesus Christus” (Tit. 2:13).

Hierdie hoop dat Christene van hierdie wêreld verlos sal word by die “openbaring van Jesus Christus” (1 Pet. 1:7,13) vorm ‘n deel van die “waarheid van die evangelie” (Kol. 1:5), is ‘n gedeelte van die wapenrusting “as helm die hoop op die saligheid” (1 Thess. 5:8) in die geestelike stryd teen die vyand, en sal die Christen help om sy gedagtes in hierdie wêreld te orden en iets hê om aan “vas te hou” (Heb. 6:18). Hierdie hoop is die erfenis van die heiliges.

’n Verdere Nuwe Testamentiese perspektief op hoop is dat Christene se hoop nie in sigbare dinge gevind kan word of deur hul eie vermoë opgewek kan word nie. Die apostel Paulus sê dat Abraham se hoop nie op grond van sy liggaam se vermoë was

nie, want selfs al het sy liggaam aangedui dat daar nie enige menslike manier is dat hy sou kon bydra om die beloftes van God te realiseer nie, het Abraham steeds "teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees" (Rom. 4:18). Verder verklaar die apostel Paulus dat ons redding op hoop gegrond is en verder ook: "maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog? Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding" (Rom. 8:24, 25).

MacArthur (2008d:Rom.5:2) sê dat alhoewel die fisiese aspekte van ons hoop nie gesien kan word nie, daar geen onsekerheid in die Nuwe Testamentiese woord "hoop" is nie. Hoop beskryf iets wat werklik is, maar nog nie ten volle gerealiseer is nie. Die gelowige se uiteindelike bestemming is om te deel in die heerlikheid van God (Rom. 8:29, 30; Joh. 17:22; 2 Kor. 3:18; Fil. 3:20,21; 1 Joh. 3:1,2). Hierdie hoop sal deur Jesus Christus self met sy tweede koms gerealiseer word.

Ten einde die konsep van hoop te kwantifiseer as ‘n vertroue in die onsienlike, toekomstige werklikheid van beloning as gevolg van insette in die nou, gebruik die apostel Paulus ‘n illustrasie uit die landbou. Die landbouer wat ‘n besluit moet neem of hy die lande sal voorberei vir die oes, het geen waarborg dat hy wel die beloning sal kry nie en doen dit dus sonder enige tasbare bewyse dat hy sal slaag. Hy ploeg dus in die hoop dat, as die oestyd kom, hy iets sal hê om te oes. Daarom is ons hoop nie net in hierdie lewe nie, maar in die belofte van die toekomstige wat tans die onsienlike is (1 Kor. 9:10; 15:19).

Williams (2010:6-8) se verklaring van Romeine 8 wys hoedat Paulus die hoop van die opstanding met die toekomstige belofte van ’n nuwe skepping verbind. Dit is nie net die "eerstelinge van die Gees" wat sug in afwagting nie, maar ons weet, sê Paulus, dat die "hele skepping tesame sug" om vrygemaak te word van die "slawerny van die verganklikheid" (Rom. 8:19-24). Alle dinge, hetsy in ons liggame of in die natuurlike wêreld om ons, lewe in die verwagting of hoop vir die wederkoms van die Here Jesus.

### 5.3.5 Geloof, hoop en liefde

Die Griekse woord vir hoop is *elpis* (ἐλπίς) en is volgens Louw en Nida "to look forward with confidence to that which is good and beneficial". Die Strongs Woordeboek van die Griekse Nuwe Testament beskryf *elpis* as 'n woord wat afkomstig is van die primêre woord *elpō* wat antisipasie (normaalweg 'n aangename ervaring) of verwagting met vertroue beteken. (Strongs: 1680). Zodhiates (1996:1688) voeg die volgende verklaring van *elpis* by: "desire of some good with expectation of obtaining it". Tongue (1960:271) se bydrae in Baker's Dictionary of Theology beskryf *elpis* as "expectation of good or evil."

Saam met geloof en liefde is hoop 'n essensiële deug van die Christelike lewe (1 Kor. 13:7, 13), want dit "bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles". Volgens Bing (2007:78) is die woord "hoop" (ἐλπίς), soos wat dit in die Nuwe Testament gebruik word, nie 'n subjektiewe verwagting soos dit vandag in die algemeen gebruik word, soos byvoorbeeld "ek hoop ek sal 'n vis kan vang" nie. Hy verklaar dat die Bybelse betekenis van "hoop" baie naby verwant is aan geloof en gereeld in die Nuwe Testament verbind word met God se beloftes (Hand. 26:6-7; Rom. 4:18; Tit. 1:2; Heb. 6:18; 10:23). 'n Voorbeeld hiervan is in Romeine 4:18 waar Abraham "op hoop geglo" het. Hulle wat hoop, wag met volharding vir die vervulling van God se beloftes (Rom. 8:25).

'n Belangrike beginsel, volgens Bing (2007:78), is dat hoop, net soos geloof, opgewek word deur die Skrif, die Woord van God (Rom. 15:4). Die Christen se hoop is in God se Woord en hierdie Woord word deur die Heilige Gees in sy hart ingeboesem (Rom. 15:3). Hoop word in 1 Korinthiërs15:19 gebruik as 'n sinoniem vir geloof en as 'n verklaring van hoop in Christus. Hoop is dus veel meer as net die blote positiewe denke of die verwagtings van 'n mens se gedagtes; dit is 'n resultaat van die geloof dat dit wat God beloof het, sal realiseer (Denton 1980:26). Hoop is dus 'n unieke en essensiële aspek van Christenskap en word in Efésiërs 4:4 in 'n lys van essensiële dinge genoem. Soos wat daar "een liggaam" en "een Gees" en "een Here" is, so is daar "een hoop". Hoop word in hierdie lys verhoog tot 'n essensiële deel van die Christelike ervaring. Hoop is net so legitiem en onvermydelik deel van ons Christenskap en geestelikheid as die Here Jesus self. Om die waarheid te sê, die

apostel Paulus verklaar in 1 Timótheüs 1:1 dat "die Here Jesus Christus ons Hoop" is en dat Christus wat in die Christen woon "die hoop van die heerlikheid" (Kol. 1:27) is. Dus kan geen ander evangelie as dié van Jesus Christus ware hoop gee nie.

Volgens Bing (2007:80) se verklaring van Kolossense 1:5, is hoop eerstens die basis vir geestelike vrugbaarheid. Die apostel Paulus verbind ook "geloof in Christus Jesus" en "liefde tot al die heiliges", met "die hoop wat vir julle weggelê is in die hemel" (Kol. 1:4,5). Die woord "vanweë" in vers 5 wys dat die "geloof in Christus Jesus" en die "liefde tot al die heiliges" moontlik gemaak word "vanweë" of "as gevolg van" die "hoop wat vir julle weggelê is in die hemel". Die Kolossense se geloof en liefdeswerk tot ander is die resultaat van die sekerheid van hul hemelse tuiste. 'n Christen wat hierdie sekerheid het, se geestelike lewe sal daarvan getuig deur die vertroue wat hy in God stel en die liefde wat hy vir ander wys. Die Christen se hoop stimuleer geloof en liefde, wat weer heiligmaking en geestelike groei tot gevolg het. Hierdie siklus produseer blydskap (Rom. 5:2; 12:12), gee vrymoedigheid van spraak (2 Kor. 3:12), bring gelowiges nader in hul verhouding met God (Heb. 7:19) en motiveer geestelike reinheid (1 Joh. 3:3).

'n Tweede aspek van hoop in Kolossense, volgens Bing (2007:81), is dat dit in die evangelie van God se genade gegrond is. Hoop ontwikkel as die mens by 'n plek in sy lewe kom waar hy besef dat hy niks uit sy eie kan doen om homself te red nie, maar dat sy redding slegs in die reddingswerk van Jesus Christus moontlik gemaak is.

Derdens is die vrug van hoop (Kol. 1:22) heiligmaking, wat verseker dat die Christen uiteindelik "heilig en onberispelik voor Hom" gestel sal word (Bing 2007:86). Kolossense het spesifiek te doen met die gelowige se begrip van hoop, sekerheid en die Christen se toerekenbaarheid (Bing 2007:74). Paulus ontwikkel die leerstelling aangaande Christus se verhewendheid en algenoegsaamheid in sy reddingswerk sodat diegene wat glo in Hom 'n sekerheid kan hê van hul ewige hemelse toekoms. Volgens Thiessen (1949) behels heiligmaking afsondering tot God, toerekening van Christus se heiligheid, suiwering van boosheid en gelykvormigheid aan die beeld van Christus. Hierdie heiligmaking gee ons vrymoedigheid om voor God se troon van genade te verskyn (Heb. 4:12-16)

Paulus waarsku teen misleiding (Kol. 2:4,8,11,16-17,20-23,18) deur die gebruik van die woorde “as julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof” (Kol. 1:22). Die gevaar van misleiding, waar die gelowige, wat gegrond is in die evangelie van geloof in Jesus Christus, weg kan val daarvan, kan veroorsaak dat hierdie misleiding so ‘n gelowige kan “afbring van die hoop van die evangelie” (Kol. 1:23). Volgens Bing (2007:76) sal so ‘n gelowige nie wegval van hul redding wat gegrond is in hul geloof in Christus nie, maar wel van die hoop wat die evangelie bring. Hierdie beweging is ‘n wegval van hul vertroue wat die evangelie bring en nie ‘n wegval van die posisie of stand wat hulle voor Christus het nie. Die waarskuwing is dat misleiding rakende die fundamentele aspekte van die evangelie en ons sekere posisie in Christus, die hoop van die gelowige kan ondermyn en afbreek en so aantas dat so ‘n gelowige nie meer lewe met ‘n verwagting na die prys wat nog toekomstig is en ‘n vrugbare lewe teenoor ander nie. Christene behoort volgens 1 Thessalonicense 4:13 nie te wees soos ander wat lewe sonder hoop nie (Bing 2007:88).

Die apostel Paulus verklaar sy dankbaarheid teenoor die Christene in die gemeente in Kolosse, oor hul “geloof in Christus Jesus” en hul “liefde tot al die heiliges” wat volgens die apostel is “vanweë die hoop wat vir julle weggelê is in die hemele” (Kol. 1:4-5). Die liefde kom dus voort uit hoop op die ewige lewe. Geloof, hoop en liefde vorm dus ‘n essensiële geestelike trio wat die lewe van die Christen rig. Dié wat in Christus hoop, sal sien hoe Christus gestalte vind in hulle lewens, in lewe en in dood (Fil. 1:20). Die beloftes van God gee ons hoop (Heb. 6:18-19), en ons mag roem in hierdie hoop (Heb. 3:6), en groot vrymoedigheid daaruit kry in en deur ons geloof (2 Kor. 3:12).

In teenstelling hiermee sien ons dat diegene wat nie hul vertroue in die Here plaas nie, sonder hoop is (Ef. 2:12; 1 Thess. 4:13). Rykes word aangeraai om in “die teenwoordige wêreld” nie hoogmoedig te wees nie en ook nie “hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet” (1Tim. 6:17). Eerder as om aan die verganklikheid van aardse rykdom vas te hou, kom die opdrag: “Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou” (Heb. 10:23). Hierdie hoop stel ons in staat om rekenskap te gee aan dié wat antwoorde wil hê en help ons om onsself te reinig, soos Hy rein is (1 Pet. 3:15; 1 Joh. 3:3).

### 5.3.6 Geestelikheid en hoop

Die Griekse term *pneumatikos* (geestelike) soos gebruik word in 1 Korintiërs 2:15, word deur Louw en Nida (1989:26.10) beskryf as dit wat te doen het met die geestelike natuur van 'n persoon. Dit wat te doen het met die geestelike of dit wat op 'n geestelike grondslag plaasvind. Met verwysing na Efesiërs 1:3, het dit vervolgens ook te doen met die dinge wat kom van die Gees van God. Romeine 15:27 gebruik *pnuematikos* (geestelike) in teenstelling met *sarkikos* (vleeslike) en verwys na die nie-materiële aspekte van die mens se lewe teenoor die materiële of fisiese.

1 Korintiërs 2:14 gebruik 'n soortgelyke vorm van die woord met die verskil dat dit hier te doen het met die kwaliteit van die oordeel wat 'n geestelike mens maak as hy 'n saak beoordeel. Hierdie bied Romeine 8:5-6 'n waardevolle Skriftuurlike beskrywing van *pneuma* (Heilige Gees of die geestelike) deur dit te vergelyk met die vleeslike, "Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.  Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede...". Volgens Lou en Nida (1989:30.6), is hierdie geestelike benadering tot dinge 'n sekere gesindheid of ingesteldheid wat aandui hoe 'n persoon 'n sekere saak sal hanteer of benader. 'n Persoon met 'n geestelike benadering tot 'n saak of die lewe in die algemeen, sal dus 'n sensitiwiteit toon wat die Heilige Gees se wil is.

Volgens Van der Merwe van die Kerkblad (2004:5) dui geestelikheid daarop dat mense hulle deur die Gees van God laat lei en is dit dus daardie lewenswyse, volgens Chafer, waarin die Gees van God inwonend teenwoordig is en onverhinderd werk (Rom. 8:4; Chafer Vol. 6 1948:292). Dit is hier waar die Afrikanergelowige onderdanig kan wees aan die Gees van God se leiding deur die Woord van God. Van der Merwe in die Kerkblad bied die volgende beskrywing van geestelike mense:

> "Vleeslike mense beteken wêreldse mense. Geestelike mense dui op mense wat hulle deur die Gees van God laat lei. Paulus praat ook van 'natuurlike mense' (1 Kor. 2:14). *Geestelike mense* is mense in wie die wonder van die wedergeboorte gebeur het, mense wat deur die Heilige Gees verander is. *Natuurlike/vleeslike* mense is mense by wie die wedergeboorte nog nie

plaasgevind het nie, wat nog in hulle oorspronklike natuurlike, gevalle staat voortlewe.” (Die Kerkblad 2004:5)

Verder verklaar Van der Merwe die volgende rakende geestelike Christene:

> “Geestelike Christene is vir Paulus mense wat nie alleen deur die Heilige Gees weergebore is nie, maar in wie se lewe die Heilige Gees ook só kragdadig werk dat hulle hele bestaan, innerlik en uiterlik, daarvan die stempel dra. Dit is mense met ’n lewenspraktyk deur die Heilige Gees vernuut, gelouter en verheerlik. Hulle is *geestelik* in hulle gesprekke, *geestelik* in hulle doen en late, *geestelik* in alle aspekte van hulle lewe, sonder om lewensvreemd te wees. Hulle is toonbeelde van die omskeppende werk van die Heilige Gees.” (Die Kerkblad 2004:5)

### 5.3.7 Samevatting

Net soos in die Ou Testament, staan die konsep van hoop nie op sy eie nie, maar vorm dit ‘n integrale deel van al die hoofteologiese temas van ook die Nuwe Testament. Hierdie teologiese temas soos Christologie, Pneumatologie, Soteriologie en Eskatologie vorm ‘n teologiese raamwerk waarbinne ons die konsep van hoop kan verstaan en kan gebruik as ‘n toepassing vir die geestelike lewe van die Christen, wat die Afrikanergelowige insluit. Die Nuwe Testament beskryf hoop op die volgende manier:

- Die Nuwe Testamentiese leerstellings aangaande Christus, leer ons dat hoop onlosmaaklik verbind is tot die persoon, kruiswerk en opstanding van Jesus Christus. Die mens se hoop lê buite homself, in Jesus Christus, wat nie net die volle inhoud van die Christen se hoop is nie, maar die hoop self. Die beperktheid van die Ou Testamentiese hoop word weggeneem in Jesus Christus as die waarmaker en vervulling van die Ou Testamentiese beloftes van God aan sy volk en die wêreld in die algemeen. Hierdie kennis van Jesus Christus in die Skrif bring hoop. Christus is eerstens die vervulling van die beloftes van God in die Ou Testament. Sy opstanding as die eersteling van almal wat ook uit die dood gaan opstaan, is deel van die hoop van die Christen. Die Here Jesus se lewe en wederkoms is dus die hoop van die Christen.

- Die Nuwe Testamentiese leerstellings aangaande die Heilige Gees, leer ons dat die Heilige Gees die hoop is vir die bevryding/verlossing van die Christen, omdat Hy as die onderpand/waarborg van ons verlossing ons bekragtig deur die innerlike geestelike werk van sekerheid van ons verlossing en vrymoedigheid om tot God te nader. Daarmee saam is die inwoning van die Heilige Gees ook die hoop vir ‘n nuwe en ewige lewe.

- Die Nuwe Testament leerstellings aangaande ons ewige saligheid leer ons dat die hoop van die Christen gegrond is in die reddingswerk van Jesus Christus. In Jesus Christus het dié wat vroeër vyande en vreemdelinge was van God, nou die geleentheid om kinders, vriende en selfs erfgename van God te word deur geloof in Jesus Christus. Die geregtigheid wat daar deur geloof in Jesus Christus beskikbaar is, bring vrede met God en die potensiaal van ‘’n nuwe goddelike gesinslewe in die liggaam van Christus met hierdie vrede as ‘n anker vir die siel in die storms van die lewe.

- Die Nuwe Testamentiese leerstellings aangaande die eindtyd leer ons van hoop as ‘n lewende verwagting/afwagting na wat nie gesien kan word nie, maar wat voorlê as ‘n nuwe bedeling wat die oue sal vervang. Die opstanding van die Here Jesus en die belofte van sy wederkoms vorm die basis van hierdie “lewende hoop” dat ook ons liggame soos Syne opgewek sal word. Die hoop wat die Christen het, is egter ‘n onsigbare, nie-tasbare hoop wat deur die beloftes in die Skrif ondersteun word.

- Hoop maak saam met geloof en liefde ‘n deel uit van die totale geloofservaring van die Christen. Hoop vorm saam met geloof en liefde ‘n essensiële geestelike trio, wat ‘n deug is van die Christelike lewe, deur die Skrif geïnisieer en aangemoedig word en die lewe van die Christen rig. Die Christen se hoop ontwikkel as hy sy vertroue in die aardse rykdom en waardes vervang met die hemelse, wat die belydenis is van sy hoop in die hiernamaals.

- Geestelikheid is ‘n onderdanige gesindheid wat die gelowiges behou om toe te laat dat die Gees van God leiding neem deur middel van die waarheid in die Woord van God.

## 5.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die doel van hierdie hoofstuk was om aan te toon watter perspektiewe die Skrif bied op die grondslag en ontwikkeling van hoop en die invloed wat dit op die geestelikheid van die Afrikanergelowige het. Hierdie Skrifperspektiewe het bevestig wat in hoofstuk 4 gevind is, naamlik dat hoop nie bloot ‘n menslike gedagte van wensdenkery, emosionele gemoedstoestand of optimisme is nie, maar ‘n innerlike geloofsoortuiging van die vaste vertroue in die beloftes van God vir verlossing, voorsiening en genade, wat geïnisieer en uitgebou word deur die profetiese Woord van God en wat ten volle in Jesus Christus vervul is. Hoop erken die skadu wat sonde en ongehoorsaamheid bring, voordat dit die lig van God se verlossing sien. Hoop ontken dus nie die feit dat God in geregtigheid sal oordeel oor die sonde van die volk Israel nie. Met die sondeval het God se oordeel oor die aarde gekom en daarmee saam die feit dat die stryd teen sonde en die behoefte vir verlossing ‘n daaglikse realiteit is. Hierdie vertroue op daaglikse verlossing, maak geen voorsiening vir die onrealisties-optimistiese uitkyk dat alles eenvoudig goed sal gaan nie. Soos wat hoop in die Ou Testament, ten spyte van die geregtelike oordele van God, gegrond is op die beloftes van God se handelinge met, en uiteindelike toekomstige herstel van Israel, het hoop in die Nuwe Testament hoofsaaklik te doen met die manier waarop God hierdie verlossing moontlik maak in die aardse lewe, kruiswerk, opstanding en toekomstige verlossingswerk van Jesus Christus en die inwonende Heilige Gees as waarborg van ons verlossing.

Hoop vir die Christen, wat die Afrikanergelowige insluit, is dus ‘n geestelike lewenskragtigheid wat gegrond is op ‘n persoonlik verhouding met God, wat in en deur sy Seun, Jesus Christus, moontlik gemaak word. Dit word verder uitgebou deur die innerlike werk van die Heilige Gees, wat deur die Skrif ‘n praktiese lewe van geloof, liefde skep en ‘n lewende verwagting na die wederkoms en ewige hiernamaals

aanmoedig, wat ons weer motiveer om die toekoms te betree. Op grond van die uitkomste van hierdie ondersoek kom ons tot die volgende gevolgtrekkings: Hoop kan nie gevorm word, buiten vanuit die profeties-teologiese temas van die Skrif nie. Enigiemand wat hoop nodig het, moet begelei word om die Woord van God te verstaan en te glo, en die hoop wat dit bied, uit te leef.

In die volgende hoofstuk, hoofstuk 6, gaan die navorser voortgaan om die beskrywing van die Afrikanergelowige in hoofstuk 3, die interpretasie en bevinding daarvan wat in hoofstuk 4 deur middel van ‘n literatuurstudie aangebied is en die normatiewe Skrifbeginsels van hoofstuk 5 met mekaar te integreer. Die resultate van hierdie interaksie tussen Osmer (2010) se navorsingstake, sal aanleiding gee tot die daarstel van praktiese  riglyne vir die pastoraat.

# HOOFSTUK 6

# DIE ONTWIKKELING VAN PRAKTIES-TEOLOGIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING NA HOOP

## 6.1 INLEIDING EN DOELWITTE

Hoe moet die pastoraat reageer op die nagevorsde situasie wat die kwaliteit van die hoopbeskouing van Afrikanergelowiges aanbetref?

Die bostaande vraag lei die finale taak in, wat in Osmer se navorsingsmetodiek van praktiese teologie voorgestel word, naamlik, die pragmatiese taak (Osmer 2010:33-135). Hierdie finale pragmatiese taak het grootliks te doen met die proses van integrasie tussen die interpretasie en evaluering in hoofstuk 4 oor die beskrywing van die huidige beskouing van hoop onder Afrikanergelowiges in hoofstuk 3, en die normatiewe riglyne wat in hoofstuk 5 uit die Skrif voortgekom het, oor hoe hierdie hoopbeskouing in werklikheid behoort te wees. Die doel daarvan om die inligting uit die verskillende hoofstukke te integreer, is om sodoende toepaslike praktiese-teologiese riglyne te ontwikkel wat die pastoraat kan gebruik om Afrikanergelowiges na hoop te begelei.

Ten einde die navorser in staat te stel om aan die einde van hierdie hoofstuk ‘n strategiese perspektief te ontwikkel, deur te bepaal watter riglyne uitgewerk kan word om die huidige situasie, wat die beskouing van hoop onder Afrikanergelowiges aanbetref, te verbeter, moet al die take en fases wat onder punt 2.2.2 voorgestel is dus voltooid wees en hermeneuties geïntegreer word. Wat die ontwikkeling van hierdie verbeterde handelswyse aanbetref, wil dit voorkom asof Pieterse (2010) vir Osmer in gedagte het, wanneer hy voorstel dat daar ‘n hermeneutiese interaksie moet plaasvind tussen die normatiewe en die huidige handelswyse. Volgens Pieterse moet die resultate van die normatiewe teologiese waarhede wat op die Skrif gebaseer is en die resultate van empiriese navorsing wat uit ‘n prakties-teologiese navorsingsprojek

voortkom, gekonfronteer word deur middel van ‘n hermeneutiese interaksie. Hy gaan verder en sê dat, in die geval waar hermeneutiese interaksie plaasvind tussen die normatiewe teologiese waarheid en die resultate van empiriese navorsing, die Woord van God as God se openbaring die vertrekpunt moet wees. Die lig van God se wil word gewerp op ‘n nuwe of verbeterde handelswyse. Hierdie insigte kan blywende verbetering in die handeling van die kerk teweegbring.

Volgens Osmer (2010:176) bied praktiese teologie juis die geleentheid vir die vorming van ‘n nuwe of verbeterde wyse van optrede aan as wat tans voorkom. Hierdie finale pragmatiese taak, na Osmer (2010) se mening, kan dus gebruik word om deur middel van hermeneutiese interaksie ‘n nuwe of verbeterde denkwyse of gewoonte voor te stel, om sodoende die huidige situasie wat die kwaliteit van die hoop van Afrikanergelowiges aanbetref, te verbeter.

Osmer stel dit ook dat dit die grootste taak van pastorale leierskap is om verandering, maar ook verbetering, op so ‘n wyse te inisieer dat diegene wat die verandering of verbetering moet ondergaan, samewerking sal bied (Osmer 2010:176). Aangesien mense se lewens hierby betrokke is, kan enige voorstelle of riglyne vir verandering nie net in ‘n lugleegte, oftewel buite die konteks van hulle alledaagse lewens, geskied nie, maar moet dit erkenning gee aan die lewenservaringe en gebeure wat aanleiding gegee het tot die behoefte vir verandering of verbetering.

Dit is dus op hierdie stadium belangrik om die navorsingsprobleem of navorsingsvraag te gebruik om die verskillende take wat in die navorsing verrig is, byeen te bring en deur middel van hermeneutiese interaksie onder punt 6.4 te verseker dat al die verskillende aspekte wat in die navorsingsvraag voorkom, beantwoord is. Hierdie hermeneutiese interaksie om die navorsingsvraag te beantwoord, kry verdere aandag onder 6.4.

Vervolgens gaan eers na die navorsingsvraag in 6.2 gekyk word om deur middel van die uitkomste in hoofstuk 6 seker te maak dat die verskillende aspekte in die navorsingsvraag geïdentifiseer en beantwoord is.

## 6.2 DIE NAVORSINGSVRAAG

Die navorser het die volgende navorsingsvraag geformuleer: (verwys na punt 1.5)

**Watter effek het hoop op die geestelikheid van die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika en hoe kan hulle pastoraal begelei word om hoop te hê?**

In hierdie hoofstuk sal die drie belangrikste aspekte wat in die navorsingsvraag voorkom, soos volg bespreek word: ‘n deeglike afbakening van hoop as die leidende beginsel in die navorsing word deur ‘n samevatting van die resultate uit die navorsing onder 6.3 beskryf; die geestelikheid van die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, word deur middel van die evaluering in die hermeneutiese interaksie onder punt 6.4. behandel; en die pastorale begeleiding na hoop word onder die voorgestelde riglyne onder punt 6.5 uitgelê of voorgestel. Dit is dus belangrik om eers hier te begin deur ‘n samevattende definisie te gee van die tipe hoop waarmee die pastorale begeleier moet werk.

## 6.3 WARE CHRISTELIKE HOOP – DIE ANKER VIR DIE SIEL

‘n Samevatting van hoop as die leidende beginsel in hierdie navorsing word vervolgens aangebied. Hoop as die sentrale tema van hierdie navorsing en die leidende beginsel vir die pastorale begeleiding van Afrikanergelowiges wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens die veranderende Suid-Afrika, moet meer spesifiek omskryf word as om bloot te sê dat mense hoop moet hê vir die toekoms. Die navorsing het aangetoon dat hoop in die algemeen ‘n baie komplekse konsep is en in ’n groot verskeidenheid van verskillende vorme kan voorkom en vele verskillende fasette het. Dit is daarom hier belangrik om ook die aandag daarop te vestig dat die konteks waarin hoop in hierdie navorsing gebruik word, saam met ander temas, naamlik pastorale bediening en geestelikheid, gebruik word. Met verwysing na die sentrale teoretiese argument in hoofstuk 1.7 wat sê “Pastorale begeleiding kan dus suksesvol gebruik word om Afrikanergelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef

weens ‘n veranderende Suid-Afrika, te begelei na geestelikheid”, word ware Christelike hoop voorgestel as die instrument in die pastoraat se hande om ontnugterdes te begelei. Die volgende is ‘n samevatting van die algemene beskouing van hoop en spesifiek ware Christelike hoop wat uit die verskillende dele van die navorsing na vore gekom het.

- In hoofstuk 3 word aangetoon dat die konsep van hoop in die konteks van die Afrikaanssprekende geloofsgemeenskap oor die algemeen te doen het met die dinge waarna mense uitsien. As ‘n persoon hoop verloor dan verloor hy/sy die wil om aan te gaan met die lewe of ‘n aspek daarvan of hy/sy verloor die moed om na die toekoms te kyk en dit aan te pak. In hierdie konteks word hoop in ‘n algemene sin ook gesien as ‘n positiewe verwagting dat lewensomstandighede in ‘n finansiële, emosionele of geestelike sin mettertyd sal verbeter met ‘n vasberadenheid ten opsigte van die positiewe verwagting geassosieer selfs al sou dinge sleg gaan. Verder kan hoop in hierdie konteks ook hier gesien word as ‘n tipe emosionele selfvertroue, soos byvoorbeeld om die bul by die horings te pak in uitdagende omstandighede.

- Vanuit die hulpwetenskappe en Christelik-teologiese perspektiewe van hoofstuk 4 word verklaar dat hoop onderskei moet word van optimisme, doelgerigtheid en wensdenkery (Martin 2002) en eerder beskou moet word as die verwagting na die vervulling van die Godsbelofte (Van Rensburg 2010). Daar is gevind dat hoop dieper betekenis het as net ‘n positiewe gemoedstoestand of toekomsverwagting en is in verskillende fasette beskryf, naamlik die sosiologiese faset, wat deur sosiale bemagtiging gesteld is op versorging en veiligheid, die sielkundige faset, wat deur innerlike waardigheid gesteld is op identiteit en afwagting, en ‘n teologiese faset, wat deur geloofskennis van God se openbaring gesteld is op die kwalitatiewe potensiaal van persoonlike vernuwing (Prins 2003). Hoop word beskou as ‘n tipe geestelike uithouvermoë. Hoop word ook beskryf as die uitsien na ‘n ekologiese vernuwing van die aarde (Hessel-Robinson 2010) en as die uitkoms van maatskaplike en ekonomiese selfbemagtiging (Botman 2008). Hoop word ook beskou as ‘n sekere toekomsverwagting in die wederkoms van Christus Jesus, wat die fisiese opstanding van die liggaam en die finale uitwerking

van die uitwissing van die effek van die sonde op die mens tot gevolg sal hê (Adams 1973).

- Uit die samevatting van die navorsing wat in hoofstuk 5 gedoen is oor die Skrifperspektiewe wat Christelike hoop aanbetref, word ware Christelike hoop nie gesien as ‘n menslike gedagte of wensdenkery nie, maar eerder as ‘n innerlike oortuiging van die hart, wat gegrond is op waarheid buite die hart. Die Woord kom nie uit die hart van die mense nie, maar uit God se hart, buite die mens - dit is ’n spesiale openbaring van God soos in 1 Korinthiërs 2:6, 7 en 10, asook Hebreërs 1:1 verklaar word. Ware Christelike hoop is dus ‘n vaste vertroue in God, wat op die vervulde beloftes van God se Woord gegrond is. Dit is ook ’n sekere wete dat die Skepper en Onderhouer van alle dinge alles ten goede sal laat meewerk vir dié wat na sy voorneme geroep is (Rom. 8:28). Hierdie beloftes wat in die profetiese Woord van God uitgebeeld word en in Jesus Christus vervul word, is betroubaar en gewaarborg (Heb. 6:17; 8:6).

Ware Christelike hoop vir die Christen, wat Afrikanergelowiges insluit, is dus gegrond op die betroubare beloftes van God se Woord, wat in die seëninge van ‘n lewende verhouding met Jesus Christus beskikbaar is. Ware Christelike hoop kan nie losgemaak word van die Bybelse aspekte soos lyding, beproewing, oordeel, vervolging, belofte, vervulling, afwagting, sekerheid en verwagting na die wederkoms van Jesus Christus nie. Ware Christelike hoop vir die Afrikanergelowige is ten eerste gegrond op die innerlike geestelike lewenskragtigheid wat, ten spyte van negatiewe omstandighede, in ‘n persoonlik verhouding met God moontlik is. Petrus gebruik Christus as voorbeeld van hierdie innerlike geestelike lewenskrag in 1 Petrus 2:21-24. Jesus Christus het, toe hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel nie, maar die wraak aan God oorgegee wat regverdig sal oordeel. Ware Christelike hoop is ten tweede ‘n praktiese geloofsvertroue in toewyding aan die wil van God. Hiervan het Paulus gespreek toe hy Titus wou aanmoedig om ‘n praktiese geloofslewe te leef deur “goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe” (Tit. 2:12,13). Ware Christelike hoop is laastens ‘n lewende verwagting in die toekomstige verlossing, wat nie op die sigbare staatmaak nie, maar op die onsigbare (2 Kor. 4:16-18).

## 6.4 DIE EVALUERING VAN DIE ELEMENTE VAN DIE NAVORSINGSVRAAG, SOVÊR DIT DIE GEESTELIKHEID VAN DIE AFRIKANERGELOWIGE WAT 'N MATE VAN ONTNUGTERING BELEEF WEENS 'N VERANDERENDE SUID-AFRIKA, AANBETREF

Noudat die navorser 'n werkende definisie van hoop gegee het, kan daar voortgegaan word om die hermeneutiese interaksie te voltooi.

Ten einde die doelwitte van Osmer se pragmatiese taak in hoofstuk 6 te bereik, wil die navorser dít wat in die vorige hoofstukke hanteer is, in 'n hermeneutiese interaksie evalueer. Om hierdie hermeneutiese interaksie te fasiliteer, gebruik die navorser evalueringsvrae wat aan die respondente gestel is en in Deel 2 Persoonlike Interpretasie (2.4.3) van hoofstuk 2 beskryf word en onder punt 6.4 uitgelê word. Hierdie evalueringsvrae wat deur respondente self beantwoord is, word as die basis gebruik om die hermeneutiese interaksie wat onder punt 6.1 voorgestel word (om sodoende die verskillende aspekte van die navorsingsvraag te beantwoord) aan te pak.

### 6.4.1 Herhaling van die evalueringsvraag soos in 2.4.3

2.4.3.1 Watter dinge, volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikanergelowiges en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet 'n Afrikanergelowiges in sy lewe inbring om hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy?

2.4.3.2 Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges?

2.4.3.3 Op watter manier dink jy sal 'n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen?

2.4.3.4 Op watter manier kan 'n Afrikanergelowige gehelp word om hoop te hê in 'n veranderende Suid-Afrika?

2.4.3.5 Dink jy dat iemand wat uitsien na die wederkoms van Jesus Christus, meer hoop sal hê vir die toekoms, as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe?

Soos reeds genoem, skep bostaande evalueringsvrae die raamwerk en basis waarop die hermeneutiese interaksie vervolgens kan plaasvind tussen al die verskillende uitkomste van die verskillende take van Osmer se navorsingsmetodiek, soos onder punt 2.2.2 verduidelik word. Hierdie hermeneutiese interaksie vind plaas deur die uitkomste van hoofstuk 3, wat handel oor dit wat tans onder Afrikanergelowiges gebeur, en die uitkomste in hoofstuk 4, wat handel oor die perspektiewe wat vanuit die Christelik-teologiese wêreld kom om te verklaar waarom hierdie dinge onder die Afrikanergelowiges gebeur, en die uitkomste in hoofstuk 5, wat handel oor die normatiewe beginsels uit die Skrif as riglyne van wat na regte moet gebeur, saam te voeg en met mekaar te integreer.

Daar kan vervolgens voortgegaan word om met behulp van die vyf evalueringsvrae die hermeneutiese interaksie uit te voer, nadat die werkswyse verduidelik is.

### 6.4.2 Samevattende evaluering op grond van die evalueringsvraag 2.4.3.1

Hoofstuk 3 het ‘n uiteensetting gegee van die hoopbeskouing van die Afrikanergelowige soos dit tans daar uitsien en ook watter dinge, na die respondente se mening, kan bydra of afbreek doen aan hierdie hoop. Daarmee saam lewer hoofstuk 3 ook verslag van die dinge wat die Afrikanergelowige meen hy in sy lewe moet inbring om ‘n beter tipe hoop te ontwikkel en die dinge wat weggeneem of vermy moet word, wat hoop sal laat verbrokkel.

Volgens hoofstuk 3 is dit moeilik vir die Afrikanergemeenskap om die beëindiging van Afrikaner-nasionalisme te verwerk (Giliomee 2004; Erasmus 2005). Die Afrikanerkultuur oor die algemeen ervaar moeilike tye van beproewing, in die vorm van beperkte of geen werkgeleenthede weens regstellende aksie, onsekerheid oor die rol wat hulle in die nuwe Suid-Afrika kan speel en die aftakeling van Afrikaans as ‘n histories-gerespekteerde taal en kultuur. Materialisme, ‘n valse vertroue in politieke en wêreldleiers en negatiewe mediaberiggewing is uitgesonder as bydraers tot die aftakeling van hoop. Hierdie dinge het ontnugtering en wanhoop tot gevolg. Die gevolge van hierdie ontnugtering of wanhoop is onder andere dat mense hulself isoleer van ander mense, soek na oppervlakkige vorms van musiek, vermaak en sosialisering en oormatig baie tyd by die werk spandeer. Gevolge wat dan hieruit

voortspruit is hoë vlakke van druk, verlaagde kwaliteit in gesinsverhoudings en spanning wat die langtermyn-loopbaanverwagting aanbetref. Nog ‘n afbrekende faktor wat hoop aanbetref is, volgens respondente, die invloed van post-modernisme, wat veroorsaak dat waarheid sy waarde verloor en enigiets konkreets as ‘n relatiewe begrip uitgebeeld word.

‘n Evaluering van sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese perspektiewe wat in die literatuurstudie in hoofstuk 4 uitgelig word, bied ‘n verduideliking van waarom die situasie, soos beskryf in hoofstuk 3, is soos dit is. Dit kan soos volg saamgevat word: Hopeloosheid is die krisis van ons dag en bring lusteloosheid en neerslagtigheid (Botman 2008). Hoop word deur sommige kerkleiers beskou as die resultaat van sosiale bemiddeling en bemagtiging. Vir mense om in die konteks van onsekerheid en wanhoop weer hoop te kan hê, moet hul fisiese en finansiële lewenstandaard dramaties verbeter (Botha 2008). By implikasie word sosiale hoop dus gekoppel aan finansiële en materiële vooruitgang en welvaart, en word dit die blink baadjie van materiële en fisiese sukses. Gevoelens van ontnugtering en wanhoop is dus die gevolg wanneer die mense nie daardie blink baadjie aanhet of kan bekom deur die tuig van die bevrydingstryd op te geneem om hulself te bemagtig nie (Niehaus 1993).

Die idee wat mense het dat hulle probleme sal verdwyn as hulle kry wat hulle wil hê, is ‘n valse idee van hoop (Mack 1994:190). Daarmee saam moet ook genoem word dat mense wat welvarend is óók wanhopig kan wees en ontnugter kan word. Ware Christelike hoop is ’n ander aangeleentheid as die bevrediging wat materiële dinge bring of wat die verbeelding van die gedagtewêreld kan optower, en kan nie geskei word van die geestelikheid van ons geloofslewe nie. Dit is nie net die optimistiese deelname aan die skepping van ‘n nuwe werklikheid wat hoop gee nie, maar ware Christelike hoop kan alleenlik in die lewe van Christus Jesus gevind word. Hierdie idee van ons hoop wat in Christus Jesus gesetel is, word verder in die volgende paragraaf verduidelik.

Hoofstuk 5 het normatiewe Skrifperspektiewe voorgestel oor wat die hoop-situasie na regte moes gewees het. Die Skrif dui aan dat ware Christelike hoop wel voorkom in swaar tye van beproewing en armoede. Swaarkry en beproewing word dan juis gesien

as die teelaarde vir hoop. Israel is ‘n voorbeeld van ‘n volk wat geleer het dat hoop nie net ‘n vae en onsekere begrip was nie of ‘n terugkeer na die ou lewe van oorvloed wat hulle tevore in Egipte gehad het nie, maar dat dit ‘n vaste en sekere wete was dat God deur verlossing hulle hoop is. Hoop kom dus deur die valleie van die desperaatheid van hulle eie geloofservaring in sy suiwerste vorm na vore – die belofte van God se verlossing (Jer. 4:23-26). Eers in hierdie tye kon Israel die harde werklikheid van hul sondige toestand in die gesig staar en deur ‘n nugtere voorraadopname hulleself aan God oorgee vir verlossing (Jes. 8:17; 43:1-5).

Hoop begin by die openbaring van die Verbondsgod se wil en daaropvolgende vervulling van sy beloftes (5.2.1) en is onlosmaaklik verbind aan die Persoon, kruiswerk en opstanding van Jesus Christus (5.3.3; Venter 2003). Die mens se hoop lê nie in welvaart of wensdenkery nie, maar in die kennis van die betekenis van die lewe van Jesus Christus. Hierdie ware Christelike hoop is vervat in Christus as die Waarmaker van die beloftes van God (Matt. 12:21; 1 Pet. 1:3), wat sonder welvaart en onder vervolging op aarde geleef het, wat die weg, waarheid en lewe as toegang tot ‘n nuwe lewe in die hiernamaals is, wat ons Hoëpriester is en verstaan wat ons ervaar en werklik kan help (Heb. 4:15) en wat alle hindernisse tussen die gelowige en God verwyder het (Rom. 15:4,12). Op grond hiervan is Christus Jesus se lewe die inhoud van ‘n beter hoop (Venter 2008). Die teelaarde waar hoop as ‘n innerlike geestelike lewenskragtigheid spontaan ontwikkel, is ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus, wat deur middel van dissipelskap ware betekenis vind.

Ten einde bovermelde gegewens saam te vat en ‘n praktiese riglyn vir die pastoraat voor te stel oor hoe die verbeterde handelswyse daar behoort uit te sien, moet die volgende in oorweging geneem word. Geen mens, van watter kulturele oriëntasie ook al, kan ware Christelike hoop hê buiten in ‘n persoonlike kennis en verhouding met Christus Jesus nie. Vir die ongelowige Afrikaanssprekende wat nie vir Christus Jesus as persoonlike Verlosser en Saligmaker ken nie, is ware Christelike hoop altyd ontwykend en is die eerste stap tot hierdie hoop om tot reddende geloof in Christus te kom. Die evangelie van Christus Jesus, is dus nie net die krag van God tot redding vir elkeen wat glo nie (Rom. 1:16), maar ook die deur tot ‘n ware, egte hoopbeskouing.

Die hoopbeskouing van Afrikanergelowiges en ongelowiges oor die algemeen, blyk gekoppel te wees aan die beskikbaarheid van beter werkgeleenthede, lewensomstandighede en politieke of sosiale selfbemagtiging. Hierdie tipe kulturele, sosiale of maatskaplike hoop is dus volop in gunstige lewensomstandighede. Wat die normatiewe Skrifperspektiewe egter getoon het, is dat ware Christelike hoop vir die gelowige verbind is tot ‘n lewende verhouding met God in en deur Jesus Christus, al is die lewensomstandighede hoe benard. Die Afrikanergelowige kan in ongunstige lewensomstandighede juis waarlik hoop as ‘n innerlike, geestelike lewenskragtigheid hê, omdat God se beloftes vir verlossing onveranderbaar is.

### 6.4.3 Samevattende evaluering op basis van die evalueringsvraag 2.4.3.2

Hoofstuk 3 het ‘n uiteensetting gegee oor hoe die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstylkeuses van Afrikanergelowiges affekteer.

Die Afrikanergelowige, wat volgens hoofstuk 1 punt 1.2.2 ‘n mate van ontnugtering beleef, leef met ‘n kwynende optimisme wat die toekoms aanbetref (Giliomee 2004; De Klerk 2000; Erasmus 2005). Gevolge hiervan is dat hulle ten alle koste hulle werk wil behou, dat hulle ‘n sluimerende skuldgevoel koester oor Suid-Afrika se politieke geskiedenis, gedeeltelik omdat dit gedurig in die media ter sprake kom, dat hulle in vrees leef dat die Afrikanerkultuur, as gevolg van internasionalisme en die “global village”-invloed, met ander kulture vermeng sal raak en dat hulle terugtrek van ‘n bydrae in die samelewing.

Die Afrikanergelowige beskou die rol wat hy vanuit ‘n Afrikaner-kulturele konteks in die Suid-Afrikaanse samelewing kan speel, as baie beperk. Vir die meeste jongmense is hoop in Suid-Afrika, volgens Kamper en Steyn (2007), sinoniem met werkgeleenthede, met die gevolg dat as daar dus min of geen werkgeleenthede is nie, dan is daar min kulturele, sosiale of maatskaplike hoop. Ander weer sien die geleentheid om planne te beraam om werkgeleenthede elders in ander lande te gaan soek. Lande waar daar oënskynlik meer werkgeleenthede bestaan, word vir die Afrikanergelowige, hetsy gelowig of ongelowig, die ontvlugting van alles wat nie pas in die Afrikaner-nasionalistiese paradigma nie.

Navorsing het getoon dat daar, ten spyte van die negatiewe sentiment, ook Afrikanergelowiges is wat ‘n morele en etiese standaard wil behou en met integriteit besigheid wil bedryf. Navorsing het ook daarop gewys dat die unieke maatskaplike omstandighede in Suid-Afrika daarvan ‘n geskikte sendingveld maak, waar die evangelie van Jesus Christus verkondig kan word. Daar is ‘n interessante wisselwerking tussen die ongunstige en negatiewe omstandighede wat bedreig en die positiewe evangelie wat versoening en vrede, sowel as etiese en morele verbetering kan bring. Die respondente is dus van mening dat dit moontlik is dat die evangelie in ongunstige omstandighede ‘n geestelike bydrae kan maak in die persoonlike familielewe en die gemeenskaplike interaksie.

‘n Evaluering van die perspektiewe wat in die Christelik-teologiese literatuurstudie in hoofstuk 4 uitgelig is, bied ‘n verklaring ter verduideliking van die huidige handelswyse en kan soos volg saamgevat word. Hoop moet beskou word as meer as net wensdenkery (Martin 2002), omdat dit op vertroue in God gebaseer is. Die gelowige wat nie hoop het nie, hou moontlik net vas aan ‘n abstrakte wens van wat hy begeer of wil hê. Die Afrikanergelowige wat ware Christelike hoop het, leef sy geloof prakties uit en neem aktief in die hede deel aan die tasbare uitvoering van God se wil, wat uiteindelik sal materialiseer in ‘n beter toekoms. Ware Christelike hoop lei die gelowiges om uit te sien na die vervulling van die Godsbelofte in dit wat God reeds besig is om te realiseer en te ontwikkel, en spoor die gelowige aan tot deelname totdat die oomblik van volle verwesenliking en vervulling waarvoor gehoop is, aanbreek (Van Rensburg 2010). As hierdie verwagting na God se toetrede ontbreek, dan ontbreek ware Christelike hoop. Dit volg dus dat as enige mens nie hoop het nie, of in ‘n toestand van hopeloosheid verkeer, dat so ‘n persoon moontlik aan ’n valse hoopbeskouing van “ek wens” vashou.

Valse identiteite en ideologieë van die kulturele tipe hoop mislei mense om te dink dat hulle ‘n sekere identiteit het of ‘n sekere doelwit kan bereik, sonder dat hulle God in ag hoef te neem. So ‘n valse kulturele hoop het dalk meer te doen met wensdenkery as ware Christelike hoop. Navorsing het ook getoon dat mense wat regstelling en vergelding soek, nie toegerus en bemagtig is om in moeilike omstandighede moed te hou nie. Hulle het moontlik vergeet, of nooit geleer dat hulle eintlik pelgrims is wat op reis is deur ‘n vreemde land nie, en dat hulle nie moet soek na die bemagtiging van

die wêreld nie, maar eerder vertrou op die voorsienigheid van God (Van Rensburg 2010).

Hoofstuk 5 het die normatiewe Skrifperspektiewe voorgestel oor wat eintlik, na regte in die Afrikanergelowige se lewe behoort te gebeur wat hoop aanbetref. Die skeppingsverhaal plaas God op rekord dat die waarde van die mens nie in sy aardse identiteit of omstandighede lê nie, maar in die goddelike skeppingsdoel wat God uiteindelik sal verwesenlik (Gen. 1:26, 28; Vosloo & Van Rensburg 1997). Israel het ‘n definitiewe bestaansreg en lewensdoel van God ontvang en God beloof deur Abraham en die profete dat hulle, ten spyte van God se oordele, ‘n groot nasie sal wees. Volgens Job behoort gelowiges nie in hul eie, selfverwekte verwagtinge te vertrou nie, want die lewe kan skielik verander (Job. 14:19; 27:8). Die Here self behoort die gelowige se verwagting te wees (Ps. 62:5; 71:5; 39:7). Die verwagting na ‘n Messias moes die lewenstyl en besluite van Israel beïnvloed (Mahue 2000; Ps. 73). Die “vrees-van-die-Here”-aanbiddingstyl-leefwyse wat in die wysheidsliteratuur beskryf word, ontvou ware Christelike hoop as ‘n geestelike kwaliteit van lewe wat uit nood gebore word. Hoop neem, as gevolg van God se intrede om sy skeppingsdoel te verwesenlik, die praktiese vorm van ‘n konkrete, vroom lewenswandel aan en hierdie hoop, as praktiese geloofslewe in toewyding aan God se wil, word ‘n tasbare lewensanker waaraan die gelowige kon vashou as daar swaar tye aanbreek.

Te midde van oordeel, vervolging, beproewing en lyding ontwikkel die Nuwe Testament ‘n nuwe hoopvolle woordeskat van liefde, versoening, opoffering, vrede, vergifnis en hoop (Vos *et al.* 2007). Die perspektief wat uit die Nuwe Testamentiese Pneumatologie voortspruit, is dat God ons redding waarborg. Die Heilige Gees is dus die onderpand of waarborg van die redding wat die Christen ontvang het. Die Christen kan hoop as ‘n innerlike geestelike lewenskragtigheid hê, omdat die inwoning van die Heilige Gees sy redding waarborg (Hand. 26:6-7; Rom. 8:23-25). Deur hierdie innerlike sekerheid van ons verlossing en die vrymoedigheid om tot God te nader, bekragtig hoop die innerlike mens om uit te hou in swaar tye. Daarmee saam is die inwoning van die Heilige Gees ook die waarborg vir die ewige lewe.

Om bostaande saam te vat en ‘n praktiese riglyn vir die pastoraat voor te stel oor hoe die verbeterde handelswyse daar moet uitsien, word die volgende voorgestel: Die

pastorale begeleider moet die geleentheid skep om die begeleide te leer van sy/haar Christus-identiteit wat die gelowige reeds besit. Die begeleide moet die waarheid verstaan dat hy/sy die eiendom van God is en as waarborg daarvan die Heilige Gees ontvang het. Aangesien so ‘n persoon in Christus is en ‘n nuwe Christus-identiteit het wat deur die innerlike werk van die Heilige Gees ondersteun word, is daar genoeg rede vir hoop. Ware Christelike hoop is dus nie bloot net ‘n positiewe slagspreuk of idioom wat die toehoorder oombliklik beter laat voel nie, maar is ‘n innerlike geestelike lewenskragtigheid.

‘n Ware Bybelse hoopbeskouing moet aangeleer word en kan beskryf word as verskillend van die verbeelding van die gedagtewêreld, want dit wil graag sien hoedat dít wat gehoop word, ‘n verskil maak in die spesifieke lewensrealiteit. Hoop moet nie net as ‘n optimistiese deelname aan die skepping van ‘n nuwe werklikheid beskou word nie, maar as dit wat alleenlik in Christus Jesus gevind kan word. Daarmee saam moet die gelowige se identiteit as pelgrim of uitlander van hierdie wêreld beklemtoon word, om sodoende te help om ‘n goeie definisie van die gelowige se hoop daar te stel. Die Eskatologie van 1 Petrus beskryf ware Christelike hoop as die vindikasie vir gelowiges wat onder diskriminasie en verontregting gebuk gaan, omdat hulle tydelike en permanente uitlanders is (Van Rensburg 2010:225).

### 6.4.4 Samevattende evaluering op basis van die evalueringsvraag 2.4.3.3

Hoofstuk 3 het ‘n uiteensetting gegee van die moontlikheid dat ‘n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop kan hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen.

Die navorsing het aangetoon dat die jonger generasie (onder 40 jaar) baie minder in die kerk kom as die ouer generasie (40 jaar en ouer) en dat die jonger generasie baie minder erg het aan en aandag skenk aan die geestelike tradisies en godsdiens waarin hulle grootgemaak is. ‘n Moontlike rede hiervoor wat uit die navorsing blyk, is dat die jonger generasie bevry wil word van die beperkings van godsdienstigheid. Daarmee saam het die navorsing getoon dat aktiwiteite soos kerkbywoning en geestelike verryking deur Bybelstudie en gebed verbeter wanneer Afrikanergelowiges deur ‘n

tyd van beproewing gaan. Daar word oor die algemeen aanvaar dat geestelike mense God se genade in tye van swakheid en beproewing erken en dat hulle ‘n nederigheid, rustigheid en vredevolle gesindheid ook in moeilike omstandighede behou. Hierdie geestelikheid, wat ‘n resultaat is van die werk van die Heilige Gees deur die woord van God, word aangemoedig en ontwikkel deur die byeenkomste van gelowiges waar die Woord van God verkondig word. Die intieme aard van die geloofsgemeenskap is juis die plek waar gelowiges van alle kulture omarm kan word en waar die Bybel se leerstellings, eerder as kulturele voor- en afkeure, toonaangewend is vir ‘n werkbare en meer hoopvolle samelewing. Uit die navorsing is dit duidelik dat daar ‘n behoefte is na die herontdekking van hierdie intieme en meer persoonlike geloofsgemeenskappe waarin die Woord van God sentraal staan.

‘n Evaluering van die perspektiewe wat in die Christelik-teologiese literatuurstudie in hoofstuk 4 uitgelig is, bied ‘n verklaring ter verduideliking van die huidige handelswyse en kan soos volg saamgevat word: Die hoop wat die kerk het, is die verwagting van die aanbreek van die ewige lewe en dit maak hulle aktief in die werk van God in die hede en bring so verandering in mense se lewens (Martin 2002). Wat hierdie geloofslewe van die individu aanbetref, moet Afrikanergelowiges leef met die wete dat hulle as lede van die huisgesin van God, toegerus deur sy Woord en Gees, mekaar moet bemoedig en versterk. Die bemoediging en versterking van Christene om hoop te hê, is die verantwoordelikheid van die hele gemeente as lede van een gesin (Venter 2010).

Hoofstuk 5 het die normatiewe Skrifperspektiewe voorgestel oor wat eintlik, na regte, in die Afrikanergelowige se lewe moet gebeur wat ware Christelike hoop aanbetref. Die beloftes van voorsiening, leiding en redding wat God met sy verbondsvolk gemaak het, vorm die basis van die hoop van Israel. In kontras met al die ander verbonde waaronder Israel gefaal het, beloof God ‘n Nuwe Verbond met ‘n geestelike en goddelike dinamiek, waarin almal wat Hom deur geloof persoonlik ken, kan deelneem in die seëninge van verlossing deur die innerlike werking van die Heilige Gees. Saligheid in Christus Jesus, wat volgens 6.3.2 deel van ons hoop is, is dus die kragvolle genadewerking van God (Rom. 1:16; 1 Tim. 1:1) en verander noodwendig ons uitkyk op die lewe (Van Zyl 1997). Dieselfde persoon wat vroeër (voor sy bekering) van God verwyder en sonder hoop was, het nou as gevolg van die

versoeningswerk van die evangelie "naby" gekom en vrede met God gevind. Ons redding wat in Christus Jesus gegrond is, word uitgeleef in sy liggaam tussen medebroers en -susters. Die etos van hierdie nuwe gesinsverhouding tussen gelowiges, wat aansporing tot hulp en ondersteuning bied in swaar tye, kan nie losgemaak word van die werksaamhede van die liggaam van Christus, die gemeente, nie (Gal. 6:1-2; 1 Kor. 12) .

Ten einde bostaande gegewens saam te vat en 'n praktiese riglyn vir die pastoraat voor te stel oor hoe die verbeterde handelswyse daar moet uitsien, word die volgende voorgestel: Die pastorale begeleider wil voortgaan om die begeleide te help in die toeëiening van ware Christelike hoop deur aktiewe deelname in 'n lewende geloofsgemeenskap. Hierdie interaksie tussen medegelowiges en mede-pelgrims sal die ontnugterde en wanhopige die geleentheid bied om bydraes van ander te ontvang en dan self later bydraes te maak te maak in iemand anders se lewe. Paulus verduidelik hierdie uitleef van hoop as 'n praktiese uitoefening van God se wil soos volg in 2 Korinthiërs 1:3-4: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word." Ons kan dus vertroos met dieselfde vertroosting wat ons van God af ontvang het.

### 6.4.5 Samevattende evaluering op basis van die evalueringsvraag 2.4.3.4

Hoofstuk 3 het 'n uiteensetting gegee van die maniere waarop 'n Afrikanergelowige in 'n veranderende Suid-Afrika gehelp kan word om hoop te hê.

Die groeiende negatiewe sentiment wat toegeskryf word aan die negatiewe omstandighede in die land, lei wel tot die tendens dat vriende en familie oorsee verhuis agter ander geleenthede op die internasionale mark aan. Verder beskou Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners die aftakeling van die historiese identiteit van Afrikaner-nasionalisme en die feit dat daar nie regtig 'n gelykwaardige vervanging daarvan gekom het nie, as redes vir die wanhoop. Tog is daar ook sekere ex-patriotte wat terugkeer vanuit die buiteland omdat daar sekere kwaliteite in Suid-Afrika is wat

nie in die buiteland gevind kan word nie. Die hedendaagse, oppervlakkige navolging van vermaak en soeke na 'n "nuwe" spiritualiteit wat verskil met die tradisionele, lewer nie juis beter resultate op wat hoop aanbetref nie. Die historiese ideologie van die Afrikaner-nasionalistiese kultuur het mense geleer dat hulle, op grond van hulle fisiese geboortereg, 'n kulturele hoop kan hê in hulle eie vermoë. Hierdie ideologie, wat in werklikheid 'n Bybelse teologie is wat spreek tot die uitverkore volk van God in Israel, het bygedra tot die feit dat Afrikanergelowiges valse hoop in die leierskap van Suid-Afrika gehad het.

'n Evaluering van die perspektiewe wat in die Christelik-teologiese literatuurstudie in hoofstuk 4 uitgelig is, bied 'n verklaring ter verduideliking van die huidige handelswyse en kan soos volg saamgevat word: Hoop gebruik die boodskap van die prediker as 'n draer daarvan. Deur kommunikering van taal kan die mens ware Christelike hoop kry, omdat dit 'n ander wêreld voorstel wat beter is as die een waarvan hy kom. (Vos *et al*. 2007:19). Gegewe die toename in wanhoop kan die afleiding gemaak word dat prediking as draer van hoop afneem. Net soos in die dae van Israel, toe die Woord van die Here nie meer uitgegaan het nie, so is die hoopvolle woord van die profete stil. Die basiese beskouing wat ons in hierdie gedeelte van die navorsing bestudeer het, is dat Eskatologie die teologie van die transformasie van die toekoms is deur 'n aktiewe en veranderde lewe in die hede. Die ware karakter van die Eskatologie is om te lewe vir die toekoms asof ons nie deur ons huidige omstandighede oorheers of geïntimideer word nie. Die wanhopige word dus deur die invloed van sy/haar huidige omstandighede oorheers of geïntimideer.

Hoofstuk 5 het die normatiewe Skrifperspektiewe voorgestel oor wat eintlik, na regte, in die Afrikanergelowige se lewe moet gebeur wat hoop aanbetref. Geloof in God se hulp en verlossing is die vorm van ware hoop waarop die Ou Testamentiese gelowige homself uiteindelik verlaat. Die Nuwe Testament leer ons dat die hoop van die Christen gegrond is in alleenlik die reddingswerk van Jesus Christus. In Jesus Christus kry diegene wat vroeër vyande en vreemdelinge van God was, nou die geleentheid om deur geloof in Jesus Christus, kinders, vriende en selfs erfgename van God te word. Daarmee saam vorm hoop saam met geloof en liefde die essensiële deugde van die Christelike lewe. Al verander die lewensomstandighede, sal die ware gelowige se hoop in God bly staan soos ook sy/haar geloof en liefde vir Hom. Die

geregtigheid wat daar deur geloof in Jesus Christus beskikbaar is, bring vrede met God en die potensiaal van ‘n goddelike gesinslewe, met hierdie vrede as ‘n anker vir die siel in die storms van die lewe.

Ten einde bostaande gegewens saam te vat en ‘n praktiese riglyn vir die pastoraat voor te stel oor hoe die verbeterde handelswyse daar moet uitsien, word die volgende voorgestel: Die navorsing het aangedui dat die Afrikanergelowige homself in ‘n veranderende samelewing bevind. Die pastorale begeleier kan die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef, weglei van vreesagtigheid af, na ‘n persoonlike en intieme geloofsverhouding met God. Daarmee saam kan die begeleide gehelp word om die intimiteit en invloed van die Nuwe Testamentiese plaaslike gemeente, waar die persoon afhanklik is van emosionele en geestelike opbouing, te herontdek. Die ontnugterde en wanhopige moet gereeld blootgestel word aan die hoopvolle prediking en lering van pastorale berading en eindtyd-profesie.

### 6.4.6 Samevattende evaluering op basis van evalueringsvraag 2.4.3.5

Hoofstuk 3 het ‘n uiteensetting gegee oor die idee dat iemand wat uitsien na die wederkoms van Jesus Christus, meer hoop sal hê vir die toekoms, as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe.

Die navorsing in hoofstuk 3 het getoon dat Afrikanergelowiges oor die algemeen die wederkoms van Christus Jesus beskou as een van die belangrikste dinge wat ware Christelike hoop gee om die lewe met entoesiasme aan te pak. Die navorsing het aangetoon dat alhoewel Afrikanergelowiges glo dat God totale beheer van hul lewens het, hulle tog leef en werk asof hulle ‘n bydrae of aandeel het daarin. Dit het uit die navorsing ook na vore gekom dat diegene wat glo in die belofte van ‘n toekomstige wederkoms, ‘n meer positiewe siening van die toekoms het. Daar is egter ook die siening dat elke gelowige sy eie beter toekoms kan skep deur ‘n aktiewe deelname deur ‘n positiewe geloofsverklaring wat op die Woord van God gebaseer is.

‘n Evaluering van die perspektiewe wat in die Christelik-teologiese literatuurstudie in hoofstuk 4 uitgelig is, bied ‘n verklaring ter verduideliking van die huidige

handelswyse en kan soos volg saamgevat word: Hoop is nie ‘n vertroue op die belonings van die ou wêreld nie, maar ‘n afwagting in geloof na die beloning van ‘n nuwe hemel en nuwe aarde wat deur God beloof is en herskep sal word (La Haye & Jenkins 2011). Die premillennialisme opvatting van die Eskatologie beskryf die hoop van die Christenkerk as ‘n verwyderingsteologie wat die laaste dae op aarde sal afsluit met die terugkeer van Jesus Christus, voor die aarde deur ‘n verdrukkingstydperk sal gaan wat as die “dag van die Here” bekend staan (Pentecost 2010). Daardeur sien hierdie perspektief die wêreld wat al hoe erger word soos wat die toekoms ontvou. Selfs in die kerk is daar, volgens hierdie siening, ‘n grootskaalse wegval van die waarheid in die laaste dae totdat Jesus Christus weer kom.

Die wegraping word deur sommige groepe gebruik as die boodskap van eskatologiese hoop om mense aan te spoor om getrou te bly totdat hulle weggeneem neem sal word om by Jesus Christus te wees in die hemelse tuiste wat vir hulle voorberei is (Ryrie 2007). Hierdie wegneming of wegraping beteken dat hulle nie deur die oordele van die verdrukkingstydperk wat oor die aarde gaan kom, waarvan Jesus in Matthéüs 24 praat, sal gaan nie, maar dit sal ontvlug. Die belewenis van ‘n kwynende etiese en morele struktuur in ons samelewing kan moontlik bydra tot die gevoelens van wanhoop wat gelowiges in die gesig staar.

Hoofstuk 5 het die normatiewe Skrifperspektiewe voorgestel oor wat eintlik, na regte, in die Afrikanergelowige se lewe moet gebeur wat hoop aanbetref. In die Ou Testamentiese idee van hoop word God beskou as die verwagting van Israel en ontwikkel die idee dat Israel geen verwagting het behalwe as dit in God self verkry word nie. Dit is die Verwagting van verlossing deur sy Messias in die persoon van Jesus Christus. Die lewe na die dood is die enigste hoop vir dié wat op die rand van die dood staan. Die Messiaanse profetiese verklarings van ‘n heerlike en ewige aardse Messiaanse koninkryk, laat Israel verby die huidige omstandighede van wanhoop kyk na ‘n hoopvervulde toekoms.

Die Nuwe Testamentiese Eskatologie leer ons van hoop as ‘n lewende verwagting daarna wat nie nou gesien kan word nie, maar wat voorlê as ‘n nuwe werklike bedeling wat die oue sal vervang. Die opstanding van die Here Jesus en die belofte van sy wederkoms vorm die basis van hierdie “lewende hoop”, dat ook ons liggame,

soos syne, opgewek sal word, en is essensieel tot geestelike groei (Heb. 6:18; Bing 2007). Hierdie opstanding van die liggaam is die salige hoop wat vir ons weggelê word (Gal. 5:5; Kol. 1:5; Tit. 1:2; 3:7). Daarmee saam weeg die lyding van die teenwoordige tyd nie op teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word in die laaste tyd nie, want alhoewel die skepping self aan die nietigheid onderworpe is, sal dit vrygemaak word (Williams 2010). Die hoop, as lewende verwagting wat die Christen het op ewige verlossing, is egter 'n onsigbare hoop en nie tasbaar nie. Hoop maak saam met geloof en liefde 'n deel uit van die totale geloofservaring van die Christen.

Ten einde bostaande gegewens saam te vat en 'n praktiese riglyn vir die pastoraat voor te stel oor hoe die verbeterde handelswyse daar moet uitsien, word die volgende voorgestel: As gevolg van die menslike natuur van die Afrikanergelowige, wil hulle self-voorsienend wees wat die beheer van hulle lewens aanbetref. Die pastorale begeleider moet die begeleide deur middel van deeglike lering help om die kortstondigheid van die aardse bedeling te begryp. Daarmee saam moet die begeleide voortgehelp word om deur middel van getrouheid aan God en die gemeente, in die hede voorbereidings te tref vir die toekomstige nuwe bedeling.

Noudat die verskillende elemente van die navorsingsvraag geëvalueer is, sal die uitkomste daarvan vervolgens in riglyne vir pastorale begeleiding na ware Christelike hoop uitgelê word.

## 6.5 RIGLYNE VIR PASTORALE BEGELEIDING NA HOOP

Noudat die resultate van die verskillende take van die navorsingsmetodiek deur 'n hermeneutiese interaksie onder punt 6.4 met mekaar geïntegreer is, kan riglyne vir pastorale begeleiding voorgestel word. Hierdie inligting kan nie bloot net in 'n akademiese sin beskou word nie, maar moet so geformuleer word, dat 'n werkswyse vir pastorale begeleiding gevorm kan word om Afrikanergelowiges, wat 'n mate van ontnugtering beleef weens 'n veranderende Suid-Afrika, te kan begelei om ware Christelike hoop te ontwikkel.

### 6.5.1 Pastorale begeleiding en geestelikheid

Teen die agtergrond van die resultate van die studie tot dusvêr, is dit vervolgens noodsaaklik dat die verskillende elemente van pastorale begeleiding saamgevat sal word ter voorbereiding vir die samestelling van voorgestelde riglyne wat gebruik kan word vir die pastorale begeleiding van Afrikanergelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, tot ware Christelike hoop.

- **Leierskap en geestelikheid**

  Leierskap in die Christengemeente is, volgens Osmer (2010:27), in wese ‘n geestelike saak. Die pastorale bedienaar behoort die gesindhede en optrede van Christene op ‘n goddelike manier te beïnvloed of verander. Gemeentelike leiers moet op sigself geestelike leiers wees, wat beteken dat sulke leiers vrywilliglik deur die Heilige Gees gelei sal word (5.3.6). Geestelikheid dui daarop dat mense hulle deur die Gees van God laat lei en is dus daardie lewenswyse waarin die Gees van God inwonend teenwoordig is en onverhinderd werk en waar die Afrikanergelowige onderdanig is aan die Gees van God se leiding deur die Woord van God (1.2.4; 5.1; 5.2.1; 5.2.3).

  Geestelike leiers het die Skriftuurlike leiding van die Heilige Gees nodig om volgelinge van Jesus Christus te lei om deur onderdanigheid aan die Heilige Gees se innerlike werking, aan die beeld van Christus gelyk te kan word. Gevolglik is dit dus beswaarlik moontlik vir ‘n leier van ‘n gemeente, wat nie in onderdanigheid aan die Heilige Gees met ‘n geestelike gesindheid en in volwassenheid verder gevorder is as die gemeentelid nie, om ‘n betekenisvolle bydrae in mense se lewens te maak nie. Dit is in hierdie lig dat die apostel Paulus, wat self deur die Heilige Gees geïnspireer was, verklaar het dat die geestelike die ongeestelike na geestelikheid kan begelei (4.6.1; 6.4.4). Hierdie “reghelp”-funksie wat deur die een wat “geestelik” is toegepas word, impliseer dat daar sekere tekortkominge en geestelike behoeftes is in die lewe van die begeleide. Pastorale begeleiding is dus ‘n normale Bybelse funksie van leierskap, waar die geestelik meer volwasse gelowige die een wat probleme ondervind, help om ware Christelike hoop te vind in die situasie.

- **Bybelse Berading**

  Nog ‘n aspek van pastorale begeleiding is Bybelse berading. Die behoefte vir Bybelse berading impliseer dat daar hulp benodig word en deur die pastoraat gebruik kan word om sinvolle verandering in die lewe van die begeleide te bring wat weer sal bydra tot hoop. Dit is die proses waar interpersoonlike gesprekvoering gebruik word om deur brandende lewensvrae te werk om antwoorde te kry en sodoende die begeleide weer te rig op die goddelike lewensdoel (1.2.4; 1.2.3; 4.6.2; 5.3.3).

  Die proses van pastorale begeleiding deur Bybelse berading word ook deur Paulus in 1 Korintiërs 10:12-13 verduidelik. Eers kom die waarskuwing in vers 12: “wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie”; en dan volg die belofte in vers 13: “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.”

- **Hoopvolle Prediking**

  Die prediking van die woord speel ‘n essensiële rol in die pastorale begeleiding tot ware Christelike hoop (4.6.2). Daar behoort ‘n hernude klem te wees op die voldoendheid van die Skrif vir die diepste behoeftes van die menslike hart en is dit dus ‘n voldoende bron vir die aanspreek van emosionele en geestelike probleme. Die Skrif, is daarop ingestel om mense tot ‘n beter plek in hulle lewe aan te moedig. Die apostel Paulus se bydrae in 2 Timoteus 3:16 is van kardinale belang om die werk van die Skrif te verstaan: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid”. Die doel van hierdie werk van die Skrif word in vers 17 uitgelê: “sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”.

  Die opdrag van Paulus aan die jong leraar, Timotheus, in 2 Timotheus 4:2 in Paulus is insiggewend: “verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering”. Die prediker word deur die prediking van die Skrif die toeruster van die gemeente in ‘n nuwe tyd (Venter 2010). Die doel van prediking is om hoop te bied waar daar geen hoop blyk te wees nie en die preek word die draer van hoop (4.6.1). In die prediking van die

boodskap van hoop beweeg die inhoud van die preek die gedagtes van die toehoorder van desperaatheid na hoop en dankbaarheid.

- **Gemeentelike interaksie**
  Pastorale sorg bring hoop as ‘n praktiese uitlewing van God se wil. Christene kry selfvertroue as hulle vir ander mense sorg. Dit gebeur op basis van die feit dat hulle hoop in God se hulp is (4.6.1). Daar is dus ware Christelike hoop in die feit dat by ons die verwagting geskep is dat ons dinge in ander se lewens kan verbeter. Pastorale sorg wat deur gemeentelede self gedoen word, maak hoop ‘n moontlikheid. As ons ander mense se lewens kan verbeter, dan voel ons self meer hoopvol. Die gemeente en die interaksie daarin is dus die teelaarde waar hoop kan ontwikkel.

‘n Samevatting van bogenoemde beskryf sommige van die elemente van pastorale begeleiding, naamlik leierskap en geestelikheid, Bybelse berading, prediking en gemeentelike interaksie.

Vervolgens sal op grond van die resultate van die hermeneutiese interaksie onder punt 6.4 en die aspekte van pastorale begeleiding onder punt 6.5.1, prakties-teologiese riglyne voorgestel word om deur middel van ‘n gefasseerde benadering, Afrikanergelowiges wat ‘n mate van ontnugtering beleef tot hoop te begelei.

### 6.5.2 Fase 1: Om vas te stel wat die huidige beskouing van hoop in die begeleide se lewe is

Geestelike begeleiding behels, volgens Osmer (2010:29), die geestelike funksies van ‘n geduldige luisteraar wat met die hart wil hoor, die oordeelkundige wysheid wat ervaring meebring, die onderskeidingsvermoë wat deur die Skriftuur self moontlik gemaak word en die vorming van gesindhede en gedragspatrone deur ‘n dienende herderskap. Die pastorale begeleier van die gemeente moet nie uit die oog verloor dat die roeping tot leierskap in mense se lewens nie ‘n saak van professionele vaardigheid is nie, maar eerder ‘n saak van geestelike gehoorsaamheid aan die roeping van God en

leiding van die Heilige Gees. Ten einde vas te stel wat die huidige beskouing van hoop in die begeleide se lewe is, word die volgende riglyne voorgestel ten opsigte van pastorale begeleiding in Fase 1:

- dit behels die insameling van sleutelinligting deur middel van interpersoonlike gesprekvoering om te verstaan wat die rigting en omstandighede van die begeleide se lewe is;
- dit bring die waarheid oor die begeleide se huidige beskouing van hoop aan die lig (1 Joh. 1:7);
- dit stel die begeleide in staat om sy huidige beskouing van hoop te vergelyk met die tipe lewensbeskouing wat die wil van God aandui. Net soos wat die skrywer van Hebreërs sekere afwykings van traagheid en afvalligheid in die kerk bespeur en aangespreek het, moet die pastorale begeleier begin om vas te stel waarop die begeleide se hoop tans gebaseer is (Heb. 5:11-14);
- dit bied die geleentheid vir die begeleide om die gaping te sien tussen sy huidige hoopbeskouing en die godgegewe hoopbeskouing wat God in sy Woord bekend gemaak het;
- dit gebruik die lewe van Jesus Christus as die basis van ware Christelike hoop, en is die model wat die pastorale begeleier gebruik om die vergelyking mee te tref en voorstelle te maak;
- dit moet in ag neem dat die waarheidsbegrip van die begeleide onder die invloed van die postmodernisme is en moet daarom eers die Skrif as finale outoriteit bevestig (2 Tim. 2:16);
- dit gebruik sleutelwoorde, soos byvoorbeeld die beloftes van God en potensiaal van vernuwing, as stimulus of motivering sodat die begeleide geïnteresseerd sal wees om homself in ‘n vorm van selfondersoek te begewe.

Die volgende praktiese alledaagse riglyne vir studiewerk is wat die begeleier aan die begeleide kan gee om te voltooi vir bespreking:

- Lees en ondersoek Hebreërs 5:11-14 en Hebreërs 6 sorgvuldig.
- Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die studie van die Skrifgedeelte:

- Watter aspekte van die Hebreërs-skrywer se verduideliking van die huidige welstand van hulle geloofslewe in verse 5:11; 5:13; 6:6; 6:12, kan aandui dat daar gevoelens van wanhoop kon ontwikkel?

- Watter aspekte in die Hebreërs-skrywer se verduideliking van die status van hulle geloofslewe in verse 5:14; 6:1; 6:9-10;6:18-20 wys dat hulle werk het om te doen om hulle geloofslewe te herstel?

- Watter aspekte van hoop is volgens die Hebreërs-skrywer 'n anker vir die siel?

- Voltooi die volgende as oefening:

  - Beskryf die welstand van jou geloofslewe deur gebruik te maak van die terme in die bostaande Skrifgedeelte en lig die aspekte uit wat mag aandui dat jy afvallig geraak het.

  - Identifiseer wat tans die anker vir jou siel is en wat die aspekte van jou geloofslewe is waarin jy weet dat jy werk het om te doen om jou geloofslewe te herstel.

  - Bepaal watter konkrete dinge die anker vir jou siel behoort te wees.

### 6.5.3 Fase 2: Om weer 'n Bybelse beskouing van hoop te vestig as die anker van die siel in die begeleide se siening van eie identiteit

Waar die pastorale begeleiding in Fase 1 die huidige beskouing van die hoop van die Afrikanergelowige bepaal en vergelyk met die Skrifwaarheid van God se skeppings- en herskeppingsdoel, gaan Fase 2 verder om die begeleide te onderrig aangaande sy/haar Christus-identiteit en hemelse burgerskap (4.3.3). Om weer 'n Bybelse beskouing van ware Christelike hoop te vestig as die anker van die siel in die begeleide se siening van eie identiteit, word die volgende riglyne voorgestel ten opsigte van pastorale begeleiding in Fase 2:

- dit begin by ‘n persoonlike selfondersoek en kan aan die hand van die volgende selfondersoekende vrae gedoen word: Weet ek wat die skepping- en herskeppingsdoel van God is vir my lewe? Ken ek die wil en beloftes van God vir my lewe?  Weet ek wat my stand is in Christus? Beskik ek oor die nodige innerlike sekuriteit, afgesien van die rolle wat ek vervul of die verantwoordelikhede wat ek het? Die antwoorde op hierdie vrae wys heen na die aard van die begeleide se hoopbeskouing;
- dit herbevestig die gelowige se stand in Christus op basis van Paulus se verklaring in 2 Korinthiërs 5:17: “Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het”. Die stand van die gelowige verwys na die gelowige se geestelike posisie in Christus Jesus, wat ‘n onveranderbare en volmaakte werk van God is (4.3.3);
- dit gebruik Bybelse lering (2 Tim. 3:16) om die begeleide wat in Christus met God versoen is, te leer van die eienskappe en waarde van hierdie nuwe “skepsel” se identiteit. Afrikanergelowiges behoort hulself te sien in dieselfde lig as diegene wat in ‘n persoonlike verhouding met God staan. Die “ou dinge” wat na die voormalige wêreldse gewoontes en maniere verwys, het plek gemaak vir “nuwe dinge” van geestelikheid (6.5.1);
- dit gebruik die waardheid rakende die begeleide se identiteit in Christus om sy/haar fokus op die hemelse burgerskap (Fil. 3:20) te vestig en wys hom/haar op huidige pogings om ‘n identiteit volgens ‘n aardse of wêreldse nasionaliteit te bou. Die begeleide word herinner aan Jesus se woorde wat sê dat, alhoewel hulle in die wêreld is, hulle nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 17:11,16);
- dit neem die begeleide terug na die kern van ‘n wedergebore lewe as die begin en basis vir ‘n nuwe lewe, waar die begeleidende se taal, kultuur en geskiedenis ondergeskik gestel word aan die nuwe identiteit van ‘n hemelse burgerskap (Tit. 3:1-8);
- dit onderrig die begeleide dat saam met hierdie nuwe identiteit ‘n “nuwe” geestelike taal kom, asook die uitlewing van ‘n “nuwe” geestelike kultuur en die vorming van ‘n “nuwe” geskiedenis deur Bybelse geloofskennis.

Die volgende praktiese alledaagse riglyne vir studiewerk is wat die begeleier aan die begeleide kan gee om te voltooi vir bespreking:

- Lees en ondersoek die waarhede in 2 Korintiërs 5 sorgvuldig.
- Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die Skrifgedeelte hierbo:

  - Watter aspekte van Paulus se verduideliking van hierdie kerk se situasie in verse 1-4 en 16 kon moontlik aanleiding gegee het tot gevoelens van wanhoop?

  - Watter aspekte in Paulus se verduideliking van die kerk se situasie in verse 5-8, 9, 14, 16-17, 18-21 wys dat Paulus se geestelike identiteit 'n deurslaggewende rol in sy beskouing van hoop gespeel het?

  - Hoe gebruik Paulus 2 Korinthiers 5:17 en Filippense 3:20 om die Christen se identiteit te beskryf.

- Voltooi die volgende oefening:

  - Beskryf jou situasie deur gebruik te maak van die terme in die bostaande Skrifgedeelte en dui die aspekte aan wat jou sal lei om gevoelens van wanhoop te koester.

  - Identifiseer die aspekte van jou identiteit in Christus wat 'n bydrae sal maak tot jou hoop.

  - Vergelyk 2 Korinthiers 5:17 met Filippense 3:20 en bepaal die waarde van 'n korrekte beskouing van die Christen se identiteit.

### 6.5.4 Fase 3: Om die begeleide na die toeëiening van hoop te lei deur aktiewe deelname in die elemente wat in sy/haar geloofsgemeenskap beskikbaar is

Waar die pastorale begeleiding in Fase 1 die huidige beskouing van hoop bepaal en vergelyk met die Skrifwaarheid van God se skeppings- en herskeppingsdoel, en Fase 2 voorstel dat die begeleide onderrig moet word aangaande die Christus identiteit en hemelse burgerskap, gaan Fase 3 verder om die begeleide te lei na die toeëiening van

ware Christelike hoop deur aktiewe deelname in ‘n intieme en persoonlike geloofsgemeenskap, om daar en in die gemeenskap ‘n hoopvolle bydrae te maak. Ten einde die begeleide na die toeëiening van ware Christelike hoop te lei deur aktiewe deelname in die elemente wat in sy/haar geloofsgemeenskap beskikbaar is, word die volgende riglyne voorgestel:

Pastorale begeleiding in Fase 3 sal strategies te werk gaan om die begeleide weer te laat fokus op sy/haar goddelike skeppings- en lewensdoel, naamlik om God te verheerlik deur te leef vir Christus. Die sleutelteks wat hieroor leiding gee, is Filippense 1:19-22, met die sleutelvers “Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins. Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie.”

Die begeleide moet gelei word om te verstaan dat geestelik “vrugbare arbeid” die lewensdoel is van elkeen wat bely dat die lewe vir hulle Christus is;

- dit berei die begeleide voor en skep die geleentheid om ‘n bydrae in iemand ander se lewe te maak (Gal. 6:1) en help die begeleide om die bedieningswerk te doen en dit te evalueer na afloop daarvan (6.5.1);
- dit lei die begeleide om die waarde te sien van die hegte verhoudings wat daar in die persoonlike geloofsgemeenskap van die heiliges in ‘n plaaslike gemeente bestaan;
- dit moedig aktiwiteite in hierdie persoonlike geloofsgemeenskap van die gemeente aan, soos byvoorbeeld sorg en omgee. Dit is belangrik dat die begeleide ‘n goed-gebalanseerde lewenstyl sal ontwikkel;
- dit werk aan die vorming van ‘n ondersteuningsraamwerk wat in kleingroep-byeenkomste beskikbaar is. Die bywoning van eredienste en kleingroep-aktiwiteite bied fisiese, emosionele en geestelike voordele, wat voortspruit uit die geestelike gemeenskap met broers en susters in Christus. Dié wat eredienste en kleingroep aktiwiteite bywoon, is gesonder en leef langer (4.6.1);
- dit voorsien aan die begeleide die blootstelling aan ander kulture deur middel van vriendskap-evangelisasie. Vriendskap-evangelisasie is verhouding-evangelisasie, waar die gelowige ‘n toegewyde Christelike leefstyl handhaaf tussen hulle wat nie gelowiges van Christus is nie, sodat hierdie leefstyl hulle

sal aantrek en hulle sal bemoedig om uit te vra daarna. Hierdie belangstelling sal die begeleide uit sy/haar gemaksone neem om met ander mense, wat net soos hy swaarkry, deel te kan neem aan gesprekke en sodoende kans kry om sy/haar geloofsoortuiging met ander te deel.

Die volgende praktiese alledaagse riglyne vir studiewerk is wat die begeleier aan die begeleide kan gee om te voltooi vir bespreking:

- Lees en ondersoek Filippense 1:12-26 sorgvuldig.
- Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die studie van die Skrifgedeelte hierbo:

  - Watter aspekte van Paulus se verduideliking van sy situasie in verse 12,13 en 15 kon moontlik aanleiding gegee het tot gevoelens van wanhoop in Paulus se lewe?

  - Watter aspekte in Paulus se verduideliking van sy situasie in verse 12, 18 en 22 wys dat Paulus 'n geestelike perspektief gehad het van sy lewensdoel?

  - Hoe het Paulus sy verantwoordelikheid teenoor die geloofsgemeenskap in die kerk in Filippi gebruik om hoop te hê?

- Voltooi die volgende oefening:

  - Beskryf jou situasie deur gebruik te maak van die terme in die bostaande Skrifgedeelte en die aspekte, wat jou sal lei om gevoelens van wanhoop te koester, uit te lig.

  - Identifiseer aspekte van jou situasie wat jou sal aanleiding gee om deur middel van 'n geestelike perspektief jou te herinner aan jou lewensdoel.

  - Bepaal teenoor watter geloofsgemeenskap jy verantwoordbaar is en watter bydraes jy daarin kan maak. (As jy nie so 'n geloofsgemeenskap

het nie, praat met iemand wat geestelik meer volwasse is as jy daaroor.)

### 6.5.5 Fase 4: Om ondersteuning vir hierdie Christelike beskouing van hoop te ontwikkel deur die vrymoedigheid wat hoop bied

Die pastorale begeleiding in Fase 1 bepaal die huidige beskouing van hoop en vergelyk dit met die Skrifwaarheid van God se skeppings- en herskeppingsdoel, terwyl Fase 2 voorstel dat die begeleide onderrig moet word aangaande die Christus-identiteit en hemelse burgerskap, en Fase 3 die begeleide lei na die toeëiening van ware Christelike hoop deur aktiewe deelname in ‘n intieme en persoonlike geloofsgemeenskap om daar en in die gemeenskap ‘n hoopvolle bydrae te maak. Fase 4 gaan dan verder om hierdie ware Christelike hoop te ondersteun deur die begeleide te help om deel te neem in die heiligmaking van die Gees ter voorbereiding van die wederkoms. Ten einde ondersteuning vir hierdie Christelike beskouing van hoop te ontwikkel deur die vrymoedigheid wat hoop bied, word die volgende riglyne voorgestel ten opsigte van pastorale begeleiding in Fase 4:

- dit lei die begeleide om verby die tydelikheid of kortstondigheid van hierdie aardse lewe te kyk. Die sleutelteks wat beskryf dat die tydelike en verganklike moet plek maak vir die ewig en onverganklike, is 1 Korinthiërs 15:53-58. Hierdie oorgang van die verganklike na onverganklikheid en die sterflike na onsterflikheid is nie net die vervulling van dit wat geskrywe is nie, maar ook die oorwinning in Jesus Christus en die basis vir ‘n standvastige geloofslewe en oorvloedigheid in die werk van die Here.

- dit onderrig die begeleide om heiligmaking (heiliging) te sien as die roeping van God en die werk wat die Heilige Gees in sy/haar lewe doen ter voorbereiding vir die aanbreek van die nuwe lewe in die hiernamaals. Paulus se stelling in 1 Thessalonicense 4:7 is duidelik: “God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking”. Heiligmaking (heiliging), wat volgens 1 Thessalonicense 4:3 die “wil van God” is vir gelowiges, is in wese

die gelowige se Heilige Gees geïnspireerde afsondering tot God, ‘n besluit om hom/haar te onthou van die hartstogtelike begeerlikhede van die vlees (5.3.5).;

- dit wys die begeleide daarop dat ‘n heilige of afgesonderde lewe vrymoedigheid voor God bied, wat weer hoop bied as ‘n praktiese toewyding aan God in die lewe van die begeleide. Hierdie vrymoedigheid in ‘n persoonlike verhouding met God, is ‘n ware ondersteuning en die onderhouding van ‘n lewende hoop, soos Titus 2:11-13 verklaar: “Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus...”.

Die volgende praktiese alledaagse riglyne vir studiewerk is wat die begeleier aan die begeleide kan gee om te voltooi vir bespreking:

- Lees en ondersoek 1 Korintiërs 15:12-25 en 15:50-58 sorgvuldig.
- Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die Skrifgedeelte hierbo:

  - Watter aspekte van Paulus se verduideliking van die mens se situasie in verse 14-19, 50 en 56 kon moontlik aanleiding gegee het tot gevoelens van wanhoop?

  - Watter aspekte in Paulus se verduideliking van die mens se lewensverwagting in verse 20-23, 24, 52 en 54, wys dat Paulus ‘n geestelike beskouing gehad het van die vrymoedigheid wat hy in en deur Christus Jesus het?

  - Hoe het Paulus sy hoop kragtens sy lewensverwagting beskryf?

- Voltooi die volgende oefening:

  - Beskryf jou situasie deur gebruik te maak van die terme in die bostaande Skrifgedeelte en die aspekte, wat jou sal lei om gevoelens van wanhoop te koester, uit te lig.

- Identifiseer aspekte van jou lewensverwagting wat jou sal aanleiding gee om ‘n geestelike beskouing te hê van die vrymoedigheid wat jy in en deur Christus Jesus het.

- Analiseer jou eie lewensverwagting en hoe dit jou hoop beïnvloed.

## 6.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die volgende vraag deur middel van die laaste taak van Osmer se navorsingsmetodiek, die pragmatiese taak, beantwoord: Hoe moet die pastoraat reageer op die nagevorsde situasie wat die kwaliteit van die hoopbeskouing van Afrikanergelowiges aanbetref.

Die hoofaspekte van die navorsingsvraag is hierin saamgevat. Die eerste aspek wat in hierdie hoofstuk saamgevat is, is die konsep van hoop en is deeglik afgebaken en omskryf. Daar is gevind dat hoop in die konteks van die Afrikanergelowige se lewe meer spesifiek op die naam genoem moet word. Die hoop van die Afrikaanssprekende kan ‘n sosiale of maatskaplike hoop wees wat behels die uitsien na ‘n beter lewe; dit kan ‘n bevrydingshoop wees wat ‘n gedetermineerde selfbemagtiging behels; dit kan ‘n kulturele hoop wees wat staatmaak op taal, kultuur en godsdienstige waardes; dit kan ‘n Christelike of evangeliese hoop wees wat vertrou op verlossing; dit kan ‘n ekologiese hoop wees wat strewe na ‘n nuwe aarde; dit kan ‘n bedieningshoop as die vasberadenheid-prediking aanwakker; of dit kan ‘n eskatologiese hoop behels as sekerheid in die ewige verlossing wat met Jesus se wederkoms sal realiseer. Daarbenewens is ware Christelike hoop vir die Afrikanergelowige ten eerste gegrond op die innerlike geestelike lewenskragtigheid wat, ten spyte van negatiewe omstandighede, in ‘n persoonlik verhouding met God moontlik is; ten tweede ‘n praktiese geloofsvertroue in toewyding aan die wil van God; en laastens ‘n lewende verwagting in die toekomstige verlossing wat nie op die sigbare staatmaak nie.

Die tweede aspek van die navorsingsvraag wat die geestelikheid van die Afrikanergelowige, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-

Afrika aanbetref, is behandel deur ‘n hermeneutiese interaksie tussen die huidige handelswyse soos saamgevat in hoofstuk 3, die interpretasie van die huidige handelswyse wat in hoofstuk 4 saamgevat word, en die normatiewe Skrifperspektiewe soos wat in hoofstuk 5 saamgevat word. Die derde aspek wat behandel en saamgevat is, is die pastorale begeleiding wat kragtens riglyne vir die pastoraat uitgelê is.

Voordat hierdie riglyne vir pastorale begeleiding uitgelê is, is die aspekte van pastorale begeleiding, naamlik leierskap en geestelikheid, Bybelse berading, hoopvolle prediking en gemeentelike interaksie behandel en saamgevat. Hierdie prakties-teologiese riglyne kan deur die pastoraat gebruik word om Afrikanergelowiges wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, na ware Christelike hoop te begelei. Hierdie riglyne behels vier verskillende fases van pastorale begeleiding en praktiese alledaagse Bybelstudie, huiswerk en toepaslike oefeninge wat aan die begeleide gegee kan word

Met die voorgestelde riglyne vir pastorale begeleiding in Fase 1 word die huidige beskouing van hoop bepaal en vergelyk met die Skrifwaarheid van God se skeppings- en herskeppingsdoel. Met die voorgestelde riglyne vir pastorale begeleiding in Fase 2 word die begeleide onderrig aangaande die Christus-identiteit en hemelse burgerskap wat kontrasteer met ‘n wêreldse identiteit en burgerskap. Met die voorgestelde riglyne vir pastorale begeleiding in Fase 3 word die begeleide gelei na die toeëiening van ware Christelike hoop, deur aktiewe deelname in ‘n intieme en persoonlike geloofsgemeenskap om daar en in die gemeenskap ‘n hoopvolle bydrae te maak. Met die voorgestelde riglyne vir pastorale begeleiding in Fase 4 word die begeleide gehelp om hoop te ondersteun deur deel te neem in die heiligmaking van die Gees ter voorbereiding van die wederkoms.

Vier fases van pastorale begeleiding word voorgestel om Afrikanergelowiges wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, na ware Christelike hoop te begelei.

# HOOFSTUK 7

# SAMEVATTING EN SLOT

## 7.1 INLEIDING

Na afloop van die studie sal in hierdie hoofstuk voortgegaan word om ‘n samevattende gevolgtrekking te gee van die uitkomste van die navorsing. Die navorser sal die doelwitte van die studie wat in hoofstuk 1.6 uitgelê is nagaan en verantwoording doen of die doelwitte bereik is al dan nie.

Die doel van hierdie studie volgens hoofstuk 1.6, was om te bepaal wat die effek is wat hoop het op die geestelikheid van die Afrikaanssprekende gelowige, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ’n veranderende Suid-Afrika. In samehang hiermee word ook aangetoon hoe so ‘n gelowige pastoraal begelei kan word om hoop te hê.
Ten einde die doelstellings van hierdie studie te bereik, is die volgende doelwitte aanvanklik gestel:

- om deur middel van ‘n empiriese ondersoek te beskryf wat die effek is wat hoop het op die geestelikheid van Afrikaanssprekende gelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika;
- om deur middel van ‘n literatuurstudie van die perspektiewe uit die Christelik-teologiese literatuur te interpreteer waarom hoop en geestelikheid so voorkom;
- om aan te toon watter normatiewe perspektiewe die Skrif bied op die grondslag en ontwikkeling van hoop en die invloed wat dit op geestelikheid het;
- om die beskrywende, interpretatiewe en normatiewe take met mekaar te integreer in ‘n pragmatiese taak om sodoende prakties-teologiese riglyne te formuleer om Afrikaanssprekende gelowiges, wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, na ‘n Bybelse hoop te begelei.

## 7.2 HOOFSTUK 2: DIE DOEL, METODIEK EN ONTWERP VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

Die navorser het besluit om die navorsingsvraag te beantwoord en die hoofstukke van hierdie verhandeling uit te lê, deur die prakties-teologiese navorsingsmetodiek van Richard Osmer (2010) te gebruik. Hierdie navorsingsmetodiek het vier afsonderlike take behels wat struktuur en leiding aan die navorsing gegee het en sodoende die daaropvolgende hermeneutiese interaksie in die navorsing vergemaklik. Die eerste taak het die huidige hoopbeskouing van Afrikanergelowiges (1.2.1) wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, beskryf. Die tweede taak het die resultate van die eerste taak geëvalueer deur evalueringsvrae (3.6) en hulpwetenskappe en Christelik-teologiese perspektiewe wat bekom is uit ‘n literatuurstudie wat oor die onderwerp van hoop gedoen is. Die derde taak het die Godgegewe Skriftuur nader om te bepaal wat na regte moet gebeur en wat die tekorte is vanuit die perspektief van God se wil. Die laaste taak was die pragmatiese taak, wat alle inligting uit die studie in ‘n hermeneutiese interaksie saambring en integreer het, om sodoende prakties-teologiese riglyne voor te stel vir die pastorale begeleiding na hoop van Afrikanergelowiges wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika.

Vervolgens is verslag gedoen oor die resultate van die empiriese navorsing wat gedoen is om die eerste taak van Osmer se navorsingsmetodiek te voltooi en sodoende te beskryf wat die huidige hoopbeskouing is van Afrikanergelowiges wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika.

## 7.3 HOOFSTUK 3: ’N EMPIRIESE ONDERSOEK ONDER AFRIKANERGELOWIGES WAT ’N MATE VAN ONTNUGTERING BELEEF WEENS ’N VERANDERENDE SUID-AFRIKA

In hierdie hoofstuk is deur middel van persoonlike en fokusgroep-onderhoude en evalueringsvrae onder Afrikanergelowige mans en vroue, bepaal wat hierdie groepering, wat onder punt 1.2.1 afgebaken word, se huidige hoop-beskouing is. Daar

is ook onderhoude gevoer met ander bedienaars van die Woord, individue wat in die bediening met soortgelyke Afrikanergelowiges werksaam is, om ‘n manier te hê om te sien of die inligting lewensgetrou is. Laastens is daar verslag gelewer van die resultate van ‘n ondersoek oor navorsing wat gedoen is onder ‘n breë spektrum van Afrikaanssprekende graad 11 leerlinge, wat verskillende skole in Suid-Afrika bywoon.

Uit die empiriese navorsing, soos wat hierbo beskryf word, is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

### 7.3.1 Sovêr dit die Afrikanergelowige se siening van homself aanbetref:

- Die Afrikanergelowige beskryf homself as ‘n unieke, etniese groepering in Suid-Afrika, wat in ‘n streng, baie beskermde en konserwatiewe Afrikanerhuis grootgeword het en sterk morele en etiese waardes geleer is.
- Die Afrikanergelowige is Sondae na een van die gereformeerde susterkerke toe geneem en uit die Bybel geleer, maar het na voorstelling en aanneming opgehou kerk toe gaan of na bekering ‘n onafhanklike kerk begin bywoon.
- Die Afrikanergelowige tref onderskeid tussen tradisionele godsdienstigheid en ware wedergeboorte, wat ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus behels.
- Die Afrikanergelowige voel dat hy geen rol het om te speel in Suid-Afrika vanuit ‘n politieke sin nie en voel gemarginaliseer wat werkgeleenthede aanbetref.
- Die Afrikanergelowige sien ‘n rol om te speel in die behoud van ‘n morele en etiese standaard in die samelewing en besef dat hy meer inklusief met ander kulture moet omgaan as om dit te vermag.
- Die Afrikanergelowige wil die evangelie van Jesus Christus uitdra aan mense wat nie gelowiges in Christus Jesus is nie.
- Die Afrikanergelowige is verdeeld wat die konsep van hoop aanbetref. Alhoewel bely word dat hoop nie in fisiese dinge gevind kan word nie en dit beskou word as ‘n sterk geestelike konsep wat slegs in Christus Jesus gevind kan word, is sy hoop onder druk as gevolg van die gebrek aan fisiese dinge.

- Die Afrikanergelowige leef met ‘n ontvlugtingsdrang om ter wille van oorlewing ander lande as ‘n nuwe tuiste te oorweeg.
- Die Afrikanergelowige bely dat die toekoms in die Here se hande is en sien uit na die wederkoms van die Here, maar leef asof sy toekoms in sy eie hande is.
- Die Afrikanergelowige voel ‘n verantwoordelikheid om die beste te doen wat hy kan om geleenthede te skep of om dié wat op sy pad kom, aan te gryp.

### 7.3.2 Sovêr dit bedienaars van die Woord, met ‘n bediening aan Afrikanergelowiges, aanbetref, word die Afrikanergelowige se hoopbeskouing beskryf as:

- Afrikanergelowiges word beskou as baie godsdienstig, met ‘n buitengewone goeie kennis van die Bybel, maar wat nie hul kultuur wil prysgee nie.
- Hulle is lede van die tradisie van die drie gereformeerde susterkerke, maar het na voorstelling en aanneming belangstelling verloor in die georganiseerde kerk of ontnugter geraak weens die een of ander rede.
- Afrikanergelowiges het ‘n teologiese geskiedenis wat hulle die idee gegee het dat hulle alleenlik die “uitverkore volk van God” (Israel) is.
- Hulle wil nie meer eksklusief Afrikaans wees nie en is bereid om Engelse kerke by te woon en Engelssprekende leierskap te volg.
- Hulle is Suid-Afrikaners wat ‘n rol kan deur ‘n morele en etiese nugterheid in die land te bring.
- Hulle leef in vrees dat hulle hul kultuur en identiteit gaan verloor en hulle het dus nie ‘n baie goeie en positiewe toekomsverwagting nie.
- Vervolging, diskriminasie en marginalisering op alle fronte is wat hulle verwag.
- Hulle is Christene wat hul hoop moet vestig op die feit dat God in beheer is van hul lewens, ten spyte van hul omstandighede.
- Hulle is Suid-Afrikaners wat hulself moet blootstel aan die inklusiewe aard van die plaaslike, persoonlike geloofsgemeenskap.
- Postmodernistiese filosofieë, negatiewe mediaberiggewing en propaganda op sosiale netwerke word ook as redes genoem wat hulle hoop afbreek.

### 7.3.3 Sovêr dit die hoopbeskouing van Afrikaanssprekende graad 11-leerders aanbetref:

- Die Afrikanerjeug het ‘n oorwegend positiewe lewensingesteldheid en wil godsdiens ernstig opneem; wat hulle toekomsplanne aanbetref, veral oor die langer termyn, wil hulle in die land bly; hulle is sukses-georiënteerd, eerder as sosiaal-maatskaplik georiënteerd; en hulle koester loopbaansukses as allesoorheersende toekomsideaal vir tien jaar en verder.
- Die Afrikanerjeug beskou geweldsmisdaad, korrupsie en wanbestuur as ondergeskik tot HIV/VIGS as Suid-Afrika se grootste probleem.
- Die Afrikanerjeug is nie tuis of by die skool aan negatiewe indoktrinasie jeens Suid-Afrika blootgestel nie; hulle is ook nie ywerige koerantlesers nie.
- Die Afrikanerjeug is oorwegend positief in die verwesenliking van hulle toekomsideale in Suid-Afrika en dus kon die hipotese oor die “wegkomwens” van die Afrikaanssprekende jeug nie bevestig word nie.
- Die ondersoek onder Afrikanerjeug strook met ‘n onlangse ondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, getiteld “South African social attitudes: Changing times, diverse voices”.
- Die ondersoek onder Afrikanerjeug het bewys dat 93% van Suid-Afrika se inwoners trots is op hul land, en dat 83% van die inwoners verkies om burgers in hierdie land te wees, ondanks die feit dat net 49% van die respondente van opinie was dat hul lewensomstandighede in die volgende vyf jaar sal verbeter.

### 7.3.4 Sovêr dit ‘n oorhoofse beskrywing van die hoopbeskouing van die Afrikanergelowige aanbetref:

Die eerste doelwit van die navorsing is bereik in die sin dat ‘n deeglike beskrywing verskaf is van die Afrikanergelowige wat in onafhanklike Baptiste-gemeentes aanbid, wat in die Noordelike voorstede van die Wes-Kaap provinsie woonagtig is en wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika.

Die Afrikanergelowige is hoofsaaklik konserwatief, godsdienstig, het ‘n goeie kennis van die Bybel, wil nie sy kultuur prysgee nie, het in ‘n mate belangstelling verloor in die georganiseerde kerk of ontnugter geraak daaroor, het grootgeword met die idee

dat die Afrikaner alleenlik die “uitverkore volk van God” is, wil nie meer eksklusief Afrikaans wees nie en leef in onsekerheid oor sy rol in die nuwe en veranderende Suid-Afrika. Hy leef tot ‘n mate met ‘n negatiewe toekomsverwagting as gevolg van marginalisering in die werksplek, diskriminasie in die politieke arena en die toename in gewelddadige inbrake, maar het hoop in Christus Jesus se wederkoms. Daar heers ‘n oorwegend positiewe lewensingesteldheid by die jeug.

Vervolgens is in hoofstuk 4 bepaal watter perspektiewe die Christelik-teologiese literatuur bied as interpretasie of verklaring van die hoopbeskouing van Afrikanergelowiges.

## 7.4 HOOFSTUK 4: DIE HULPWETENSKAPPE EN DIE CHRISTELIK-TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE

In hierdie hoofstuk is bepaal watter perspektiewe uit sekere van die hulpwetenskappe en die Christelik-teologiese literatuur bied op hoop en geestelikheid en watter bydrae hierdie perspektiewe kan maak om, deur sinvolle interpretasie die bevindinge wat in hoofstuk 3 oor die hoopbeskouing van die Afrikanergelowiges saamgevat is, te verstaan. Die resultate van die literatuurstudie, wat betref die hoof Christelik-teologiese denkrigtings wat die individuele Afrikanergelowige se beskouing rakende die tema van hoop moontlik ingelig en gevorm het, kan soos volg saamgevat word:

### 7.4.1 Hoop vanuit die sielkunde

Vanuit ‘n sielkundige gesigspunt, is hoop ‘n optimisme oor die bereiking van doelwitte vasgestelde doelwitte. Hierdie benadering of beskouing van hoop is egter beperk, omdat dit nie verduidelik waarom gelowiges wat nie vasgestelde doelwitte het nie, steeds hoop het en geestelike doelwitte bereik. Die volgende is ‘n samevatting van dít wat uit ‘n Christelik-teologiese wêreld oor hierdie onderwerp geskryf is en wat relevant is tot die navorsingsveld.

### 7.4.2 Die beskouing van kerklui rakende sosiale hoop

Die krisis van die kerk, wat Afrikanergelowiges insluit, is hopeloosheid, wat nie net geestelike pessimisme is nie, maar ingrypende gevoelens van ontnugtering, as gevolg van die onmag van ekonome en politici om die kwaliteit van mense se lewenstandaard te verbeter. Hoop is nie net geestelik nie, maar word beskryf as die blink baadjie van sukses en verbeterde lewensomstandighede – ‘n sosiale hoop wat deur ‘n bevrydingstryd bekom kan word. Die Afrikanergelowige se hoopbeskouing en belewenis is dus beperk tot die materiële en kwaliteit van lewe. Hy mag homself dalk vasstaar teen die voordele van ekonomiese bemagtiging, maar nie in geestelike bemiddeling nie.

Op hierdie stadium is gevind dat ‘n definisie van hoop in die algemeen benodig word ten einde hierdie belangrike punt of leidende beginsel in die navorsingstema te omskryf. Daar is soveel uiteenlopende beskouings van hoop, dat dit die navorser beperk het in die toepassing daarvan.

### 7.4.3 ‘n Definisie van hoop volgens die Christelik-teologiese perspektief

Vir die Afrikanergelowige behoort hoop nie net oor die algemeen wensdenkery of ‘n egosentriese gemoedstoestand wees oor die welvaart van die hede nie, maar meer spesifiek ‘n Christosentriese gemoedstoestand wat betekenis vind in die vernuwing van ‘n persoonlike verhouding met Christus Jesus. Ware Christelike hoop kyk nie soos sosiale hoop na die blinkheid van ‘n welvarende toekoms nie, maar is gegrond op die gelowige se stand in Christus, met volharding deur geloof, verantwoordelikheid en heiligheid in lewenswandel, ten spyte van tye van beproewing en twyfel. Na gelang hiervan is bepaal dat Afrikanergelowiges wat nie ‘n Bybelse of Christelike hoop het nie, maar aan ’n valse hoop vashou – iets wat eerder ‘n optimisme of wensdenkery is as ware hoop – nie ware hoop het nie.

### 7.4.4 ‘n Teologie van hoop

‘n Studie en evaluering van Moltmann se omvangryke en diepliggende teologie van hoop deur ander skrywers is vervolgens aangepak. Daar is gevind dat Moltmann se teologie van hoop nie ‘n teologie van positiewe denke is nie, maar wel erkenning gee aan die swaarkry en ongeregtigheid van die wêreld waarin ons leef. Deur hierdie erkenning kan mense wat hulle in die mees wanhopige situasies bevind, hoop hê in die praktiese realiteite van ‘n ontvouende daaglikse werklikheid. Moltmann se teologie van hoop, wat ‘n maatskaplike of sosiale teologie is, kan die geleentheid skep waar geestelike aanspreeklikheid voor God, transformasie of vernuwing van die lewe deur die Gees uitgesluit word. Dat Moltmann se teologie van hoop Afrikanergelowiges se hoop kan vestig op ‘n nuwe toekoms, kan nie ontken word nie. Hierdie teologie, wat ook aspekte van die Afrikanergelowige se teologie gevorm het, kan egter moontlik meer bydra tot die frustrasie wat kom as gevolg van die teleurstelling van die effekte van ‘n nie-gerealiseerde belofte in ‘n vervalle wêreld.

### 7.4.5 Eskatologiese vernuwing as hoop

Eskatologiese vernuwing, wat die teologie van die transformasie van die toekoms deur aktiewe deelname in die verandering van die hede is, kan vir die Afrikanergelowige van waarde wees. Die ware karakter van die Eskatologie is om te lewe vir die toekoms, asof ons nie deur ons huidige omstandighede oorheers of geïntimideer word nie. ‘n Ware Christelike hoop is dus waar die toekoms en die hede saamkom in ‘n lewe van ‘n praktiese geloof vir die Afrikanergelowige. Met inagneming van die studieveld waarin ons verkeer, is dit moontlik dat die Afrikanergelowige wat wanhopig en ontnugter voel, nie aktief deelneem aan die vernuwingsproses van die aarde nie. Omdat hierdie siening die geestelike werklikhede van wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees uitsluit, mag so ‘n benadering die Afrikanergelowige mislei om te dink dat ons hoop lê in slegs die voordele van ‘n verbeterde aarde en nie in Jesus Christus nie.

### 7.4.6 Hoop as ‘n uitkoms van pastorale bediening

Die kerk, as die huisgesin van God, kan deur die opbouing en uitlewing van die geestelike gesinsverhouding tussen Afrikanergelowiges, waar hulp en versorging aan mekaar beskikbaar is, hoop as ‘n praktiese uitlewing van die wil van God voorsien. Die gemeente, waarvan Afrikanergelowiges ‘n deel uitmaak, is dus ‘n teelaarde vir ware Christelike hoop, die pastorale prediking in die gemeente is die taal van hierdie hoop, en die liefde van Christene is die draer van hoop. Christene, wat in die konteks van hierdie navorsing Afrikanergelowiges insluit, kan in die bydrae wat die gemeenskap van die heiliges maak en deur die pastorale element van ware Christelike hoop, aangespoor word om self hoop te hê. Die lig van God wat skyn deur die prediking van die Woord van God, gee lig op die pad na ware Christelike hoop. Elkeen wat in Christus is, het hoop – die verwagting vir ‘n beter ewige verlossing en toekoms. Die liturgie van die kerk is die ruimte waar ware Christelike hoop gevorm word. Dit gee mense sonder hoop die vermoë om die lewe te verstaan en sin daaruit te maak. In teenstelling hiermee kan dit ook gestel word dat diegene wat nie hoop het nie, in alle waarskynlikheid nie deelneem aan die hoop-belewenis van die gemeente nie. Die navorsing uit hoofstuk 3 het aangetoon dat die Afrikanergelowiges se deelname aan enige vorm van kerkbywoning of geloofsgemeenskap aktiwiteite besig is om af te neem. Die bevindinge van Steyn (2005) bied die skokkende werklikhede van die afname in die bywoning van Afrikaanssprekende jongmense aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk.

### 7.4.7 Die hoop van die premillennialisme

Die premillennialistiese opvatting van die Eskatologie beskryf die hoop van die Christenkerk as die afwagting op die verlossing van die kerk, voor die aarde deur ‘n verdrukkingstydperk sal gaan. Hierdie verwyderingsteologie beweer dat die laaste dae afgesluit sal word met die verwydering van die kerk en die terugkeer van Jesus Christus. Daardeur sien hierdie perspektief die wêreld wat al erger word soos wat die toekoms ontvou. Selfs in die kerk is daar, volgens hierdie siening, ‘n grootskaalse wegval van die waarheid in die laaste dae totdat Jesus Christus weer kom. Hierdie wegval of geestelike afvalligheid gaan hand aan hand met die louheid wat Jesus in die Laodicea kerktydperk in Openbaring 3:14-16 raaksien. Afrikanergelowiges wat leef in

die kulturele, sosiale of maatskaplike hoop dat dinge op aarde beter sal word, sal ontnugter word, terwyl die wat glo dat daar ‘n verdrukking sal kom, aan ‘n “salige hoop” van die verskyning van Jesus Christus vashou (Tit. 2:13).

### 7.4.8 Die doelwitte van hoofstuk 4

Die tweede doelwit van die navorsing is bereik in die sin dat ‘n interpretasie gegee is van waarom die geestelikheid van die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, beïnvloed word. Dit is moontlik dat die bevoorregte posisie waarin die Afrikanergelowige homself of haarself bevind gedeeltelik kan bydra tot die valse verwagting dat alles net goed sal gaan en dat die lewe te wonderlik vir woorde is. Hier is ‘n meting wat plaasvind met ‘n valse maatstaf. Die Afrikanergelowige wat na ekonomiese en politieke welvarendheid soek, sê hoop sal net so sterk wees as hulle bankbalans. As daar ‘n ekonomiese insinking kom, dan is die hoop ook daarmee heen. Die Afrikanergelowige Christen se hoop behoort ‘n Christosentriese hoop te wees, waar die gelowige se stand in Christus, met volharding deur geloof, verantwoordelikheid en heiligheid in lewenswandel, ten spyte van tye van beproewing en twyfel, die grondslag moet wees. Die Afrikanergelowige sien dalk soms te veel uit na die koms van Jesus en raak nie genoeg betrokke in die uitleef van die nuwe werklikheid nie.

## 7.5 HOOFSTUK 5: SKRIFPERSPEKTIEWE AS DIE GRONDSLAG IN DIE VORMING VAN HOOP EN GEESTELIKHEID

In hierdie hoofstuk is bepaal watter perspektiewe die Skrif bied op die grondslag en ontwikkeling van ware Christelike hoop en die invloed wat dit op geestelikheid het. Hierdie Skrifondersoek is belangrik omdat dit dien as essensiële normatiewe grondslag vir die sistematiese benadering wat Christene moet volg om vanuit die Skrif te kan motiveer waarom hierdie tipe hoop belangrik is en hoe dit bydra tot die geestelikheid van die Christen. Met hierdie ondersoek is nie gepoog om elke gebruik van die woord “hoop” te evalueer nie, maar om die leidende temas en konsepte te

identifiseer wat in die Ou en Nuwe Testamente voorkom rakende die basis in die vorming van ware Christelike hoop.

### 7.5.1 Die beginsel van hoop in die Ou Testament

Hoop in die Ou Testament kom voor in die valleie van Israel se geloofservaring. In tye van hul eie ontrouheid en waar dreigende oordeel en dood ‘n tasbare realiteit in die profetiese openbaringe is, kom hoop – verlossing deur God – in sy suiwerste vorm na vore. Vir die Ou Testamentiese volk, Israel, was hoop nie ‘n vae en onsekere begrip nie, maar ‘n vaste en sekere wete dat God homself aan hulle openbaar sal maak deur verlossing en herstel. Hoop was nie net die terugkeer na die ou lewe wat hulle tevore gehad het nie, maar ‘n aanbeweeg na ‘n nuwe werklikheid, wat in die beloftes van die “beloofde land” en die nuwe verbond van God aan hulle aangebied is. Hierdie hoop is soos volg uitgelê :

- Die “so-spreek-die-Here”-uitsprake, wat God se wil om hulle te seën deur sy beloftes en verbonde oordra, baan die weg van hoop na ‘n beter bedeling;
- die “vrees-van-die-Here”-lewenswyse, wat die vorm van ‘n vroom lewenswandel aanneem en ‘n lewensanker is waaraan hulle kon vashou as daar swaar tye aanbreek;
- die Messiaanse profetiese verklarings van ‘n heerlike en ewige aardse Messiaanse koninkryk van Israel laat hulle verby die huidige omstandighede van wanhoop kyk na die hoopbelaaide toekoms;
- die beloftes van die nuwe verbond wat God met sy volk gemaak het, waar hulle kan deel hê in die seëninge van verlossing deur die innerlike werking van die Heilige Gees;
- die lewe na die dood is die enigste hoop vir dié wat op die rand van die dood staan;
- hoop is soos die dors van ‘n wildsbok wat smag na water. Geloof in God se hulp en verlossing is ‘n vorm van hoop waarop die Ou Testamentiese gelowige homself uiteindelik verlaat.

### 7.5.2 Die beginsel van hoop in die Nuwe Testament

Net soos in die Ou Testament, is die konsep van hoop nie alleenstaande nie, maar vorm dit ‘n integrale deel van al die hoof teologiese temas van ook die Nuwe Testament. Die teologiese temas soos die Christologie, Pneumatologie, Soteriologie en Eskatologie vorm ‘n teologiese raamwerk waarbinne ons die konsep van hoop kan verstaan en kan gebruik as ‘n toepassing vir die geestelike lewe van die Christen, wat die Afrikanergelowige insluit. Die Nuwe Testament beskryf ware Christelike hoop op die volgende manier:

- Die Christologie (leer aangaande Christus) leer dat hoop onlosmaaklik verbind is tot die Persoon, kruiswerk en opstanding van Jesus Christus. Kennis van die lewe van Jesus Christus as die vervulling van die beloftes van God in die Ou Testament in die Skrif skep die basis waarop ware Christelike hoop kan ontwikkel.

- Die Pneumatologie (leer aangaande die Heilige Gees) leer dat hoop vir die bevryding/verlossing van die Christen in die Heilige Gees is, omdat Hy as die Onderpand/Waarborg van ons verlossing ons bekragtig deur die innerlike geestelike werk van sekerheid van ons verlossing en vrymoedigheid om tot God te nader. Daarmee saam is die inwoning van die Heilige Gees ook die hoop as innerlike lewenskragtigheid vir ‘n nuwe en ewige lewe.

- Die Soteriologie (saligheidsleer) leer dat ware Christelike hoop gegrond is in die persoonlike reddingswerk van Jesus Christus. In Jesus Christus het dié wat vroeër vyande en vreemdelinge was van God, nou vrede met God en ontvang die voorreg om kinders, vriende en selfs erfgename van God te word deur geloof in Jesus Christus.

- Die Eskatologie (eindtydleer) leer dat ware Christelike hoop ‘n lewende verwagting/afwagting is op die toekomstige verlossing, ‘n hoop wat, alhoewel dit nie gesien kan word nie, steeds voorlê as ‘n nuwe bedeling wat die oue sal vervang. Die opstanding van die Here Jesus en die belofte van sy wederkoms

vorm die basis van hierdie “lewende hoop” dat ook ons liggame soos Syne opgewek sal word.

- Hoop, wat ‘n geestelike deug is van die Christelike lewe, vorm saam met geloof en liefde ‘n essensiële geestelike trio en skep ‘n innerlike geestelike lewenskragtigheid.

### 7.5.3 Die doelwit van hoofstuk 5

Die derde doelwit van die navorsing is bereik in die sin dat daar na normatiewe perspektiewe in die geopenbaarde Skrif gekyk is om aan te toon hoe die hoopbeskouing van die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, daar moet uitsien. Die Ou en Nuwe Testamente verklaar dat hoop wel voorkom in die valleie van beproewing weens eie ontrouheid en waar dreigende oordeel en dood heers. Die verlossing deur God in tye van ontnugtering en vervreemding is ‘n tasbare realiteit in die profetiese openbaringe. Hoop is nie die terugkeer na die ou lewe, maar ‘n aanbeweeg na ‘n nuwe werklikheid. Die Afrikanergelowige kan hieruit ‘n nuwe verbeterde lewensdoel ontwikkel. Ons keer nie terug of verlang na die kospotte van Egipte nie, ons beweeg met ‘n kop-optel mentaliteit aan. Ons laat ons beïnvloed deur die “so-spreek-die-Here”-uitsprake van die Woord en behou die kwaliteite van die “vrees-van-die-Here”-lewenswyse. Die Messiaanse beloftes van die nuwe verbond en die lewe na die doodmaak hoop ‘n werklikheid soos die lafenis wat die wildsbok vind in die bergstroom. Hoop wat onlosmaaklik verbind is tot die Persoon, kruiswerk en opstanding van Jesus Christus, beteken dat die Afrikanergelowige ‘n voorbeeld het om te volg deur die kennis van die lewe van Jesus Christus, wat ook die Heilige Gees as Onderpand/Waarborg van ons verlossing ontvang het om die innerlike lewe te bekragtig. Geloof, hoop en liefde is die essensiële geestelike trio wat saam ingespan moet word as ‘n geestelike balans in die Afrikanergelowige se lewe.

## 7.6 HOOFSTUK 6: DIE ONTWIKKELING VAN PRAKTIES-TEOLOGIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING NA HOOP

In hierdie hoofstuk is al die navorsing oor die kernaspekte van die navorsingsvraag, naamlik hoop, die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, en pastorale begeleiding, saamgevat. Hierdie samevatting is moontlik gemaak deur interaksie te laat plaasvind tussen die huidige handelswyse, die interpretasie van die handelswyse en die normatiewe Skrifperspektiewe ten opsigte daarvan.

### 7.6.1 Ware Christelike hoop

In hierdie samevatting is ware Christelike hoop, as die leidende beginsel van die studie, gedefinieer as die sekere wete of geloofsoortuiging dat God sy beloftes van verlossing sal gestand doen selfs aan Afrikanergelowiges. Hierdie ware Christelike hoop, wat die vertroue is dat God ons uit enige omstandighede sal red, is gegrond in die kennis van die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus as die anker vir die siel en word ondersteun deur die inwoning van die Heilige Gees as waarborg van ons redding. Ware Christelike hoop in die lewe van die Afrikanergelowige Christen kan ten eerste beskryf word as ‘n innerlike geestelike lewenskragtigheid, ten tweede as ‘n praktiese toewyding aan die wil van God en laastens as ‘n toekomsgerigte verwagting na ‘n ewige verlossing.

### 7.6.2 Die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika

In hierdie samevattende evaluasie, wat aan die hand van vyf evaluerende vrae gedoen is, is die aspekte van die Afrikanergelowige se ontnugtering beskryf.

- **Die ontnugtering weens verandering**

  Die Afrikanergelowige beleef ‘n mate van ontnugtering omdat Suid-Afrika besig is om te verander en die vrees bestaan dat die Afrikaner se erfenis van taal, kultuur en godsdiens sal wegsterf. Negatiewe mediaberiggewing oor geweld, korrupsie, wanbestuur, oneerlike politieke en wêreldleiers, wat herinnering aan die verlede laat herleef, veroorsaak nie net ontnugtering nie, maar ook wantroue in leierskap. Vriende en familie wat ontvlug na ander lande vir beter werkgeleenthede, en die vermindering van werkgeleenthede weens regstellende aksie, bring ontnugtering. Wantroue in die geestelike kerkleiers, wat teleurstel met valshede en ontkenning van die Woord van God as die finale outoriteit, is ook ‘n bydraer tot ontnugtering.

- **Redes vir die ontnugtering**

  Daar is gevind dat Afrikanergelowiges aan ‘n kulturele of sosiale hoop vashou, wat te veel vertroue plaas op die fisiese en kulturele bevoordeling wat uit die vorige bedeling kom. Die Afrikanergelowige wend hom in hierdie bedeling tot ‘n bevrydingshoop, wat deur selfbemagtiging probeer om eie finansiële en materiële vooruitgang en welvaart te skep. Hierdie kulturele, sosiale en bevrydingshoop hou vas aan ‘n valse hoop van wensdenkery (die “ek hoop” is meer soos “ek wens”). Dit is gegrond op ‘n onbybelse, wêreldse identiteit eerder as met ‘n hemelse burger-identiteit.

- **Die gevolg hiervan is dat die Afrikanergelowige ‘n duur prys betaal:**

  Die Afrikanergelowige spandeer langer ure by die werk en trek terug in ‘n private tipe wêreld wat veroorsaak dat gesins-, familie- en vriendskapsverhoudings verswak. Depressie volg omdat min geleenthede vir vooruitgang beskikbaar is en geestelike lewe verswak as gevolg van ongereelde kerkbywoning.

- **Die positiewe in die kultuur wat kan bydra tot hoop:**

  Die Afrikanergelowige se kultuur bevat ‘n sterk motivering tot die behoud van taal, kultuur en godsdiens, en dit besit ‘n goeie Bybelse grondslag en respek vir die kerk en sy leierskap. Die geleenthede vir die verkondiging van die

evangelie en vertroue in God word gesien as moontlikhede en hulle het die behoefte om met hoë morele en etiese waardes besigheid te bedryf. Hulle het nog toegang tot Bybelse gemeentes en Bybelse prediking, beskou nog die Bybel as finale outoriteit en glo God is in beheer van hulle lewens en toekoms.

- **Die Bybelse siening:**
  Ware Christelike hoop is slegs binne 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus beskikbaar. Dit is net in die lewe van Jesus Christus dat ons ware Christelike hoop kan hê, omdat ons 'n nuwe identiteit – 'n Christus-identiteit – ontvang het. Soos vir die apostel Paulus, is die somtotaal van die Christen se lewe "Christus" (Fil. 1:21). Onder hierdie nuwe identiteit ontvang die gelowige 'n nuwe naam (Ef. 3:15), 'n nuwe goddelike natuur (2 Pet. 1:4), 'n nuwe karakter (2 Kor. 5:17), 'n nuwe geestelike familie (Ef. 2:16,19), 'n nuwe roeping (Kol. 3:14) en 'n nuwe eindbestemming (Fil. 3:20). Hierdie Christelike identiteit impliseer dat gelowiges tans vreemdelinge en bywoners ten opsigte van die aarde is wat nie soos die wêreld is, dink en doen nie, maar soos Christus. Die liggaam van Christus, waarvan die Afrikanergelowige deel is, kan staatmaak op gemeentelike ondersteuning en sorg (1 Kor. 12:20-27) terwyl geleef word met verwagting na die wederkoms.

### 7.6.3 Pastorale begeleiding

Die kernelemente van pastorale begeleiding, naamlik leierskap en geestelikheid, Bybelse berading, prediking en gemeentelike interaksie het uit die navorsing na vore getree as die pastorale grondslag waarop enige ontnugterde begelei kan word. Die resultate van die interaksie in hoofstuk 6 lei tot die formulering van voorgestelde riglyne wat in 'n gefaseerde benadering tot pastorale begeleiding gebruik kan word om Afrikanergelowiges, wat 'n mate van ontnugtering beleef weens 'n veranderende Suid-Afrika, na ware Christelike hoop te begelei.

- In Fase 1 word die huidige beskouing van die begeleide se hoop bepaal en vergelyk met die Skrifwaarheid van God se skeppings- en herskeppingsdoel vir die begeleide.

- In Fase 2 word die begeleide onderrig aangaande die ware Christelike hoop van die Christus-identiteit en hemelse burgerskap en teenoorgestel is van ‘n wêreldse identiteit en burgerskap en ‘n innerlike geestelike lewenskragtigheid in die Afrikanergelowige skep.
- In Fase 3 word die begeleide gelei na die toeëiening van ware Christelike hoop as die praktiese uitlewing van die wil van God, deur aktiewe deelname in ‘n intieme en persoonlike geloofsgemeenskap om daar en in die gemeenskap ‘n hoopvolle bydrae te maak.
- In Fase 4 word die begeleide gehelp om ware Christelike hoop as die lewende verwagting in die ewige lewe te ondersteun, deur deel te neem in die heiligmaking van die Gees ter voorbereiding van die wederkoms.

### 7.6.4 Die doelwit van hoofstuk 6

Die vierde doelwit van die navorsing is bereik in die sin dat daar, deur middel van ‘n interaksie van die verskillende take, sekere pragmatiese riglyne ontwikkel is om Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, na ware hoop te kan begelei. Ware Christelike hoop in die lewe van die Afrikanergelowige Christen is nie net die selfversekerdheid wat ‘n godsdienstige gemeenskapstatus voorsien nie, maar kan ten eerste beskryf word as ‘n innerlike geestelike lewenskragtigheid, ten tweede as ‘n praktiese toewyding aan die wil van God en laastens as ‘n toekomsgerigte verwagting na ‘n ewige verlossing. Die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef omdat Suid-Afrika besig is om te verander en omdat die vrees bestaan dat die Afrikaner se erfenis van taal, kultuur en godsdiens sal wegsterf, moet nie vashou aan die valse hoop van die kulturele, sosiale en bevrydingshoop van die verlede nie, maar vashou aan ‘n hemelseburger-identiteit. Die Afrikanergelowige se kultuur bevat ‘n sterk motivering tot die behoud van taal, kultuur en godsdiens, en dit besit ‘n krag om hoop en geestelikheid te manipuleer, waar ware Christelike hoop eerder in ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus ontgin moet word. Onder hierdie nuwe identiteit ontvang die gelowige ‘n nuwe naam, goddelike natuur, karakter en geestelike familie in die kerk.

Riglyne vir die pastoraat behels laastens die begeleiding van die Afrikanergelowige, wat in ‘n staat van ontnugtering verkeer weens ‘n veranderende Suid-Afrika, deur vier (4) fases van die erkenning van die kwaliteit van die huidige hoopbeskouing, die losmaak van valse identiteit tot ontwikkeling van ‘n nuwe Christus-identiteit, aktiewe deelname in die uitleef van die geloofswerklikheid en die meedoen van die verwagting na die nuwe môre.

Al die doelwitte van die navorsing is behaal en die navorsingsvraag kan soos volg beantwoord word. Geestelikheid is die gesindheid waarin ‘’n persoon verkeer as die Afrikanergelowige Christen in onderdanigheid aan die Woord van God en leiding van die Gees die Christelike lewe leef. Die tipe hoopbeskouing van die Afrikanergelowige wat ‘n mate van ontnugtering beleef weens ‘n veranderende Suid-Afrika, kan die geestelikheid (gesindheid van Christelike lewe) van hierdie bevolkingsgroep in Suid-Afrika beïnvloed op ‘n positief-opbouende manier of op ‘n negatief-afbrekende manier. As die Afrikanergelowige se hoop saamgaan met ‘n valse vertrou in eie identiteit van kultuur en welvaart, dan sal die geestelikheid van hierdie Afrikanergelowige negatief beïnvloed word. As die Afrikanergelowige se hoop saamgaan met sy of haar identiteit in Christus, hemelse burgerskap en gemeenskap van die heiliges, sal die geestelikheid van so ‘n Afrikanergelowige positief bevoordeel word. Hierdie Afrikanergelowige wat moontlik die negatiewe aspekte van ‘n verkeerde tipe hoop ontwikkel het, kan deur die pastorale elemente, naamlik leierskap en geestelikheid, Bybelse berading, prediking en gemeentelike interaksie. begelei word om ware Christelike hoop en geestelikheid te ontwikkel.

## 7.7 WENKE VIR VERDERE STUDIE

Die navorser het gevind dat die tema van hoop ‘n relatief oop navorsingsveld is, veral wanneer dit op verskillende volksgroepe toegepas word. Daar is dus in hierdie opsig ‘n behoefte vir verdere studie om te bepaal hoe die situasie, gevoelens en hoopbeskouing van die Afrikanergelowige vergelyk met byvoorbeeld ander volksgroepe in Suid-Afrika. Aangesien die hoofbydraers tot die teologiese tema van

hoop redelik verouderd is, is nog ‘n moontlikheid om te werk aan ‘n meer hedendaagse teologie van hoop. Nog ‘n moontlike wenk vir verdere studie is om ‘n volledige model vir pastorale begeleiding ook toepaslik te maak op kinderbedienings of op die ander taalgroepe in Suid Afrika as op slegs die Afrikaanssprekende groep.

Hierdie studie was gefokus op spesifiek Afrikaanssprekende persone wat hulself wel as gelowig beskou en wat lede is van nie-denominasionele kerke. Die studie kan derhalwe uitgebrei word om ook te kyk wat die situasie is van Afrikanergelowiges binne die denominasionele kerke en spesifiek binne die NG kerk waarbinne daar tans soveel polemiek voorkom. Navorsing ten opsigte van die hoopbeskouing van nie-gelowiges in Suid-Afrika, binne al die verskillende taal-, kultuur- en volksgroepe mag ook ’n hoogs interessante studieveld wees. Met so ’n studie kan daar moontlik riglyne saamgestel word vir die pastorale begeleiding van ongelowige Suid-Afrikaners na ’n Christelike, gelowige staat, deur die nie-Christelike of valse hoopbeskouing van sodanige persone te verander na ’n Christelike hoopbeskouing.

## BIBLIOGRAFIE


Adams, J. E. 1979. More than Redemption. A Theology of Christian Counseling. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

Adams, J. E. 1973. The Christian Counsellor's Manual. Westminster Theological Seminary. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Adams, J. E. 1970. Competent to Counsel. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Baker's Dictionary Of Theology. 1969. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Bing, C. C. 2007. The warning in Colossians 1:21-23. *Bibliotheca Sacra*, 164(653):74-88.

Blackwell, M. S. 2002. The History of the Independent Fundamental Baptist Church in Southern Africa. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – D.Th.).

Blackwell, M. S. 1994. The influence of Charles Haddon Spurgeon on the Church in South Africa between 1870 and 1930. Pretoria: University of South Africa. (Verhandeling – M.Th).

Block, D. I. 2006. When nightmares cease: a message of hope from Daniel 7. *Calvin Theological Journal*, 41(1):108-114.

Botha, N. 2008. Mission in humility and hope: African perspectives on Edinburgh. *Missionalia*, 36(1):46–59.

Botman, H. R. 2004. University of Stellenbosch. Turning the tide of the city: An ecumenical vision of hope Dutch Reformed Theological Journal. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45(3&4):508-517.

Boyce, G. & Harris, G. (2013). Hope the Beloved Country: Hope Levels in the New South Africa. *Social Indicators Research*, 113(1):583-597. doi:10.1007/s11205-012-0112-y.

Brueggemann, W. 2008. Prophetic ministry in the national security state. *Theology Today*, 65(30):285-311.

Bybel. 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Carr, A. 2004. Positive psychology: The science of happiness and human strengths. Hove: Brunner-Routledge.

Chafer, L. S. 1948. Systematic Theology. Vol. 7. Doctrinal Summarization. Dallas, Texas: Dallas Seminary Press.

Chafer, L. S. 1948. Systematic Theology. Vol. 6. Pneumatology. Dallas, Texas: Dallas Seminary Press.

Chafer, L. S. 1957. Systematic Theology. Vol. 4. Pneumatology. Dallas, Texas: Dallas Seminary Press.

Chafer, L. S. 1993. Dallas Theological Seminary Vol. I-VII. Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications.

Clayton, J. N. 2006. An examination of holy space in Psalm 73: is wisdom’s path infused with an eschatologically oriented hope? *Trinity Journal,* 27(1):117-142.

Coetzee, H. K., Wissing, M.P., & Temane, Q.M.. 2010. Die belewing van betekenisvolheid deur 'n groep Suid-Afrikaners. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(3):293-312. Toegang verkry: 12 Julie 2014 vanaf http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512010000300001&lng=en&tlng=af. .

Coetzer, W. 2013 TRAUMA – Die Meedoënlose Vyand. Praktiese riglyne vir Pastorale Begeleiding. Noordburg: Potchefstroom Teologiese Publikasies.

Creswell, J. W. 2007. Qualitative inquiry and research design: Choosing among five approaches. California, USA: SAGE Publication, Inc. (2nd ed.). Toegang verkry: 24 April 2014 vanaf http://www.sagepub.com/upm-data/ 46924_CH_3.pdf .

De Klerk, W. 2000. Afrikaners: kroes, kras, kordaat. Kaapstad: Human & Rousseau.

De, V. M., Eksteen, L. C., & Smuts, J. 1985. Nasionale woordeboek. Afrikaanse woordverklaring. Sesde uitgawe. Cape Town: Nasou.

Denton, D. R. 1980. The Biblical Basis of Hope. *Themelios,* 5(3):19-27.

Erasmus, P. A. 2005 Antropologiese spel met identiteit: selfrefleksie op die Afrikaner. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 45(2):232-244 Departement Antropologie, Universiteit van die Vrystaat.

Erasmus, P. A. 2002. White Afrikaners' search for new identities. *Acta Academia,* 200134(2):89-108. Departement Antropologie, Universiteit van die Vrystaat.

Gibbs, A. 1997. Focus groups social research update,19 1-5. Toegang verkry: 24 April 2014 vanaf http://www.yorku.ca/act/CBR/Elementsofa GoodFocusGroup.pdf.

Giliomee, H. 2004. Die Afrikaners: 'n Biografie. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Goosen, D. 2005. The Afrikaners: Who are they? What is their future? Paper for Harold Wolpe Memorial Seminar. Johannesburg , 6 April 2005. Toegang verkry: 9 Oktober vanaf www. wolpetrust.org.za/dialogue2005/JB042005goosen_transcript.pdf .

Goudzwaard, B. 2007. Hope in troubled times. Grand Rapids, Michigan: Baker Academy.

Govender, R. & Schlebusch, L. 2012. Hopelessness, depression and suicidal ideation in HIV-positive persons. *South African Journal Of Psychiatry,* 18(1):16-21. doi:10.7196/sajp.302.

Harrillall, S. 2008. Positive psychological capacities, empowerment and job performance. URI: http://hdl.handle.net/10394/685. Vanderbijlpark: NWU (Verhandeling – M.Th.).

Hendricks, J. A. 1959. Baptists in Southern Africa. King Williams Town: Progress Printing Co., Bethany Emmanual Baptist Church.

Hessel-Robinson, T. 2010. Nurturing Hope in the Face of Ecotastrophe: Advent, Eschatology, and the Future of Creation. *Liturgical Ministry,* 19(1):9-20. Toegang verkry: 19 Sept. 2011 vanaf http://ngtt.journals.ac.za. 2010. Deel 51 (3&4):103-114

Hewitt, T. 1975. Hebrews: Tyndale New Testament commentaries. Grand Rapids: Eerdmans.

Howard, R. W. 2008. Isaiah 64:1-9 Source: *Interpretation*, 62(40):418-420.

Jansen, J. 2009. Knowledge in the blood: confronting race and the apartheid past. Cape Town: UCT Press.

Kaizer, W. 1981. Toward an Exegetical Theology. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Kaiser, W. 1978. Toward an Old Testament Theology. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Kamper, G. D. & Steyn, M. G. 2007. My toekoms in Suid-Afrika: perspektiewe en verwagtings van die Afrikaanssprekende jeug. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 47(4):516-530

Kennedy, D. J. 1996. Evangelism Explosion, 4th Edition. Carol Stream, Illinois: Tyndale House.

Kinghorn, W. (2013). 'Hope that is seen is no hope at all:' Theological constructions of hope in psychotherapy. *Bulletin Of The Menninger Clinic*, 77(4):369-394. doi:10.1521/bumc.2013.77.4.369.

Kritzinger, M. S. B., Schoonees, P. C., & Cronjé, U. J. (1977). Groot woordeboek. Pretoria: J.L. van Schaik. Toegang verkry vanaf http://www.pharosonline.co.za. nwulib.nwu.ac.za.

Krueger, R. A., Casey M. A. 2000. Focus groups: A Practical Guide for Applied Research (3 edition.) Thousand Oaks, Calif.: Sage.

Kruger, J. 2012. Navorsingsmetodes. Potchefstroom: NWU, Potchefstroom Kampus. (Studiegids NVMI 521 PAD).

La Haye, T. & Jenkins, J. B. 2011. Are we living in the end times? Carol Stream, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.

La Mothe, R. 2010. Reflections on pastoral leadership in the face of cultural-communal "ruin". *Journal of Pastoral Theology*, 20(1)(Sum):1-21.

Labuschagne, F. J., & Eksteen, L. (2010). Verklarende Afrikaanse woordeboek. Kaapstad: Pharos. Toegang verkry: 1 Mei 2010 vanaf http://www.pharosonline. co.za.nwulib.nwu.ac.za.

Lane, D. A. 1996. Keeping hope alive. New Jersey: Paulist Press.

Letšosa, R. 2002. “The basis of a believer’s hope rests upon God’s promise and God’s oath” (preek gelewer op 28 Julie 2002, te Louis Trichardt).

Louw, C. 2001. Die Swanesang van die verligtes. Kaapstad: Human & Rousseau.

LOUW, J. P. & NIDA, E. A., eds. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. 1, 2. New York: United Bible Societies.

McBride, L. L. 2007. Pastoral Care from the pulpit: meditations of hope and encouragement. New York: Haworth Press Inc.

MacArthur, J. F. jr. & Mack, W. A. 1994. Introduction to Biblical Counseling. Nashville Tennessee: W. Publishing Group.

MacArthur, J. F. jr. 2008a. MacArthur Study Bible NASB. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers; Jer. 31:31-34.

MacArthur, J. F. jr. 2008b. MacArthur Study Bible NASB. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers; Jes. 65:17.

MacArthur, J. F. jr. 2008c. MacArthur Study Bible NASB. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers; Sag. 9:9.

MacArthur, J. F. jr. 2008d. MacArthur Study Bible NASB. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers; Rom. 5:2.

MacArthur, J. F. jr. 2008e. MacArthur Study Bible NASB. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers; Heb.11:1.

Martin, C. J. 2002. Dynamics of Hope: Eternal life and daily Christian living. Collegeville, Minnesota: The Liturgical Press Collegeville.

Mayhue, R. 2000. "Response to "Hope and dispensationalism : a historical overview and assessment" by Gary L. Nebeker ". *Conference Papers,* Paper 1257.

Moltmann, J. 1967. Theology of Hope: On the Ground and the Implications of a Christian Eschatology. London: SCM Press.

Niehaus, C. 1993. Om te veg vir hoop. Cape Town: Human and Rousseau.

O'Connor, K.M. 2007. Rekindling life, igniting hope. *Journal for Preachers,* 30(2):30-34.

Odendaal, J.D. 1982. Die ontstaan en groei van die Afrikaanse Baptiste Kerk, 1867 tot 1977. Kempton Park: Baptistepublikasies.

Osmer, R.R. 2010. Practical Theology: An Introduction. Grand Rapids, Michigan: William Eerdmans.

Oxford University Press. (2002). Oxford English Dictionary Online. Oxford, England: Oxford University Press. Toegang verkry: 1 Mei 2010 by http://www.pharosonline.co.za.nwulib.nwu.ac.za.

Pentecost, J.D. 2010. Things to Come: A Study in Biblical Eschatology. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Pickering, E. 2002. Biblical Seperation: The Struggle for a Pure Chruch. Shaumburg, Illinois: Regular Baptist Press.

Pieterse, H. J. C. 2010. Metatheoretical decisions for the grounded theory research of sermons on poverty and to the poor as listeners. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 51(3):104-113. Toegang verkry: 12 Oktober 2013. http://ngtt.journals.ac.za/pub/article/view/84.

Pieterse, H. J. C. 2011. Die noodsaak van die verrekening van metateoretiese aspekte rakende 'n hermeneutiese benadering tot die Praktiese Teologie. *In die Skriflig,* 45(4):719-737. Toegang verkry: 1 Mei 2014 vanaf http://ngtt.journals.ac.za/pub/article/view.

Prins, J. M. G. 2003. Ministering hope: an essential ingredient in youth ministry. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 18(2):143-157.

Rimmer, H. 1935. The Evidences For Immortality. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Ross, K. R. 1995. Gospel ferment in Malawi: Theological essays. Gweru: Mambo.

Ryrie, C. C. 2007. Dispensasionalism. Moody Bible Institute, Chicago: Moody Publishers.

Scear, D. P. 1970. Jurgen Moltmann And His Theology Of Hope Journal: *Journal of the Evangelical Theological Society*. 13 (2): 69-79. Toegang verkry: 6 Februarie 2012 vanaf www.etsjets.org/files/JETS-PDFs/13/13-2/13-2-pp069-079_JETS.pdf

Scofield, C. I. 1967. The New Scofield Reference Bible. King James Version. New York, NY: Oxford University Press.

Smith, W. M. 1974. Therefore stand. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Snyder, C. R., & Lopez, S. J. (2009). Handbook of positive psychology. Oxford [England], Oxford University Press. Toegang verkry vanaf http://public.eblib.com/EBLPublic/PublicView.do?ptiID=271581.

Steenkamp, A. M. 2007. Mede-Afhanklikheid en identiteit: ‘n pastorale studie. Potchefstroom: NWU (Verhandeling – M.Th. ongepubliseerd).

Steyn, C. J. 2005. ‘n Literatuur-Teologiese Ondersoek na die Liturgie en die Post-Moderne Senior Kind / Tiener. Pretoria: UP (Verhandeling – M.Th.).

Steyn, T. H. & Masango, M. J. 2012. Generating hope in pastoral care through relationships, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 68(1):7pages. Toegang verkry: 2 Oktober 2013 vanaf http://www.hts.org.za/index.php/HTS/rt/957/2307

Strong, J. (1996). The new Strong's concordance of the Bible. Nashville, Tenn: T. Nelson Publishers. Toegang verkry: 24 April 2014 vanaf http://www.biblestudytools.com/concordances/strongs-exhaustive-concordance.

Stulman, L. 2004. Is there life after wreckage? Jeremiah as a map of hope. *Journal for Preachers*, 27(2):18-25.

Thiessen, H. C. 2006. Introductory Lectures in Sytematic Theology. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Company.

Tong, E. W., Fredrickson, B. L., Weining, C., & Zi Xing, L. (2010). Re-examining hope: The roles of agency thinking and pathways thinking. Cognition & Emotion, 24(7):1207-1215. doi:10.1080/02699930903138865.

Tongue, D. H. 1960. "Hope." Baker's Dictionary of Biblical Theology. Ed. Harrison, E. F., Bromiley, G. W., & Henry, C. F. H. Grand Rapids: Baker Book House.

Vosloo, W. & Van Rensburg, F. J. 1997. c1993 Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, Gén. 1:31.

Vosloo, W. & Van Rensburg, F. J. 1997. c1993 Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, Dan. 8:1.

Van der Merwe, C.N. 2004. Vleeslike en geestelike Christene. *Die Kerkblad, September 2013:5-6.*

Van Rensburg, F. J. 2007. Christen-Afrikaner! Geroep tot kop-optel vir die werk wat wag! *Die Kerkblad, Mei 2007:8-10.*

Van Rensburg, F. J. 2010. Die Eskatologie van 1 Petrus: hoop en vindikasie vir tydelike en permanente uitlanders. *In die Skriflig*, 44(1):201-228.

Van Rensburg, F. J, Pienaar, G.J. 2005. Vreemdeling in jou eie land? Teologiese riglyne vanuit 1 Petrus. *In die Skriflig,* 39(1):27-52.

Van Wyk, J. H. 2010. Wat is die hoofeienskappe van 'n Christelike lewe? 'n Vergelyking van die etiek van Calvyn met die van Augustinus en hulle relevansie vandag. *In die Skriflig*, 44(3):47-69.

Van Zyl, A. H. 1997a. Die Bybel verklaar. 1983-vertaling. Kaapstad: Lux Verbi. Job 4:1.

Van Zyl, A. H. 1997b. Die Bybel verklaar. 1983-vertaling. Kaapstad: Lux Verbi. Ps. 42:1-7.

Van Zyl, A. H. 1997c. Die Bybel verklaar. 1983-vertaling. Kaapstad: Lux Verbi. 1 Tim. 1:1.

Van Zyl, A. H. 1997d. Die Bybel verklaar. 1983-vertaling. Kaapstad: Lux Verbi. Hand. 2:24.

Venter, C. J. H. 2010. Pastorale elemente in Hebreërs. *In die Skriflig,* 44(1):137-157.

Venter, C. J. H. 2005. Prediking wat transformeer: prakties-teologiese gesigspunte. *In die Skriflig,* 39(2):217-237.

Venter, C. J. H. 2003. Die prediking van hoop aan getraumatiseerdes in die huisgesin van God: prakties-teologiese perspektiewe in die lig van Hebreërs. *In die Skriflig,* 37(1):27-50.

Vos, C. J. A. 1997. In die spieëel van ons tyd - Deel 1. *Skrif en Kerk,* 18(2):380-390.

Vos, C. J. A. 2007. A language of hope from a homiletical perspective. *Verbum et Ecclesia* 28(1):325-344.

Vos, C. J. A., Hogan, L. L. & Cilliers, J. H. 2007. Preaching as a language of hope. *Studia Homiletica* 6. Pretoria: Protea Book House.

Williams, H. H. D. 2008. Encouragement to persevere: an exposition of 1 Corinthians 15:58. *Evangelical Review of Theology,* 32(1):74-81.

Williams, M. D. 2010. "I believe... the resurrection of the body": a sermon. *The Presbyterion,* 36(1):1-8.

Woodbridge, N. B. 2010. Revisiting Moltmann's Theology of Hope in the light of its renewed impact on emergent theology. *The Journal of the South African Theological Seminary,* Vol 9:106-113.

Zodhiates, S. & Strong, J. (1991). The complete word study New Testament: King James Version. Chattanooga, TN: AMG Publishers.

**Bylaag A: Persoonlike Onderhoude Vraelys**

*Hierdie navorsing vorm deel van die vereistes van die MA Pastoraal aan NWU, Potchefstroom en voldoen aan die Etiese Maatreels van die NWU Opgestel deur Chris Wilhelm (Studente # 12978965)in oorleg met studieleiers*

Die inligting in hierdie onderhoud verteenwoordig die evaluasie van Afrikaanssprekende gelowiges. Met Afrikaanssprekende gelowige (AG)* word voortaan bedoel enige man of vrou wat sy of haar geloof in Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser en Saligmaker bely, en wat ‘n onafhanklike (nie-denominasioneel) kerk, wat uit hoofsaaklik (nie eksklusief) Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners en in die Noordelike voorstede van die Wes-Kaap provinsie geleë is.

**Deel 1: Persoonlike Besonderhede**

Ouderdom:

Nasionaliteit:

Woonarea:

Beroep:

Datum:

**Deel 2: Persoonlike Evaluasie**

1. Hoe sal jy jouself, as ‘n Afrikaanssprekende gelowige (AG)* beskryf?

2. Watter rol kan die Afrikaanssprekende gelowige (AG)* in die nuwe Suid-Afrika te speel?

3. As jy moet probeer verduidelik hoe ‘n Afrikaanssprekende gelowige (AG)* hoop kan hê, watter definisie van hoop sal jy gebruik?

4. Op watter maniere dink jy kan Afrikaanssprekende gelowiges (AG)* hoop (volgens punt 3 hierbo) hê in ‘n veranderende Suid-Afrika?

5. Kies een van die volgende standpunte en beskryf waarom dit jou as Afrikaanssprekende gelowige (AG)* se siening van hoop die beste uitdruk:

- My lewe en toekoms is in die Here se hande.

- My lewe en toekoms is in my eie hande.
- My lewe en toekoms is in iemand anders se hande.
- Ander siening.

6. Noem die drie belangrikste dinge wat jy in die toekoms (lang en kort termyn) verwag of na uitsien en hoe gereeld jy daaroor dink en besin?

7. Beskryf die karakter eienskappe van ‘n geestelike mens?

8. Hoe sien jy die toekoms van ‘n Afrikaanssprekende gelowige (AG)* in Suid-Afrika?

**Deel 3: Persoonlike Interpretasie**

1. Watter dinge volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikaanssprekende gelowiges (AG)* en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet ‘n Afrikaanssprekende gelowiges (AG)* in sy lewe inbring op hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy?

2. Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstyl keuses van Afrikaanssprekende gelowiges (AG)*?

3. Op watter manier dink jy sal ‘n Christen wat gereeld kerk toe gaan, Bybel lees en bid, meer hoop hê vir die toekoms as iemand wat baie min daarvan doen? Motiveer asb. jou antwoord.

4. Op watter manier kan ‘n Afrikaanssprekende gelowige (AG)* gehelp word om hoop (die tipe hoop per jou definisie in Deel 2, nommer 3) te hê in ‘n veranderende Suid-Afrika? Motiveer asb. jou antwoord.

5. Dink jy, dat iemand wat uitsien na die tweede koms van Jesus Christus, sal meer hoop hê vir die toekoms, as iemand wat min daaraan dink en aangaan met die lewe? (Ja/Nee) Verduidelik asb. jou antwoord.

Ander gedagtes oor die vrae wat gevra is:

**Bylaag B: Fokus-groep Onderhoude Vraelys**

*Hierdie navorsing vorm deel van die vereistes van die MA Pastoraal aan NWU, Potchefstroom en voldoen aan die Etiese Maatreels van die NWU Opgestel deur Chris Wilhelm (Studente # 12978965)in oorleg met studieleiers*

Die inligting in hierdie onderhoud verteenwoordig die evaluasie van Afrikaanssprekende gelowiges waarmee ‘n onderhoud in groepsverband gevoer is. Met Afrikaanssprekende gelowige (AG)* word voortaan bedoel enige man of vrou wat sy of haar geloof in Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser en Saligmaker bely, en wat ‘n onafhanklike (nie-denominasioneel) kerk, wat uit hoofsaaklik (nie eksklusief) Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners en in die Noordelike voorstede van die Wes-Kaap provinsie geleë is.

**Deel 1: Besonderhede van die groep**

Gemiddelde ouderdom:

Nasionaliteit:

Woonarea:

Beroep:

Datum:

**Deel 2: Evaluasie**

1. Wat is ‘n gepaste beskrywing van ‘n Afrikaanssprekende gelowige (AG)*?

2. Hoe lyk die toekoms van ‘n Afrikaanssprekende gelowige (AG)* wat in ‘n veranderende Suid-Afrika woon?

3. Watter rol het Afrikaanssprekende gelowige (AG)* om in die toekoms van ‘n veranderende Suid-Afrika te speel?

4. Wat is ‘n gepaste definisie van hoop en wat behels dit, veral as dit gebruik word in die konteks van Afrikaanssprekende gelowiges wat in ‘n veranderende Suid-Afrika woon en werk?

5. Op watter maniere dink jy kan Afrikaanssprekende gelowiges (AG)* hoop (volgens punt 3 hierbo) hê in ‘n veranderende Suid-Afrika?

6. Watter dinge volgens jou, dra by tot die hoop van Afrikaanssprekende gelowiges (AG)* en wat breek dit af? Met ander woorde, watter dinge moet ‘n Afrikaanssprekende gelowiges (AG)* in sy lewe inbring op hoop te ontwikkel en watter dinge moet hy wegneem of vermy?

7. Hoe affekteer die teenwoordigheid of afwesigheid van hoop die daaglikse optrede en leefstyl keuses van Afrikaanssprekende gelowiges (AG)*?

8. Op watter manier kan ‘n Afrikaanssprekende gelowige (AG)* gehelp word om hoop (die tipe hoop per jou definisie in Deel 2, nommer 3) te hê in ‘n veranderende Suid-Afrika?

Ander gedagtes oor die vrae wat gevra is: